067069

182571794F

RGN·HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND IMFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1985-07-22 | 1989 -08- 2 | | |
| 1985-08-13 | 22 NOV 1985 | | |
| 1985 -10- 31 | 1990 -04- 09 | | |
| 1986 -02- 28 | IBL / ILL | | |
| 1986 -06- 30 | 1990 -10- 15 | | |
| 26 JAN 1987 | TERUG | | |
| 1987 -08- 18 | 1991 | | |
| 05 JAN 1988 | TERUG | | |
| 06 JUN 1988 | 29 JUN 1989 | | |
| -3 AUG 1988 | | | |
| -2 JAN 1989 | | | |
| 1989 -08- 09 | | | |

001.3072068 HSRC INT. REL.

*083717*

# Die Suid-Afrikaanse Samelewing: Werklikhede en Toekomsmoontlikhede

# Die Suid-Afrikaanse Samelewing:
## Werklikhede en Toekomsmoontlikhede

Hoofkomitee:
RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1985

RGN BIBLIOTEEK
LIBRARY
HSRC

1985 -07- 04

STANDKODE
001. 3072068 HSRC INT. REL.

REGISTERNOMMER
067069

BESTELNOMMER
R/O

Hoofkomitee: RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge

Direkteur: Dr. H.C. Marais

ISBN 0 7969 0237 2

Prys: R17,00
(AVB uitgesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1985

Gedruk deur die RGN

# VOORWOORD

Die Hoofkomitee van die *RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge* stel hiermee sy finale verslag oor tussengroepverhoudinge in Suid Afrika vry.

Tussengroepverhoudinge is 'n kontensieuse onderwerp wat Suid-Afrika binne en buite sy grense in die brandpunt van belangstelling geplaas het. Binne dié grense oorheers dit nie net die politieke denke van die afgelope dekades nie, maar tussengroepverhoudinge bepaal ook die daaglikse lewensbestel van al die inwoners. Buite die grense dien tussengroepverhoudinge as 'n speelbal in die internasionale politieke arena.

Tussengroepverhoudinge in die plurale samelewing van Suid-Afrika bied egter aan die geesteswetenskaplike 'n unieke en komplekse menslike laboratorium en stel hom voor wetenskaplike uitdagings wat nêrens anders dupliseerbaar is nie. Indien hierdie uitdagings aanvaar word, kan dit lei tot 'n rykheid van insigte ten opsigte van tussengroepverhoudinge wat vanuit minder komplekse situasies nie verkry sou kon word nie.

Geesteswetenskaplikes saamgetrek uit verskillende dissiplines het die uitdaging aanvaar ten opsigte van dringendheid en kompleksiteit wat tussengroepverhoudinge in Suid Afrika stel. Dié verslag van die Hoofkomitee bied dus nie net 'n wetenskaplike ontleding van tussengroepverhoudinge in Suid Afrika nie, maar verteenwoordig tewens 'n omvattende interdissiplinêre poging om die probleme van tussengroepverhoudinge in Suid Afrika op wetenskaplik verantwoordelike wyse aan te spreek.

Die werkwyse wat deur die Hoofkomitee gevolg is, blyk uit die verslag. Hierdie verslag is in konsepvorm deur 'n paar lede van die Hoofkomitee en ander deskundiges saamgestel op grond van die materiaal wat deur dertien werkkomitees ingesamel is. Hierdie konsepverslag is in sy geheel en in besonderhede deur die Hoofkomitee bespreek en sommige dele is fundamenteel hersien.

In die finale verslag is deurgaans daarna gestreef om verskeie benaderings en nuanses van interpretering van 'n komplekse samelewing weer te gee.

Alle lede van die Hoofkomitee onderskryf die breë algemene bevindings soos in die finale verslag weergegee.

Die Hoofkomitee vertrou dat die verslag 'n konstruktiewe bydrae sal lewer tot die optimale ontwikkeling van gesonde tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika.

Dr. H.C. Marais (Voorsitter)

Prof. M. Bopape

Dr. C.V. Bothma

Dr. W.J. Breytenbach

Prof. S.P. Cilliers

Dr. H.P. Fourie

Dr. J.G. Garbers

Mnr. R.M. Godsell

Prof. W.D. Hammond-Tooke

Prof. E. Higgins

Prof. D.A. Kotzé

Dr. J.M. Lötter

Ds. J.J.F. Mettler

Prof. J.C. Moll

Prof. C.J. Nel

Dr. G.K. Nelson

Prof. G.C. Oosthuizen

Dr. K.P. Prinsloo

Prof. B.G. Ranchod

Prof. L. Schlemmer

Prof. A.F. Steyn

Mnr. G.A. Thiele

Mnr J. Tshabalala

Prof. H.W. van der Merwe

Dr. J.D. Venter

Prof. H.G. Viljoen

Prof. M. Wiechers

Prof. N.E. Wiehahn

*Koordineerders*

Prof. B.C. Lategan Mnr. J.L. Olivier Dr. N.J. Rhoodie

# ERKENNINGS

'n Ondersoek van hierdie aard en omvang kan alleen uitgevoer word danksy die samewerking van 'n groot aantal persone en instansies teenoor wie hiermee graag opregte waardering uitgespreek word. Die lys is te lank om hier te spesifiseer, maar die volgende verdien spesifieke vermelding:

- alle navorsers, lede van werkkomitees en die Hoofkomitee wie se insette onontbeerlik was

- universiteite en ander instansies wat bereid was dat hul personeel soveel tyd aan hierdie onderneming wy

- professor J.H. Coetzee wat die ondersoek met vertroue geloods het

- mej. L. Dreyer (tot Julie 1982), prof. B.C. Lategan en mnr. J.L. Olivier wie se geduld, deursettingsvermoë en bedrewenheid as koördineerders, sowel as mevv. I. Samuel (tot Desember 1982), S.L. van der Walt (tot September 1984), A.E. Pienaar en M. Marneweck wie se positiewe ondersteuning die program vir vier jaar gedra het.

- die RGN se hele infrastruktuur wat deurentyd beskikbaar was en die betrokke personeel se professionele diens.

H.C. Marais
Voorsitter: RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge

## INHOUDSOPGAWE


**HOOFSTUK 1** ........ 1
**ALGEMENE INLEIDING** ........ 1
*ONTSTAAN VAN HIERDIE ONDERSOEK* ........ 1
*VOORBEREIDINGSFASE* ........ 2
*DIE AARD VAN DIE NAVORSINGSPROGRAM* ........ 3
*PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN ONDERSOEK* ........ 3
*TERREINAFBAKENING* ........ 6
*WERKWYSE WAT IN DIE ONDERSOEK GEVOLG IS* ........ 8
*HOOFKOMITEE* ........ 8
*WERKKOMITEES* ........ 11
*KONTRAKNAVORSERS* ........ 11
*PROSEDURES* ........ 12
*SAMESTELLING VAN DIE VERSLAG* ........ 13
*WERKWYSE* ........ 13
*INHOUD VAN DIE VERSLAG* ........ 13

**HOOFSTUK 2** ........ 15
**ALGEMENE AGTERGROND VAN DIE SUID-AFRIKAANSE PROBLEMATIEK VAN TUSSENGROEPVERHOUDINGE** ........ 15
*HISTORIESE ONTWIKKELING* ........ 15
*BEVOLKINGSAMESTELLING, GROEI EN VERSPREIDING* ........ 20
*SAMESTELLING VAN DIE BEVOLKING* ........ 20
*VERSPREIDING EN HERVERSPREIDING VAN DIE BEVOLKING* ........ 21
*BEVOLKINGSPROJEKSIES* ........ 24
*ANDER DEMOGRAFIESE GEGEWENS* ........ 27
*SAMEVATTING* ........ 28
*ONDERWYSVOORSIENING* ........ 28
*ONGELYKHEDE IN ONDERWYSVOORSIENING* ........ 31
*FOKUSPUNTE IN DIE ONDERWYS* ........ 32
*FORMELE STRUKTURERING VAN TUSSENGROEPVERHOUDINGE BINNE ONDERWYSVERBAND* ........ 33
*TALIGHEID IN SUID-AFRIKA* ........ 34
*GODSDIENSTIGE AFFILIASIES* ........ 37
*ETNISITEIT IN SUID-AFRIKA* ........ 39
*AFRIKANERS* ........ 40
*SWART ETNIEË* ........ 41

*ETNISITEIT ONDER ANDER GROEPE* .......... 41
*EKONOMIESE ONTWIKKELINGS EN ARBEIDSVERHOUDINGE* 42
*EKONOMIE* .......... 43
*ARBEIDSVERHOUDINGE* .......... 45
*JURIDIESE, POLITIEKE EN STAATKUNDIGE SISTEEM* .......... 49
*WETLIKE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN VERHOUDINGE TUSSEN BEVOLKINGSKATEGORIEË* .......... 50
*DIE SUID-AFRIKAANSE REGERINGSTELSEL* .......... 53
*SAMEVATTING* .......... 55
*SLOTSOM* .......... 55

**HOOFSTUK 3** .......... 57
**DIE BELEWING VAN VERHOUDINGE** .......... 57
*IDENTITEITE EN GROEPDIFFERENSIASIE* .......... 58
*GROEPDIFFERENSIASIE EN BELANGEGROEPE* .......... 58
*DIE FORMELE (STATUTÊRE) INDELING VAN GROEPE IN SUID-AFRIKA* .......... 59
*GROEPDIFFERENSIASIE GEBASEER OP ETNISITEIT* .......... 60
*AMPTELIKE HANTERING VAN ETNISITEIT* .......... 61
*VLAKKE VAN IDENTIFISERING* .......... 62
*ETNISITEIT EN MAG IN SUID-AFRIKA* .......... 64
*DILEMMAS* .......... 66
*VERHOUDINGSORIËNTASIES* .......... 67
*DIE ROL VAN RELIGIE AS ORIËNTERINGSRAAMWERK* ... 68
*DIE ROL VAN GESKIEDSKRYWING* .......... 77
*PSIGIESE EN SOSIALE FAKTORE IN VERHOUDINGE* .......... 81
*PERSEPSIE VAN VERHOUDINGE* .......... 82
*HOUDINGS* .......... 89
*OOR VERANDERING* .......... 91
*WERKLIKE KONTAK TUSSEN DIE GEMEENSKAPPE* .......... 92
*WOORD EN DAAD — HOUDING EN HANDELING* .......... 95
*DIE ROL VAN MASSAKOMMUNIKASIE* .......... 97
*OMVANG* .......... 97
*DEKKING* .......... 98
*TOEGANG TOT DIE MEDIA* .......... 99
*BEHEER* .......... 100
*EFFEKTE VAN DIE MASSAMEDIA* .......... 100
*GEVOLGTREKKING* .......... 102
*SAMEVATTING* .......... 102

**HOOFSTUK 4** ........ 103
**DIE STRUKTURERING VAN VERHOUDINGE** ........ 103
*EKONOMIESE OORWEGINGS* ........ 103
*DIE EKONOMIE* ........ 104
*ARBEID* ........ 111
*EKONOMIESE EN ARBEIDSKRAGTE: 'N GEVOLGTREKKING* ........ 117
*ONDERWYS* ........ 118
*STRUKTURELE ASPEKTE VAN DIE ONDERWYSVOORSIENING* ........ 118
*BEGINSELS VIR ONDERWYSVOORSIENING* ........ 119
*DIE ROL VAN DIE ONDERWYS IN TUSSENGROEPVERHOUDINGE* ........ 121
*GROEIPUNTE* ........ 123
*ONTWIKKELING AS RAAKPUNT TUSSEN GROEPE* ........ 127
*ONTWIKKELINGSTRATEGIEË* ........ 127
*AFSONDERLIKE ONTWIKKELING EN ONTWIKKELING* ........ 130
*ADMINISTRATIEWE ASPEKTE* ........ 132
*PLAASLIKE BESTURE* ........ 132
*JURIDIESE ASPEKTE* ........ 135
*FUNDAMENTELE WAARDES* ........ 137
*REGSPLEGING* ........ 139
*WETSTOEPASSINGSAGENTSKAPPE* ........ 139
*TOEGANG TOT DIE REG* ........ 140
*REGSPLEGING* ........ 140
*DIE INTERNASIONALE REG* ........ 141
*SAMEVATTING* ........ 142
*GRONDWET EN POLITIEK* ........ 143
*'N EVALUASIE VAN REGERINGSINISIATIEWE* ........ 143
*ANOMALIEË* ........ 146
*SAMEVATTING* ........ 148
*SAMEVATTENDE PERSPEKTIEF* ........ 149

**HOOFSTUK 5** ........ 151
**EVALUASIE** ........ 151
*FUNDAMENTELE REALITEITE* ........ 151
*SPESIFIEKE VERHOUDINGSPROBLEME* ........ 154
*HANTERING VAN DIVERSITEIT* ........ 154
*DIE INDIVIDU EN SY GROEPVERBONDENHEID* ........ 155

*GEÏNSTITUSIONALISEERDE ONGELYKHEID* .................. 156
*ISOLASIE EN INSULASIE* .................. 157
*'N DESTRUKTIEWE KONFIGURASIE* .................. 158
*DIE WEDERKERIGE VERBAND TUSSEN KONFLIK EN VERANDERING* .................. 160
*GEVOLGTREKKING* .................. 161

**HOOFSTUK 6** .................. 165
**NOODSAAKLIKE VOORVEREISTES VIR KONSTRUKTIEWE VERHOUDINGE** .................. 165
*OP WEG NA KONSTRUKTIEWE GROEPVERHOUDINGE* .................. 166
*VOORVEREISTES VIR KONSTRUKTIEWE GROEPVER HOUDINGE* .................. 168
*POLITIEKE TERREIN* .................. 171
*EKONOMIE EN ARBEID* .................. 173
*RUIMTELIKE ORDENING* .................. 174
*JURIDIES* .................. 175
*RELIGIE* .................. 176
*ONDERWYS* .................. 177
*KOMMUNIKASIESISTEEM* .................. 180
*SLOTEVALUERING* .................. 181
**BYLAE A** .................. 183

# HOOFSTUK 1

# ALGEMENE INLEIDING

Hierdie verslag is die eindproduk van 'n ondersoek oor menseverhoudinge in die Suid-Afrikaanse samelewing — 'n aangeleentheid wat op nasionale vlak toenemend aktueel geword het. Die ondersoek het oor meer as vier jaar gestrek en navorsers van oor die hele land het op 'n vennootskapbasis daaraan deelgeneem. Die navorsers was van 15 universiteite, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) en enkele ander organisasies afkomstig. By hierdie multidissiplinêre onderneming is ongeveer 20 vakdissiplines betrek.

'n Hoofkomitee en dertien werkkomitees het die ondersoek oorhoofs gelei en kontrakte met ongeveer 100 navorsers en navorsingsgroepe aangegaan vir die uitvoering van navorsingsprojekte. Die resultate en bevindinge van die navorsingsprojekte is agtereenvolgens tot 11 werkkomiteeverslae en hierdie hoofverslag geïntegreer.

Die *RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge* is die derde ondersoek wat op hierdie samewerkingsbasis onderneem is. Die eerste twee was die *RGN-ondersoek na die Onderwys,* onder leiding van professor J.P. de Lange van die Randse Afrikaanse Universiteit, terwyl die tweede een die *RGN-sportondersoek* onder leiding van professor G.J.L. Scholtz van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO was. Die eerste twee ondersoeke is onderskeidelik op versoek van die Kabinet en die Minister van Nasionale Opvoeding onderneem. Die *RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge* is volledig op eie inisiatief deur die RGN geloods en was dus nie opdragnavorsing nie.

In hierdie hoofstuk word 'n bondige uiteensetting gegee van die ontstaan en loodsing van hierdie navorsingsprogram, die aard, die doel en probleemstelling, die terreinafbakening, en laastens die werkwyse wat in die opstel van die verslag gevolg is. Elk van hierdie aspekte word agtereenvolgens in die volgende paragrawe behandel.

## ONTSTAAN VAN HIERDIE ONDERSOEK

Die eerste empiriese poging om binne die raamwerk van die *Suid-Afrikaanse Plan vir Geesteswetenskaplike Navorsing* (SAPGN) navorsingsprioriteite in Suid-

Afrika te bepaal, is in 1980 onderneem. Daardie ondersoek het uit verskillende fases bestaan waarin opinieleiers van uiteenlopende ideologiese oriëntasies betrek is. Dit was daarop gerig om probleemgebiede te identifiseer wat die volgende eienskappe besit:

- dit moet deur middel van navorsing ondersoek kon word;
- dit moet die welsyn, geluk en voorspoed van al die inwoners van hierdie land benadeel; en
- dit moet opgelos word om die kwaliteit van lewe van elke inwoner te verbeter.

In hierdie prioriteitsbepaling is tussengroepverhoudinge as die belangrikste probleemgebied vir navorsing geïdentifiseer. Op grond van hierdie bevinding, het die *Navorsingsprioriteitekomitee vir Geesteswetenskaplike Navorsing* (NPK) aan die begin van 1980 by die Raad van die RGN aanbeveel dat 'n omvattende ondersoek oor hierdie aangeleentheid geloods moes word. Nadat die Prioriteitekomitee van die Departement Wetenskapsbeplanning op meriete, en in kompetisie met alle ander aansoeke om navorsingsfondse, die aansoek om fondse vir hierdie program goedgekeur het, is die *RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge* (hierna die *Ondersoek*) aan die begin van 1981 op 'n samewerkingsbasis met die hele navorsingsgemeenskap geloods. Prof. J.H. Coetzee, Hoogleraar in Volkekunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO is as navorsingsdirekteur aangestel, maar het in September van dieselfde jaar as gevolg van gesondheidsoorwegings bedank. Dr. H.C. Marais, in daardie stadium Direkteur van die Instituut vir Navorsingsontwikkeling van die RGN het prof. Coetzee opgevolg.

## VOORBEREIDINGSFASE

Die hoofkomitee is gedurende die eerste kwartaal van 1981 deur die Raad van die RGN aangewys. Die lede van die hoofkomitee is geïdentifiseer na uitgebreide konsultasie met 'n wye spektrum van deskundiges en instansies betrokke by die verhoudingsproblematiek asook na aanleiding van 'n seminaar wat op 16 Februarie 1981 by die RGN aangebied is.

Die eerste vergadering van die hoofkomitee het op 11 Mei 1981 plaasgevind. Tydens dié vergadering is hoofsaaklik algemene beleidsake uitgesorteer terwyl 'n werkgroep bestaande uit proff. J.H. Coetzee, H.W. van der Merwe, L. Schlemmer, S.P. Cilliers, A.F. Steyn, H.G. Viljoen, S. Swart, en dr. N.J. Rhoodie aangewys is om 'n voorlopige terreinafbakening te bewerkstellig. Hierdie komitee aan wie se werksaamhede proff. Cilliers en Viljoen nie kon meewerk nie, het op 29 Junie 1981 'n verslag aan die hoofkomitee voorgelê wat aanbevelings bevat

het oor die strukturering van die *Ondersoek* sowel as die identifisering van probleemgebiede wat ondersoek moes word. Daardie verslag is deur die hoofkomitee aanvaar.

Die *RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge* het ná die tweede vergadering van die hoofkomitee struktureel en inhoudelik verder ontplooi. Enersyds was dit nodig om in die lig van nuwe ontwikkelinge en veranderinge in die posisies van sommige hoofkomiteelede addisionele lede in die hoofkomitee te betrek. In al hierdie gevalle het die uitnodiging aan sulke lede berus op aanbevelings van die hoofkomitee. Wat die werkwyse en die inhoud van die navorsingsprogram betref, is die besluite van die hoofkomitee-vergadering van 29 Junie 1981 as vertrekpunt gebruik. In die verdere ewolusie van die *Ondersoek,* was dit plek-plek nodig om prosedurele en tematiese aanpassings te maak.

## DIE AARD VAN DIE NAVORSINGSPROGRAM

Geen enkele navorsingsinstansie in Suid-Afrika kan op sy eie 'n omvangryke probleemgebied soos tussengroepverhoudinge op 'n multi-dissiplinêre wyse navors nie. Dit was daarom reg van die begin af veronderstel dat die samewerking van soveel as moontlik navorsers uit die verskillende navorsingsinstansies noodsaaklik sou wees vir die uitvoering van hierdie onderneming. By implikasie is daar ook aanvaar dat 'n probleemgebied soos die huidige vanuit verskillende teoretiese, metodologiese en ideologiese hoeke benader sou moes word. Vanaf die konseptualisering van hierdie navorsingsprogram was dit as 'n koöperatiewe program geïnisieer, beplan en uitgevoer.

Die Suid-Afrikaanse Plan vir Geesteswetenskaplike Navorsing bied juis 'n werkwyse waarvolgens ondersoeke van hierdie aard hanteer kan word. Daarom is die werkwyse soos uitgestippel in die SAPGN so nougeset as moontlik gevolg.

Soos vroeër reeds aangedui, is hierdie *Ondersoek* uitsluitlik op inisiatief van die RGN geïnisieer na aanleiding van die empiriese prioriteite-bepaling en op aanbeveling van die Navorsingsprioriteitekomitee vir die Geesteswetenskaplike Navorsing van die RGN. Die feit dat hierdie *Ondersoek* dus nie in opdrag van een of ander belanghebbende instansie geïnisieer en uitgevoer is nie, het dit moontlik gemaak om dit onafhanklik te loods en deur te voer as 'n wetenskaplike inset tot die besinning oor die problematiek van verhoudinge in Suid-Afrika.

## PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN ONDERSOEK

In noue aansluiting by die SAPGN, is die ondersoek van die begin af deur twee basiese uitgangspunte gelei, naamlik:

- Dat die belangrikste en uiteindelike doelwit van die *Ondersoek* die verbetering van die lewensgehalte, in die ruimste sin van die woord, van elke inwoner van die land is.
- Dat hierdie doelwit die beste bereik kan word deur optimale selfontwikkeling, dit wil sê deur die daarstelling van geleenthede waardeur mense sover moontlik self die aard, inhoud en realisering van hierdie lewensgehalte kan bepaal.

Enige verbetering van die gehalte van lewe moet rekening hou met die realiteite van die Suid-Afrikaanse samelewingsbestel, naamlik dat dit kompleks en diep gesegmenteerd van aard is. Dit beteken dat die interaksie tussen *groepe*, wat ook al die basis is waarop hierdie groepe gevorm of ingedeel word, 'n onderwerp is wat die lewensgehalte ten nouste raak. Dit is klaarblyklik ook die rede waarom die eerste poging om navorsingsprioriteite vir Suid-Afrika te bepaal (en waarna hierbo reeds verwys is), sonder meer *tussengroepverhoudinge* as die belangrikste gebied vir navorsing geïdentifiseer het.

Die gegewenhede van die Suid-Afrikaanse bestel kan daartoe bydra dat die verbetering van lewenskwaliteit van sy inwoners òf bevorder òf verhinder word. Die belemmerende uitwerking kan van so 'n aard wees dat dit uiteindelik tot konflik lei. Om hierdie rede is dr. Rhoodie reeds aan die begin van die *Ondersoek* deur die hoofkomitee versoek om 'n studie te maak van konflik in diep gesegmenteerde samelewings. Hierdie verslag is aan die einde van 1981 voltooi (Rhoodie, 1983).

Rhoodie (1983, pp. 9-10) toon aan dat die Suid-Afrikaanse samelewing onder andere die volgende eienskappe vertoon:

- Diep gesegmenteerd en kompleksgepluraliseer op basis van verdelers soos kultuur, historiese agtergrond, taal en godsdiens.
- 'n Beduidende aantal van hierdie verdelers oorvleuel en konvergeer, wat beteken dat byvoorbeeld kultuur, taal en godsdiens dikwels samehangende patrone aanneem.
- Sommige van hierdie verdelers hou verband met mense se basiese oorlewingsgerigte behoeftes en kan daarom heelwat emosies wek.
- Lede van 'n bepaalde groep — ongeag individuele verskille — word gekenmerk deur grootliks vergelykbare voorregte of gebrek daaraan.

Kenmerkend van samelewings van dié aard is dat stremming byna endemies daarin voorkom. Hierdie gevolgtrekking van Rhoodie moet egter gesien word teen die agtergrond van sy volgende stelling: *It is not specific socio-cultural and socio-psychological variables as such that generate conflict but the way in which these variables combine in a particular historical framework* (p. 163). Konseptuele analises lei tot die gevolgtrekking dat konflik in werklikheid struktureel in die Suid-Afrikaanse samelewing ingebou is en by afwesigheid van begelei-

ding na alle waarskynlikheid in omvang en intensiteit sal toeneem. Terselfdertyd kan ook uit voorgaande afgelei word dat dit byna onvoorstelbaar is dat 'n land soos Suid-Afrika ooit heeltemal stremmingsvry sal kan wees.

Soos vroeër aangedui fokus die *Ondersoek* op die verhoudinge tussen bevolkingskategorieë en wel op die potensiële of reële spanning in daardie verhoudinge wat die verbetering van die lewenskwaliteit van indiwidue en groepe in Suid-Afrika kan beïnvloed. Hierdie problematiek is reeds baie jare in die middelpunt van die plaaslike en oorsese belangstelling. Politieke ontwikkelinge van die afgelope paar jaar, die hernieude onrus in die jongste tyd en die intensivering van buitelandse betrokkenheid het hierdie aangeleentheid buitengewoon geaktualiseer. Hierdie ondersoek wil dus nie voorgee dat daar in Suid-Afrika tans nie 'n intensiewe en dinamiese debat en besinning aan die gang is nie. Inteendeel, die *Ondersoek* verteenwoordig 'n poging van navorsers van oor die hele land uit verskillende dissiplines om 'n *wetenskaplike* inset tot hierdie debat te lewer. Deur die addisionele en nuwe wetenskaplike inligting en perspektiewe te publiseer, word gehoop dat 'n konstruktiewe bydrae tot hierdie debat en die hantering van Suid-Afrika se verhoudingsprobleme gelewer kan word.

Die *Ondersoek* is in die lig van bogenoemde oorwegings geïnisieer en gelei. Dit was dus daarop gerig om op 'n *wetenskaplik verantwoordbare wyse 'n beskrywing en verklaring van die aard en prosesse van tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika te bied.* Meer in besonder is gefokus op konflik wat in hierdie verhoudinge voorkom of potensieel daarin aanwesig is en daar is ook gepoog om 'n interpretasie van die dinamika van konflik in hierdie konteks te gee.

Die *Ondersoek* is binne die kader van die SAPGN as 'n *probleem-georiënteerde* navorsingsprogram geloods. Reeds in die beginfase het die hoofkomitee besluit dat die klem nie op omvattende basiese navorsing sou val nie, maar dat dit wel nodig kon wees om *gerigte* basiese navorsing te onderneem. Ten spyte van hierdie praktiese en empiriese gerigtheid van die *Ondersoek,* is weggestuur van 'n poging om op grond van die bevindinge pertinente en politiek-georiënteerde aanbevelings oor die verbetering van verhoudinge te maak. Daar is geoordeel dat hierdie terrein só kompleks en onderworpe aan kontinue dinamiese verandering is dat dit veel sinvoller sou wees om beginsels en riglyne ter verbetering van verhoudinge, as't ware noodsaaklike voorwaardes vir die akkommodasie van konflik, uit die navorsing wat onderneem is te distilleer en aan te bied.

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat die beginsels en riglyne wat in hierdie verslag gestel word, van so 'n aard is dat hulle in konkrete en prakties toepasbare aanbevelings omgesit kan word. So 'n onderneming sal egter die in-

tensiewe insette van navorsers sowel as belangegroepe verg en val nie binne die bestek van die navorsingstaak soos die hoofkomitee dit gedefinieer het nie.

Die *Ondersoek* is nie vanuit 'n bepaalde politieke model onderneem nie en het hom ook nie tot òf 'n *status quo*-oriëntasie òf 'n maatskappy-kritiese òf 'n revolusionêre konflik-benadering gekompromitteer nie. In feite is daar vir 'n wetenskaplik billike oriëntasie gekies. Hiermee word geensins voorgegee dat die *Ondersoek* volkome "neutraal" of waardevry is nie. Die twee basiese vertrekpunte is duidelik aan die begin van hierdie gedeelte uitgespel. Die ideaal van wetenskaplike verantwoordbaarheid is egter nagestreef en van elke ondersoeker en navorsingsverslag is vereis dat die teoretiese raamwerk en hipotetiese uitgangspunte wat gevolg is, duidelik aangedui moes word.

## TERREINAFBAKENING

'n Terrein so wyd as dié van tussengroepverhoudinge moes noodwendig nader gespesifiseer word om hoegenaamd wetenskaplik aangepak te kon word. Afgesien van die nadere afstemming op fasiliterende en belemmerende faktore, was 'n belangrike vraag wat presies onder die term *groep* van tussengroepverhoudinge bedoel word. Deel van die Suid-Afrikaanse samelewingsbestel (soos in hoofstuk 2 verder bespreek sal word) is die bestaan van bevolkings*kategorieë* wat juridies en staatkundig vasgelê is. In sensusopnames byvoorbeeld en alle aspekte van die openbare lewe, word uitgegaan van die hoofkategorieë: swartmense, blankes, bruinmense en Indiërs. Hoewel daar 'n groot mate van konvergensie bestaan tussen hierdie kategorieë en die etniese en/of kulturele verdelingslyne tussen groepe, klop die wetlike groeperinge nie noodwendig volledig met die werklikheid nie of met die wyse waarop mense hulself groepeer nie. Daar is dus eksplisiet ruimte gelaat dat navorsers die bevolking op ander wyses kon segmenteer, afhangende van hul eie teoretiese en ideologiese uitgangspunte.

Die feit dat hier op bevolkingskategorieë gefokus is, wil ook nie die potensiële belang van 'n klasseperspektief ontken nie. Materiële belange en ekonomiese klasstrukture kan wel as onderliggende strukturerende prosesse aanvaar word. Op die vlak van persepsie en belewing definieer mense hulle self egter in die eerste geval as lede van bevolkingsgroepe in ruimer of enger sin. Navorsing het ook aangetoon dat bevolkingsgroep/ras/nasionaliteit eerste-ordeduidinge of -eienskappe is in terme waarvan ander waargeneem word.

Die feit dat hierdie ondersoek primêr op die verhoudinge tussen die bevolkingskategorieë gefokus het, impliseer egter nie by voorbaat dat die segmentering op grond van bevolkingskategorieë in die toekoms dieselfde klem as in die verlede moet ontvang nie. Aangesien hierdie kwessie egter later in hierdie verslag

weer op verskillende plekke en wyses aangespreek word, sal hier nie nou verder daarop ingegaan word nie.

Die hoofkomitee het by verskillende geleenthede aandag aan die terminologie ter identifisering van bevolkingskategorieë en -groepe geskenk, aangesien dit 'n kwessie is waarmee baie emotiewe en ideologiese elemente geassosieer word en wat dikwels onvoorsiene prejudiserende konnotasies het. Na aanleiding van 'n voorlegging deur prof. H.W. van der Merwe en in die lig van voorgaande oorwegings het die Hoofkomitee besluit om die terme *swartmense, Indiers, bruinmense* en *blankes* ter identifisering van die vier hoofgroeperings van mense in Suid-Afrika in hierdie verslag te gebruik. As sodanig is daar nie by implikasie of eksplikasie vooraf enige bepaalde aannames of uitgangspunte van enige belangegroepe in die Suid-Afrikaanse bestel ondersteun of geïgnoreer nie.

Die *Ondersoek* en spesifiek hierdie verslag bied 'n perspektief op die problematiek van verhoudinge in Suid-Afrika. In hierdie hele program is buitelandse navorsing hoofsaaklik vir teoretiese en metodologiese doeleindes betrek. Daar is naamlik aanvaar dat, alhoewel daar heelparty ooreenkomste tussen die situasie in Suid-Afrika en ander lande kan bestaan, die spesifieke konfigurasie van faktore en prosesse in só 'n mate van land tot land verskil, dat daar nie binne die bestek van hierdie navorsingsprogram aan 'n vergelykende studie reg geskied sou kon laat word nie.

Soos in die loop van hierdie verslag sal blyk, vorm verhoudinge in sekere opsigte die boustof van die samelewing. Daarom is dit nie moontlik om tussengroepverhoudinge uit die samelewing te lig en as 'n abstraksie buite sy konteks te ontleed nie. In die lig van hierdie oorweging is daardie samelewingsterreine, soos die juridiese, wat kontekste vorm waarbinne tussengroepverhoudinge manifesteer, noodwendig in die *Ondersoek* betrek. Die werksterrein van die *Ondersoek* is dus vir operasionele doeleindes in 11 subterreine verdeel. Hierdie terreine was die volgende:

- Historiese aspekte waaronder die ontwikkeling van verhoudinge en veral die rol van die geskiedskrywing self in die uitbeelding van verhoudinge.
- Demografiese fasette van die Suid-Afrikaanse bevolking.
- Antropologiese perspektiewe op etniese, kulturele en rassefaktore in inter- en intragroepverhoudinge.
- Sosiaal-psigologiese fasette soos persepsie, houdings, vooroordeel en konflik.
- Die funksie van interpersoonlike en massakommunikasie in tussengroepverhoudinge.
- Die betekenis en rol van religie in die verhoudinge tussen groepe.

- Ontwikkelingsadministratiewe perspektiewe op tussengroepverhoudinge in terme van onder andere ontwikkelingsmodelle, differensiële geleenthede en administratiewe houdings.
- Ekonomiese invloede soos groei en armoede op verhoudinge asook arbeidsverhoudinge as weerspieëling en beïnvloeder van verhoudinge.
- Die juridiese terrein wat strek van regsfilosofiese oorwegings ten opsigte van groepe en verhoudinge tot die administrasie van relevante wette.
- 'n Evaluering van staatkundige, politieke en administratiewe aangeleenthede.
- Die Suid-Afrikaanse samelewingsbestel en verhoudinge sosiologies beskou.

Naas hierdie terreinindeling is twee dwarsliggende terreine ook geïdentifiseer en verreken, naamlik die teoretiese en metodologiese terrein asook die infrastrukturele terrein van bibliografiese data.

Vir elk van hierdie terreine, behalwe die demografiese, is 'n werkkomitee saamgestel wat in die volgende afdeling bespreek word.

## WERKWYSE WAT IN DIE ONDERSOEK GEVOLG IS

Die bestuur, organisasie en uitvoering van die *RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge* het op drie vlakke geskied, naamlik op die vlak van die hoofkomitee, die werkkomitees en kontraknavorsers.

### *HOOFKOMITEE*

Die hoofkomitee het uit die volgende lede bestaan wat in hul persoonlike hoedanigheid deur die Raad van die RGN aangestel is:

| | |
|---|---|
| Dr. H.C. Marais (Voorsitter) | Vise-President: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing |
| Prof. M. Bopape | Hoof: Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van die Noorde |
| Dr. C.V. Bothma | Direkteur: Maatskaplike Beplanning, Departement Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys |
| Dr. W.J. Breytenbach | Direkteur: Staatkundige Beplanning, Departement Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning |
| Prof. S.P. Cilliers | Hoof: Departement Sosiologie, Universiteit van Stellenbosch |
| Dr. H.P. Fourie | Hoofdirekteur: Maatskaplike Beplanning, Departement Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning |

| | |
|---|---|
| Dr. J.G. Garbers | President: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing |
| Mnr. R.M. Godsell | Nywerheidsverhoudinge-Konsultant, Anglo American Corporation SA Ltd |
| Prof. W.D. Hammond-Tooke | Hoof: Departement Antropologie, Universiteit van die Witwatersrand |
| Prof. E. Higgins | Dekaan: Fakulteit Sosiale Wetenskap, Rhodes Universiteit |
| Prof. D.A. Kotzé | Hoof: Departement Ontwikkelingsadministrasie en -politiek, Universiteit van Suid-Afrika |
| Dr. J.M Lötter | Uitvoerende Direkteur: Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing |
| Mnr. E.B. Lubelwana (Afgesterwe) | Voorsitter: Gemeenskapsraad, Guguletu |
| Ds. J.J.F. Mettler | Leraar, Nederduits Gereformeerde Sendingkerk, Mitchell's Plain |
| Prof. J.C. Moll | Dekaan: Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Universiteit van die Oranje-Vrystaat |
| Prof. C.J. Nel | Hoof: Departement Volkekunde, Universiteit van die Oranje-Vrystaat |
| Dr. G.K. Nelson | Uitvoerende Direkteur: Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing |
| Prof. G.C. Oosthuizen | Hoof: Navorsingsinstituut vir die Studie van Nuwe Religie- en Onafhanklike Kerke, Universiteit van Zululand. Voorheen verbonde aan die Departement Godsdienswetenskap, Universiteit van Durban-Westville |
| Dr. K.P. Prinsloo | Uitvoerende Direkteur: Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing |
| Prof. B.G. Ranchod | Hoof: Departement Privaatreg, Universiteit van Durban-Westville |
| Prof. L. Schlemmer | Direkteur: Sentrum vir Toegepaste Sosiale Wetenskappe, Universiteit van Natal |
| Prof. A.F. Steyn | Hoof: Departement Sosiologie, Randse Afrikaanse Universiteit |

| | |
|---|---|
| Mnr. G.A. Thiele | Instituut vir Kommunikasienavorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing |
| Mnr. J. Tshabalala | Voormalige burgemeester Atteridgeville |
| Prof. H.W. van der Merwe | Direkteur: Sentrum vir Tussengroepstudies Universiteit van Kaapstad |
| Dr. J.D. Venter | Adjunk-President: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing |
| Prof. H.G. Viljoen | Departement Sielkunde, Universiteit van Suid-Afrika |
| Prof. H.W. Vilakazi | Departement Filosofie, Universiteit van Kaapstad |
| Prof. M. Wiechers | Hoof: Departement Staats- en Volkereg, Universiteit van Suid-Afrika |
| Prof. N.E. Wiehahn | Direkteur: Skool vir Bedryfsleiding, Universiteit van Suid-Afrika |

Drr. C.V. Bothma, W.J. Breytenbach en H.P. Fourie is ampshalwe en in waarnemende verband benoem; hulle aandeel aan besluite was dus van nie-amptelike aard. Prof. H.W. Vilakazi het as waarnemer op die komitee gedien.

Die hoofkomitee was verantwoordelik vir die oorhoofse beleidsbepaling en bestuur van die *Ondersoek*. Die finale verantwoordelikheid vir die *Ondersoek* is deur die Raad van die RGN aan hierdie komitee gedelegeer. Die belangrikste spesifieke funksies van die hoofkomitee het die volgende ingesluit:

- Beleidsbepaling
- Terreinafbakening en operasionalisering op die makrovlak
- Identifisering van werkkomitees en aanwysing van lede
- Goedkeuring van navorsingstenders asook die identifisering van spesifieke projekte; altesaam 137 tenders is uit die navorsingsgemeenskap ontvang waarvan 93 goedgekeur is, terwyl 'n verdere 12 projekte op spesiale versoek van werkkomitees onderneem is om leemtes te vul.
- Die hoofkomitee was ook verantwoordelik vir die finalisering van hierdie hoofverslag wat primêr bestaan uit 'n sintese van die werkkomiteeverslae en ander verslae wat spesiaal vir die *Ondersoek* voorberei is (vergelyk Bylae A vir 'n volledige lys). Om dié rede word in hierdie hoofverslag slegs na hierdie verslae en nie na besondere bronne verwys nie. Eie aan die aard van die sinteseproses was nuwe vertolkings van inligting dikwels nodig, nadat inligting in nuwe verbande bymekaar gevoeg is. (Die werkwyse is aan die einde van hierdie hoofstuk beskryf.)

Die hoofkomitee het tydens die duur van die *Ondersoek* agt keer vergader. Die hoofkomitee het 'n uitvoerende komitee aangewys om sake wat tussentyds opgeduik het te behartig asook ander sake wat deur die hoofkomitee na hom verwys is. Die Uitvoerende Komitee het sewe keer vergader, terwyl die voorsitters van werkkomitees drie keer vergader het.

*WERKKOMITEES*

'n Werkkomitee is aangewys vir elk van die terreine wat hierbo geïdentifiseer is. Die primêre funksie van die werkkomitees was om die hoofkomitee by te staan op die meso- en mikrovlakke van navorsing op bepaalde gebiede. Die belangrikste spesifieke funksie van die werkkomitees was die volgende:

- Spesifieke terreinomskrywing
- Spesifieke tematisering en operasionalisering
- Evaluering van tenders
- Evaluering van navorsingsverslae van voltooide kontrakprojekte
- Identifisering van navorsers om sodanige navorsing te onderneem en die evaluering van sodanige navorsing
- Integrering van navorsing wat onder leiding van die werkkomitees onderneem is tot 'n gekonsolideerde werkkomiteeverslag wat aan die hoofkomitee voorgelê is. Enige gegewe werkkomitee se verantwoordelikheid vir bevindinge, interpretasies en gevolgtrekkings in hierdie *Ondersoek* eindig by dit wat in die bepaalde werkkomiteeverslag gepubliseer is.

'n Aangepaste werkwyse is gevolg om 'n stel beginsels vir ruimtelike ordening te genereer. Die voorsitters van ses werkkomitees het 'n tiental kontrakte met deskundiges aangegaan om bondige verslae te skryf waarin verskillende perspektiewe op die problematiek van ruimtelike ordening vanuit elke kontraktant se dissipline toegelig is. Die volgende dissiplines is betrek: regsgeleerdheid, volkekunde, publieke administrasie, geografie en ekonomie. Hierdie insette is tydens 'n seminaar tot 'n stel beginsels en riglyne gekonsolideer waaroor die seminaargangers konsensus bereik het.

Die werkkomitees het verskillende kere byeengekom, terwyl heelwat van die sake ook per korrespondensie afgehandel is.

*KONTRAKNAVORSERS*

Navorsers is deur middel van verskillende publikasies, 'n tweetal spesiale brosjures asook persoonlike voorligting genooi om op kontrakbasis spesifieke projekte vir die *Ondersoek* te onderneem. Altesaam 208 navorsers was uiteindelik betrokke

by die projekte wat op kontrakbasis onderneem is terwyl 'n verdere 150 persone, waaronder lede van werkkomitees, vakkundige insette gelewer het; al die goedgekeurde projekte is in bylae A aangedui.

*PROSEDURES*

Die prosedures wat in die *Ondersoek* gevolg is, kan baie kortliks soos volg saamgevat word: Eerstens is die hele navorsinggemeenskap so wyd as moontlik ingelig oor die feit dat die *Ondersoek* geloods is en dat die hele navorsingsgemeenskap welkom was om daaraan deel te neem. Terselfdertyd is die projekte wat deur die werkkomitees geoperasionaliseer is, bekend gemaak met die nota daarby dat navorsers welkom was om ook voorstelle oor ander verbandhoudende navorsingsprojekte voor te lê. Nadat die navorsingsvoorstelle gekeur is, is kontrakte met navorsers aangegaan vir die uitvoering van die projekte.

Wat die uitvoering van die navorsing betref, is daar op drie vlakke gewerk. Eerstens was daar navorsers wat heeltemal op hulle eie empiriese of teoretiese navorsing onderneem het. Verder is twee meerdoelige opnames deur die RGN onderneem waaraan navorsers kon deelneem in soverre as wat hulle enersyds vrae en items vir insluiting in die vraelyste kon voorstel en andersyds van die aldus gegenereerde data gebruik kon maak met die oog op projekverslae. 'n Derde vlak van navorsing is verteenwoordig deur daardie navorsers vir wie spesiale meerdoelige opnames onder ewekansige steekproewe van sekere dele van die bevolking uitgevoer is. In laasgenoemde was dit dus slegs enkele navorsers wie se datainsameling in een vraelys en opname betrek is.

Die RGN se infrastruktuur was deurentyd beskikbaar vir navorsers wat aan die *Ondersoek* deelgeneem het. Hierdie navorsingsinfrastruktuur het verskillende fasette behels:

- 'n Voltydse inligtingsbeampte het 'n bibliografiese databank opgebou en literatuurverwysings voorsien.
- Die Meningspeilingsentrum (MPS) is vir twee landwye en ses beperkter opnames gebruik.
- Die Instituut vir Statistiese Navorsing (ISN) het baie statistiese advies verskaf.
- Die Rekenaarsentrum se dienste is vir die verwerking van empiriese data gebruik.
- Die Sentrum vir Taaldienste was in verskillende fases van die Ondersoek verantwoordelik vir die taalversorging van kopie.
- Vraelyste sowel as hierdie verslag is gedruk deur die RGN.

Hierdie navorsingsprogram het 'n baie groot addisionele verpligting vir die onderskeie navorsingsondersteuningsdienste teweeg gebring, te meer daar versoeke gewoonlik spoedeisend en omvangryk was.

## SAMESTELLING VAN DIE VERSLAG

### *WERKWYSE*

Voorlopige bevindinge van die verskillende werkkomitees is op 1 Maart 1985 tydens 'n vergadering van die hoofkomitee vir bespreking en kommentaar voorgelê. Hierna het die direkteur en die twee koördineerders 'n voorlopige konsepverslag saamgestel wat op 11 April in 'n werksessie deur die volgende groep gemodereer en aangepas is: prof. S.P. Cilliers, mnr. R.M. Godsell, prof. B.C. Lategan, dr. H.C. Marais, mnr. J.L. Olivier, dr. N.J. Rhoodie, prof. L. Schlemmer en prof. M. Wiechers.

Die konsepverslag wat uit die werksessie voortgevloei het, is daarna op 19 April aan die volgende persone vir kommentaar voorgelê: persone hierbo genoem asook die voorsitters van die ander werkkomitees, naamlik proff. D.A. Kotzé, J.C. Moll, G.C. Oosthuizen, B.G. Ranchod en H.G. Viljoen asook die ander lede van die uitvoerende komitee naamlik drr. W.J. Breytenbach, J.G. Garbers, proff. W.D. Hammond-Tooke en A.F. Steyn. Nadat verdere aanpassings gemaak is, is die tweede konsepverslag tydens 'n vergadering van die hoofkomitee op 21 tot 24 Mei 1985 voorgelê, in sy geheel en in besonderhede bespreek, waar nodig aangepas en op 24 Mei goedgekeur.

Alhoewel daar nog heelparty fasette van die terrein was wat verder nagevors moes of kon word, is daar geoordeel dat dit belangrik was om ook met huidige ontwikkelinge rekening te hou. Waar hierdie verslag bedoel is as 'n inset tot die huidige besinning oor die verdere ontwikkeling van konstruktiewe verhoudinge is daar besluit om hierdie fase van die *Ondersoek* in hierdie stadium af te sluit.

### *INHOUD VAN DIE VERSLAG*

Soos vroeër aangedui, is die *Ondersoek* as 'n probleem-georiënteerde navorsingsprogram gekonsipieer en deurgevoer. In die lig van die metodologiese en pragmatiese vereistes van sodanige navorsing het dit wenslik gelyk om in die samestelling van die verslag 'n meer induktiewe strategie te volg. Dit het die implikasie dat die belangrikste bevindinge eers aangebied word (nl. hoofstukke 2 tot 5) waarna afleidings uit die bevindinge in hoofstuk 6 aan die orde gestel word.

In die tweede hoofstuk is die probleemstelling nader gespesifiseer deur 'n bondige beskrywing te gee van die samelewingsbestel in Suid-Afrika. Hierdie hoofstuk bevat as't ware die kontoere van die samelewingsbestel. In hoofstuk 3 is die bevindinge oor die belewing en persepsie van verhoudinge beskryf. Hoofstuk 4 beskryf die wyse waarop verhoudinge gestruktureer en geïnstitusionaliseer is. 'n Samevattende interpretasie van voorgaande drie hoofstukke asook 'n oorkoepelende gevolgtrekking word in hoofstuk 5 aangebied. Hoofstuk 6 bevat 'n aantal afleidings uit die bevindinge en word in die vorm van voorvereistes vir die ontwikkeling van konstruktiewe verhoudinge aangebied.

# HOOFSTUK 2

# ALGEMENE AGTERGROND VAN DIE SUID-AFRIKAANSE PROBLEMATIEK VAN TUSSENGROEPVERHOUDINGE

In hierdie hoofstuk word die belangrikste kenmerke van die Suid-Afrikaanse samelewingsbestel in breë trekke geskets om enersyds as agtergrond te dien vir die bevindinge van die *Ondersoek* wat in die volgende hoofstukke aangebied word en om andersyds die spesifieke aard van die profiel van die Suid-Afrikaanse verhoudingsproblematiek duidelik te kenskets.

In die volgende paragrawe word daar agtereenvolgens gekyk na die buitelyne van die historiese ontwikkeling, verspreiding en eienskappe van die bevolking, onderwys en opvoeding, taalverspreiding, godsdienspatrone, etniese geskakeerdheid, vlak van ekonomiese ontwikkeling en arbeidsbedeling, en laastens die juridiese, politieke en staatskundige sisteem. Hierdie hoofstuk bied slegs 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse bestel en daarom is hier slegs daardie gegewens aan die orde gestel waaroor grootliks eenstemmigheid onder wetenskaplikes bestaan. Om hierdie rede is die meeste van die inligting ook nie beredeneer nie.

## HISTORIESE ONTWIKKELING

Tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika het oor 'n tydperk van etlike eeue ontwikkel. Dit was en is 'n gekompliseerde historiese proses waarin individue, groepe, klasse, houdings, waardes, ideologieë en materiële belange 'n belangrike rol gespeel het en steeds speel. In baie opsigte verskil die historiese proses en die wesenskenmerke van tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika nie van dergelike verhoudinge elders in die wêreld nie; in sekere opsigte vertoon dit egter elemente wat uniek is aan die Suid-Afrikaanse samelewing. In die volgende skets van die historiese ontwikkeling is enkele van die groter ontwikkelingslyne getrek. As gevolg van die omvangrykheid van die tema — 'n land se hele geskiedenis — kan hier uiteraard nie op besonderhede ingegaan word nie.

Die geskiedenis van tussengroepverhoudinge gaan terug tot in die verre prehistoriese tye. Die vroegste nog bestaande bewoners van Suid-Afrika was die San wat as jagters en versamelaars 'n swerwersbestaan gevoer het. Die eerste nuwe intrekkers was die Khoikhoi en swartmense wat hulle lank voor die koms van die blankes in verskeie dele van Suid-Afrika gevestig het.

Die interaksie tussen hierdie groepe is by tye gekenmerk deur konflik. Dit was veral die San wat deur die intrekkende swartmense verjaag is. Interaksie tussen die groepe is in hoofsaak bepaal deur ekonomiese faktore, veral die verkryging en beveiliging van jag- en weivelde, vee en landbougrond. Die onderlinge verhoudinge is ook gekenmerk deur 'n toenemende kommersiële kontak en in sekere gebiede ook deur sosiale integrasie veral tussen die San en Khoikhoi en tussen die Khoikhoi en swartmense.

Die San, Khoikhoi en swartmense was nie homogene groepe nie, maar elk was op hulle beurt in afsonderlike gemeenskappe verdeel met eie besondere belange, leiers en omstandighede. Tussen hierdie gemeenskappe was daar ook 'n dinamiese wisselwerking gebaseer op vreedsame naasbestaan maar ook gekenmerk deur tydperke van konflik.

Die vestiging van die blankes in Suid-Afrika het 'n belangrike invloed op tussengroepverhoudinge gehad. Nie alleen was dit die toevoeging van 'n verdere groep tot die bestaandes nie, maar die blankes het ook hulle Europese waardes en gebruike na Afrika gebring.

Sedert 1652 is Europese koloniale gesag aan die Kaap gevestig en geleidelik na die binneland uitgebrei totdat die hele Suid-Afrika onder koloniale beheer was. Bykans twee en 'n half eeue lank was Suid-Afrika, met uitsondering van die twee Boererepublieke wat vir nagenoeg 50 jaar bestaan het, onder koloniale beheer. Die koloniale heersers sowel as die republikeinse leiers het hulle gesag en invloed gebruik om tussengroepverhoudinge te reël. Die gesagsuitbreiding het met onderhandeling, verdragsluiting en militêre optrede gepaard gegaan. Die vestiging van koloniale heerskappy het ook buitelandse kapitaal na Suid-Afrika gebring en tussengroepverhoudinge onlosmaaklik aan buitelandse belange gekoppel. Met verloop van tyd sou laasgenoemde tendens al sterker word.

'n Uitvloeisel van die vestiging van Europese koloniale heerskappy was die vestiging en groei van 'n blanke kolonistebevolking met permanente belange in Suid-Afrika, maar wat onder beheer gestaan het van en by tye in konflik was met die koloniale moondheid. Die blanke koloniste het mettertyd 'n sterk politieke bewussyn ontwikkel en groter deelname aan die bestuur van die land asook inspraak in die beheer oor die landsekonomie geëis. Uit die kolonistebevolking het daar mettertyd 'n spesifieke groep, die Afrikaners, beslag gevind

wat in die loop van die tyd 'n eie volksbewussyn ontwikkel het. Dit was die Afrikaners — en veral die Afrikanergrensboere — wat in konflik met die koloniale owerheid gekom het. Onder Britse bewind, en om 'n verskeidenheid van redes, het van hulle uit die Kaapkolonie padgegee en onafhanklike state in die binneland gestig. Afrikanernasionalisme het in die tweede helfte van die negentiende eeu sterk opgevlam teen die bedreiging van Britse imperialisme en twee oorloë (die Eerste Vryheidsoorlog en die Anglo-Boereoorlog) tussen Boer en Brit het gevolg.

Sedert die Britse besetting van die Kaap in 1806 het daar ook 'n beduidende getal Engelstalige koloniste hulle in Suid-Afrika gevestig en ook permanente inwoners van Suid-Afrika geword. Hoewel Brits-georiënteerd het hulle 'n Suid-Afrikaanse identiteit gekry. Hulle het hulle nie met die Afrikaners geïdentifiseer nie, maar onderlinge sosiale en ekonomiese kontak was algemeen. Beduidende getalle Franse en Duitsers het ook in 'n vroeë stadium van blanke vestiging na Suid-Afrika gekom en met verloop van tyd sou groepe uit talle Europese lande ook 'n permanente tuiste hier vind.

'n Uitstaande kenmerk van tussengroepverhoudinge was dat dit dikwels binne 'n tipiese grenssituasie plaasgevind het. Die blankes het in die proses van uitbreiding na die binneland met die Khoikhoi, San en swartmense in aanraking gekom. Dié aanraking is gekenmerk deur 'n wedywering om grond (landbougrond, jagvelde, weivelde) en waterbronne en 'n stryd om heerskappy. In die vroeë fase van die kontak het nie een van die groepe daarin geslaag om sy gesag oor die ander uit te brei nie. Politieke en sosiale verhoudinge was vloeibaar en alle partye het gelyke status in die verhoudingsituasie beklee. Namate die blankes hulle gesag oor die inheemse gemeenskappe gevestig het, het laasgenoemdes hulle grond verloor en blanke onderdane geword. Arbeid het 'n al hoe belangriker rol in die verhoudinge gespeel en swartmense het in 'n toenemende mate tot die blanke arbeidsmark begin toetree. Reservate het tot stand gekom waar swartmense kon woon en hierdie reservate het in 'n groot mate voorsien in die arbeidsbehoeftes van die blankes. Die vestiging van blanke gesag oor die swartmense was 'n proses waarin die koloniale owerheid en blanke koloniste "saamgespan" het teen die inheemse bevolkingsgroepe. Blanke gesag is eers laat in die negentiende eeu onbetwisbaar oor die swartmense gevestig.

Die swartmense het op uiteenlopende wyse gereageer op blanke uitbreiding. Sommige groepe het met die blankes meegewerk, terwyl andere hulle heftig verset het met die gevolg dat die grensgeskiedenis gekenmerk is deur voortdurende konflik tussen blank en swart. Swart verset teen die blankes was vir 'n lang tyd ongekoördineerd en elke groep het op sy eie probeer om die blankes

teen te gaan. Eers laat in die negentiende eeu is die eerste pogings aangewend om swart verset te koördineer.

Een van die belangrikste faktore wat tussengroepverhoudinge sou bepaal, was die geleidelike groei van 'n bewussyn van blanke superioriteit en swart onderdaanskap. In die vroeë Kaapse samelewing was daar 'n groot mate van gelykheid tussen blankes en bruinmense. Mettertyd is daar onderskei tussen die groepe sodat onderskeid op grond van ras en kleur 'n kenmerk van die Suid-Afrikaanse samelewing geword het. 'n Verskeidenheid van faktore was hiervoor verantwoordelik, onder andere kultuurverskille, godsdiensverskille, klasseverskille, slawerny en konflik. Die onderskeid is mettertyd in wetgewing vasgelê (konstitusies, paswette, arbeidswette ens.). In die reël was die Britse owerheid en koloniste meer liberaalgesing teenoor die bruinmense as die Boererepublieke en hul inwoners. In hierdie republieke het bruinmense geen burgerskapstatus gehad nie, en is hulle nie as gelykes aanvaar nie. Hoewel daar 'n groot mate van politieke, sosiale en ekonomiese differensiasie tussen blankes en bruinmense was wat neerslag gevind het in segregasiemaatreëls en -houdinge, was volkome segregasie — veral op ekonomiese gebied — nooit moontlik nie.

In die vroeë Kaapse samelewing was daar 'n groot mate van sosiale gelykheid en in dié omstandighede, asook in die vloeibare omstandighede van 'n grenssituasie in die binneland, het daar wettige huwelike en talle gevalle van saamleef en bloedvermenging tussen blankes en bruinmense voorgekom. Uit die vermenging van blankes, slawe (dikwels persone uit Asië), swartmense, San, en Khoikhoi het in die vroeë Kaapse samelewing 'n groep wat later algemeen as kleurlinge (bruinmense) bekend sou staan, ontwikkel. Sommige van hulle het aanvanklik gelyke status met die blankes verkry; die meerderheid was egter as onderhorige arbeiders by blankes werksaam. Die bruinmense was en is nie 'n homogene groep nie.

In die vroeë fase van die koloniale tydperk voordat die blankes die binneland van Suid-Afrika beset het, was daar 'n dinamiese interaksie tussen die verskillende swart bevolkingsgroepe. Politieke ontwikkeling gepaardgaande met 'n toename in getalle het die wedywering om grond intenser gemaak. Dit het tot wrywing en konflik aanleiding gegee wat soms ingrypende politieke en sosiale veranderinge tot gevolg gehad het soos die *difaqane* (uitdelgingsoorloë) vroeg in die negentiende eeu. Die uitkristallisering van enkele groot en magtige swart ryke was kenmerkend van hierdie periode. Die onderlinge politieke, sosiale en kommersiële verhoudinge tussen die swart gemeenskappe is mettertyd sterk beïnvloed deur die vestiging van blankes in die binneland.

Die eerste Indiërs het vanaf 1860 as kontrakarbeiders vir die suikerplantasies in Natal aangekom en is later gevolg deur Indiër handelaars. Immigrasie van Indiërs is vroeg in hierdie eeu beëindig. Die meeste Indiërs is in Natal woonagtig en is feitlik almal afstammelinge van die oorspronklike setlaars.

Die ontdekking van diamante en goud en die industriële groei wat daarmee gepaard gegaan het, het groot veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing en in tussengroepverhoudinge in die land meegebring. Swartmense het in groot getalle na nywerheidsentra in blanke gebied gestroom. Dit het enersyds maatskaplike probleme in die reservate veroorsaak en andersyds swak maatskaplike toestande in die swart woongebiede van die nywerheidsentra tot gevolg gehad.

'n Faktor wat tussengroepverhoudinge wesenlik beïnvloed het, was die sterk opbloei van Afrikanernasionalisme en die vestiging van die politieke gesag van die Afrikaner. Dit het aanleiding gegee tot die aanvaarding sedert 1948 van 'n verskeidenheid wette waarkragtens die ideologie van apartheid ("afsonderlike ontwikkeling") omskryf en toegepas is. Die oogmerk was om "totale" skeiding tussen blankes en ander groepe te bewerkstellig. 'n Sentrale deel van die beleid was die uitbouing van eie gebiede (tuislande) vir die swartmense waarbinne hulle hul politieke en sosiale regte kon uitleef en uiteindelik onafhanklikheid van Suid-Afrika kon verkry soos gerealiseer in die TBVC-lande (dit wil sê, Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei). Afrikanernasionalisme het ook 'n sterker polarisering in blanke geledere — tussen Afrikaans- en Engelstaliges — meegebring. Die ontdekking van diamante en goud en die industriële groei wat daarmee gepaard gegaan het, het groot veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing en in tussengroepverhoudinge in die land meegebring. Blankes en swartmense het in groot getalle na blanke stedelike gebiede verhuis. Swak sosio-ekonomiese omstandighede het onder die laagbesoldigde en ongeskoolde swartmense en blankes ontwikkel. Mettertyd is indringende aandag aan hierdie vraagstuk gegee.

'n Belangrike resultaat van verstedeliking is toenemende konflik tussen blankes en swartmense. Die konflik gaan in wese oor politieke en ekonomiese mag en sosiale gelykberegtiging. Die aard van die konflik het met verloop van tyd verander van 'n ongekoördineerde tot 'n meer gekoördineerde verset gebou rondom organisasies soos die African National Congress en die Pan African Congress wat 'n wisselende mate van steun uit alle gekleurde groepe kry. Die swartmense is egter steeds nie 'n homogene groep nie en etnisiteit speel 'n belangrike rol in die verhouding tussen die groepe.

Die hede word gekenmerk deur 'n uiters vloeibare situasie omdat toenemende konflik enersyds en die herwaardering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling andersyds die blanke tot herwaardering van die situasie gedwing het.

## BEVOLKINGSAMESTELLING, GROEI EN VERSPREIDING

Die beskrywing van die bevolkingsamestelling van die land bied op sigself 'n sprekende illustrasie van die problematiek van tussengroepverhoudinge. Die *kategorieë* waarin die bevolking "amptelik" ingedeel word, weerspieël reeds 'n bepaalde siening van die Suid-Afrikaanse samelewing. Soos in hoofstuk 1 aangedui is, konvergeer verdelers soos taal, kultuur en etnisiteit dikwels om bepaalde bevolkingsgroepe te vorm, maar tog bly hierdie grense relatief. Tussen die wetlik vasgelegde bevolkingskategorieë en die spontane groepvorms van mense op die beginsel van vrywillige assosiasie, bestaan 'n duidelike onderskeid. In dié verband kan na die verslag *Politieke samewerking binne 'n fundamentele regsorde* van die Werkkomitee: Grondwet en Politiek verwys word waarin voorkeur gegee is aan die terme "samelewingstrukture" bo "groepe". Wanneer in die vervolg die bevolkingsamestelling volgens die amptelike kategorieë weergegee word, beteken dit nie 'n keuse vir 'n bepaalde staatkundige of politieke model nie, maar word dit om pragmatiese redes gedoen, aangesien dit die enigste vorm is waarin betroubare sensusgegewens beskikbaar is.

Op dieselfde wyse kan die in- of uitsluiting in statistiek en besprekings van die sogenaamde TBVC-lande (Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei) en nasionale state by 'n "historiese" Suid-Afrika of die Republiek van Suid-Afrika nie geïnterpreteer word as aanduiding van 'n bepaalde staatkundige of ideologiese keuse nie. In hierdie verslag was die beskikbaarheid van die jongste en betroubaarste statistiek die enigste oorweging by die gebruik van sodanige gegewens en word in elke geval spesifiek vermeld hoe die statistiek saamgestel is.

### *SAMESTELLING VAN DIE BEVOLKING*

Die Suid-Afrikaanse bevolking word staatkundig en juridies in vier kategorieë verdeel, te wete Asiërs, blankes, bruinmense en swartmense. Die getalsverspreiding van die bevolking word in tabel 2.1 weergegee.

Dit is duidelik uit tabel 2.1, wat op die 1980-sensus gebaseer is, dat swartmense die grootste komponent (72,4 %) van die totale bevolking uitmaak, gevolg deur blankes (15,7 %), bruinmense (9,1 %) en Asiërs (2,8 %).

**TABEL 2.1**
**SAMESTELLING VAN DIE TOTALE SUID-AFRIKAANSE BEVOLKING: 1980 (TBVC-LANDE EN NASIONALE STATE INGESLUIT)**

| Asiërs | Blankes | Bruinmense | Swartmense | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 821 320 | 4 528 100 | 2 612 780 | 20 903 760 | 28 865 960 |
| (2,8 %) | (15,7 %) | (9,1 %) | (72,4 %) | (100,0 %) |

(*Bron:* Smit *et al*, 1983, pp. 2 en 3).

Die bevolkingsdigtheid van Suid-Afrika (TBVC-lande en nasionale state ingesluit) is 23 persone per vierkante kilometer. Die bevolkingsdigtheid wissel egter van 17 persone per vierkante kilometer in die Republiek van Suid-Afrika tot 52 persone per vierkante kilometer in Transkei.

## *VERSPREIDING EN HERVERSPREIDING VAN DIE BEVOLKING*


In sy verslag oor demografiese aspekte van tussengroepverhoudinge beklemtoon Smit *et al* (1983) drie kenmerke van die bevolkingsverspreidingspatroon in Suid-Afrika, te wete

- die aanwesigheid van 'n paar groot stedelike konsentrasies,
- 'n digter bewoning van die oostelike gedeelte van die land en
- die getalle-oorwig van sekere bevolkingsgroepe in bepaalde geografiese gebiede.

Enkele opmerkings oor elk van hierdie kenmerke is nodig aangesien die invloed daarvan, in samehang met ander faktore, op tussengroepverhoudinge in die volgende twee hoofstukke weer behandel word. Daar word eerstens aan die stedelik-plattelandse verspreiding aandag geskenk; die belangrikste besonderhede word in tabel 2.2 weergegee terwyl die kaart (figuur 1) ook geraadpleeg kan word.

Uit tabel 2.2 is dit duidelik dat meer as die helfte van die Suid-Afrikaanse bevolking, naamlik 53,2 %, teen 1980 reeds verstedelik was. Van die vier-bevolkingskategorieë was Asiërs (90,6 %) die mees verstedelikte groep gevolg deur blankes (88,4 %), bruinmense (76,6 %) en swartmense (32,6 %) (Smit *et al*, 1983, p. 3).

Van die 631 formele stedelike nedersettings wat onderskei kan word, het slegs 11 meer as 100 000 inwoners. Wanneer die informele nedersettings wat rondom formele nedersettings ontwikkel het, by voorgaande gereken word, sal die getal uiteraard styg. Die bevolking is voorts in vier duidelik onderskeibare metropolitaanse gebiede saamgetrek, naamlik die Pretoria-Witwatersrand-Ver-


BEVOLKINGSVERSPREIDING IN DIE
POPULATION DISTRIBUTION IN THE
R S A, TRANSKEI, BOPHUTHATSWANA, VENDA EN/AND CISKEI
1980
STEDELIKE GEBIEDE URBANIZED AREAS
INTERNASIONAAL INTERNATIONAL
PROVINSIAAL PROVINCIAL
NASIONALE STATE NATIONAL STATES
STEDELIKE BEVOLKING
URBAN POPULATION
1 000 000
500 000
100 000
50 000
10 000
5 000
1 000
PLATTELANDSE BEVOLKING
RURAL POPULATION
100
500
1 000
Saamgestel en voorberei
deur
I. CORNELIUS en J.J. BOOYSEN (U.P.)
onder leiding van
P. Smit
vir die
Hoofkomitee vir die
RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge
Compiled and prepared
by
I. CORNELIUS and J.J. BOOYSEN (U.P.)
under the direction of
P. Smit
for the
Main Committee of the
HSRC Investigation into Intergroup Relations
1 : 2 500 000
100 80 60 40 20 0 100 200 km
Albers se Vlaktroue Projeksie. Standaard Parallelle 18° Suid en 32° Suid.
Albers' Equal Area Projection. Standard Parallels 18° South and 32° South.
© RGN HSRC
Messina
Phalaborwa
Thabazimbi
Nylstroom
Lydenburg
Mafikeng
Potchefstroom
Klerksdorp
Kuruman
Sishen
Christiana
Kimberley
Bloemfontein
Upington
Kakamas
Port Nolloth
Springbok
Prieska
Hopetown
Trompsburg
Garies
Carnarvon
Aliwal Noord
Calvinia
Middelburg
Queenstown
Clanwilliam
Beaufort West
Graaff-Reinet
Somerset East
Saldanha
Laingsburg
Willowmore
Oudtshoorn
Mosselbaai
Knysna
Hermanus
Bredasdorp
Elizabeth
London
Port St Johns
Port Edward
Port Shepstone
Scottburgh
Amanzimtoti
Durban
Richard's Bay

eeniginggebied (PWV-gebied), Durban-Pinetown-Pietermaritzburggebied, Groter Kaapstad en Port Elizabeth-Uitenhage. Hierdie metropolitaanse gebiede wat slegs sowat 4 % van die totale oppervlakte van Suid-Afrika beslaan, huisves op die oomblik (konserwatief bereken) 9,6 miljoen mense (53 % van die totale RSA-bevolking). Na verwagting sal dié metropolitaanse bevolking teen die jaar 2 000 tot 13 miljoen aangroei. Verdere ontledings (nie hier getabuleer), toon dat bruinmense in Groter Kaapstad die grootste kategorie is, die Indiërs in Durban-Pinetown en swartmense in sowel die Port Elizabeth-Uitenhage as in die PWV-gebied.

**TABEL 2.2**
**DIE STEDELIK-PLATTELANDSE VERSPREIDING VAN DIE TOTALE SUID-AFRIKAANSE BEVOLKING*: 1980**

| Bevolkings-kategorie | Stedelik | | Plattelands | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Asiërs | 743 820 | 90,6 | 77 500 | 9,4 | 821 320 | 100,0 |
| Blankes | 4 002 000 | 88,4 | 526 100 | 11,6 | 4 528 100 | 100,0 |
| Bruinmense | 2 002 300 | 76,6 | 610 480 | 23,4 | 2 612 780 | 100,0 |
| Swartes | 6 809 660 | 32,6 | 14 094 100 | 67,4 | 20 903 760 | 100,0 |
| Totaal | 13 557 780 | 47,0 | 15 308 180 | 53,0 | 28 865 960 | 100,0 |

* Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei ingesluit.

Ontledings van bevolkingsdigtheid toon dat die bewoning in die oostelike gedeelte van die land digter as in die weste is. Dit is veral opvallend ten opsigte van plattelandse gebiede. Een van die belangrikste redes vir die groter bevolkingsdigtheid van die oostelike dele is die betreklik hoë reënval in dié deel van die land. Soos die neerslag afneem van oos na wes, neem die bevolkingsdigtheid, behalwe in riviervalleie waar besproeiing beoefen word, in dieselfde rigting af.

Die historiese oorwig van die bevolking was aanvanklik in die oostelike gedeeltes van die land toe die bevolking oorheersend op landbou gesteun het. Mynbou- en nywerheidsontwikkeling in die noordelike en noordwestelike gedeeltes van die land het egter veroorsaak dat die bevolkingswaartepunt jaarliks 0,6 km weswaarts beweeg (Kok, 1982).

Wat die geografiese fokuspunte aanbetref, kan die volgende genoem word: Sestig persent (10,1 miljoen) van die totale swart bevolking was teen 1980 in die RSA (oftewel die sogenaamde 'blanke' Suid-Afrika) woonagtig. Hoewel 40 % van

die swart bevolking in daardie stadium in die nasionale state gewoon het, wys Smit en Kok (1981) daarop dat die swart bevolking toenemend besig is om uit die hartgebiede van die nasionale state na die grense te verskuif en veral na die gebiede wat naby blanke ontwikkelingstreke geleë is.

Van diegene wat as bruinmense gekategoriseer word, is 85 % in die Kaapprovinsie gevestig. Groterwordende getalle bruinmense het in die periode 1970 — 1980 na die Transvaal en veral die PWV-gebied asook na Natal en by name die Durban-Pietermaritzburggebied, verskuif (Smit en Kok, 1981).

Diegene wat statutêr in die kategorie Indiërs geplaas word, is hoofsaaklik (80 %) in Natal gekonsentreer waar die grootste persentasie in 'n radius van ongeveer 80 km vanaf Durban aangetref word. Die konsentrasie van Indiërs in Natal is hoofsaaklik toe te skryf aan wetlike beperkinge op Indiërs se beweging na die ander provinsies. Hierdie beperkinge is gedurende 1975 gedeeltelik opgehef. Ook hierdie bevolkingskategorie is al meer besig om hulle in die PWV-gebied te vestig.

Die blanke bevolking is die wydste oor die hele land versprei met die meerderheid, naamlik 52 %, wat hulle in Transvaal bevind. Transvaal en Natal is volgens Smit *et al* (1983) steeds besig om ten koste van die Kaapprovinsie en die OVS, blankes te lok. So bevind Smit en Kok (1981) dat die blanke bevolking absolute afnames in 196 landdrosdistrikte getoon het, terwyl 120 distrikte toenames getoon het. Afnames het veral in die Kaapprovinsie (89 distrikte) en die Oranje-Vrystaat (38 distrikte) voorgekom. Die swaartepunt van die blanke bevolking beweeg teen 'n gemiddeld van 2 km per jaar in 'n noord-oostelike rigting.

Uit voorgaande oorsig blyk dus dat daar 'n toenemende verstedeliking van al die bevolkingskategorieë plaasvind en dat dit veral konsentreer in die vier groot metropolitaanse gebiede. Veral die snel groeiende primêre en sekondêre industriële ontwikkeling veroorsaak 'n sistematiese verskuiwing van die bevolking na die noorde en noord-weste van die land. Wat die verskuiwing van die verskillende bevolkingskategorieë betref, blyk dit ook dat daar 'n geleidelike eweredigter verspreiding oor die land plaasvind.

## *BEVOLKINGSPROJEKSIES*

Wanneer besin word oor die verhoudinge tussen groepe, is dit belangrik om ook aandag aan die verwagte bevolkingsgroei te skenk. Klaarblyklik het die bevolkingsaanwas implikasies vir sake soos indiensneming en werkloosheid, sosiale sekuriteit en maatskaplike voorsiening, politieke magsbalans ens. Teen hierdie agtergrond is hieronder enkele vooruitskattings van die bevolkingsgroei gegee.

## TABEL 2.3
## DIE GEPROJEKTEERDE SUID-AFRIKAANSE BEVOLKINGSGETALLE, 1975 — 2020

| Fertiliteitspeil | Jaar | Totale bevolking | Asiërs | | Blankes | | Bruinmense | | Swartmense | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| | 1975 | 24 689 460 | 732 800 | 3,0 | 4 274 600 | 17,3 | 2 314 320 | 9,4 | 17 367 740 | 70,3 |
| | 1980 | 27 319 980 | 813 050 | 3,0 | 4 496 430 | 16,5 | 2 538 870 | 9,2 | 19 471 630 | 71,3 |
| | 1985 | 30 102 210 | 889 560 | 3,0 | 4 687 490 | 15,6 | 2 781 290 | 9,2 | 21 743 870 | 72,2 |
| | 1990 | 32 930 170 | 960 420 | 2,9 | 4 834 360 | 14,7 | 3 028 340 | 9,2 | 24 107 050 | 73,2 |
| | 1995 | 35 732 700 | 1 026 560 | 2,9 | 4 965 390 | 13,9 | 3 258 130 | 9,1 | 26 482 620 | 74,1 |
| Lae peil | 2000 | 38 431 800 | 1 086 810 | 2,8 | 5 085 180 | 13,2 | 3 453 340 | 9,0 | 28 806 470 | 75,0 |
| | 2005 | 40 990 310 | 1 137 620 | 2,8 | 5 179 070 | 12,6 | 3 613 920 | 8,8 | 31 059 700 | 75,8 |
| | 2010 | 43 349 310 | 1 184 800 | 2,7 | 5 240 080 | 12,1 | 3 743 860 | 8,6 | 33 180 570 | 76,5 |
| | 2015 | 45 472 870 | 1 226 970 | 2,7 | 5 268 280 | 11,6 | 3 870 730 | 8,5 | 35 106 890 | 77,2 |
| | 2020 | 47 304 870 | 1 263 510 | 2,7 | 5 263 140 | 11,1 | 3 984 810 | 8,4 | 36 793 410 | 77,8 |
| | 1975 | 24 737 840 | 732 940 | 3,0 | 4 274 600 | 17,3 | 2 314 490 | 9,4 | 17 415 810 | 70,3 |
| | 1980 | 27 493 790 | 813 210 | 3,0 | 4 498 510 | 16,4 | 2 539 080 | 9,2 | 19 642 990 | 71,4 |
| | 1985 | 30 518 840 | 893 650 | 2,9 | 4 705 490 | 15,4 | 2 793 680 | 9,2 | 22 126 020 | 72,5 |
| | 1990 | 33 725 010 | 973 270 | 2,9 | 4 893 610 | 14,5 | 3 065 420 | 9,1 | 24 792 710 | 73,5 |
| | 1995 | 37 024 140 | 1 051 580 | 2,8 | 5 065 370 | 13,7 | 3 330 300 | 9,0 | 27 576 890 | 74,5 |
| Hoë peil | 2000 | 40 349 620 | 1 127 660 | 2,8 | 5 209 470 | 12,9 | 3 571 900 | 8,9 | 30 440 590 | 75,4 |
| | 2005 | 43 667 590 | 1 198 620 | 2,7 | 5 313 260 | 12,2 | 3 785 800 | 8,7 | 33 369 910 | 76,4 |
| | 2010 | 46 954 080 | 1 260 980 | 2,7 | 5 386 910 | 11,5 | 3 980 330 | 8,5 | 36 325 860 | 77,3 |
| | 2015 | 50 155 260 | 1 315 240 | 2,6 | 5 437 720 | 10,8 | 4 154 810 | 8,3 | 39 247 490 | 78,3 |
| | 2020 | 53 194 570 | 1 361 110 | 2,6 | 5 458 750 | 10,3 | 4 302 310 | 8,1 | 42 072 400 | 79,0 |

Volgens demograwe soos Van Tonder en Mostert (1980, p. 1), vind daar dikwels oor- of onderskattings in bevolkingsprojeksies plaas. Hulle projeksies (kyk tabel 2.3), wat vir beide 'n lae- en 'n hoë fertiliteitspeil voorsiening maak, toon dat die swartbevolking se bydrae tot die totale bevolking in die toekoms steeds sal toeneem. Hierteenoor sal die Asiërs, blankes en bruinmense se bydrae daal. Teen die jaar 2000 (teen 'n lae fertiliteitsaanname) sal 75,0 % van die totale bevolking uit swartmense bestaan terwyl Asiërs, blankes en bruinmense onderskeidelik 2,8, 13,2 en 9,0 % van die totale bevolking sal uitmaak. Hierteenoor bestaan die bevolking volgens die 1980-sensus (tabel 2.1) uit 72,4 % swartmense, 2,8 % Asiërs, 15,7 % blankes en 9,1 % kleurlinge.

Die totale bevolking van Suid-Afrika het in 1980 op 28,8 miljoen (tabel 2.1) te staan gekom en sal, volgens Van Tonder en Mostert (1980), teen die jaar 2000 teen onderskeidelik 'n lae en 'n hoë fertiliteitspeil tot 38,4 of 40,3 miljoen aangroei.

Volgens Smit *et al* (1983) se projeksies (tabel 2.4) vir die metropolitaanse gebiede, sal dié gebiede teen die jaar 2000 na raming 13 miljoen mense huisves. Hoewel Asiërs, blankes en swartmense (teen 'n lae koers) se persentuele bydrae in 'n geringe mate sal afneem, blyk dat bruinmense se aandeel van 15,4 % in 1985 na 16,6 % in die jaar 2000 sal toeneem.

**TABEL 2.4**
**MOONTLIKE TOEKOMSTIGE BEVOLKINGSGETALLE VAN DIE METROPOLITAANSE GEBIEDE: 1985 — 2000(BEVOLKING IN DUISENDE)***

| Bevolkingskategorie | Jaar | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1985 | 1990 | 1995 | 2000 |
| Asiërs | 800 | 876 | 954 | 1 025 |
| Blankes | 3 324 | 3 635 | 3 959 | 4 239 |
| Bruinmense | 1 574 | 1 772 | 1 982 | 2 200 |
| Swartmense: laag | 4 499 | 4 959 | 5 392 | 5 818 |
| hoog | 4 499 | 4 959 | 5 464 | 6 025 |
| Totaal: laag | 10 197 | 11 241 | 12 288 | 13 282 |
| hoog | 10 197 | 11 241 | 12 361 | 13 488 |

* Smit *et al* 1983, p. 7

Verdere demografiese gegewens — gegewens wat dikwels as 'n "kitsaanduiding" van lewensgehalte gebruik word — verskyn in tabel 2.5.

**TABEL 2.5**
**DEMOGRAFIESE INDIKATORE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BEVOLKING**

| Indikatore | Asiërs | Blankes | Bruinmense | Swartmense |
|---|---|---|---|---|
| Geboortesyfer* (1982) | 25,1 | 16,6 | 30,0 | 38,5** |
| Sterftesyfer*** (1982) | 5,9 | 8,3 | 9,9 | 11,0** |
| % jaarlikse groeikoers (1970 — 1980) | 2,7 | 1,8 | 2,4 | 3,0 |
| Totale fertiliteitsyfer° (1980) | 2,7 | 2,0 | 3,3 | 5,3 |
| Lewensverwagting by geboorte (1980) | 64,8** | 70,3** | 58,5** | 57,5** |
| Infantiele sterftesyfer°° (1982) | 17,6 | 13,6 | 58,4 | 90,0** |
| Afhanklikheidsverhouding (1980): | | | | |
| Kinders (< 15)°°° | 61,8 | 42,9 | 65,2 | 70,9 |
| Bejaardes (> 65)+ | 4,3 | 12,1 | 5,1 | 5,4 |

*Geboortesyfer: Getal geboortes in 'n bepaalde jaar per duisend van die bevolking in die middel van daardie jaar.

**Ramings (meesal deur die Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing van die RGN).

***Sterftesyfer: Getal sterftes in 'n bepaalde jaar per duisend van die bevolking in die middel van daardie jaar.

°Totale fertiliteitsyfer: Dit is 'n indeks wat op die totale getal kinders dui wat 'n vrou in die wêreld sal bring indien die fertiliteitspatroon vir die bepaalde kalenderjaar of periode nie met verloop van tyd sou verander nie.

°°Die infantiele mortaliteitsyfer word bereken deur die getal sterftes wat by babas onder die ouderdom van een jaar in 'n betrokke kalenderjaar voorkom as 'n verhouding tot die getal lewendgeboortes in daardie jaar uit te druk. Die syfer word per 1 000 lewendgeboortes uitgedruk.

°°°Bevolking 0 — 14/bevolking 15 — 64 x 100.

+ Bevolking 65 + /bevolking 15 — 64 x 100.

*SAMEVATTING*

Uit die voorafgaande blyk dat die Suid-Afrikaanse bevolking (insluitend dié van die TBVC-lande) tans uit ongeveer 29 000 000 persone bestaan en oor die volgende 15 jaar waarskynlik met minstens 9,5 miljoen sal toeneem. Swartmense is reeds die grootste kategorie in die bevolking en sal in die komende dekades 'n al hoe groter proporsionele aandeel in die totale bevolking verkry.

Toenemende verstedeliking van die bevolking word in 'n groot mate deur sosio-ekonomiese en politieke faktore bepaal en bring die onderskeie bevolkingskategorieë in bepaalde stedelike gebiede bymekaar waar hulle minstens in die werksituasie met mekaar kontak maak. Klaarblyklik het al hierdie waarnemings en tendense direk en indirek implikasies vir die verhoudinge tussen die verskillende groepe.

Wanneer die demografiese tendense ontleed word, blyk duidelik dat Suid-Afrika, soos tewens die geval in alle ontwikkelende lande van die wêreld, hom in 'n proses van bevolkingsherverspreiding bevind wat in 'n groot mate die resultaat is van die interaksie tussen die bevolking en die omgewing asook sekere sosio-ekonomiese en politieke prosesse wat aan die werk is. Suid-Afrika het binne die relatief kort tydperk van minder as 100 jaar van 'n tradisionele selfversorgingsekonomie na 'n markekonomie oorgeskakel wat dramatiese verskuiwing in die verspreiding van die bevolking en ekonomiese aktiwiteite tot gevolg gehad het. Die onderskeie bevolkingskategorieë het voorts verskillend op ekonomiese ontwikkelingsimpulse gereageer, terwyl institusionele maatreëls die verskillende groepe se mobiliteit op besondere wyse beïnvloed het (Smit *et al*, 1983, p. 1). In die komende dekades sal grootskaalse swart verstedeliking veral opvallend wees.

## ONDERWYSVOORSIENING

Die vraag na en aanbieding van onderwys word in die hedendaagse samelewing as vanselfsprekend beskou en gewoonlik in verband gebring met die rol daarvan in ontwikkeling, ekonomiese vooruitgang, verhoging van lewenstandaarde, mannekragvoorsiening en in die besonder ook die betekenis wat dit vir die individu het. Onderwys het egter ook 'n sosialiseringsfunksie wat beteken dat die onderwys nie die leerder in isolasie van die wêreld waarin hy leef en die mense met wie hy die wêreld deel, kan benader nie. In 'n land soos Suid-Afrika met sy komplekse bevolkingsamestelling word hoë eise aan die onderwys gestel ten opsigte van sy taak om die inwoners van die land in sinvolle verhoudinge te betrek. In die lig van hierdie algemene vertrekpunte is dit vanselfsprekend dat aandag aan die onderwys gegee moet word. Daar word vervolgens eerstens na

die onderwysbevolking gekyk, daarna na ongelykhede in onderwysvoorsiening, fokuspunte in die onderwys en ten slotte na die formele strukturering van die onderwys.

Volgens die Kitsstatisitek verskaf deur die Sentrale Statistiekdiens was die onderwysbevolking in terme van getalle inrigtings en leerders in hierdie inrigtings gedurende 1984 soos in tabel 2.6 aangedui:

**TABEL 2.6**
**ONDERWYSBEVOLKING: 1984**

| Onderwysvlak | Inrigtings | Leerlinge/ studente | Onderwysers |
|---|---|---|---|
| Pre-primêre vlak | 1 866 | 148 439 | 8 817 |
| Primêre vlak (tot st. 5) | 17 186 | 4 650 423 | 194 066 |
| Sekondêre vlak | | 1 416 343 | |
| Spesiale skole | 253 | 39 609 | 5 130 |
| Tersiêre vlak | 98 | 272 519 | 15 666 |
| Ander | 63 | 6 081 | 730 |
| TOTAAL | 19 466 | 6 593 414 | 224 409 |

Die persentasie leerders ingedeel volgens bevolkingskategorie en onderwysvlak verskyn in tabel 2.7:

**TABEL 2.7**
**ONDERWYSBEVOLKING VOLGENS BEVOLKINGSKATEGORIE**

| Onderwysvlak | Bevolkingskategorie | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Blank % | Indiër % | Bruin % | Swart % | Totaal % |
| Pre-primêr | 68,9 | 1,2 | 9,5 | 20,4 | 148 439 (100) |
| Primêr | 12,9 | 3,3 | 13,1 | 70,7 | 4 650 423 (100) |
| Sekondêr | 29,3 | 5,8 | 12,6 | 52,3 | 1 416 343 (100) |
| Spesiale skole | 77,1 | 3,5 | 10,1 | 9,2 | 39 609 (100) |
| Tersiêre vlak | 66,1 | 7,1 | 6,9 | 19,9 | 272 519 (100) |
| Ander | 47,8 | 3,8 | 8,4 | 39,9 | 66 081 (100) |
| TOTAAL | 20,6 | 3,9 | 12,6 | 62,8 | 6 593 414 (100) |

In terme van tabel 2.7, is dit duidelik dat die verspreiding van leerlinge volgens bevolkingskategorie in die primêreskoolvlak en in 'n mindere mate in die sekondêreskoolvlak die verspreiding van die totale getal leerders benader. Dit is te verwagte aangesien hierdie twee skoolfases gewoonlik ook die verpligte skoolbywoningsperiode akkommodeer en soos wat verpligte skoolbywoning vir swartmense en bruinmense uitgebrei word, sal die verspreiding ook verder normaliseer. Die opvallendste verskille is by die nie-verpligte onderwysfases waar veral die swart bevolking in pre-primêre en tersiêre onderwys onderverteenwoordig is. Dit is ook duidelik dat voorsiening in spesiale onderwysbehoeftes vir blankes heelwat meer uitgebou is as vir die ander bevolkingsgroepe.

Alhoewel skoolplig in die RSA vir blankes en Indiërs ingestel is, is dit nog nie ten volle vir bruinmense en swartmense geïmplementeer nie. Een gevolg hiervan is dat die dalende geboortesyfer by Indiërs en blankes ook die getal primêre- en sekondêreskoolleerlinge sal laat daal, terwyl in die geval van die bruinmense (ten spyte van 'n dalende geboortesyfer) en swartmense die getal inskrywings op primêre skoolvlak (en sekondêreskoolvlak) nog nie die maksimum bereik het nie. Die hoë geboortesyfer onder swartmense (ongeveer 40 per 1 000 van die bevolking) in vergelyking met byvoorbeeld dié van blankes (17 per 1 000 van die bevolking) en die hoë persentasies leerders van skoolpligtige ouderdom in die swart bevolking (1980: 26 %) dra daartoe by dat die getal swart leerders sterk groei en groot druk op die formele stelsel van onderwysvoorsiening geplaas word om doeltreffende en hoë kwaliteit onderwys te voorsien.

Die afwesigheid van skoolplig en die hoë uitsaksyfer het tot dusver verhinder dat hierdie druk wat in die primêre onderwysfases ondervind word, in dieselfde mate na sekondêre onderwys oorgedra word. Hierdie stelling word weerspieël deur die feit dat slegs sowat 2 % van die swart leerlinge wat in 1963 met hul skoolopleiding begin het, twaalf jaar later hulle skoolopleiding met 'n skooleindsertifikaat voltooi het. Die ooreenstemmende syfers vir blankes, Indiërs en bruinmense is onderskeidelik 58, 22, en 4 %.

Wanneer die formele onderwys in al sy vlakke (primêr, sekondêr en tersiêr) onder oë geneem word, is die vloei van leerlinge na die sekondêre en tersiêre vlakke heelwat gunstiger by blankes as by die ander bevolkingskategorieë. So byvoorbeeld was die getal sekondêreskoolleerlinge as 'n persentasie van die totale skoolbevolking in die geval van blankes 39,6 in 1984 terwyl die ooreenstemmende persentasie vir Asiërs, bruinmense en swartmense vir dieselfde jaar onderskeidelik 34,8, 22,2 en 18,4 % was.

Voorgaande syfers hou veral twee implikasies in. Die eerste is dat die *behoefte* aan nie-formele onderwys, dit wil sê onderwys wat buite die formele onderwys-

struktuur geskied, in die geval van swartmense en bruinmense vir die kort en lang termyn bloot in kwantitatiewe terme beskou, steeds grootliks van dié van die blankes en Indiërs sal verskil en waarskynlik hoofsaaklik op die vlak van kompensatoriese en indiensopleiding gerig sal wees. Hierdie verskynsel word bevestig deur die groot persentasie van die swart bevolking wat ongeletterd is en die behoefte aan programme wat hierop toegespits is. Die ander implikasie is in die eerste ingesluit, naamlik dat die getal en persentasie swartmense met geen of lae onderwyskwalifikasies baie hoër sal wees as in die geval van blankes. In die ouderdomsgroep 36 jaar en ouer het 84,1 % van die swart bevolking 'n kwalifikasie laer as standerd 5, terwyl die ooreenstemmende persentasie vir blankes slegs 6,5 is. Die effek wat verbeterde onderwysvoorsiening op hierdie verskynsel gehad het, blyk uit die feit dat vir die ouderdomsgroep onder 24 jaar die persentasies swartmense wat oor geen onderwyskwalifikasies beskik nie, te staan kom op 32,8 teenoor 51,8 % by diegene ouer as 25 jaar.

## *ONGELYKHEDE IN ONDERWYSVOORSIENING*

Ongelykhede in onderwysvoorsiening aan die verskillende bevolkingskategorieë in die RSA is in die RGN-onderwysverslag *(Onderwysvoorsiening in die RSA,* 1981) geïdentifiseer en beskryf aan die hand van aangeleenthede soos die verskille in eenheidskoste, leerling-onderwyserverhouding, onderwyserkwalifikasies, totale persentasie leerders wat standerd 10 slaag en persentasie leerders wat universiteitstoelating verwerf. Table 2.8 verskaf 'n oorsig in hierdie verband.

**TABEL 2.8**
**ONGELYKHEDE IN ONDERWYSVOORSIENING**

| Bevolkingskategorie | Eenheidskoste 1983/84 | | Leerling-onderwyserverhouding | Onderwyserkwalifikasie | | St. 10 uitslae | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Primêr en Sekondêr | Tersiêr | | Prof. ongekwalifiseerd | % Met St. 10 + | % Slaag | % Met universiteitstoelating |
| Asiërs | 1 105 | 4 355 | 1 : 23 | 11,0 | 82,3 | 90,3 | 45,0 |
| Blankes | 1 591 | 3 339 | 1 : 19 | 2,3 | 97 | 96,6 | 48,7 |
| Bruinmense | 722 | 6 021 | 1 : 26 | 8,0 | 40,1 | 82,8 | 16,1 |
| Swartmense | 203 | 5 270 | 1 : 41 | 16,9 | 23,6 | 51,1 | 9,3 |

Alhoewel gestreef word na die eliminering van die genoemde ongelykhede, is dit weens finansiële en mannekragredes 'n geleidelike proses wat slegs op die lang termyn bewerkstellig sal kan word.

In die RGN-ondersoek na die Onderwys is gepoog om die ongelykhede in die onderwys, onder andere in terme van leerling-onderwyserverhouding, onderwyserkwalifikasies, eenheidskoste, ens. in perspektief te stel deur te bereken wat dit die land sal kos oor die kort en die lang termyn om die genoemde ongelykhede uit te skakel. Verskillende scenario's is ontwikkel waarin vir verskillende leerling-onderwyserverhoudings voorsiening gemaak is. Die berekenings was gebaseer op die besteding per leerling binne blanke onderwys vir die finansiële jaar 1979/80. Slegs twee van hierdie scenario's word hier ter illustrasie van die omvang van die koste toegelig. Indien die strewe is na 'n leerling-onderwyserverhouding van 20:1 (soos wat tans die geval van blanke onderwys is), sou die R2 147 miljoen wat in 1980 aan onderwys bestee is, teen 1990 na R5 281 miljoen verhoog moes word. Met inagneming van inflasie en ander faktore wat die waarde van geld beïnvloed, sou hierdie bedrag teen 1990 waarskynlik heelwat groter gewees het. In reële terme sou die begroting egter ongeveer met 245 % verhoog moes word. Sou daar egter gestreef word na 'n leerling-onderwyserverhouding van 25:1 vir alle bevolkingsgroepe teen 1990 sou die begroting verhoog moes word van die gegewe bedrag in 1980 na R4 351 miljoen in 1990 ('n vermeerdering van 210 %). Die *RGN-onderwysverslag* het aanbeveel dat 'n leerling-onderwyserverhouding van 30:1 as die ideaal vir 1990 gestel moet word wat beteken dat die begroting in reële terme met 190 % vergroot sal moet word gedurende hierdie dekade.

## *FOKUSPUNTE IN DIE ONDERWYS*

Van besondere belang vir tussengroepverhoudinge op sowel medium as lang termyn is die verskynsel wat reeds in die *RGN-onderwysverslag* prominent aandag geniet het, naamlik die oorbeklemtoning van akademies gerigte onderwys ten koste van tegniese en loopbaangerigte onderwys. Op die gebied van tegniese en loopbaangerigte onderwys word tans hoegenaamd nie in die behoeftes van die RSA voldoen nie. Aan die ander kant sal die verwagte eksponensiële toename in veral swart leerlinge wat in die volgende dekade en meer akademies gerigte onderwys tot op st. 10-vlak suksesvol voltooi, 'n ongekende situasie van werkloosheid onder relatief hoëvlakmannekrag tot gevolg hê weens die irrelevansie van die kwalifikasies in terme van die behoeftes van die arbeidsmark. Van alle leerders op sekondêre skoolvlak — insluitende diegene wat sekondêreskoolvlakkursusse aan tegniese kolleges en tegniese institute volg — is daar onderskeidelik slegs 8; 1,7; 2,6 en 0,8 % blankes, bruinmense, Indiërs en swartmense

wat 'n tegniese of loopbaangerigte studiekursus volg (1983). Hierteenoor is dit — geoordeel aan die situasie in ontwikkelde lande — wenslik dat tussen 60 en 70 % sodanige kursusse volg. Hierdie situasie het twee belangrike implikasies. Enersyds beteken dit dat die onderwys nie noodwendig lei tot beter beroepsgeleenthede en lewenskanse nie en andersyds kan baie leerlinge en hulle ouers se toekomsverwagtinge teleurgestel word.

'n Verdere aspek van die ongelyke onderwysvoorsiening wat dikwels verwaarloos word, is die veel groter mate waarin die onderwysvoorsiening vir die blanke leerder gedifferensieerd in terme van hoofstroom en spesiale of buitengewone onderwys aangebied word. Die persentasies wat in tabel 2.7 aangebied word, dui daarop dat onderwysvoorsiening in dié verband vir veral swart leerlinge gebrekkig is.

## *FORMELE STRUKTURERING VAN TUSSENGROEPVERHOUDINGE BINNE ONDERWYSVERBAND*

In hierdie verband moet onderskei word tussen formele bestuurstrukture wat geskep is/word met die oog op skakeling tussen verskillende onderwyssubstelsels en formele strukture wat buite die genoemde strukture interbevolkingskakeling probeer bewerkstellig. Eersgenoemde aspek is in die RGN-ondersoek na die Onderwys indringend onder oë geneem en spesifieke leemtes is in dié verband onderskei, waaronder die volgende:

- Alhoewel verskeie raadplegingsmeganismes binne substelsels bestaan, was daar geen of ontoereikende raadplegingsmeganismes tussen die verskillende substelsels.
- Daar het geen liggaam bestaan wat in besonder daargestel is om koördinasie op nasionale vlak ten opsigte van al die substelsels te bewerkstellig nie.
- Daar was ernstige probleme met die aanvaarbaarheid van die onderwyspraktyk in die RSA. Dit hou eerstens verband met die aanvaarding deur die "gebruiker" van die gesag wat die onderwysstelsel daarstel, en in die tweede plek met die betrokkenheid van die "gebruiker" by die besluitnemingsprosesse.

Dit is opvallend dat hierdie probleme almal vanuit 'n makroperspektief geformuleer is.

Formele skakelingsmeganismes wat in die *RGN-onderwysverslag* aanbeveel is om van hierdie knelpunte te ondervang, behels onder andere die volgende:

### *Suid-Afrikaanse Raad van Onderwys (SARO)*

Hierdie raad moet alle mense in Suid-Afrika verteenwoordig en terselfdertyd die belanghebbende groepe onder die voorsieners en gebruikers van die onderwys

verteenwoordig. Die Regering het die instelling van so 'n raad in die Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die RSA aanvaar.

*Komitee van Onderwysdepartementshoofde (KODH)*

Daar is reeds by wetgewing uitvoering gegee aan die instelling van 'n komitee wat alle onderwysdepartementshoofde verteenwoordig.

*Statutêre liggaam vir standaarde en eksamens*

Aan die samestelling en funksies van die Statutêre Sertifiseringsraad is by wyse van 'n intersektorale komitee aandag gegee.

*Komitee van Technikonhoofde*

Hierdie aanbeveling is reeds gerealiseer.

*Komitee van Universiteitshoofde (KUH)*

Die *RGN-onderwysverslag* het aanbeveel dat die huidige KUH uitgebrei word om die rektore van alle Suid-Afrikaanse universiteite op gelyke basis in te sluit.

Al hierdie skakelingsliggame funksioneer op makro-onderwysbestuursvlak en sal op daardie vlak daartoe bydra dat oor die grense van bevolkingskategorieë en belangegroepe heen op gekoördineerde wyse aan onderwysbeplanning meegewerk sal word. Veral die Komitee van Onderwysdepartementshoofde sal op regionale of mesovlak intergroepskakeling kan bewerkstellig.

'n Verdere aangeleentheid ten opsigte waarvan bogenoemde formele strukture onder oë geneem moet word, is die wyse waarop dit binne grondwetlike verband geakkommodeer is. Met die definiëring van onderwys as 'n eie saak is formele onderwysbestuurstrukture vir elke bevolkingskategorie geskep wat onafhanklik van mekaar funksioneer en ten opsigte waarvan die genoemde statutêre skakelingsmeganismes 'n koppeling bewerkstellig.

## TALIGHEID IN SUID-AFRIKA

Per definisie is taal die verbindingsmiddel tussen mense en daarom ook een van die identifiserende eienskappe van 'n land. In 'n redelik homogene land hoef taal nie as 'n belangrike faktor beskou te word nie, alhoewel verskynsels soos dialekte verhoudinge kan kompliseer. In 'n multi-kulturele land soos Suid-Afrika is taal potensieel een van daardie faktore wat 'n invloed op die aard, vorm en kwaliteit van verhoudinge kan uitoefen. Lande soos België, Kanada en Nigerië

kan ook in hierdie verband genoem word. Taal is per slot van rekening die medium deur middel waarvan mense met mekaar kommunikeer en verhoudinge vorm, in stand hou en ontwikkel. Die vereiste is egter dat persone in staat moet wees om mekaar te verstaan. Kommunikasieprobleme kan onder andere 'n stremmende uitwerking hê op interpersoonlike begrip, optimale benutting van lewenskanse en vooruitgang in die algemeen. Taalverskille in 'n meertalige land kan dus enersyds aanleiding gee tot wrywing en selfs konflik tussen groepe en andersyds kan taalverskeidenheid in 'n land bydra tot kulturele rykheid en kruisbestuiwing in die samelewing.

In die lig van voorgaande oorwegings word 'n bondige oorsig van enkele tendense ten opsigte van taalverspreiding hieronder weergegee.

**TABEL 2.9**
**1980-SENSUSGEGEWENS OOR HUISTAAL IN DIE RSA (GEBASEER OP 'N 5 % STEEKPROEF VAN DIE TOTALE BEVOLKING)**

| Taal | Asiërs | Blankes | Bruinmense | Swartmense |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | 15 500 | 2 581 080 | 2 251 860 | 77 320 |
| Engels | 698 940 | 1 763 220 | 324 360 | 29 120 |
| Nederlands | – | 11 740 | – | – |
| Duits | – | 40 240 | – | – |
| Grieks | – | 16 780 | – | – |
| Italiaans | – | 16 600 | – | – |
| Portugees | – | 57 080 | – | – |
| Frans | – | 6 340 | – | – |
| Tamil | 24 720 | – | – | – |
| Hindi | 25 900 | – | – | – |
| Telegu | 4 000 | – | – | – |
| Goedsjarati | 25 120 | – | – | – |
| Urdu | 13 280 | – | – | – |
| Sjinees | 2 700 | – | – | – |
| Xhosa | – | – | 8 440 | 2 870 920 |
| Zoeloe | – | – | 5 580 | 6 058 900 |
| Swazi | – | – | 1 060 | 649 540 |
| Suid-Ndebele | – | – | 440 | 289 220 |
| Noord-Ndebele | – | – | 100 | 170 120 |
| Noord-Sotho | – | – | 2 440 | 2 429 180 |
| Suid-Sotho | – | – | 5 320 | 1 872 520 |
| Tswana | – | – | 9 300 | 1 346 360 |
| Tsonga | – | – | 1 180 | 886 960 |
| Venda | – | – | 40 | 169 700 |
| Ander | 11 160 | 35 020 | 2 660 | 73 900 |
| TOTAAL | 821 320 | 4 528 100 | 2 612 780 | 16 923 760 |

Alhoewel Afrikaans en Engels as amptelike landstale erken word, blyk dit uit die 1980-sensusgegewens (tabel 2.9) dat minstens 24 tale in Suid Afrika gebruik word. Ten einde vas te stel in watter mate Suid Afrikaners verskillende tale magtig is, kan na inliting uit die 5 % steekproef van die 1980-sensus verwys word. Tabel 2.9 bied 'n oorsig van die aantal persone wat aangedui het dat hulle die onderskeie tale as huistaal besig.

### TABEL 2.10
### AANTAL PERSONE IN DIE TOTALE BEVOLKING (KINDERS INGESLUIT) WAT AFRIKAANS, ENGELS OF 'N SWARTTAAL NIE KAN PRAAT, LEES OF SKRYF NIE

| | Asiërs | Blankes | Bruinmense | Swartmense |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | 66,9 % | 13,0 % | 3,6 % | 66,9 % |
| Engels | 2,9 % | 12,1 % | 48,8 % | 68,9 % |
| Swarttaal | 89,1 % | 91,8 % | 95,2 % | 0,2 % |

Dit is duidelik uit die inligting in tabel 2.10 dat 'n baie klein persentasie Asiërs, blankes en bruinmense 'n swarttaal hoegenaamd magtig is. Hierbenewens het twee derdes van die swartmense aangedui dat hulle nie Afrikaans en ook nie Engels magtig is nie. Twee derdes van die Asiërs het aangedui dat hulle nie Afrikaans magtig is nie.

Uit verdere ontledings blyk dat 2,2 % van die Asiërs, 0,6 % van die blankes, 0,5 % van die bruinmense en 59,8 % van swartmense nòg Afrikaans nòg Engels kan praat, lees of skryf. Laasgenoemde het ernstige implikasies vir kommunikasie, veral as gedink word aan die groot tempo waarteen swartmense besig is om te verstedelik.

Ten opsigte van verstedelikte swartmense blyk die volgende:

- 26,9 % van swartmense ouer as 15 jaar in blanke stedelike gebiede is nie een van die twee amptelike tale magtig nie.
- 37,3 % van die totale groep swart werknemers is nòg Afrikaans nòg Engels magtig.

Dit is duidelik uit die voorafgaande dat 'n groot verskeidenheid tale in Suid Afrika gepraat word. 'n Aspek wat egter duidelik na vore kom is dat veral swartmense nie een van die amptelike tale magtig is nie. Op hulle beurt is slegs 'n uiters geringe persentasie Asiërs, blankes en bruinmense 'n swarttaal magtig.

## GODSDIENSTIGE AFFILIASIES

Godsdiens is een van baie instellings in die hedendaagse samelewings wat 'n invloed op verhoudinge in daardie samelewing het. Terselfdertyd beïnvloed die samelewing natuurlik ook die godsdiens. Godsdiens, so word dikwels gesê, is veronderstel om die lewe van individue in perspektief te plaas en sin aan die lewe te gee. In terme van die ideale funksies van godsdiens behoort institusionele godsdienste die hoofrigsnoer vir die waardes onderliggend aan die strukturering van 'n samelewing te wees. 'n Ontleding van die aard van godsdiens en die verbreidingsaksies van godsdienstige bewegings dui verder daarop dat godsdiens mense bymekaar bring, maar juis ook verdeel. Teen hierdie algemene agtergrond is dit nodig om vas te stel wat die omvang van religie in Suid-Afrika is en ook wat die verspreiding van denominasies is. Vir dié doel is inligting gebaseer op die 1980-sensus uit die verslag *Religie, tussengroepverhoudinge en sosiale verandering in Suid-Afrika* hieronder weergegee.

Tabel 2.11 bevat besonderhede oor kerklike aanhang in Suid-Afrika en die volgende val op. Eerstens word die meeste van die wêreld se hoof religieuse tradisies hier aangetref, alhoewel sommige nie 'n groot ledetal het nie. Tweedens maak meer as driekwart van die bevolking daarop aanspraak dat hulle Christene is. Derdens is die grootste enkele godsdienstige groepering die onafhanklike Swart Kerke wat meer as 20 % van die totale bevolking verteenwoordig. Vierdens blyk dit ook dat ongeveer een uit elke vyf inwoners nie tot 'n bepaalde groepering behoort nie. Vyfdens kan opgemerk word dat prakties die helfte van die bevolking nie aan een van die hoof Westerse Christelike Kerke behoort nie.

Ten opsigte van die samestelling van die kerkgenootskappe kan opgemerk word dat die Nederduits Gereformeerde familie van kerke die grootste konvensionele Westerse groepering is, hoewel hulle nie 'n strukturele eenheid vorm nie. Die twee grootste meerrassige groepe in Suid-Afrika is die Metodiste en die Rooms-Katolieke Kerk.

'n Ontleding van godsdienstige affiliasie in terme van bevolkingskategorieë toon dat die Christendom in al die kategorieë behalwe Asiërs oorheers. Hindoeïsme het die meeste volgelinge onder die Asiërs. Uit inligting in die verslag van die werkkomitee vir religie blyk verder dat die enigste groepering wat in alle gebiede van die land redelik goed verteenwoordig is, die onafhanklike Swart Kerke is. Verder kan daarop gewys word dat die plattelandse gebiede relatief minder mense het wat tot kerke behoort, hoofsaaklik as gevolg van die ongeveer vier miljoen swartmense in hierdie gebiede wat 'n tradisionele geloof aanhang. In die stedelike gebiede beweer vyf van elke ses mense dat hulle tot 'n kerk behoort.

## TABEL 2.11
## DIE KERKLIKE AANHANG VAN DIE HOOFBEVOLKINGSKATEGORIEË VAN DIE RSA: 1980-SENSUS

| Kerkgenootskap/ godsdiens | Asiërs | Blankes | Bruin- mense | Swart- mense | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Ned. Geref. Kerk | 0,5 | 37,4 | 26,0 | 6,5 | 14,0 |
| Geref. Kerk | | 2,8 | | | 0,5 |
| Ned. Herv. Kerk | | 5,4 | | | 1,0 |
| Anglikaanse Kerk | 1,1 | 10,1 | 13,5 | 4,7 | 6,5 |
| Metodistekerk | 0,5 | 9,1 | 5,4 | 9,2 | 8,5 |
| Presbiteriaanse Kerk | 0,1 | 2,8 | 3,7 | 4,1 | 3,7 |
| Kongregasionaliste Kerk | | | 6,5 | 1,2 | 1,5 |
| Lutherse Kerk | 0,1 | | 3,7 | 4,1 | 3,1 |
| Rooms-Katolieke Kerk | 2,6 | 8,7 | 10,1 | 9,9 | 7,6 |
| AGS | | 2,8 | 1,9 | 0,7 | 1,2 |
| Volle Evangelie Kerk | 2,8 | | | | 0,1 |
| Onafh. Swart Kerke | | | 4,5 | 29,3 | 20,4 |
| Ander Kerke | 4,7 | 12,8 | 15,6 | 6,3 | 8,4 |
| Subtotaal | 12,5 | 91,8 | 87,0 | 74,1 | 76,6 |
| Joods | | 2,6 | | | 0,5 |
| Hindoe | 62,4 | | | | 2,1 |
| Islam | 18,8 | | 6,3 | | 1,3 |
| Ander | 1,5 | 0,6 | 1,2 | 0,6 | 0,7 |
| Subtotaal | 82,6 | 3,2 | 7,5 | 0,6 | 4,5 |
| Geen, onbekend, ens. | 4,9 | 5,0 | 5,5 | 25,3 | 18,7 |
| Totaal (duisende) | 821 | 4 528 | 2 613 | 16 924 | 100,0 |

Voorgaande oorsig moet verder in verhouding tot groeipatrone beskou word. Dit verslag van die werkkomitee vir religie toon dat die proporsionele ledetal van 'n groot aantal kerke tussen 1960 en 1980 relatief tot die totale bevolking gedaal het. Die uitsonderings op hierdie tendens is die onafhanklike Swart Kerke wat die snelste gegroei het en die Rooms-Katolieke Kerk wat onder alle bevolkingsgroepe behalwe die Asiërs gegroei het. Die kategorie "Ander Kerke" het ook gegroei, maar dit is moeilik om te bepaal watter groeperinge hierby ingesluit is, behalwe dat afgelei kan word dat dit nie-konvensionele religieuse bewegings insluit.

Hierdie bondige oorsig dui vanuit die perspektief van tussengroepverhoudinge daarop dat religie inderdaad 'n omvangryke samelewingsinstelling is met veral 'n groot gemeenskaplike basis in die Christendom, minstens nominaal. Terselfdertyd blyk dit dat daar talryke verdelings op religieuse gebied is wat in 'n belangrike mate saamval met verdelings tussen bevolkingskategorieë.

## ETNISITEIT IN SUID-AFRIKA

'n Ontleding van die relevante wetenskaplike literatuur dui daarop dat etnisiteit die basis vir sosiale kategorisering is wat hoofsaaklik 'n kombinasie van die volgende komponente beliggaam:

- 'n Gemeenskaplike kultuur, insluitende gemeenskaplike waardes en norme
- 'n Gemeenskaplike taal
- 'n Bewustheid van groepsolidariteit
- 'n Bewustheid van 'n historiese lotsverbondenheid
- Endogamie, dit wil sê huwelike binne die groep en 'n gevoel van bloedverwantskap ("kinship")
- Konsentrasie van die groep in 'n bepaalde geografiese gebied
- Genetiese afkoms
- Emosionele ingesteldheid teenoor die eiendomlikheid, geskiedenis, ens.

(Vir doeleindes van hierdie en latere besprekings kan in gedagte gehou word dat die begrip *ras* in sy algemene betekenis gebruik word as 'n wyse van groepdifferensiasie en kollektiewe gedrag waarin hoofsaaklik uiterlike liggaamlike eienskappe en gevolglike verskille in biologiese geskiedenis van primêre belang is. In dié sin val die klem dus op die genetiese en fisiese en nie op die kulturele nie. 'n Ras en 'n etniese groep kan dus soms oorvleuel, maar dit is nie noodwendig nie.)

Die kategorieë waarna daar in amptelike bevolkingsindelinge verwys word, kan beslis nie sonder meer as maatskaplike "groepe" met 'n bepaalde identiteitsbelewenis beskou word nie. Selfbewuste groepsvorming kom wel in sekere maatskaplike sfere met amptelike indelings ooreen, maar in ander kringe word bevolkingsklassifikasie as 'n grondslag vir identiteitskoppeling heftig verwerp. Dus moet etnisiteite en kultuuridentiteit onafhanklik van die formele groepsafbakening beskryf word. Ooreenkomste tussen etniese groepe en die amptelike kategorieë soos in die laaste gedeelte van hierdie hoofstuk beskryf, kan dan by wyse van vergelyking in hoofstuk 3 bepaal word.

Daar moet verder beklemtoon word dat die beskrywing van etnisiteit nie op 'n kategoriese wyse benader kan word nie. Etnisiteit, hoe sentraal dit in 'n groep se selfbelewenis ookal mag wees, is eerder 'n proses as 'n absolute begrensing van 'n gedeelte in 'n bevolking. Dit is 'n proses wat met verloop van tyd en na gelang van bepaalde omstandighede 'n wisseling in aard, intensiteit en omvang van groepsidentiteit kan vertoon. Etnisiteit word ook in terme van eienskappe van kerngroepe gedefinieer en daarom kan nie sonder meer aanvaar word dat die selfbelewenis van die kern kenmerkend is van die wyere groep wat wel nominaal met die kerngroep vereenselwig kan word nie.

Suid-Afrika word algemeen aanvaar as 'n multi-kulturele en multi-etniese land en daarom is dit nodig om teen die agtergrond van voorgaande in hierdie kensketsing van Suid-Afrika kortliks 'n versigtige beskrywing van die verskynsel van etnisiteit in Suid-Afrika te bied. In hoofstuk 3 sal etnisiteit volgens sy inhoudelike kenmerke ontleed word. Hier gaan dit slegs om 'n breë beskrywing van die verskynsels in hulle uiterlike maatskaplike dimensies. Eerstens word 'n beskrywing van Afrikaner-etnisiteit gegee, waarna etnisiteit onder swartmense en laastens onder ander groepe beskryf word.

*AFRIKANERS*

Etnisiteit as 'n beduidende verskynsel binne blank Suid-Afrika kom veral voor onder Afrikaners. Afrikaner-identiteit in die kerngroep berus nie net op taal nie (wat natuurlik met Afrikaanssprekende bruinmense gedeel word) maar ook op ander faktore soos 'n bepaalde Christelik-nasionale lewensbeskouing, 'n Calvinistiesgegronde kultuurerfenis en 'n bepaalde roepingsbewussyn. Hierdie identiteit is ook by tye spesifiek gekoppel aan 'n bepaald politieke tuiste en organisasie, alhoewel daar vandag meer as een party bestaan wat 'n politieke tuiste vir Afrikaners bied.

Buite die Afrikaner kerngroep is daar onder die verskeidenheid Afrikaanssprekende blankes wel 'n identiteitsbesef en 'n taalbewusheid alhoewel 'n breër vereenselwiging met blanke identiteit en Suid-Afrikanerskap ewe belangrik en by 'n aansienlike aantal mense selfs meer belangrik blyk te wees.

*SWART ETNIEË*

Onder swartmense word beide 'n sterk beklemtoning van etnisiteit sowel as 'n verwerping daarvan aangetref. Veral in stedelike gebiede is daar 'n sterk neiging om etnisiteit te verwerp en met die ideaal van swart eenheid en nie-rassigheid te vereenselwig.

In die landelike gebiede, binne die tuislande en onder migrante werkers in stedelike gebiede kan etnisiteit op twee vlakke aangetref word. Stamsamehorigheid, kom van tyd tot tyd en van plek tot plek sterk voor binne die breër verband van die groter taalgroepe en kan onder omstandighede van maatskaplike druk besonder sterk vertoon en tot openlike botsings lei.

Wat etnisiteit in die meer aanvaarde sin betref, bestaan daar wel 'n variërende mate van groepsbewustheid gekoppel aan taal en aan historiese kultuurerfenis en ervaring. Hierdie etnisiteit het wel politieke gestalte in die nasionale state verkry.

Buite die nasionale state, en onder kringe en organisasies selfs binne die tuislande wat meer tot 'n identifikasie met die breër Suid-Afrikaanse opset gerig is, word taalidentiteit wel belewe en soms ook waardeer, maar die beduidender toewyding lei tot 'n aktiewe identifikasie met 'n inklusiewe swart groepsverband. Hierdie algemener identifikasiepatroon sluit nie noodwendig 'n taaltrots of 'n waardering vir tradisionele kultuurgewoontes uit nie, maar dit blyk die sterkste groepsoriëntasie onder swartmense in die huidige opset te wees. By sommige groepe, veral sedert die vroeë sewentigerjare, het 'n element van verheerliking van swart identiteit ontstaan (die sogenaamde swart bewussynsbeweging) wat as 'n reaksie op blanke dominansie ervaar word.

*ETNISITEIT ONDER ANDER GROEPE*

Onder Engelssprekende blankes en ander gekleurdes is etnisiteit of groepidentifikasie minder beduidend as by Afrikaners en swartmense. Daar is by Engelssprekende blankes 'n besliste taaltrots maar die deursnee vereenselwiging is met Suid-Afrikanerskap of Suid-Afrikaanse blankheid.

Hoewel daar onder bruinmense in die afgelope dekade 'n mate van trots in bruinwees ontstaan het in reaksie op blanke dominansie (in parallel met of deel van die swart bewussynsbeweging) kom hierdie oriëntasie geensins neer op 'n essensiële etnisiteit nie. Die sterkste en deurlopende kulturele strewe onder bruinmense is om met 'n omvattende Suid-Afrikanerskap te identifiseer.

Daar is minderheidsgroepe in die land by wie 'n heel bewuste etnisiteit redelik sterk voorkom. Dit geld veral onder Indiërs, Jode, Sjinese en immigrante-groepe soos Grieke, Portugese, Duitsers, ensovoorts. Onder hierdie groepe word etniese belange binne 'n sfeer van private kultuurorganisasies uitgeleef en hou dit geen direkte verband met politieke affiliasies nie. Trouens die politieke verwantskappe van Indiërs, Jode en ander groepe is bewustelik gerig op breë nasionale vraagstukke. Die groepe toon geen behoefte om hulself maatskaplik of polities te isoleer nie.

## EKONOMIESE ONTWIKKELINGS EN ARBEIDSVERHOUDINGE

Daar is geen twyfel dat ekonomiese faktore dikwels 'n uiters belangrike rol gespeel het in die bepaling van die verhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe nie. Sowel die interafhanklikheid as die botsings tussen die verskillende groepe kan van die vroegste tye dikwels herlei word na ekonomiese faktore.

Terwyl Suid-Afrika vandag 'n oorwegend markgerigte eknomie het, soos byvoorbeeld blyk uit die rekordomsette wat op die Johannesburgse aandelebeurs geregistreer word, is 'n beduidende deel van die swart boere nog in 'n bestaansekonomie in 'n stryd om oorlewing vasgevang en baie is in 'n oorgangsfase vanaf 'n tradisionele bestaanswyse na 'n moderne nywerheidslewe. So 'n verandering in die ekonomiese opset stel besondere eise aan al die deelnemers en het dikwels problematiese konsekwensies vir tussengroepverhoudinge, veral omdat dit hier gaan om die bevrediging van basiese bestaansbehoeftes en realisering van lewenskanse.

In die arbeidsveld was daar dikwels konflik tussen werker en werkgewer en tussen wit en swart werkers. Terselfdertyd is dit egter ook dié veld waar daar tot almal se voordeel konstruktief saamgewerk kan word. Dit is die terrein waar die verskillende groepe die meeste kontak met mekaar het en dit is dan juis hier waar tussengroepverhoudinge gevorm en omvorm word. Trouens, dit is nie vergesog nie om te beweer dat die toekomstige ontplooiing van verhoudinge afhanklik is van wat in die werksituasie gebeur.

Voorgaande oorweging maak dit noodsaaklik om kennis te neem van bepaalde ekonomiese realiteite wat die kwaliteit van lewe van Suid-Afrikaners beïnvloed en ook van die ontwikkelinge op die gebied van arbeidsverhoudinge.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is 'n relatief ontwikkelende ekonomie en Suid-Afrika word saam met lande soos Suid-Korea, Brasilië, Argentinië en Algerië deur die Wêreldbank in die kategorie van "hoër middelinkomste-lande" geklassifiseer. Volgens syfers van die Wêreldbank het Suid-Afrika se per capita inkomste (gemeet aan die bruto nasionale produk) in 1982 op 2 670 VSA-Dollar te staan gekom. Dit is ietwat hoër as die geweegde gemiddelde van 2 490 VSA-Dollar vir die groep hoër middelinkomste-lande. Buurlande soos Zimbabwe en Zambië val in die kategorie "laer middelinkomste-lande" wat as groep in 1982 'n geweegde gemiddelde per capita inkomste van 840 VSA-Dollar gehad het.

Alhoewel die Suid-Afrikaanse ekonomie 'n aansienlike potensiaal vir ontwikkeling het, is hierdie vermoë veral gedurende die jare sewentig nie ten volle benut nie. Hierdie probleem het onder andere uitdrukking gevind in 'n ekonomiese groeikoers wat aanmerklik laer is as wat nodig is om die vinnig groeiende bevolking van produktiewe werksgeleenthede en 'n stygende lewenstandaard te voorsien. Gedurende 1960/70 het die bruto binnelandse produk (BBP) in reële terme met gemiddeld 6,3 % per jaar gegroei, maar gedurende 1970 — 1980 met gemiddeld slegs 3,6 % per jaar. In sommige jare gedurende die laasgenoemde periode (byvoorbeeld 1975, 1976, 1977 en 1982) het die BBP stadiger gegroei as die gemiddelde bevolkingsgroei en 2,8 % per jaar gedurende die dekade 1970 — 1980. Dit beteken dat per capita-inkomste gedurende daardie jare gedaal het.

Sektoraal beskou, het die Suid-Afrikaanse ekonomie, soos die meeste lande in die kategorie van hoër middelinkomste-lande, veral deur 'n proses van industrialisasie ontwikkel. In 1980 het die fabriekswese ongeveer 23 % van die BBP gelewer. Dit verteenwoordig 'n aansienlike toename op die 8 % in 1911 en die 17 % in 1946. Die relatiewe toename in die bydrae van die fabriekswese het hoofsaaklik met 'n afname in die belangrikheid van landbou gepaard gegaan. Die landbousektor se bydrae tot die BBP het van 21 % in 1911 na 13 % in 1946 en toe na 5 % in 1983 gedaal.

Buitelandse handel speel 'n besonder belangrike rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Totale invoere en uitvoere van goedere en nie-faktordienste het jaarliks gemiddeld 55 % van die BBP gedurende die periode 1981 — 1983 uitgemaak. Die samestelling van buitelandse handel is egter nie 'n getroue weerspieëling van die strukturele samehang van binnelandse ekonomiese aktiwiteit nie. So byvoorbeeld het die mynwese gedurende 1977/78 gemiddeld slegs 14 % van die BBP gelewer, maar in dieselfde jare nie minder nie as 42 % tot die RSA se goedere- en dienste-uitvoere (goud ingesluit) bygedra. Dit beteken dat

terwyl mynwese slegs 14 % van binnelandse inkomste gegenereer het, dié sektor verantwoordelik was vir 42 % van die land se valutaverdienste uit die uitvoer van goedere en dienste.

Die ruimtelike verspreiding van ekonomiese aktiwiteit is baie ongelyk. In 1976 is 52 % van die fabriekswese se totale netto produksie in Suid-Transvaal (PWV-gebied) geproduseer, 12,8 % in Durban/Pinetown, 9,6 % in die Wes-Kaap en 5,7 % in Port Elizabeth/Uitenhage. Dit beteken dat ongeveer 80 % van die fabrieksproduksie in die vier metropolitaanse gebiede voorkom met Suid-Transvaal as die totaal oorheersende gebied. As in aanmerking geneem word dat die mynbou 'n belangrike rol in Suid-Transvaal speel en dat die afgeleide ontwikkeling wat die fabriekswese veral in die dienstesektor genereer, groot is, is dit verstaanbaar dat ekonomiese aktiwiteit in die algemeen sterk gekonsentreer is. As gevolg van hierdie konsentrasie woon 60 % van die blanke bevolking, ongeveer 90 % van die Asiërs, 55 % van die bruinmense en 43 % van die swartmense buite die nasionale state in die vier metropolitaanse gebiede. As die nasionale state se lae vlak van ekonomiese ontwikkeling in ag geneem word, asook die feit dat slegs 43 % van swartmense buite die nasionale state in die vier metropole woon, is dit duidelik waarom daar 'n sterk verband bestaan tussen die relatiewe bydrae van die swart bevolking aan ekonomiese aktiwiteit en die ruimtelike plasing van hierdie bevolkingskategorie.

Die inkomsteverdeling tussen die verskillende bevolkingskategorieë is eweneens ongelyk. Vanaf 1917/18 tot 1970 was die blanke aandeel in totale inkomste volgens al die beskikbare studies altyd ongeveer 70 %, terwyl die inkomste van die swartmense tussen 18 en 23 % van die totaal gefluktueer het. Vir die periode 1970 tot 1980 het Natrass ramings gemaak wat toon dat die blankes se aandeel in dié periode gedaal het tot ongeveer 60 % van die totale inkomste.

Volgens ramings wat vir hierdie ondersoek gemaak is, was die verhouding van die per capita inkomste van blankes tot Indiërs, bruinmense en swartmense in 1975 respektiewelik, 4,5; 5,8 en 12,5. 'n Belangrike faktor in die bepaling van die per capita inkomstes is natuurlik die afhanklikheidsverhouding. Hoe meer kinders en ou mense daar is wat nie ekonomies aktief is nie, hoe laer, *ceteris paribus,* is die inkomste.

Verdere ramings in die verslag van hierdie werkkomitee toon dat die persentasie van die swart bevolking onder die minimum bestaansvlak ("minimum living level") gedaal het van 90 % in 1960 en 80 % in 1970 tot ongeveer 60 % in 1980. Hierdie vlak is 50 % hoër as die sogenaamde 'poverty datum line' en sluit volgens sommige navorsers besteding in wat nie noodsaaklik in die landelike gebiede is nie. Die inkomstesyfers op grond waarvan sodanige ontledings

gemaak word, is ook nie baie betroubaar nie. Nogtans moet aanvaar word dat 'n groot persentasie van die swart bevolking baie arm is. Aan die anderkant is dit nie te betwyfel nie dat daar gedurende die afgelope dekade 'n noemenswaardige daling in die persentasie baie armes was.

## *ARBEIDSVERHOUDINGE*

Twee van die allerbelangrikste arbeidsaangeleenthede is ongetwyfeld die ontwikkelinge op die gebied van die georganiseerde arbeid en werkloosheid. Die volgende oorsig handel oor hierdie twee aspekte.

### *Die vakbondwese*

Die historiese ontwikkeling van arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika is bepaal deur 'n reeks gebeure waarby werkers, werkgewers en die staat betrokke was. Drie periodes is duidelik te onderskei, te wete die twintigerjare met die toename in militante blanke vakbonde; die vyftigerjare waartydens apartheid as ideologie formeel sy beslag gekry het; en die sewentigerjare met die toename en groei in kollektiewe bewussyn onder swart werkers. Enkele opmerkings oor elk van dié fases kan 'n duideliker perspektief op huidige houdinge in verband bring.

Arbeidsverhoudinge gedurende die twintigerjare is gekenmerk deur die onrus van 1922 wat gevolg het op mynhuise se pogings om goedkoper swart arbeid in werk aan te stel wat tot in daardie stadium deur blankes as "blanke" werk beskou is. Die onrus het uiteindelik gelei tot die afkondiging van krygswet wat militêre tussekoms tot gevolg gehad het.

Die Nywerheidsversoeningswet 11 van 1924 wat hierna gekom het, het die reg van blankes, bruinmense en Asiërs erken om kollektief te beding en om te staak. Dit het ook voorsiening gemaak vir Nywerheidsrade. Die meeste van die maatreëls vervat in daardie wet is vandag nog van toepassing. 'n Kenmerk van hierdie wet was dat swart werkers uit die bedingingsmasjinerie uitgesluit en die vakbondbeweging onder swartmense verban is. In 1947 is wetgewing voorgestel waarvolgens swart werkers vakbondsregte sou kry, maar die oorwinning van die Nasionale Party in 1948 met sy sterk standpunt ten gunste van afsonderlike ontwikkeling, het voorkom dat die voorgestelde wetgewing deurgevoer kon word. Hierdie beleid is na alle samelewingsverbande deurgevoer en het ook vir arbeidsverhoudinge implikasies gehad.

Die Nasionale Partyregering het in 1953 die Wet op die Reëling van Swart Arbeid 48 van 1953, daargestel waarvolgens werkskomitees tot stand gekom het en waarvoor swart werkers verteenwoordigers kon verkies om in die werkplek met werk-

gewers te onderhandel. Die Ministerie van Arbeid kon amptenare aanwys om namens swart werkers in Nywerheidsrade vertoë te rig. Boonop het swart werkers steeds nie die reg gehad om te staak nie. 'n Verdere belangrike ontwikkeling was die aanvaarding van die Wysigingswet op Nywerheidsversoening (41 van 1959). Hiervolgens is onder andere nuwe gemengde vakbonde verbied en werkreservering uitgebrei. In dié tyd was daar ook heelwat aktiwiteite op die gebied van vakbondfederasies waarin die toelating van swart vakbonde 'n geskilpunt was. So is pogings van die Vakverbond van Suid-Afrika (VAKSA, Engels = TUCSA) om in 1962 'n tuiste vir swart vakbonde te bied, benadeel deur die wegbreek van 'n aantal vakbonde van die Raad. VAKSA was genoodsaak om sy grondwet in 1969 te wysig, wat swart vakbonde effektief sou uitsluit.

'n Baie groot uitdaging vir die arbeidsbedeling wat sedert die vyftigerjare tot stand gekom het, was die stakings gedurende 1973 in Durban. Meer as 100 000 werkers was betrokke en die stakings het voorgekom op 'n tydstip toe ekonomiese groei die vraag na meer geskoolde werkers laat styg het bo dit wat blanke arbeid kon voorsien. Die Wysigingswet op die Reëling van Swart Arbeidsverhoudinge 70 van 1973, wat op die arbeidsonrus gevolg het, het aan swartmense meer konsultasieregte gegee en was daarop gemik om konflik uit te skakel. Nogtans het daar teen 1976 reeds 26 swart vakbonde met 'n ledetal van 126 000 werkers bestaan. Die onrus wat gedurende 1976 in Soweto begin het, het bygedra tot die groei van swart bewussyn en swart vakbonde het steeds bly groei, hoewel hulle geen wettige status gehad het nie. Die Regering se reaksie was om wetgewing aan te pas deur die magte van die skakelkomiteesisteem te vergroot en sodoende te dien as 'n alternatief vir vakbonde. Werkgewers het egter ook toenemend vir die wettiging van swart vakbonde gepleit.

Die Wiehahn-kommissie* is in 1977 aangestel en het in sy verslag gedurende 1979 aanbeveel dat swart werkers dieselfde vakbondregte as ander werkers moet geniet. Die aanbevelings van die Wiehahn-kommissie is grotendeels deur die regering aanvaar. Die eerste implementering daarvan was in die vorm van die Wysigingswet op Nywerheidsversoening 94 van 1979. Dit het benewens die feit dat dit vakbondregte aan swartmense verleen het ook alle werkreservering behalwe in die mynbou, afgeskaf. Dit het voorts voorsiening gemaak vir die Nasionale Mannekragkommissie en vir die stigting van 'n nywerheidshof. Die Wysigingswet op Arbeidsverhouding 57 van 1981 wat hierna gevolg het, het alle verwysings na ras in die Nywerheidsversoeningswet ongedaan gemaak en het ook statutêre beheer na ongeregistreerde vakbonde uitgebrei. Die Wysigings-

---

*Kommissie van Ondersoek na Arbeidswetgewing

wet op die Reëling van Swart Arbeidsverhoudinge 70 van 1973 is ook gedurende 1981 geskrap.

Die vakbondbeweging het gedurende die afgelope paar jaar nie alleen gegroei nie maar het ook in terme van bevolkingsamestelling verander. Uit tabel 2.12 blyk dat die ledetal van vakbonde van 7,4 % van die ekonomies aktiewe bevolking in 1970 tot 11,3 % in 1980 en tot 15,5 % in 1983 aangegroei het. Aan die einde van 1980 het die ledetal van vakbonde wat deur die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge gedek word op 29 % van die organiseerbare werkers te staan gekom.

**TABEL 2.12**
**STAND VAN VAKBONDWESE IN 1970 EN 1983**

| Groep | Jaar | Getal | Ledetal | Persentasie Lidmaatskap |
|---|---|---|---|---|
| Ekonomies aktiewe bevolking | 1970 | 8 114 000 | 603 282 | 7,4 |
| | 1980 | 9 490 000 | 974 977 | 11,3 |
| | 1983 | 9 996 000 | 1 545 822 | 15,5 |
| Organiseerbare werkers | 1980 | 5 322 000 | 1 545 822 | 29,0 |

(BRON: SALDRU, Julie 1984 en Jaarverslag van die Nasionale Mannekrag Kommissie 1983. TBVC-lande ingesluit — syfers vir 1983 is 'n skatting.)


Tabel 2.13 gee die bevolkingsamestelling van geregistreerde vakbonde vir die periode 1969 tot 1983. Die groei in swart vakbonde sedert 1980 toe hulle vir die eerste keer kon registreer, is opvallend.

**TABEL 2.13**
**BEVOLKINGSAMESTELLING VAN GEREGISTREERDE VAKBONDE VOLGENS LEDETAL: 1969 — 1983**

| Jaar | Swart | Bruin | Blank | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1969 | ** | 182 210 | 405 032 | 587 242 |
| 1975 | ** | 271 169 | 382 525 | 653 694 |
| 1980 | 56 737 | 303 850 | 447 466 | 808 053 |
| 1981 | 259 582 | 326 794 | 648 029 | 1 054 405 |
| 1982 | 394 510 | 343 900 | 488 044 | 1 225 454 |
| 1983 | 469 260 | 330 176 | 474 454 | 1 273 890 |

(BRON: Jaarverslae van Department Mannekrag.)

Figuur 2.1
Werkloosheidskoerse (% v.d. arbeidsmag) in Suid-Afrika: 1960 -1982



Samevattend kan gestel word dat die hele kwessie van vakbonde onlosmaaklik met verhoudingsvraagstukke verweef was en steeds is. Die geskiedenis bestaan vir 'n belangrike deel uit pogings om swart werkers uit die wetlike bedingingsmasjinerie te hou. Na die normalisering van arbeidswetgewing het die ledetal van vakbonde gegroei. Daar skyn 'n toename in die beweging na gemengde vakbonde en -federasies te wees, terwyl meer vakbonde bereid is om ook formeel binne die sisteem te opereer deur te registreer.

*Werkloosheid*

Waarnemers is dit eens dat werkloosheid een van die bydraende faktore tot maatskaplike onrus is. Die skatting van die omvang van werkloosheid is 'n uiters kontroversiële aangeleentheid. Werkloosheidsregistrasiesyfers onderskat klaarblyklik die erns van die probleem vanweë die feit dat baie werkloses nie enige motief het om te registreer nie. Opnames waarin 'n persoon as werkloos geklassifiseer word indien hy gedurende die voorafgaande week aktief pogings aangewend het om werk te kry, onderskat insgelyks die omvang van werkloosheid, omdat daar gedurende sekere tye so 'n tekort aan werksgeleenthede is dat dit heeltemal logies is dat 'n persoon nie gedurig werk sal soek nie. Aan die anderkant word werkloosheid oorskat deur die aanvaarding dat persone wat sonder werk is altyd na werk soek. In figuur 2.1, word Simkins se skattings (soos aangebied deur Bell) weergegee omdat dit duidelik aantoon hoe werkloosheid vanaf die middel 1970's toegeneem het.

## JURIDIESE, POLITIEKE EN STAATKUNDIGE SISTEEM

In finale instansie vind die reëling van verhoudinge hul neerslag in wetlike en grondwetlike reëlings. Selfs indien daar geen differensiëring tussen groepe in 'n land plaasvind nie, word dit deur so 'n land se grondwet bevestig. Terselfdertyd is dit so dat wetlike en grondwetlike reëlings vir die inwoners van 'n betrokke land die onontwykbare bevindinge stel. Daardeur is dit nodig om in hierdie oorsig af te sluit met 'n beskrywing van wetgewing wat betrekking het op die verhoudinge tussen groepe in die land asook van die Suid-Afrikaanse regeringstelsel. Hierdie behoefte is des té groter waar Suid-Afrika juis gekenmerk word deur die feit dat verhoudinge moontlik in 'n groter mate as in Westerse lande wetlik gereël word.

## *WETLIKE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN VERHOUDINGE TUSSEN BEVOLKINGSKATEGORIEË*

Verskei Suid-Afrikaanse wette het direk en indirek implikasies vir verhoudinge hier te lande. In hierdie oorsig word egter net 'n beskrywing gegee van sommige belangrike wette in dié verband:

- Die Ontwikkelingstrust en Grond Wet 18 van 1936
- Die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet 25 van 1945
- Die Wet op Verbod op Gemengde Huwelike 55 van 1949 en artikel 16 van die Ontugwet 23 van 1957
- Die Bevolkingsregistrasiewet 30 van 1950
- Die Wet op Aanwysing van Afsonderlike Geriewe 49 van 1953
- Die Wet op die Bevordering van Swart Selfbestuur 46 van 1959
- Die Wet op Groepsgebiede 36 van 1966.

### *Die Ontwikkelingstrust en Grond Wet 18 van 1936*

Die spesifieke gebiede wat vir uitsluitlike okkupasie en besit deur swartmense afgesonder is deur die Swart Grond Wet 27 van 1913, is deur hierdie wet behou, asook die bepalings dat swartmense nie buite die afgesonderde gebiede grond mag besit nie. Wet 18 van 1936 het ook 'n verdere sewe en 'n kwart miljoen morge grond tot die spesifieke gebiede gevoeg, wat bekendstaan as die oopgestelde gebied. Hierdie sewe en 'n kwart miljoen morge is gaandeweg aangeskaf, maar die proses is nog nie voltooi nie.

### *Die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet 25 van 1945*

Hierdie wet reël wat in die algemene omgangstaal as instromingsbeheer bekend staan. Artikels 10 en 12 van Wet 25 van 1945 bevat die basiese bepalings aangaande instromingsbeheer. Artikel 12 verbied in beginsel die teenwoordigheid van vreemde swartmense (wat òf nooit òf nie self voorheen oor Suid-Afrikaanse nasionaliteit beskik het nie) in die voorgeskrewe stedelike gebiede, behalwe waar 'n spesiale vergunning verleen is.

Ingevolge artikel 10(1) moet 'n nie-vreemde swarte aan bepaalde kwalifikasies voldoen om vir langer as 72 uur in 'n voorgeskrewe gebied te mag bly. Die kwalifikasies waaraan so 'n persoon moet voldoen, is basies die volgende:

- dat hy sedert sy geboorte onafgebroke in die gebied woonagtig was; of



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

- dat hy onafgebroke 10 jaar lank in daardie gebied vir een werkgewer gewerk het of 15 jaar onafgebroke in die gebied gewoon het, of
- so 'n persoon die vrou of kind (jonger as 18 jaar) is van iemand wat aan die vereistes hierbo voldoen
- dat hy 'n vergunning van 'n arbeidsburo ontvang het.

Die beskikbaarheid van behuising en van werkgeleentheid word deurgaans in aanmerking geneem wanneer die administratiewe orgaan diskresie mag gebruik. Tot en met die aanname van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe 4 van 1984 het die 1945-wet 'n vyftal bepalings bevat waardeur die verwydering van swartmense uit stedelike gebiede gereël is.

*Die Wet op Verbod op Gemengde Huwelike 55 van 1949 en Artikel 16 van die Ontugwet 23 van 1957*

Hierdie wetgewing verbied huwelike en seksuele verhoudinge tussen blankes en lede van die ander bevolkingsgroepe. Die regering het in April 1985 sy voorneme bekendgemaak om hierdie twee wette te herroep en onmiddellik opdrag gegee dat geen verdere vervolgings ingevolge hierdie wette ingestel word nie.

*Die Bevolkingsregistrasiewet 30 van 1950 en ander verbandhoudende wette*

Die Wet maak voorsiening vir drie hoof bevolkingskategorieë, naamlik blank, kleurling en swart. Ingevolge 'n proklamasie wat in 1967 deur die Staatspresident uitgevaardig is, is die kleurlingkategorie in sewe verdere groepe onderverdeel waaronder Indiërs een kategorie vorm. Swartmense is insgelyks by wyse van 'n proklamasie in terme van die Wet op die Bevordering van Swart Selfregering 46 van 1959 in 'n aantal etniese groepe onderverdeel. Hierdie onderskeid is statutêr aan burgerskap van die nasionale en onafhanklike state verbind. In hierdie verband word daar twee hoofkategorieë van swartmense geskep, naamlik burgers van die selfregerende gebiede (nasionale state) en burgers van die onafhanklike state van Transkei, Bophuthatswana Venda en Ciskei.

Burgerskap van die nasionale state of selfregerende gebiede word in die Wet op Burgerskap van Nasionale State 26 van 1970 bepaal. Volgens hierdie wet en die regulasies deur die Staatspresident uitgevaardig, word die belangrikste aspekte aangaande burgerskap van nasionale state soos volg gereël: elke swart persoon in die Republiek besit die burgerskap van die een of ander van die nasionale state. Ingevolge Wet 21 van 1971 kan hy sy stem bokant plaaslike bestuursvlak uitoefen. Hy het die regte en voorregte en hy is onderworpe aan



067069

die pligte, verpligtinge en verantwoordelikhede wat aan burgerskap van sodanige selfregerende gebiede gekoppel is.

In hierdie verband moet beklemtoon word dat wat die verkryging van burgerskap van nasionale state betref die statutêre kategorisering of netwerk so wyd gestel is, dat prakties geen swartmens in die RSA 'n toedeling van een of ander "tuisland"-burgerskap kan ontduik nie. Burgers van selfregerende gebiede het dus in der waarheid twee soorte burgerskappe, naamlik hul Suid-Afrikaanse burgerskap ingevolge die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 44 van 1949 en die burgerskap van die een of ander nasionale staat ingevolge Wet 26 van 1970.

Benewens die burgerskap van nasionale state wat aan alle swartmense buite die selfregerende gebiede toegedeel is, is daar 'n ander statutêre reëling wat mettertyd die gevolg gehad het dat nog 'n groep swartmense geïdentifiseer is, naamlik die sogenaamde "stedelike Swartes". Hierdie groep sluit al daardie swartmense in wat ingevolge *artikel 10(1)(a)(b) en (c)* en die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet 25 van 1945 vir verblyf in sogenaamde stedelike gebiede kwalifiseer uit hoofde van geboorte en tydperke van werk, asook afhanklikes van sulke swartmense.

Die burgerskapreëling van hierdie onafhanklike state, wat voorheen selfregerende gebiede was, volg dieselfde klassifisering as wat in die Wet op Burgerskap van Nasionale State 26 van 1970 neergelê is, te wete, verkryging van burgerskap, geboorte, domisilie, taalverwantskap, en verwantskap of algemene vereenselwiging. Volgens hierdie kriteria wat in al die Statuswette van die betrokke onafhanklike state vasgelê is, volg dit dat alle burgers van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei uit hoofde van geboorte, herkoms, domisilie, etniese verwantskap, vereenselwiging en taalverwantskap aan die betrokke state toegedeel is.

### *Die Wet op Aanwysings van Afsonderlike Geriewe 49 van 1953*

Hierdie wet maar daarvoor voorsiening dat instansies verantwoordelik vir openbare fasiliteite kan besluit of sodanige fasiliteite gereserveer moet word vir die gebruik deur 'n bepaalde bevolkingskategorie. Hierbenewens bestaan daar ook verskeie provinsiale ordonansies en verordeninge van plaaslike owerhede wat die gebruik van openbare fasiliteite deur die verskillende bevolkingskategorieë reël. Fasiliteite wat geraak word, is onder meer strande, gesondheidsdienste, munisipale fasiliteite en openbare vervoer.

### *Die Wet op die Bevordering van Swart Selfbestuur 46 van 1959*

Die Wet maak voorsiening vir die vermeerdering van die bevoegdhede van die gebiedsowerhede wat in elkeen van die nasionale state gestig is ingevolge die

Wet op Swart Owerhede 68 van 1951. Dit impliseer die verdere konstitusionele ontwikkeling van die nasionale state tot selfregerende eenhede, en dit het swartmense die stemreg ontneem vir die Parlement wat hulle sedert 1936 op 'n afsonderlike kieserslys uitgeoefen het. Die koppelingsbeleid van swartmense buite die nasionale state met die te stigte owerhede binne die nasionale state het sy oorsprong in hierdie wet.

### *Die Wet op Groepsgebiede 36 van 1966*

Hierdie wet wat vir die eerste keer in 1950 op die wetboek geplaas is, maak voorsiening vir die skepping van aparte groepsgebiede vir elk van die bevolkingskategorieë en dek:

- die beheer van eienaarskap van vaste eiendom
- die beheer oor okkupasie van eiendomme
- die toekenning van permitte en vrystellings van die bepalings van die wet in uitsonderlike gevalle.

### *Samevatting*

Samevattend blyk dus dat daar 'n hele aantal wette op die wetboek verskyn wat eksplisiet die verhoudinge tussen bevolkingskategorieë reël. Hierdie wette kan uiteraard nie in isolasie gesien word nie, aangesien hulle die formalisering van 'n bepaalde ideologie ten aansien van die ordening van groepsverhoudinge was. Verder val dit ook op dat sommige van hierdie wette hulle oorsprong in die periode vóór 1948 gehad het. Om hierdie wette binne 'n breër staatkundige verband te plaas, word vervolgens 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse regeringstelsel gegee.

## *DIE SUID-AFRIKAANSE REGERINGSTELSEL*

Die opsigtelike vestiging van die oppergesag in die blanke bevolkingsgroep is die belangrikste implikasie vir die Suid-Afrikaanse staatsinrigting wat direk voortvloei uit die statutêre bepaling van bevolkingskategorieë. Alleen die statutêr bepaalde blanke bevolkingsgroep was direk verteenwoordig in die Parlement met sy wetgewende oppergesag wat alle aspekte van regering beheer. Hierdie oppergesag het tot en met die aanname van die nuwe Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 110 van 1983, uitsluitlik by die blanke parlement berus en sy beslag in die wetgewersoewereiniteit van dié instelling verkry. Die ander en gepaardgaande gevolg van die vestiging van blanke oppergesag in die Parlement, was dat die blanke bevolkingsgroep dit op sigself geneem het om die

toedeling van politieke en staatsregtelike outonomie aan die selfregerende gebiede vir die verskillende swart bevolkingsgroepe (waarvan vier, naamlik die TBVC-state, mettertyd onafhanklik geword het) en die inrigting van afsonderlike owerheidsinstellings vir bruinmense en Indiërs (die Verteenwoordigende Kleurlingraad en die S.A. Indiërraad) te onderneem. Die amptelike regeringsbeleid van "afsonderlike en parallelle ontwikkeling" het in die sewentigerjare op staatregtelike en institusionele gebiede waarskynlik sy hoogtepunte bereik met 'n oppermatige blanke Parlement, 'n beperkte wetgewer vir bruinmense, 'n adviserende raad vir die Indiërs en selfregering vir die verskillende swart gebiede.

Die institusionele afsonderlikheid is, soos reeds aangetoon, verder gerugsteun deur verskillende wette waaronder die Wet op Groepsgebiede 36 van 1966, die Wet op Aanwysings van Afsonderlike Geriewe 49 van 1953 en die Wet op die Verbod op Politieke Inmenging 51 van 1968, om statutêr te verseker dat die verskillende bevolkingskategorieë afsonderlik sal woon, skoolgaan en hul politiek bedrywe. (Die Regering het op 24 Mei 1985 sy voorneme te kenne gegee om Wet 51 van 1968 te herroep).

Die heel belangrikste konstitusionele verandering sedert Uniewording was die aanname van die nuwe Grondwet 110 van 1983. belangrike konstitusionele veranderings sedert 1910 het aanvanklik te doene gehad met die onafhanklikwording van die Unie (dit wil sê die aanname van die Wet op die Status van die Unie 69 van 1934 nadat die Statuut van Westminster deur die Britse Parlement deurgevoer is asook die afskaffing van die appèl na die Britse Geheime Raad in 1950 en die uiteindelike Republiekwording in 1961). Verder kan verwys word na die verskansing van die blanke oppergesag in die sentrale Parlement, eers deur die verwydering van bruinkiesers van die gemeenskaplike kieserslyste en mettertyd deur die afskaffing van indirekte verteenwoordiging van ander kategorieë in die Parlement.

Die Grondwet van 1983 het 'n betekenisvolle koerswending in die staatsbestel daargestel, sowel wat institusionele vorm as inhoud aangaan. Waar die Suid-Afrikaanse staatsbestel voorheen die Westminsterstelsel in aangepaste vorm gevolg het, het die nuwe Grondwet 'n uitvoerende parlementêre staatshoof ingestel, afsonderlike wetgewerskamers vir die blankes, bruinmense en Indiërs geskep en die Parlement as instelling sowel na funksie as na prosedure gebind aan die instemming van al drie parlementêre kamers.

Swartmense moet tans hulle politieke regte in die nasionale of selfregerende state uitoefen en het geen direkte inspraak in die Suid-Afrikaanse Parlement nie. Op die gebied van swart plaaslike owerhede word 'n reeks hervormings ingelui met

die Wet op Swart Plaaslike Besture 102 van 1982 en ontwikkelingsrade, terwyl nuwe reëlings ten opsigte van die ordelike reëling van plakkery, verlening van eidendomsreg, instroming en beweeglikheid van gekwalifiseerde stedelike swartmense oor die grense van ontwikkelingsrade se gesagsgebiede voorsien word. Die waarskynlike bedoeling is dat swart plaaslike owerhede in die mate wat hulleself groter selfstandigheid verkry, ook groter seggenskap in die reëling van verblyf en toestroming van persone sal verkry.

Die swart bevolkingskategorie se toekomstige politieke en konstitusionele aandeel geniet, volgens openbare uitsprake, tans die hoogste prioriteit. 'n Spesiale kabinetskomitee insake swart staatkundige ontwikkeling is besig met onderhandelings en samesprekings op alle regerings- en gemeenskapsvlakke sowel as met regerings van die TBVC-state en selfregerende gebiede om 'n nuwe beleidsformulering voor te stel. Op 19 April het die Staatspresident 'n uitnodiging tot alle opposisiepartye gerig om ook in die spesiale kabinetskomitee te dien; op een na het al die partye gunstig hierop gereageer. In hierdie verband moet die Staatspresident se parlementêre rede van 25 Januarie 1985 oor die inskakeling van swart plaaslike owerhede by die Raad op die Koördinering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede en Streekdiensterade ook vermeld word.

### *SAMEVATTING*

Uit die voorafgaande is dit duidelik hoe sterk die juridiese en staatkundige bestel steeds gebou is op die segmentering van die bevolking op grond van ras. Ten spyte van die vordering wat reeds op die gebied van akkommodering van die bevolkingskategorieë gemaak is, kan Suid-Afrika op die oomblik nog steeds slegs as gedeeltelik demokraties beskryf word, wat op sy beurt weer aanleiding tot spanning en konflik gee.

## SLOTSOM

In die voorafgaande is 'n sketsmatige uiteensetting gegee van die algemene agtergrond waarteen die Suid-Afrikaanse problematiek van tussengroepverhoudinge hom afspeel. Vanuit die perspektief van verhoudinge tussen verskillende kategorieë/groepe beskou, val die volgende aspekte op:

- Suid-Afrika is 'n samelewing met 'n hoofsaaklik inheemse bevolking en 'n koloniale verlede.
- Die land het 'n plurale samestelling insoverre lede van verskillende etniese, rasse- en/of kleurgroepe in die algemeen nie ten volle met mekaar identifiseer nie en dus hoogs

gesegmenteerd is insoverre verskillende sektore van die bevolking op differensiële en afsonderlike grondslag betrek word by die sentrale instellings.

- Die swart bevolkingskategorie verteenwoordig ruim twee-derdes van die totale bevolking en sal in die toekoms 'n nog groter proporsie uitmaak.
- Opvoedkundig en ekonomies bestaan daar baie groot verskille tussen veral die swartmense en blankes.
- Die land het 'n oorwegend kapitalistiese stelsel wat vinnig ontwikkel vanaf 'n tradisionele bestaanswyse na 'n nywerheidslewe.
- Alhoewel die vorm van die arbeidsbedeling in die verlede parallel aan die politieke model ontwikkel het, het die konvergensie aan die einde van die sewentigerjare verander met die herstrukturering van arbeidsverhoudinge; oor die algemeen verloop die aanpassing betreklik harmonieus.
- Verhoudinge soos hulle vandag bestaan, het 'n baie lang verlede en 'n betreklik kort geskiedenis.
- Die amptelike regeringsbeleid van skeiding wat tot in 1983 gevolg is, is deur 'n komplekse versameling wette onderskraag. In dié opsig het die huidige Regering hom sedert 1948 van vroeëre regerings onderskei in dié sin dat hy toenemende wetlike beslag gegee het aan maatreëls en gebruike van segregasie wat grotendeels reeds bestaan het en terselfdertyd hom eksplisiet op 'n beleid van apartheid gestel het. Insoverre as wat sekere sektore van die bevolking tans van deelname aan die sentrale magstruktuur uitgesluit is, kan dit as slegs gedeeltelik demokraties beskou word.

Teen hierdie agtergrond word in die volgende twee hoofstukke die bevindinge van die navorsing wat in die kader van hierdie navorsingsprogram onderneem is, in hooftrekke uiteengesit. Die leidende beginsel by hierdie uiteensetting was steeds om vas te stel watter faktore, gesien die basiese uitgangspunte van die ondersoek, die verbetering van lewenskwaliteit verhoog of bedreig. Meer spesifiek op die vlak van tussengroepverhoudinge afgestem, gaan dit om faktore wat in hierdie konteks konflikgenererend aan die een kant en konflikakkommoderend aan die ander kant is. In hoofstuk 3 word hierdie bevindinge op die vlak van belewing en in hoofstuk 4 op die vlak van strukturering bespreek.

# HOOFSTUK 3

# DIE BELEWING VAN VERHOUDINGE

In die vorige hoofstuk is die belangrikste kenmerke van die Suid-Afrikaanse samelewing geskets. Daaruit het geblyk dat hierdie samelewing ongetwyfeld deur veral sy pluraliteit, segmentasie en asimmetrie gekenmerk word. In die huidige en volgende hoofstuk word daar stilgestaan by verdere bevindinge van die *Ondersoek* wat sommige van die kenmerke wat in die vorige hoofstuk geïdentifiseer is, nader toelig, verbesonder en binne die matriks van groepverhoudinge met mekaar in verband bring.

Daar bestaan 'n groot mate van eenstemmigheid onder sosiaal-wetenskaplikes dat daar ten opsigte van verhoudinge op 'n sinvolle wyse tussen twee aksente onderskei kan word, naamlik enersyds die belewing van daardie verhoudinge en andersyds die strukturering van die verhoudinge (vergelyk Rhoodie, 1983 vir 'n oorsig van sodanige indelings). Met *belewing* word die individu se betrokkenheid by, persepsie van en emosionele reaksie op verhoudinge bedoel. Met *strukturering* van verhoudinge word in dié geval na die vormgewing en institusionalisering van verhoudinge verwys. Hierdie twee dimensies vorm die temas vir hierdie hoofstuk en hoofstuk 4 onderskeidelik.

Hoofstuk 3 behels dus mense se ervaring, en belewenis van en reaksie op Suid-Afrika se gesegmenteerde en groepgedifferensieerde bevolkingsamestelling. Die dinamika van die belangrikste ekonomiese, juridiese, politieke en konstitusionele strukture wat met politieke dominansie en sosiale ongelykheid verband hou, word in hoofstuk 4 behandel. Strukture van dominansie en sosiale ongelykheid en mense se belewenis daarvan is egter komplementêre komponente van dieselfde basiese maatskaplike problematiek. Vir analitiese doeleindes kan byvoorbeeld onderskei word tussen die Wet op Groepsgebiede as 'n strukturele element van 'n apartheidsisteem en mense se eksistensiële belewenis daarvan, maar in terme van sosiale gedrag het nie een rasionele betekenis as dit in isolasie van die ander gesien word nie.

Die belewing van verhoudinge word in hierdie hoofstuk van verskillende kante af benader. Ter inleiding word kortliks aan groepdifferensiasie aandag geskenk waarna die grondliggende dilemma van identiteit en identifisering ontleed word.

Identiteit word gekenmerk deur basiese oriëntasies waardeur die individu hom en sy groep regverdig en twee van die bronne vir hierdie oriëntasies is religie en geskiedenis wat vervolgens bespreek word. Oriëntasie is op sy beurt weer ingebed in psigiese en sosiale prosesse soos persepsie en houdings. Die rol van hierdie prosesse in die belewing van verhoudinge kom dus vervolgens aan die orde waarna die hoofstuk afgesluit word met 'n bespreking van die rol van massakommunikasie as medieerder tussen groep en groep.

## IDENTITEITE EN GROEPDIFFERENSIASIE

### *GROEPDIFFERENSIASIE EN BELANGEGROEPE*

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon is, word die Suid-Afrikaanse samelewing in 'n groot mate deur die besonder gesegmenteerde of verdeelde samestelling van die land se bevolking bepaal. Hierdie segmentasie word gemanifesteer in 'n diversiteit van menslike kollektiwiteite. Dit is daarom nie verbasend nie dat wanneer aan Suid-Afrika gedink word, seker een van die spontaanste assosiasies dié van 'n 'rasseprobleem' en 'n ewe problematiese 'rassebeleid' is. Histories, sosiaal en/of formeel wetlik geskied hierdie differensiasie op die grondslag van kriteria wat wesenlik sosiaal van aard is en dus streng genome nie as 'objektief' beskryf kan word nie. In Suid-Afrika is eienskappe soos uiterlike fisiese kenmerke, kultuur, geloof en taal baie prominent en word in die daaglikse lewe as ras en etnisiteit en daarom as betreklik onveranderbaar waargeneem en beleef. In dié sin word ras veral vertolk as aanduidend van mense se afkoms van en verwantskap aan kollektiwiteite wat in die omgangstaal as Wit/Europees, swart, Asiaties of 'gemengd' beskryf word. Etnisiteit weer word gekoppel aan kenmerke soos taal en geloof.

Hierdie en ander basisse vir differensiëring soos arbeider teenoor werkgewer, sosialisties teenoor kapitalisties, stedeling teenoor plattelander en metodis teenoor katoliek is nie staties nie, maar dinamies ontwikkelend. Mense neem verandering egter nie maklik waar nie, hoofsaaklik omdat dié tipe veranderinge gewoonlik met verdrag oor 'n betreklike lang tyd plaasvind. Anders gestel: stereotipes verander nie maklik nie.

Mense het egter nie alleen verskillende persepsies van ander en groepe nie, maar hulle verskil ook in hul ervarings en persepsies van die Suid-Afrikaanse politieke en maatskaplike bestel. Soos later in hierdie hoofstuk aan die hand van empiriese navorsing aangetoon sal word, word hierdie verskille in 'n groot mate bepaal deur die wyse waarop mense hulleself met hulle kulturele en etniese agtergrond asook rasse-etiket identifiseer. Net so 'n belangrike rol speel die wyse

waarop ander hulle kategoriseer en die wyse waarop hierdie identifisering in die skepping en handhawing van belangegroepe figureer.

Een van die sentrale prosesse in 'n plurale samelewing is identifisering. Hierdie onderwerp is egter multi-dimensioneel en vind ook nie in 'n sosio politieke lugleegte plaas nie en daarom is identifisering en identiteit in die volgende blad sye van verskillende kante af benader. Daar is agtereenvolgens aan die volgende aspekte aandag geskenk: die statutêre indeling van groepe, etnisiteit, ampte like benadering tot etnisiteit, vlakke van identifisering, sosiale ongelykheid en laastens 'n aantal dilemmas.

*DIE FORMELE (STATUTÊRE) INDELING VAN GROEPE IN SUID-AFRIKA*

Die formele indeling van Suid Afrika se primêre bevolkingskategorieë stem nie deurgaans ooreen met die spontane groepdifferensiasie wat in die breë samele wing voorkom nie. In staatsadministratiewe terme word die huidige indeling van die hoofbevolkingskategorieë oorwegend op ras-kriteria gebaseer (vgl. hoof stuk 2). Hierdie indeling is grootliks die produk van 'n magsopset wat tradisio neel deur blankes gedomineer word, vandaar dat die huidige statutêre indeling deur waarskynlik die meeste lede wat nie in die blanke kategorie val nie, minstens bevraagteken word. Statutêr is hierdie indeling egter 'n realiteit en het dit 'n belangrike impak op tussengroepverhoudinge, asook op die betrokkenes se toegang tot Suid-Afrika se mag- en geleentheidsisteem.

Soos reeds in hoofstuk 2 aangedui is, maak die Wet op Bevolkingsregistrasie voorsiening vir drie hoofbevolkingskategorieë, naamlik blank, kleurling en swart. Die kleurlingkategorie is deur middel van 'n proklamasie in sewe groepe ver deel waaronder Kaapse Kleurlinge en Indiërs, terwyl swartmense in 'n aantal etniese groepe geklassifiseer is byvoorbeeld Zoeloes, Xhosas, Swazis, Vendas, Tsongas, ensovoorts.

Soos in die meeste samelewings kan daar egter groepe of subgroepe onderskei word wat, ongeag wetlike bepalings, sekere maatskaplike kenmerke openbaar wat nie met formele groepindelings ooreenstem nie. In plurale samelewings soos Suid-Afrika is die taak van bevolkingsklassifikasie dus problematies. Hierdie tema word in 'n latere deel van die verslag hervat. Daar kan wel aanvaar word dat Suid-Afrika 'n heterogene gemeenskap is en dat daar naas die formele bevolkings indeling ook in die alledaagse omgang aansienlike klem op groepverskille gelê word wat nie amptelik as formele kriteria vir groepdifferensiasie erken word nie. Groepdifferensiasie in Suid-Afrika moet dus as 'n realiteit, maar terselfdertyd ook as 'n heel komplekse en dinamiese verskynsel gesien word. Groepgrense kan ook moeilik op 'n enkelvoudige een-dimensionele wyse gedefinieer word,

soos die bykans Babelse verwarring wat histories rondom die benaming *''Kleurling''* ontstaan het, wel deeglik getuig.

*GROEPDIFFERENSIASIE GEBASEER OP ETNISITEIT*

Vir 'n groep om as 'n etniese entiteit te kwalifiseer, hoef dit nie aan al die kriteria soos 'n bewustheid van groepsolidariteit wat reeds in hoofstuk 2 genoem is, te voldoen nie. In sommige gevalle van etniese differensiasie speel sekere kenmerke van etnisiteit, bv. taal, kultuur, ensovoorts 'n belangriker rol as ander. Die komponente van etnisiteit moet ook nie as absolute eienskappe gesien word nie, maar eerder as dimensies wat beteken dat al die lede van 'n etniese groep nie in gelyke en in absolute mate oor al die bogenoemde kriteria van die betrokke groep se etniese identiteit hoef te beskik nie.

Wetenskaplikes stem oor die algemeen verder saam dat etnisiteit meer as net 'n sosiaal-kulturele erfenis inhou en dat dit ook 'n spesiale vorm van sosiale organisasie met 'n eie institusionele struktuur behels. Van sleutelbelang is egter die kulturele simbolisme wat op gemeenskaplike belange fokus en die subjektiewe persepsie van 'n oorkoepelende identeit wat 'n biogenetiese inhoud het asook histories veranker is. Waar dit op rasseverskille betrekking het, is mense se *persepsies* van 'n gemeenskaplike biologiese geskiedenis veral van belang. Vandag aanvaar die meeste analiste 'n gedeelde persepsie van gemeenskaplike afkoms (hoe irrasioneel, subjektief of rudimentêr in kognitiewe terme ook al) as een van die strukturele faktore wat in alle reële manifestasies van etnisiteit voorkom.

Etnisiteit is dus 'n omvattende wyse van sosiale differensiasie wat uit verskeie identifikasiefasette (elk met sy eie sosiaal gedefinieerde kenmerke soos taal, godsdiens en ras) bestaan. en soos Nagel en Olzak dit stel: *Which of those identities becomes salient at a particular moment depends upon the situational constraints and the strategic utility attached to the identity* (aangehaal in Rhoodie, 1984, p. 28). Twee voorbeelde kan die punt illustreer: In Iran was godsdiens die mees strategiese kenmerk wat as basis vir bedingingsmag benut is, terwyl die rol wat taal tussen die twee Wêreldoorloë gespeel het as grondslag vir die mobilisering van Afrikaner-etniese nasionalisme welbekend is.

Vanuit die oogpunt van tussengroepverhoudinge is 'n belangrike aspek van etniese gedrag dat mens dikwels eers werklik bewus raak van etnisiteit wanneer die betrokkenes as 'n *belangegroep* gemobiliseer word. Dit is dié aspek van etnisiteit wat dikwels, veral in die Amerikaanse literatuur, in verband gebring word met die verskynsel van maatskaplike bewegings. Dit kom algemeen voor dat

'n etniese groep wat as 'n belangegroep of in 'n sosiale beweging *(social movement)* gemobiliseer word, in meerdere of mindere mate minstens een van die betrokke groep se primêre identifikasiemerke bewustelik politiseer. Dat dié politisering daarop gemik is om aan die betrokke etniese groep 'n voorsprong in die kompetisie om skaars hulpbronne te besorg, is feitlik vanselfsprekend. In die VSA was die swart burgerregte-beweging 'n goeie voorbeeld van hierdie proses.

Etniese verskille kan veral tot langdurige konflik aanleiding gee wanneer daar ook botsende ekonomiese belange is. So was daar in Suid-Afrika dikwels 'n ekonomiese basis vir die konflik tussen verskillende etniese groepe. In die spesifieke geval waar etniese en klasseverskille saamval, is die waarskynlikheid van konflik besonder sterk.

*AMPTELIKE HANTERING VAN ETNISITEIT*

Uit hoofstuk 2 blyk dat Suid Afrika se politieke en grondwetlike ordening nog altyd implisiet of eksplisiet op groepdifferensiasie gebaseer was. Onder die Nasionale Party-regering is hierdie ordening eksplisiet op 'n etniese en rassegrondslag gefundeer. In dié verband kan na die juridiese werkkomitee se verslag *Reg en geregtigheid in tussengroepverhoudinge*, verwys word. Toets 'n mens die amptelike reëling van groepverhoudinge in Suid-Afrika dan ontstaan die vraag of dit 'n stelsel van etniese pluralisme is of nie.

Eerstens toon die omskrywings in die Bevolkingsregistrasiewet 30 van 1950 dat verskillende kriteria gebruik is. So is swartmense in terme van rasse afkoms geklassifiseer, terwyl bruinmense deur 'n proses van konseptuele eliminasie gedefinieer is, naamlik as *'n persoon wat nie 'n blanke persoon of 'n swart persoon is nie.* Blankes, weer, is hoofsaaklik op grond van voorkoms geklassifiseer. Swartmense en bruinmense is verder op grond van 'etniese en ander' oorwegings onderverdeel. In die lig van die feit dat verskillende kriteria gebruik is om die bevolkingskategorieë te omskryf, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die formele sosiaal-politieke opset nie op suiwer etniese beginsels berus nie. Daar blyk wel sterk elemente van Afrikander-etnisiteit te wees, maar klasbelange en 'n beklemtoning van ras speel ook 'n rol. Dit blyk verder ook duidelik dat die formele "pluralisme" wat vervat is in regeringsbeleid ten opsigte van "swart volke" nie 'n suiwer etniese maar eerder territoriale skeiding was. Ook in hierdie opsig blyk dit dus dat naas etnisiteit ander oorwegings soos klas, territorialiteit en ras, 'n rol gespeel het in die moderne ontvouing van Suid Afrika as plurale staat.

Een van die allerbelangrikste aspekte van die politieke hantering van groepe en groepgrense in Suid-Afrika is die volgende: Een groep, naamlik die blankes, het etnisiteit en ander groepdifferensiale tot 'n hoeksteen van landsbeleid uitgebou. Hierdeur het dit die staat se taak geword om groeplidmaatskap toe te skryf aan individue en groepe — vir die oorspronklike doel van bevolkingsregistrasie. Mettertyd het 'n beleid van skeiding daaruit voortgevloei. In baie gevalle moes die *staat* letterlik besluit in watter groep hy 'n gegewe individu moet plaas. Die toewysing van mense aan groepe het weliswaar *de facto* ook met sterk uiteenlopende regte en voorregte gepaard gegaan. Op dié wyse het die situasie ontstaan dat groepe nie vrywillige groepe nie, maar eerder kategorieë geword het. Dié sentrale punt word later weer opgeneem.

Die blanke regering se motivering vir groepdifferensiasie is maar een sy van die saak. Die vraag moet ook gestel word of groepdifferensiasie buite die blanke magsentrum op etnisiteit geskoei is of nie.

## *VLAKKE VAN IDENTIFISERING*

Die *Ondersoek* het duidelik aangetoon dat Suid-Afrikaners hulle wel onder sekere omstandighede as etniese eenhede beleef, maar dan weer in ander sosiale kontekste ander groepsaffiliasies vooropstel. Om die Afrikaanssprekende blanke as voorbeeld te neem: Uit die *Ondersoek* blyk dat die gewone Afrikaner wel 'n groepsbesef as 'n Afrikaner het en sy of haar taal en kultuur wil handhaaf. Hierdie groepsbewussyn is egter geensins eksklusief in die sin dat dit 'n sterk afbakening van die Afrikaner binne die blanke groep beteken nie. Trouens, die breë indruk wat die empiriese werk skep, is dat die omvattender blanke groepsbewussyn sterker is as die spesifieker Afrikanergesindheid ten opsigte van hoe mense teenoor *openbare en politieke aangeleenthede* ingestel is. In hierdie lig kan 'n mens verwag dat die volksmassa aansienlik van die gesindhede van die elites kan afwyk, wat blyk die geval in Afrikanergeledere te wees. Afrikaner-etnisiteit as 'n vertrekpunt vir politieke mobilisering is egter 'n realiteit wat sy invloed duidelik in Suid-Afrika se politieke en maatskaplike orde laat geld — 'n saak waarna weldra teruggekeer word.

Oor die algemeen is die situasie onder dele van die swart bevolkingskategorie soortgelyk aan dié wat onder Afrikaanssprekende blankes aangetref word. 'n Breër swart groepsbewussyn vorm die kern waaromheen daar veral, maar nie uitsluitlik, in die bedinging om politieke mag gemobiliseer word. In baie gevalle kanselleer hierdie breër identifikasie nie die enger identifisering met die etniese eenheid nie en is die belewenis en gedrag dié van byvoorbeeld Xhosa-wees met

'n bepaalde taal, waardesisteem, norms, gebruike en is die persoon ook gemotiveer om sy identiteit te bewys en te vertoon.

Sonder om hier op fyner besonderhede in te gaan, kan ter empiriese bevestiging van voorgaande byvoorbeeld verwys word na die verslag van die Werkkomitee: Kommunikasie: *Kommunikasie in 'n verdeelde samelewing*. Daarin word gerapporteer dat kenmerke soos taal, ras en etnisiteit van die belangrikste kerns verteenwoordig waaromheen mense identifiseer.

Etnisiteit is 'n modaliteit wat veral na binne prominent is. Voorbeelde van na binne gerigte kontekste is die opvoeding van kinders, uitlewing van godsdiens, intieme vriendekring, ens. In ander kontekste waar 'n ander stel eise en kriteria geld, word 'n ruimer gedragspakket vereis en gebruik. Dit wil natuurlik nie sê dat etnisiteit nie moontlik ook sodanig gedrag "kleur" nie. Wat egter wel van die grootste belang is, is dat terreine soos die ekonomie en arbeid, wetenskap, en hoër onderwys eise stel wat gewoon van almal dieselfde gedragmodaliteite verg. Sodoende word oorvleueling tussen groepe aansienlik vergroot. Die proses van identifisering is nie iets staties nie — dit is 'n dinamiese proses.

Identifisering is deel van 'n ontwikkelingsproses; vandaar dat dié begrip eerder as identifikasie gebruik word. In dié verband kan byvoorbeeld na Eisenstadt se studie oor die invloed van modernisering op groepsidentifisering verwys word. Hy het aangetoon dat Israeli's in moderne samelewingsverbande oor 'n aansienlik polivalenter en buigsamer norm-, waarde- en gedragspatrone beskik het as diegene wat nog in 'n tradisionele samelewing vasgevang was. Laasgenoemde se 'kultuur' was rigieder, eenduidiger en meer op spesifieke norms vir spesifieke situasies ingestel. Veral as die verskynsel van modernisering in aanmerking geneem word, volg dit dat prosesse soos verstedeliking, kontak met ander groepe en blootstelling aan die massakultuur deur die massamedia 'n groot nivelleringsmeganisme kan wees. In hierdie *Ondersoek* is byvoorbeeld ook gevind dat al die groepe se blootstelling aan die massamedia oor die afgelope tien jaar selfs dramaties toegeneem het. In die geval van die blankes, bruinmense en Indiërs was dit veral televisie en in die geval van swartmense veral die toename in die lees van koerante en tydskrifte wat opgeval het. Verder kan na die vroeë werk van Biesheuvel verwys word wat aangetoon het dat jong swartmense tipies westerse etiese waardes in hul waardesisteem geïntegreer het. 'n Voorwaarde is klaarblyklik dat sulke groepe nie buite die sisteem (bv. in die vorm van chroniese werkloosheid) moet bly nie. Onder sulke omstandighede kan daar selfs verwag word dat 'n konfigurasie van sub-kultuurpatrone kan ontstaan wat die indruk van reaktiewe normloosheid skep, altans vanuit die oogpunt van die hoofstroom beskou.

In die lig van die invloede van die moderniseringsproses kan verwag word dat sommige van die opvallende etniese verskille langsamerhand sal vervaag. In die lig van die projeksies oor verstedeliking wat in die vorige hoofstuk genoem is, kan veronderstel word dat etniese identifisering in die toekoms eerder sal afneem as toeneem hoewel nuwe faktore moontlik tot 'n oplewing in etnisiteit sal kan lei. Daar is byvoorbeeld aangetoon dat van die totale bevolking, 56 % teen die jaar 2000 verstedelik sal wees. Alhoewel die kwaliteit van verstedeliking uiteraard varieer en die aanpassings van waardes en norme daarom ook oor tyd en groepe varieer, bly dit 'n verskynsel wat verreken moet word as daar oor die toekoms van etnisiteit geredeneer word.

'n Perspektief waarna reeds vroeër verwys is, verdien hier verdere aandag, naamlik die feit dat die amptelike ordening van groepsverhoudinge deur die blankes geïnisieer en geïnstitusionaliseer is. Volgens alle empiriese aanduidings beleef die swartmense, bruinmense en Indiërs hierdie beleid as diskriminerend. Die blanke word as die bevoorregte en die ander as die benadeelde gesien (vergelyk byvoorbeeld die verslag van die Werkkomitee: Sosiale Psigologie: *Die sosiale psigologie van tussengroepverhoudinge).* Hiervoor word die amptelike sisteem van groepdifferensiasie aanspreeklik gehou. Met ander woorde hierdie kategorie beskou hul sosiaal-politieke en staatsregtelike posisie as 'n enkelvoudige funksie van die amptelike beleid van die huidige regering. 'n Persoon se lidmaatskap aan 'n groep lei dus, volgens hierdie persepsie, tot benadeling, vandaar dat die identifisering met die statutêr bepaalde groepklassifikasie verflou of ontken word, altans op die vlak van magspolitiek. Identifisering met groter en potensieel sterker verwysingsgroepe is een gevolg waarop hieronder verder ingegaan word.

## *ETNISITEIT EN MAG IN SUID-AFRIKA*

Vergelykende studies toon dat in 'n etnies plurale samelewing etnisiteit dikwels die polities dominante groep se magsbasis en belangrikste bron van legitimiteit is. Een of meer primêre kenmerke van etnisiteit, soos taal en godsdiens, vorm gewoonlik die grondslag waarop so 'n groep homself mobiliseer en politiseer. Die magsdistribusie in plurale samelewings en die fundamentele politieke verdelingslyne wat dit meebring, stem dan ook grootliks ooreen met een of meer historiese, kulturele en rasseverdelers wat sosiaal as primêre indikatore van etnisiteit vertolk word. Die sleutelrol wat etnisiteit in die veertigerjare gespeel het om die Afrikaners se politieke dominansie in Suid-Afrika te verseker, is 'n treffende illustrasie van die wyse waarop een of meer kenmerke van etnisiteit (ongeag in watter idioom die individuele Afrikaner hierdie kenmerke gedefinieer het) gemobiliseer en gepolitiseer kan word om 'n etniese groep se bedingings-

mag te vergroot. Hieroor is politieke wetenskaplikes en historici dit grootliks eens, alhoewel hulle verskil oor die objektiewe noodsaak, houdbaarheid sowel as uitvoerbaarheid van 'n beleid gebaseer op etniese verdeling.

Met inagneming van die magswedywering wat onvermydelik in die Suid-Afrikaanse staatsamelewing ingebou is, moet die implikasies van 'n ander realiteit verreken word, naamlik die feit dat 'n belangrike deel van die ander bevolkingskategorieë tans oënskynlik 'n lae premie op etnisiteit as kern vir politieke mobilisering plaas. Daar is egter talryke sosiaal-wetenskaplike ontledings van Afrika (en elders) wat daarop dui dat wanneer die magsdistribusie van blank na swart verskuif, die magsmobilisering binne swart geledere rondom etniese verdelers plaasvind. Verder beteken die huidige mobilisering rondom ander verdelers, soos ideologie, nie dat etnisiteit nie onder veral die swart bevolkingskategorie prominent is nie. Hiervan kan Inkatha as voorbeeld dien. In Namibië is die Ovambobasis van Swapo algemeen aanvaar. Net so belangrik as wat dit is om rekening te hou met Afrikaner-etnisiteit, net so belangrik is dit om rekening te hou met byvoorbeeld bruinmense se duidelike verwerping van bruin-etnisiteit as 'n grondslag vir demokratiese hervorming in Suid-Afrika, maar ook die moontlikheid dat onder veranderende omstandighede etnisiteit in die swart kategorie geaktualiseer kan word.

Daar kan geredeneer word dat groepidentifikasie as 'n emosionele reaksie vir 'n verskeidenheid redes die gerieflikste "toevlugsoord" ten tye van bedreigende omstandighede kan wees. Die samehorigheid wat in die proses geskep word, kan voortduur lank nadat die bedreiging verby is en 'n stadium bereik dat dit as adaptiewe proses nie meer heeltemal nodig is nie. Analiste verskil van mening of dit wel die geval met Afrikaner-etnisiteit is en ook of die verskynsel onder swart groepe sou kon ontwikkel.

Voorgaande beteken nie dat daar nie sterk etnies gebonde gedragspatrone in Suid-Afrika voorkom nie. Etnisiteit kom veral voor waar dit nie direk met die beleid van formele groepdifferensiasie verband hou nie. in die blanke groep, byvoorbeeld, is daar 'n reeks minderheidsgroepe, soos groepe van immigrante-oorspring, byvoorbeeld die Griekse en Portugese gemeenskappe, wat sterk etniese gebondenheid toon.

Voorgaande ontleding toon dat Suid-Afrika 'n multi-etniese land is waarin etnisiteit onder die Afrikaanssprekende blanke manifes deur die beleid van formele groepinstellings geakkommodeer word, maar dat sommige ander groepe tans nie op hierdie basis geakkommodeer wil word nie. In hierdie sin moet die vraag of die plurale gemeenskap van Suid-Afrika *hoofsaaklik* 'n etniese pluralisme is, negatief beantwoord word. Die groepsbegrensing in Suid-Afrika is dus nie

eensoortig of eenduidig van aard of noodwendig intrinsiek aan groepe nie. Hieruit vloei 'n aantal fundamentele dilemmas voort.

*DILEMMAS*

Die identiteitsverbande wat hierbo beskryf is, is basies almal asimmetries. Van die belangrikste asimmetrieë is die volgende:

- 'n Formele indeling en differensiasie wat nie volledig strook met sosiale en politieke realiteite en subjektiewe persepsies nie;
- een groep wat groepe kategoriseer en daar die groepe wat die kategorieë nie sonder meer aanvaar nie;
- die vry algemene verskynsel van herontwaking van etnisiteit in sommige ander multikulturele samelewings en die afwatering of selfs ontkenning daarvan deur verskillende groepe in Suid-Afrika.

Enkele van die belangriker gevolge van hierdie en ander asimmetrieë rondom etnisiteit en identifisering is die volgende:

In soverre die idee van etnisiteit veral sedert 1948 'n belangrike faktor in die apartheidsmodel geword het, het dit verpolitiseer geraak en kan politieke beleid nie meer daarmee gelegitimeer word nie. Trouens, die indruk ontstaan dat die verpolitisering van etnisiteit die karakter van funksionele outonomie aangeneem het. Etnisiteit ter wille van die volle en gelykberegtigde ontplooiing van etnisiteit, soos dit moontlik oorspronklik deur sommige persone bedoel is, het om verskillende redes, na die agtergrond verskuif en politieke ordening het 'n doel in sigself geword.

Een van die moeilikste dilemmas op die terrein van etnisiteit ontstaan indien etniese groepe juridies omskryf word, terwyl so 'n opgaaf vanuit juridiese oogpunt juis buitengewoon problematies is. So het die juridiese werkkomitee byvoorbeeld tot die volgende gevolgtrekking gekom: . . .*this social entity (ethnicity) is too indefinite, loose, unorganized, fluid, etc. to be considered a (legal) community. Ethnic groups are therefore not valid entities (. . .) If it is true that an ethnic cannot be legally defined, then it follows that no distinctions can be legally drawn between people on the basis of ethnicity* (p. 15). Die probleem word vergroot wanneer etnisiteit direk aan ras gekoppel word. In hierdie verband het die Werkkomitee: Juridiese aspekte soos volg bevind: *Race can never be a legally relevant ground for justified differentiation. After all, a person's physical appearance, skin colour, descent or even social affiliations cannot be said to determine the particular nature of his need for legal protection. Just as*

*little should these details determine one's legal rights and duties (. . .) or influence one's legal status* (p. 16).

Verskeie groepe wat in ander plurale samelewings hul etnisiteit op 'n assertiewe wyse laat geld, ontken dit in Suid-Afrika en identifiseer met en mobiliseer rondom ander kerne. Die meeste individue koppel hul self-identiteit aan die een of ander groep, maar dit kan dikwels 'n heel passiewe vereenselwigingsproses wees. 'n Reeks spannings- en stres-faktore, veral miskien dié wat moreel ondermyn, kan egter by individue 'n verskerpte behoefte vir groepsidentifikasie skep.

Die daaruitvoortvloeiende "etnisiteit" kan as *geknelde identiteit* beskou word, aangesien dit eerder reaktief as spontaan is. Daar is waarskynlik elemente van hierdie proses by alle soorte groepsidentiteite in Suid-Afrika teenwoordig. 'n Duideliker voorbeeld hiervan sou egter die sogenaamde swartbewussynsbeweging van die sestiger- en sewentigerjare wees, wat tans omvorm is na 'n meer polities-ideologiese beweging. Die gevolg is dus dat 'n kragtige potensiaal vir pluralisme dreig om verlore te raak, in soverre uniekheid en gemeenskaplikheid in opposisie eerder as komplementêr tot mekaar geplaas word met die noodwendige reaktiewe gevolge.

Ook moet die waarskynlikheid voor oë gehou word dat nie alleen psigiese spanning nie, maar ook maatskaplike spanning en sterk maar gefrustreerde materiële en ander belange 'n selfbewuste etnisiteitsgevoel kan stimuleer.

## VERHOUDINGSORIËNTASIES

Elke gemeenskap het 'n pakket basiese oriëntasies wat 'n bestaansregverdiging behels. Hierdie oriëntasies bied 'n verklaring van die mens en groep se plek tussen andere en bied sodoende 'n verstaansraamwerk wat onder andere, soos reeds in die voorafgaande afdeling geïmpliseer, die kontinuïteit van die groep moet verseker. Hierdie verstaansraamwerke is in mindere of meerdere mate geformaliseer in die moderne samelewing en twee van die duidelikste vorms daarvan is die geskiedenis en die religie. Die geskiedenis plaas die mens en groep in verband met mekaar op grond van hoofsaaklik histories-kulturele feite, terwyl die religie dit op die grondslae van waardes doen.

In die lig van voorgaande benadering tot geskiedenis en religie blyk dit dat hierdie twee terreine belangrike vormende invloede op oriëntasies ten opsigte van tussengroepverhoudinge kan hê. Die belangrikste bevindinge oor die religie word eers aan die hand van die verslag van die Werkkomitee: Religie: *Religie, tussengroepverhoudinge en sosiale verandering in Suid-Afrika* aan die orde gestel

waarna bevindinge van die Werkkomitee: Historiese Aspekte uit hul verslag: *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie* behandel word.

## *DIE ROL VAN RELIGIE AS ORIËNTERINGSRAAMWERK*

Daar word algemeen aanvaar dat religie 'n belangrike rol in Suid-Afrikaanse groepverhoudinge speel. In dié verband hoef daar slegs verwys te word na die huidige debat oor die beweerde assosiasie van Afrikaanse kerke met apartheid asook die prominensie van die teologie van bevryding in debatte oor die verband tussen kerk en samelewing. Hierdie opvatting oor die potensieel belangrike rol van religie in groepverhoudinge is in ooreenstemming met statistiese gegewens in hoofstuk 2 wat aandui dat die belangrikste wêreldgodsdienste in Suid-Afrika verteenwoordig is en dat 'n groot meerderheid van die bevolking, naamlik 78 %, hulself as Christene beskou. Uit die navorsing wat vir die *Ondersoek* onderneem is, blyk egter dat die spesifisering van die belang van godsdiens heelwat meer gekompliseerd is as wat algemeen aanvaar word en dat verskeie van die gangbare opvattings oor die rol van religie hersien sal moet word. In hierdie afdeling is daar eerstens aandag aan die interne werking van religie as psigo-sosiale proses geskenk waarna die ambivalente rol daarvan, die kwessie van groepsbelange, religie as medieerder of tussenganger en verskaffer van gemeenskaplike waardes in oënskou geneem word.

### *Religie as psigo-sosiale proses*

Religie kan op minstens twee vlakke ontleed word, nl. in terme van die 'teologiese' en eskatologiese bepaaldheid daarvan of in terme van die psigo-sosiale proses onderliggend daaraan. Vir 'n begrip van die rol van religie in verhoudinge in die samelewing is 'n kort ontleding van hierdie psigo-sosiale werking noodsaaklik.

Vanuit verskillende sosiaal-wetenskaplike oogpunte beskou (vanaf die simboliese interaksionisme tot die verwysingsgroepbenadering), kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die gemeenskaplike norme, waardes, oortuigings en gedragspatrone wat 'n godsdienstige groepering saambind in 'n stel eksplisiete simbole verteenwoordig word. Die belang van die religieuse simbole is in hul dubbele funksie geleë. Eenersyds, gee die simbole uitdrukking aan die betrokkenes se siening van of gevoel oor die werklikheid. Hierdie werklikheid behels vir 'n belangrike deel ook die waardebepaling van die mens en sy onderlinge verhoudinge en daarmee saam die fundamentele vraag na geregtigheid. In dié sin verteenwoordig simbole die waarheid in 'n gekonsentreerde vorm. Andersyds word die simbole deur hul gebruik geassosieer met motiverende kragte in

'n eweneens gekonsentreerde vorm. Met ander woorde, religieuse simbole verteenwoordig beide 'n vertolkings- en beoordelingsraamwerk èn 'n motivering tot ooreenkomstige handeling. Dit is juis die interaksie tussen bepaling van werklikheid en motivering wat vanuit die perspektief van tussengroepverhoudinge só belangrik is.

Teen die agtergrond van voorgaande perspektief oor die aktiverende en toewydende rol wat religie in die mens se lewe speel óf kan speel, kan vervolgens verwys word na ander dinamiese funksies wat religie in verhoudinge vervul.

*Ambivalensie: Saambinding en verdeling*

Uit die werkkomitee se verslag blyk dat religie 'n ambivalente funksie in tussengroepverhoudinge vervul. Normaalweg sou verwag kon word dat dit 'n saambindende en integrerende funksie sal vervul, ten minste wat aanhangers van dieselfde godsdienstige tradisie betref alleen omdat die inhoud en vorm immers vir almal binne so 'n tradisie dieselfde is. Die navorsing dui egter daarop dat religie in bepaalde omstandighede 'n sterk verdelende uitwerking het. Om spesifieke voorbeelde te noem: Binne sekere groepe (bv. sommige denominasies in die Afrikaanse blanke gereformeerde tradisie) word religie beleef as die verskaffer van tydlose waardes wat bestendigheid waarborg in 'n snel veranderende wêreld. Dié groepe ervaar hul posisie in die samelewing as relatief gunstig en verkies om die huidige toedrag van sake nie te versteur nie. In so 'n geval funksioneer religie as 'n faktor wat sosiale verandering teenwerk of inhibeer. In ander groepe binne dieselfde tradisie, byvoorbeeld bewegings binne die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) wat gebruik maak van konsepte wat deur die teologie van bevryding ontwikkel is, word religie onder andere verstaan as 'n waardestelsel waaraan die werklikheid moet konformeer. So 'n perspektief kom byna vanselfsprekend voor by groepe en individue wat hul posisie as ongunstig of benadeeld beleef. In so 'n geval word religie 'n kragtige stimulus tot sosiale verandering.

Gedurende die afgelope paar jaar is hierdie ambivalensie baie skerp, moontlik in sy skerpste vorm, gemanifesteer toe die NG Sendingkerk in feite die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) van kettery beskuldig het, omdat laasgenoemde kom nie eksplisiet van apartheid wou en wil distansieer nie. Hierdie twispunt waarin verskillende bevolkingskategorieë teenoor mekaar opgestel is, illustreer hoe verdelend die rol van religie kan wees.

Op 'n ander vlak kan dié ambivalente rol van religie ook gedemonstreer word. Die landwye meerdoelige opname het onder andere die volgende resultate gelewer. Ten opsigte van die betrokkenheid van religie op die sosio-ekonomiese ter-

rein het 17,9 % blankes, 19,5 % swartmense, 21 % Indiërs en 34,9 % bruinmense 'n hoë premie op sodanige effektiwiteit geplaas. Op die stelling dat religieuse bewegings min beteken as dit nie 'n bydrae tot die voorsiening van basiese materiële behoeftes lewer nie, het 52 % van die blankes, 60 % van die Indiërs, 62 % van die bruinmense en 69 % van die swartes positief gereageer. Uit voorgaande wil dit dus voorkom of mense se beskouing oor die funksionele rol van religie ten nouste saamhang met behoeftevlakke. Vir diegene wat op die fisiese bestaansvlakke behoeftes ervaar, is die sosio-ekonomiese opheffingsrol van religie belangrik.

Voorgaande afleidings word verder bevestig wanneer na standpunte oor religieuse bewegings se rol ten aansien van diskriminasie en onderdrukking gekyk word. 'n Enkele voorbeeld: 'n Relatief klein persentasie blankes (10 %) plaas 'n hoë premie op strukturele bevryding, teenoor 36 % van die bruinmense, 37 % van die Indiërs en 41 % van die swartmense. Oor die meer spesifieke aspek van die uitskakeling van diskriminasie was 46 % van die blankes, 57 % van die swartmense, 73 % van die Indiërs en 74 % van die bruinmense van oordeel dat religieuse bewegings alles in hul vermoëns moet doen om diskriminasie in die samelewing uit te skakel.

Empiriese bevindinge soos voorgaande bevestiging dus dat blankes oor die algemeen in religie 'n bestendigingsfaktor te midde van 'n veranderende wêreld sien, terwyl Indiërs, bruinmense en swartmense religie as 'n stimulus tot die verbetering van hul (aardse) lot beskou. Terselfdertyd bevestig hierdie bevindinge juis ook die verdelende rol van religie.

Aan die ander kant beskou baie Suid-Afrikaners religie as 'n potensiële versoener en saambindende faktor. So was 46 % van die blankes, 57 % van die Indiërs, 79 % van die bruinmense en 84 % van die swartmense in die landwye opname van oordeel dat religieuse bewegings die verskillende bevolkingskategorieë bymekaar moet probeer bring. In dié verband kan na tussenkerklike gespreksgroepe en ekumeniese organisasies verwys word wat saambindende funksies tussen groepe in Suid-Afrika potensieel of reëel kan vervul.

Aangesien die verdelende maar ook saambindende rol van religie só sentraal in die vraagstuk van tussengroepverhoudinge is, is daar enigsins uitvoeriger by hierdie kwessie stilgestaan. Die empiriese bevindinge en enkele voorbeelde uit onlangse ontwikkelinge toon duidelik dat godsdiens na inhoud, vorm en effek verdelend, maar ook versoenend ten opsigte van die verhoudinge tussen groepe kan wees.

*Ambivalensie: Persoonlike en gemeenskapsbehoeftes*

'n Ander vorm van ambivalensie is die teenstelling tussen persoonlike en gemeenskapsbehoeftes. Uit empiriese navorsing blyk dat die spektrum van belange wat met religieuse oortuigings in verband gebring word, groot variasies vertoon. Dit strek vanaf die enger persoonlike sfeer via die gesin, die kerklike gemeenskap, die wyer gemeenskap tot by wat as die totale werklikheid ervaar word. Probleme ontstaan wanneer die oriëntasie te nou op een deel van hierdie spektum gekonsentreer bly. Diegene wie se religieuse oriëntasie slegs op die persoonlike sfeer gerig is, vernou daardeur religie tot 'n 'geestelike' aangeleentheid wat nie in staat is om sinvolle verbande met ander dele van die persoon se werklikheidsbelewing te lê nie. Dit lei tot 'n onttrekking van sosiale en politieke kwessies. Maar terselfdertyd is daar 'n intuïtiewe aansluiting by wat radikaler groepe op sosiale of politieke terrein wil bereik. In een van die ondersoeke het byvoorbeeld geblyk dat by die groep wat as polities passief getipeer kon word en selfs skepties teenoor die nut van politieke aksie staan, daar tog 'n veel sterker identifikasie met groepe soos die United Democratic Front (UDF) en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) was as met die Arbeidersparty of die Progressiewe Federale party (PFP). Hieruit blyk dat persone wat skynbaar polities onbetrokke is vanweë 'n onvermoë om religieuse waardes op hierdie terrein van toepassing te maak, tog oor die moontlikheid beskik om op 'n later stadium polities radikaal op te tree. 'n Nog sprekender voorbeeld is die posisie van baie swart onafhanklike kerke wat op die oomblik a polities is, maar in veranderde omstandighede vanweë onderliggende simpatieë maklik 'n radikale houding kan aanneem.

Aan die ander kant het uit 'n ondersoek wat in die Kaapse Skiereiland onderneem is, geblyk dat diegene met 'n meer sosiale gerigtheid minder moeite ge had het om religieuse waardes op die verskillende vlakke te integreer. Hier het egter 'n probleem van 'n ander aard opgeduik, naamlik spanning oor die prioriteit wat aan waardes op die persoonlike en gemeenskapsvlak toegeken moet word. Hoewel religieuse waardes op albei hierdie vlakke as belangrik beskou word, blyk dit dat wanneer 'n keuse afgedwing sou word, voorkeur aan die waardes op sosiale of nasionale vlak gegee word. Die implikasie hiervan is dat die meer sosiaal bewuste groep bereid is om vreedsame verhoudinge op persoonlike vlak en op dié van die plaaslike gemeenskap op te offer en selfs lyding te waag indien hulle van oordeel is dat belange op nasionale vlak dit vereis.

Die probleem om religieuse waardes op verskillende vlakke te integreer lê ook ten grondslag aan die gaping wat tussen kerkleierskap en gewone lidmaatskap aan die ontwikkel is oor 'n verskeidenheid van sake. Wat die kerkleiding betref,

geniet sake van nasionale belang uiteraard die hoogste prioriteit. Daarom word veral aandag aan die sosiaal-politiese implikasies van religieuse waardes geskenk. Op plaaslike gemeentelike vlak is dit egter individuele behoeftes wat die deurslag gee. Onvermoë van die kerkleiding om waardes op hierdie twee vlakke met mekaar te versoen, gee dikwels aanleiding tot spanning tussen leiers en lidmate en tussen leiers onderling. Verskeie voorbeelde uit die jongste verlede in byvoorbeeld die Anglikaanse Kerk, NGK en NGSK, sou in hierdie verband aangehaal kon word. Aan die ander kant onstaan egter ook spanning wanneer die kerklike leierskap volgens die oordeel van sommige lidmate nie duidelik leiding gee of nie vinnig genoeg op veranderende situasies reageer nie. 'n Voorbeeld hiervan is die stigting van organisasies soos Reforum binne die NG-familie van kerke.

Uit die voorafgaande blyk dat die Suid Afrikaanse samelewing op verskillende punte probleme ondervind om religieuse waardes op die persoonlike vlak met dié op sosio-politieke terrein te integreer. Op die lange duur kan dit alleen uiters skadelike gevolge vir tussengroepverhoudinge in die algemeen inhou.

### *Religie en groepsbelange*

Die ambivalensies wat hierbo aangetoon is, dui daarop dat religie dus òf 'n konstruktiewe òf 'n konflikgenererende rol kan vervul. Laasgenoemde gebeur veral wanneer religie nou gekoppel word aan die sosio-ekonomiese en politieke belange van 'n bepaalde groep ten koste van ander. Dit kom veral voor wanneer die betrokke groep in 'n magsposisie verkeer of streef daarna om mag te bekom. Dit is egter belangrik om te besef dat hierdie koppeling aan bepaalde groepsbelange nie aanvanklik kwaadwillig van opset hoef te wees nie. In die geval van die Christelike tradisie is solidariteit met die mens in sy konkrete aardse omstandighede 'n sentrale tema. Dit word vertolk as 'n opdrag aan die religieuse gemeenskap om hom met die noodlydende te vereenselwig en 'n kampvegter vir die magtelose te word. Van hier is dit slegs 'n klein stappie om goddelike sanksie aan die behoeftes en aspirasies van 'n bepaalde groep te gee.

Wanneer die grense van die religieuse groep saamval met die grense van 'n bepaalde kulturele of magsgroep, is dit 'n kombinasie met 'n duidelike konflikpotensiaal. Die geskiedenis van Suid-Afrika bied verskeie voorbeelde van gevalle waar so 'n kombinasie voorgekom het. In die Britse koloniale tydperk het die belange van die Britse Ryk en van die verspreiding van die Christelike geloof in so 'n mate saamgeval dat die werk van die Britse Sendingaksie dikwels as 'n integrale deel van eersgenoemde gesien is. Die noue ooreenkoms tussen die religieuse waardes en houdinge wat deur die NGK voorgestaan is en die uitgangspunte waarop die verhoudingsbeleid van die Nasionale Party tydens en

kort na sy bewindsaanvaarding in 1948 gebou is, het aanleiding tot die tipering van 'n 'Afrikaanse burgerlike godsdiens' gegee. Die jongste voorbeeld van 'n noue verbintenis tussen religieuse waardes en groepsbelange is die opkoms van Swart teologie, waar die 'Swart saak' veral in die lig van die Bybelse motief van bevryding geïnterpreteer word.

Die koppeling tussen religieuse waardes en groepsbelange dra in homself aansienlike konflikpotensiaal en is 'n faktor wat in die huidige situasie 'n sterk invloed op tussengroepverhoudinge uitoefen. 'n Dramatiese voorbeeld hiervan is die verklaring van apartheid tot kettery deur die NGSK en daarna ook ander kerke en ekumeniese liggame. 'n Politieke beleid word onder teologiese beoordeling geplaas juis vanweë die teologiese regverdiging wat daarvoor aangebied is.

Die feit dat Suid-Afrika toenemend die beeld van 'n gepolariseerde samelewing vertoon, het ook sy invloed op die religieuse vlak. Die saambindende funksie wat religie veronderstel is om te vervul, kom al meer onder druk wanneer mense geforseer word om kant te kies in terme van die sosiaal-politieke debat. Die mediërende rol van religie word nie meer as vanselfsprekend aanvaar nie. Trouens, uit die navorsing blyk dat tussen 46 en 84 % van die Suid-Afrikaanse bevolking meen dat religie 'n belangrike versoenende rol *behoort* te speel, terwyl slegs 37 % glo dat die kerk dit sal kan doen.

'n Uiterste voorbeeld van polarisasie is seker te vinde in houdings ten opsigte van die gebruik van geweld. Hoewel daar onder religieuse groepe pasifistiese tendense voorkom, blyk dit dat baie, naamlik 45 %, van die swartmense die gebruik van geweld nie as onversoenbaar met hul religieuse opvattings beskou nie. Dit geld vir diegene wat geweld as geoorloof beskou in die instandhouding van die bestaande orde en die onderdrukking van opstand. Aan die anderkant geld die positiewe instelling ten opsigte van die gebruik van geweld onder ander groepe wat meen dat religieuse bewegings die reg het om geweld te oorweeg wanneer basiese menseregte in gedrang kom. Die teenstelling tussen 'n 'regverdige oorlog' en 'n 'regverdige rewolusie' illustreer hierdie konflik op 'n dramatiese wyse.

### *Religie en mediëring*

Een van die belangrikste funksies van religie ten opsigte van die verhoudinge tussen mense en groepe lê op die vlak van mediëring — 'n aspek wat deur Rhoodie (1983: 154-156) as 'n baie belangrike komponent van verhoudingsregulering beskou word: . . :*reference can be made to the mediating role that churches, schools (. . .) can play in conflict situations. These organizations can be important catalysts in the legitimation of conflict management, for example by*

*persuading the competing interest groups to settle their differences within the framework of mutually acceptable 'rules of play'.*

Die mediërende rol van religie kan op verskillende vlakke plaasvind. Voorbeelde is die verbinding van persoonlike sfeer en 'n wyer wêreld, die spanning tussen ideaal en werklikheid en uiteindelik die stel van gemeenskaplike waardes.

Die navorsing het aangetoon dat religie 'n belangrike brug vorm waardeur die enger wêreld van persoonlike behoeftes met die wyer wêreld van die polities-sosiale werklikheid sinvol in verband gebring kan word. In 'n snel veranderende opset met toenemende vertegnisering bestaan daar groot behoefte aan so 'n integrerende funksie by veral agtergeblewe groepe om hulleself te vind en teenoor ander groepe te handhaaf.

Religie behoort verder 'n belangrike mediërende rol tussen ideaal en werklikheid te vervul. Die Joods-Christelike tradisie is byvoorbeeld sterk toekomsgerig. In die verlede is hierdie oriëntering dikwels as 'n ontsnappingsroete gebruik deurdat probeer is om teenswoordige lyding draaglik te maak met die belofte van 'n heerlike toekoms. Tans word al meer besef dat die gerigtheid op die toekoms nie die ignorering van die hede hoef te beteken nie, maar juis 'n kragtige stimulus is om die werklikheid in die lig van hierdie toekomsverwagting te omvorm. Aangesien terselfdertyd erken word dat die hede 'n gebroke werklikheid is en dat die utopie nie met 'n towerslag hier en nou realiseerbaar is nie, bied die religie 'n belangrike kader waardeur die spanning tussen ideaal en werklikheid nie alleen verdra, maar ook kreatief met mekaar verbind kan word.

In enige mediëringsproses is die verbondenheid aan gemeenskaplike waardes van groot belang. Baie navorsers, onder wie Adam, beklemtoon hierdie faset van verhoudinge. Rhoodie (1983: 157) skryf byvoorbeeld hieroor soos volg: *. . .consensus can only be reached if there is compatibility of basic values . . . Obviously, the greater the frequency of commonality insofar as these values are concerned, the smaller the number of loci of conflict.*

In die vestiging van gemeenskaplike waardes kan religie 'n aansienlike bydrae lewer. Ongelukkig bestaan hieroor heelwat misverstand, wat deels toe te skryf is aan die ambivalente rol wat religie vervul. In die lig van die verdeling tussen denominasies en die skerp verskille in die wyse waarop religieuse beginsels vertolk word, skyn die eenheid tussen religieuse groepe uitsigloos te wees. Indien eenheid vertolk word as volledige ooreenstemming ten opsigte van alle belydenisinhoude, is daar beslis min hoop dat dit ooit bereik sal kan word. Wat egter vergeet word, is dat dit hier gaan om die artikulasie van geloofsoortuigings op sekondêre vlak. Daarom is die belydenis (in die Protestantse tradisie altans) altyd relativeerbaar en toetsbaar aan die Bybel self. Om hierdie rede beskik

religie oor die vermoë om totaal botsende standpunte op so 'n wyse met mekaar in verband te bring dat vooroordele en eensydige verabsoluterings geïdentifiseer en gevolglik gerelativeer kan word. Hierdie botsende standpunte op sekondêre vlak kan verdra word, omdat daar 'n gemeenskaplike kompromittering op 'n primêre vlak bestaan. Hierdie verbondenheid aan onderliggende basiese waardes is 'n baie sterk vorm van 'n kruisverbinding en figureer religieuse gemeenskappe prominent as voorbeelde van multigroepaffiliasies (Rhoodie 1983: 148).

*Gemeenskaplike waardes*

In die verslag van die Werkkomitee: Religie: *Religie, tussengroepverhoudinge en sosiale verandering in Suid-Afrika* het die werkkomitee vir religie tot die gevolgtrekking gekom dat daar te midde van verskille wel belangrike ooreenkomste tussen 'n beduidende groep kerke bestaan oor basiese waardes wat noodsaaklik is vir die voortbestaan van die samelewing. Hierdie waardes is onderliggend aan menseregte wat omskryf kan word as die *onvervreembare regte wat die minimum vereistes vir 'n menswaardige bestaan omvat.*

'n Studie wat die standpunte van die volgende instansies gedek het, het 'n groot mate van konsensus oor basiese uitgangspunte aan die lig gebring: Baptiste-Unie, Church of the Province of South Africa, Federasie van Lutherse Kerk in Suid-Afrika, Metodiste Kerk, Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk, Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, Presbiteriaanse Kerk van Suid-Afrika, Rooms-Katolieke Kerk, SARK. Die uitgangspunte waaroor die eenstemmigheid aangetoon is, is die volgende:

- Alle mense kan aanspraak maak op basiese of fundamentele regte.
- Hierdie regte is deur God aan die mens as sy beelddraer geskenk en is daarom "onskendbaar" en "onaantasbaar".
- Nie alleen die individu nie, maar die gemeenskap as gemeenskap van mense, het sekere regte.
- 'n Balans moet nagestreef word tussen die aansprake en regte van die individu en die kollektiewe regte van die gemeenskap.

Alle regte gaan gepaard met ooreenstemmende verantwoordelikhede en pligte.

- 'n Onderskeid kan gemaak word tussen fundamentele of primêre regte en afgeleide of sekondêre regte.
- Regte mag onder geen omstandighede van mense weerhou of ontneem word nie. Selfs afgeleide regte of voorregte mag nie weerhou word indien 'n persoon of persone 'n regmatige aanspraak daarop het nie. Die onderskeid tussen regte en voorregte is vloei-

baar aangesien die omstandighede so 'n beslissende rol speel wat 'voorregte' en afgeleide regte betref.

- Bybelse norme wat van toepassing is op menseregte is liefde, waarheid, vrede, geregtigheid, vryheid en menswaardigheid. Menseregte kan nie reg verstaan word indien die volle Bybelse leer oor die mens nie in ag geneem word nie.
- Die waarde van die 'menseregte'-begrip is veral geleë in die universele trefkrag van hierdie term. In die sensitiewe kerk-staatverhouding in Suid-Afrika kan die begrip 'n belangrike rol vervul om die sosiaal-etiese eise oor tussen-menslike en tussengroepverhoudinge vanuit godsdienstige perspektief aan die staat voor te hou.

Die basiese kerne van 'n menseregtebeskouing wat op hierdie gemeenskaplike vertrekpunte gebou kan word, is die volgende:

- Die reg op lewe, wat insluit die reg op die basiese middele om die lewe in stand te hou, wyses om die middele te bekom, beskerming van fisiese en psigiese integriteit, ens.
- Die reg op persoon-wees waaronder fasette soos die volgende ingesluit word: vryheid van geloof, menswaardige behandeling ongeag ras, kleur en geloof, persoonlike privaatheid en ontwikkeling van persoonlike aanleg en vermoëns.
- Die reg op 'n medemenslike bestaan wat in sy mees basiese vorm die reg op 'n huwelik behels.

Dat daar egter ook verskille bestaan, kan nie ontken word nie. Twee voorbeelde hiervan is die verskil tussen die Presbiteriaanse meer 'teologiese' en die Metodiste se meer 'polities-praktiese' benaderings, asook die Presbiteriaanse beklemtoning van 'eenheid' en die Nederduits-Gereformeerde beklemtoning van 'verskeidenheid'. Hierdie en ander verskille kom veral na vore wanneer die sosiaaletiese implikasies van die regte gekonkretiseer moet word.

Die feit dat daar wel hierdie mate van konvergensie bestaan, altans tussen die religieuse bewegings wat hierbo geïdentifiseer is — en daar is rede om aan te neem dat die konsensus moontlik wyer strek — bied 'n positiewe vertrekpunt op weg na die bevordering van konstruktiewe verhoudinge, verskille ten spyt.

*Samevatting*

Vanuit die perspektief van tussengroepverhoudinge is dit duidelik dat religie inderdaad 'n belangrike rol in die daarstel van 'n oriëntasieraamwerk oor, asook 'n regverdigingsbasis vir die interpretasie van verhoudinge kan daarstel. Trouens, hierdie rol durf nie onderskat word nie, veral nie in terme van sy psigo-sosiale dinamika nie. Religie bied potensieel 'n akkommoderingsbasis vir verhoudinge wat dreig om meer konflikgeoriënteerd as konstruktief van aard te wees. 'n Voor-

waarde sou egter wees dat die ambivalente rol van godsdiens in die samelewing begryp moet word.

## *DIE ROL VAN GESKIEDSKRYWING*

Wanneer die rol van geskiedskrywing in tussengroepverhoudinge gekyk word, is een van die kenmerkendste aspekte daarvan in Suid-Afrika die onlosmaaklike verbondenheid van die gemeenskap waaruit dit ontspruit en die wyses waarop die belange van die eie groep hanteer word. In sy verslag *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie* het die werkkomitee tot die gevolgtrekking gekom dat ten spyte van die eise van objektiwiteit en wetenskaplikheid die geskiedskrywing sterk uiteenlopende *persepsies* van die Suid-Afrikaanse samelewing weerspieël. Sodoende word 'n insig gebied in die wyse waarop die groepe hulleself en andere in die Suid-Afrikaanse werklikheid beleef. Selfs nog belangriker is, soos ook in die verslae: *Die sosiale psigologie van tussengroepverhoudinge* en *Kommunikasie in 'n verdeelde samelewing* beklemtoon is, die wyse waarop stereotipes hierdeur versterk en gekontinueer word. Nog meer persepsies word ook *gevorm* en vir die toekoms vasgelê deur die wyse waarop historiese gebeure geïnterpreteer en aangebied word, met name in die skoolsituasie. Navorsing het by herhaling bevestig dat wanneer 'n negatiewe beeld van ander groepe eers gevorm is dit uiters moeilik is om dit in belang van konstruktiewe verhoudinge aan te pas en in verband met veranderde werklikhede te bring.

Navorsing van die werkkomitee oor historiese aspekte het getoon dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis 'n versnipperde beeld van uiteenlopende vertolkings van gebeure in die Suid-Afrikaanse verlede vertoon wat dikwels in konflik met mekaar verkeer. Hierdie verskille is nie slegs die gevolg van interpretasieverskille nie, maar ook van verskillende metodologiese uitgangspunte. In hierdie opsig word die volgende uiteenlopende fokuspunte agtereenvolgens aan die orde gestel: na binne- teenoor na buite-gerigtheid, konflik teenoor samewerking en klas teenoor ras.

### *Na binne- en na buite-gerigtheid*

Die probleem van geskiedskrywing ten opsigte van tussengroepverhoudinge word uiters gekompliseerd wanneer aan die een kant erken word dat geskiedenis op die vlak van skoolonderrig vanuit die standpunt en invalshoek van die eie gemeenskap geskryf en aangebied moet word, terwyl aan die ander kant 'n simpatieke en waarderende kennismaking bepleit word met die ander groepe waaruit Suid-Afrika bestaan. Die motivering vir eersgenoemde benadering is dat indien die beginsel van 'n eie geskiedenisbenadering misken word, die onderrig van

geskiedenis beswaarlik kan meehelp tot 'n lojaliteit vir en identifisering met die eie verlede wat steeds een van die sleuteleienskappe van konstruktiewe tussengroepverhoudinge uitmaak. Om dieselfde redes kan 'n negatiewe selfbeeld en selfs verset ontstaan wanneer geskiedenis deur die bril van 'n ander groep aangebied word waarin die eie groep in 'n ongunstige lig voorgestel word. Die twee perspektiewe van "na binne- en na buite-gerigtheid" hoef nie noodwendig in botsing met mekaar te wees nie, mits die rol, plek en status van die eie groep binne die breër konteks van die Suid Afrikaanse geskiedenis geplaas word. 'n Dringende behoefte aan 'n omvattende, algemene geskiedenis van Suid-Afrika word dus geïdentifiseer waarin die rol van alle groepe (hetsy etniese groepe of klasse) en die interaksie tussen die groepe wetenskaplik gebalanseerd en billik weergegee word.

*Verskillende wyses van aanbiedinge*

Die konflikpotensiaal van die verskillende historiese skole is nie alleen daarin geleë dat dit die bestaan van verskillende persepsies bewys nie — dit is veral geleë in die *wyse* waarop die verskillende sienings aangebied word. Ter illustrasie van hierdie stelling kan op die volgende tendense gewys word:

- Die algemene neiging onder die verskillende historiografiese skole en groepe is 'n oormatige *etniese gesentreerdheid.* So byvoorbeeld is vir die Afrikaner-sentriese geskiedskrywing die begin van die Suid Afrikaanse geskiedenis 1652 toe die eerste blankes hulle aan die suidpunt van Afrika gevestig het. Die opkoms van die Afrikaner word gesien as 'n stryd wat van die begin af om selfbeveiliging, selfhandhawing en verinheemsing gegaan het. Hierdie proses het in interaksie met veral twee groepe plaasgevind — die swartmense en die Britte. In die gees van nasionalistiese geskiedskrywing is dié groepe veral beskou as 'n bedreiging vir die Afrikaner en die elemente van konflik tussen die Afrikaners enersyds en die swartmense en Britte andersyds word in besonderhede behandel.
- Koloniale en Britse geskiedskrywing sien die ontwikkelinge in Suid-Afrika as onderdeel van die groot omvattende geskiedenis van die Britse ryk. In die gees van die imperialisme is die Britse magsuitbreiding as 'n positiewe en noodsaaklike stap gesien vir die handhawing van orde en ekonomiese groei. Die vroeë liberale geskiedskrywing aksentueer veral groepvorming, mededinging en stryd tussen die verskillende bevolkingskategorieë, alhoewel daar ook gepoog word om die posisie van swartmense en bruinmense te interpreteer in hulle eie reg en nie as 'n aanhangsel tot die blanke samelewing nie.
- Die neo-liberale geskiedskrywing het onder invloed van die strewe na relevansie en betrokkenheid met die oog op verandering en die bestudering van heersende strydpunte doelbewus van 'n nasionalistiese benadering afgesien en nadruk op menseverhoudinge, sosiaal ekonomiese vraagstukke en die oorsprong en ontwikkeling van politieke vraag-

stukke van die hede gelê. Die neo-liberale historici se instelling teenoor die pre-koloniale en tradisionele swart samelewings is anders as dié van die vroeë liberales. Hulle veroordeel hierdie samelewings nie as primitief en barbaars nie, maar lê klem op hulle sosiale en politieke strukture, hulle verwantskapstelsel, hulle ekonomiese stelsel wat daartoe lei dat hulle as "peasant communities" eerder as veeboere beskryf word. In die jongste tyd is die neo-liberale benadering heftig gekritiseer deur radikale historici vir wat as die neo-liberale historici se naïewe geloof bestempel is dat kapitalisme 'n positiewe ontwikkeling en vry van rassevooroordeel, diskriminasie en uitbuiting is.

- Die swart, bruin en Indiërgeskiedskrywing is oorwegend betrokke geskiedskrywing waarin elke groep se posisie in die samelewing oorgeaksentueer word sonder plasing in die breër konteks en verband. Veral blanke eksploitasie, minderheidstatus, rassisme, diskriminerende wetgewing en konflik vorm sentrale temas in hierdie geskiedskrywing.

Hierdie voorbeelde kan verder uitgebrei word aan die hand van die ontledings van die historiese werkkomitee, maar dit bevestig voorgaande tendense, naamlik dat die eie groep as enigste oriëntasiepunt in die beskrywing en verklaring van historiese gebeure deur al die groepe gebruik word.

*Konflik en skuld*

Die aksent in die beskrywing van historiese gebeure word oorwegend op konflik geplaas, terwyl die momente van samewerking verwaarloos word. Afgesien van ander moontlike oorwegings hou die beklemtoning van konflik verband met die oorwegend na binne-gerigtheid van geskiedskrywing wat reeds hierbo geïdentifiseer is. Die mate waarin die eie groep die vertrekpunt vorm, beteken dat so 'n groep as't ware *teenoor* ander groepe geplaas word — in wese dus reeds 'n opposisionerende paradigma. Hierdie interpretasie blyk trouens ook uit die hantering van samewerking in die vorm van alliansie- en koalisievorming. Alliansies en koalisies word uiteraard veral teen 'n gemeenskaplike opponent gevorm. Samewerking tussen groepe ter vorming van konstruktiewe verhoudinge word byna geheel en al verwaarloos. Hierby kan ook opgemerk word dat konflik in sommige benaderings, o.a. groepe in die revisionistiese geskiedskrywing konflik eksplisiet as verklaringsbeginsel hanteer.

In die geskiedskrywing van alle groepe word die klem soms sterk op die skuldvraagstuk geplaas. Die fokus is dus in 'n belangrike mate daarop gerig om te bepaal watter groep(e) verantwoordelik gehou moet word vir verontregting wat groepe teenoor mekaar ervaar. Hierdie aanwys van die sondebok (die *Engelse* teenoor die Afrikaners, die *Boere* teenoor die swartmense, die *kapitaliste* teenoor die werkersklas, ens.) is waarskynlik een van die kragtigste *'argetipes'* wat groep-

vooroordeel versterk en die konflikgeoriënteerde verwysingsraamwerke potensieel aanmoedig.

*Klas teenoor ras*

Vanuit die oogpunt van die bestudering van verhoudinge beskou, is die historiografiese hantering van 'klas' belangrik. Die radikale historiografiese skole maak klassestryd 'n basiese verklaringsbeginsel in die ontleding van die ontwikkeling van verhoudinge met die gevolg dat die vernaamste analitiese konsep 'klas' is en nie ras of etnisiteit nie. Sodoende word twee fundamentele temas in die Suid-Afrikaanse geskiedenis onderskei: enersyds die vernietiging van die soewereiniteit van die swartmense deurdat hulle in politieke gemeenskappe ingetrek is en daar ondergeskikte politieke status beklee; en andersyds die feit dat Suid-Afrika in 'n markekonomie geïntegreer is en dat hier derhalwe 'n "koloniale situasie" geskep is. Een van die wesenskenmerke van hierdie radikale benadering tot geskiedskrywing is die identifisering van die kapitalistiese ekonomiese sisteem as 'n enkele wêreldsisteem met definieerbare onderdrukkende en uitbuitende kenmerke. Dit word beklemtoon as die grondoorsaak van die besondere wyse waarop die Suid-Afrikaanse geskiedenis, spesifiek die verhoudinge tussen die mense in hierdie land, ontwikkel het. Dit is ook belangrik om daarop te wys dat hierdie benadering noodwendig afwysend staan teenoor die begrip *tussengroepverhoudinge* as sodanig. Groep word in hierdie kader eng geïnterpreteer as 'n konsep wat juis 'n funksie van 'n kapitalistiese konseptualisering is.

*Samevatting*

Die verslag, *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie* toon duidelik dat die wyse waarop die verlede tans wetenskaplik benader word en as distilaat aan die gemeenskap aangebied word in 'n land soos Suid-Afrika die potensiaal het om konflik te bevorder eerder as te reguleer. Die "pictures in our minds" wat deur geskiedenis in 'n belangrike mate help vorm word, is oorwegend groepsentries, skuldprojekterend en konflik- eerder as samewerkingsgeoriënteerd. Hierdie vasstelling moet teen die agtergrond van die verslae: *Die sosiale psigologie van tussengroepverhoudinge* en *Kommunikasie in 'n verdeelde samelewing* gesien word wat naamlik die vormende invloed bevestig wat geskiedenis as oriënteringsraamwerk uitoefen op die gebied van veral skoliere en studente, maar ook almal wat met geskiedenis in aanraking kom se verhoudinge met ander groepe.

Vergelykende studies van die historiografie in ander lande met plurale bevolkingsamestellings sal na alle waarskynlikheid patrone soortgelyk aan dié hierbo op-

lewer. Immers, daar is geen rede om aan te neem dat Suid-Afrikaanse geskiedskrywing totaal geïsoleerd van die metodologie in ander lande ontwikkel het nie. Nogtans sou so 'n bewys van analogieë nie die verantwoordelikheid van Suid-Afrikaanse historici in die gebalanseerde vertolking van tussengroepverhoudinge verminder nie.

## PSIGIESE EN SOSIALE FAKTORE IN VERHOUDINGE

Sentraal in die belewing van verhoudinge staan mense se waarneming van mekaar en van groepe, hulle houdings en moontlike vooroordeel teenoor ander asook hul kontak met en gedrag ten opsigte van ander. Verhoudinge word uiteindelik op die vlak van indiwidue vergestalt. Dit is immers indiwidue van verskillende bevolkingsdele wat hoflik (of onhoflik) teenoor mekaar optree, lede van 'n vakbond en werkgewers wat 'n ooreenkoms aangaan en lede van 'n gemengde rugbyspan wat saamspeel. Waarneming, houdings, kontak en gedrag verteenwoordig die brug of verbinding tussen die indiwidu waarna hierbo verwys is, en die verhoudings tussen groepe. Trouens, aspekte soos etnisiteit en religie wat alreeds behandel is, vind hul neerslag in waarneming, houding en gedrag. Gegewe die sentrale funksie wat prosesse soos waarneming dus vervul, is dit ook nie verbasend nie dat die meeste prognoses en voorskrifte ter bevordering van konstruktiewe verhoudinge implisiet of eksplisiet byvoorbeeld die verbetering van houdings insluit.

So simplisties as wat hierdie stellings oor die sentrale rol van prosesse en konsepte soos waarneming is, so ingewikkeld is die sosiaal-psigologiese realiteite egter. Dit is gedeeltelik toe te skryf aan die kompleksiteit van hierdie verskynsels self, maar ook aan die relatief beperkte kennis daaroor sowel as die voortdurende wisselwerking tussen byvoorbeeld persepsie, houding en gedrag. Daarom is die volgende oorsig versigtig geformuleer, alhoewel die spesifieke bevindinge moontlik eenduidig mag voorkom.

In hierdie afdeling is daar eers aandag geskenk aan die vraag hoe verhoudinge waargeneem word, daarna aan houdings, dan aan kontak tussen lede van die verskillende bevolkingsgroepe en laastens aan die verband tussen houding en gedrag. Die bevindings is meestal afkomstig uit die verslae: *Die Sosiale psigologie van tussengroepverhoudinge* en *Kommunikasie in 'n verdeelde samelewing* van die Werkkomitees vir Sosiale Psigologie en Kommunikasie onderskeidelik, en in enkele gevalle uit ander navorsing.

Die begrip persepsie of waarneming is hier betreklik ruim gebruik om fasette soos bewustheid van, kennis oor, verwagtings ten opsigte van, kategorisering en die vorming van indrukke saam te groepeer. In terme van hierdie ruim interpretasie van waarneming kan verskynsels soos sosiale afstand, stereotipering en relatiewe deprivasie as indikatore van waarneming beskou word.


*Sosiale afstand*

Verskillende projekte wat vir die *Ondersoek* onderneem is, toon dat Suid-Afrikaners hulleself en die onderlinge verhouding tussen groepe in 'n variërende mate as gesegmenteer sien. So is byvoorbeeld in die meerdoelige opname gevind dat lede van al die bevolkingskategorieë perseptueel tussen groepe differensieer. Elke respondent is byvoorbeeld gevra om grafies aan te dui waar hy die verskillende groepe ten opsigte van homself plaas. Geen suggestie is gemaak oor die verwysingsraamwerk in terme waarvan die plasing moes geskied nie. 'n Grafiese voorstelling van resultate is in figuur 3.1 gegee. Alhoewel die resultate betreklik kompleks is, kom dit daarop neer dat die twee blanke taalgroepe hulleself as die naaste aan mekaar beskou en die swartmense as die verste van hulle af met die Indiërs en bruinmense ongeveer halfpad tussenin. Omgekeerd differensieer laasgenoemde drie groepe baie duidelik tussen die Afrikaans- en Engelstalige blanke groepe en beskou die Afrikaanssprekende blanke as die verste van hulle verwyder. Soos wat reeds aan die begin van die hoofstuk na aanleiding van identifisering aangedui is en verwag kon word, kom daar dus meer differensiëring as konvergensie in persepsies voor. Op hierdie punt is dit nie van wesentlike belang of hierdie perseptuele differensiëring die resultaat van ervaring, verwagtings of wat dan ook is nie — feit is dat die differensiëring in waarneming plaasvind.

Uit verskillende projekte waarin sosiale afstand in terme van situasies wat wissel van "iemand tot jou land toe te laat" tot "iemand deur die huwelik tot jou familie toe te laat", ondersoek is, kan die volgende samevatting gegee word: Van die vier bevolkingskategorieë is bruinmense en Indiërs die meeste bereid tot kontak op verskillende vlakke. Beide groepe verkies kontak met Engelssprekende blankes die meeste terwyl bruinmense met Afrikaanssprekende blankes en swartmense die minste kontak wil hê, en die Indiërs bereid is om met bruinmense en Afrikaanssprekende blankes op dieselfde vlakke kontak te hê. Indiërs is veel minder bereid tot kontak met swartmense as met die ander groepe.

Swartmense is meer bereid as blankes, maar minder as bruinmense en Indiërs om ander groepe in kontaksituasies te aanvaar. Vir swartmense is kontak met

**FIGUUR 3.1**
**WAARGENOME AFSTAND TUSSEN GROEPE**



Engelssprekende blankes eweneens die verkieslikste, terwyl kontak met Afrikaanssprekende blankes (die mins aanvaarbare) is.

Die twee blanke groepe aanvaar mekaar byna volledig op alle vlakke van kontak, maar verskil aansienlik in die mate van aanvaarding van ander groepe, en wel in soverre as wat Engelssprekende blankes, histories sowel as huidig, meer as Afrikaanssprekende blankes kontak met ander groepe aanvaar. Vir beide groepe is kontak met swartmense die mins aanvaarbare.

Uit vergelykings van navorsingsresultate wat byvoorbeeld in 1981 en 1984 uitgevoer is, blyk dat daar oor die afgelope aantal jare 'n gestadigde verandering in die bereidheid tot kommunikasie onder al die groepe voorgekom het. Al die groepe is nou meer en in 'n groter mate bereid tot kontak as wat enkele jare gelede die geval was.

In dié opsig het die Afrikaanssprekende blanke weliswaar die minste beweging in die rigting van groter bereidheid tot kontak getoon, alhoewel daar 'n groter bereidheid tot kontak op ekonomiese en werksterrein ontwikkel het. Dit val weliswaar ook op dat die Afrikaanssprekende blanke tans minder bereid tot die aanvaarding van gemengde skole is as wat vantevore die geval was. Terselfdertyd het Engelssprekende blankes se bereidheid tot kontak op sulke plekke soos strande oor die afgelope paar jaar verminder; juis terreine wat in dié tyd toenemend vir alle groepe oopgestel is.


Die blyk uit navorsing wat deur Vergnani vir die Werkkomitee: Sosiale Psigologie onderneem is dat bruinmense en Indiërs gedurende die afgelope paar jaar beduidend meer bereid tot kontak geraak het — ook ten aansien van kontak met Afrikaanssprekende blankes. Ongelukkig is vergelykbare statistiek vir swartmense nie beskikbaar nie, maar daar is wel teoretiese redes om aan te neem dat hierdie proses ook in hul geval plaasgevind het.

*Stereotipes*

Soos verwag kan word, hou die persepsies van ***kontak*** met ander groepe ook verband met die persepsies van die *groepe as sodanig*. Afrikaanssprekende blankes en swartmense is die minste bereid tot kontak met mekaar en terselfdertyd is die stereotipes van mekaar ook die negatiefste van al die groepe. Daarteenoor is daar groter bereidheid by Indiërs, bruinmense en swartmense tot kontak met Engelstalige as met Afrikaanstalige blankes en word Engelstalige blankes ook positiewer gestereotipeer. 'n Grafiese voorstelling van die gemiddelde sienswyses (stereotipes) wat die verskillende groepe oor hulself en van mekaar huldig, word in figuur 3.2 gegee en berus op navorsing wat reeds sedert 1973 deur die RGN

se Instituut vir Kommunikasienavorsing onder leiding van G. Thiele gedoen word. Stereotipes verander besonder moeilik — trouens, 'n mens kan sê dat dit deel van die sosialiseringsproses is. Die RGN-studie het byvoorbeeld oor 'n tydperk van agt jaar slegs geringe veranderinge in die intensiteit van stereoripes maar geen verandering in rigting nie (dit wil sê die volgorde waarin groepe ge-

**FIGUUR 3.2**
**GEMIDDELDE STEREOTIPE EVALUERINGS VAN GROEPE**




Nota: Swartmense: S

rangskik is), gevind. Uit die literatuur oor stereotipes blyk dat sommige etniese stereotipes 'n normatiewe karakter begin aanneem het. Hierdie normatiwiteit van die stereotipes kan negatiewe gevolge hê vir die verandering van negatiewe groepspersepsies. Dié aspek kom ook weer ter sprake by die verandering en weerstand teen verandering van houdings. So het navorsing vir die Werkkomitee: Kommunikasie onder andere getoon dat skoolhandboeke en jeuglektuur baie negatiewe stereotipes bevat. Alhoewel daar aanduidings is dat hierdie stereotipes ook in boeke en die algemene letterkunde besig is om te versag en te verminder, moet onthou word dat ten spyte van die vasstelling dat resente boeke minder negatiewe stereotipes bevat, word ouer boeke met meer negatiewe stereotipes nog steeds voorgeskryf, gelees en verfilmings daarvan op televisie vertoon.

In verband met die ontwikkeling van stereotipes moet die volgende oorwegings ook in gedagte gehou word. Stereotipes neem reeds betreklik vroeg in 'n kind se lewe vorm aan. Alhoewel navorsing hieroor nie heeltemal duidelik is nie, is dit veilig om te stel dat teen die ouderdom van ongeveer 7 jaar sosiale stereotipes reeds geïnternaliseer is. Verder is dit byna 'n gemeenplaas om te stel dat kontak tussen kinders van verskillende groepe — veral blankes met die ander en omgekeerd — prakties nie voorkom nie. Trouens die onderwysbeleid ontmoedig dit formeel. Dit volg dus dat stereotipes nie die gevolg van eerstehandse ervaring is nie. In die sosialiseringsproses kry die kind dus slegs tweedehandse blootstelling en op grond hiervan word die stereotipes gevorm.

Voorgaande kan ook van 'n ander kant af benader word: Waar groepe mekaar hoofsaaklik in vasgedefinieerde rolsituasies soos dié van toesighouer-werker in die werkplek ontmoet (kyk later), is daar weinig geleentheid om tot 'n objektiewe werklikheidsgetroue voorstelling van mekaar as individue te kom. Dit is daarom vir die individu byna onmoontlik om hom voor te stel dat hy wel op ander en meer persoonlike vlakke met lede van sulke groepe oor die weg sou kon kom. Ook indirekte kontakkanale soos die media versterk ongelukkig soms hierdie patroon van, enersyds, strakke stereotipes en, andersyds, die persepsie van relatief groot sosiale afstande.

*Relatiewe deprivasie*

Persepsie geskied altyd in terme van 'n verwysingsraamwerk — dus 'n mens neem iets in terme van sy agtergrond of omgewing waar. Juis hierdie wetenskaplike uitgangspunt lei tot seker een van die belangrikste dinamiese prosesse in tussengroepverhoudinge, naamlik die waarneming van die relatiewe posisies van groepe. Die proses wat bekend staan as relatiewe deprivasie het twee fasette: eerstens dui dit op mense se persepsies van die gaping tussen werklike en ge-

antisipeerde behoeftebevrediging; tweedens dui dit op die verskynsel dat mense se persepsie van deprivasie gebaseer is op die wyse waarop hulle hul behoeftes, en spesifiek ook die bevrediging daarvan, definieer en evalueer relatief tot die sosiale groepe waarmee hul identifiseer — dit wil sê hul *verwysingsgroepe*.

Die gedagte dat die swart Amerikaner *per capita* dertig keer meer van die wêreld se natuurlike bronne benut as die gemiddelde Pakistani, bied weinig vertroosting vir die swart Amerikaner wat sy sosiaal-ekonomiese posisie evalueer relatief tot sy verwysingsgroep, naamlik die middelklas "White-anglo-saxon-protestant" wat om die hoek woon. Welwetende watter lewenstandaarde die blankes handhaaf, voel swart Suid-Afrikaners ook nie minder benadeel omdat — volgens objektiewe kriteria gemeet — swartmense noord van die Limpopo per capita 'n veel laer lewenspeil handhaaf nie. In die meerdoelige opname is trouens gevind dat 59 % van die swartmense van oordeel was dat hul algemene lewenspeil tans laer as vyf jaar gelede is. Hierteenoor het 27 % van die blankes, 31 % van die Indiërs en 33 % van die bruinmense gesê dat hul lewenspeil gedaal het. Met ander woorde, die oorgrote meerderheid swartmense beleef hul posisie as een van verswakking en agteruitgang, alhoewel die gegewens in hoofstuk 2 aandui dat dit objektief beskou, nie altyd die geval is nie.

In dié verband verskaf 'n landwye ondersoek oor lewensgehalte wat in samewerking met die Sentrum van Toegepaste Maatskaplike Wetenskappe by die Universiteit van Natal uitgevoer is, belangrike empiriese insigte. Die metings van algehele lewensgehalte het bestaan uit vrae oor die mate van tevredenheid al dan nie met die "lewe as 'n geheel", die "lewe vir swartmense/blankes/ensovoorts in Suid-Afrika" en "geluk of welbehae". (Statistiese ontledings het getoon dat hierdie vrae betroubare indekse van lewensgehalte verteenwoordig.)

Vanuit die perspektief van tussengroepverhoudinge is die volgende bevindinge van wesenlike belang:

- Wat subjektiewe belewing van lewensgehalte betref, was die blankes die positiefste, gevolg deur Indiërs en bruinmense op min of meer dieselfde peil, met swartmense duidelik die mees ontevrede met die lewe. Die wydste kloof in lewenswaardering bestaan dus tussen swartmense en die ander groepe. Meer as 20 persent van die swartmense het hulself as "baie ontevrede" beskryf, terwyl slegs twee persent van die lede van die ander groepe hulself as baie ontevrede beskryf het. Daar bestaan 'n groot gaping in subjektiewe bestaansbelewenis tussen swartmense en lede van ander groepe.

- Die volgende omstandighede, soos subjektief beleef, hou verband met globale tevredenheid:

vermoë om die gesin te versorg; gesondheid; gehalte en hoeveelheid voedsel; die emosionele uitwerking van vergelykings met ander rassegroepe; lone en salarisse; materiële

besittings; die verwagting van materiële sekuriteit op die oudag; die toereikendheid van die woning; onderwyspeil; werkgeleenthede en beroepsvorderingsmoontlikhede.

- Die volgende van bogenoemde subjektiewe omstandighede was nie vir al vier groepe dieselfde nie. So was vergelykings met ander rasse, godsdiens, beroepsgeleenthede, materiële sekuriteit vir die oudag, geluk in die gesinslewe, en toereikendheid van die woning die belangrikste faktore vir blankes. Onder bruinmense kon vordering in die werkslewe, gesondheid, privaatheid in die woning, die mate van beskerming van misdaad, toereikendheid van die woning en vermoë om die gesin te versorg geïdentifiseer word. Vir Indiërs is geluk in die gesinslewe, onderwyspeil, kenmerke van die woonbuurt, bewegingsvryheid, vergelykings met ander rassegroepe en lone en salarisse die belangrikste. Onder swartmense blyk gesondheid, gehalte en hoeveelheid voedsel, vermoë om die gesin te versorg, sekuriteit van verblyf, onderwyspeil, die respek wat deur ander rasse getoon word en vergelykings met ander rasse die faktore te wees wat die beduidendste tot lewensgehalte bydra.

Voorgaande voorlopige ontledings vestig die aandag op 'n belangrike kenmerk van lewensgehalte in die konteks van tussengroepverhoudinge. In al die ontledings tot dusver blyk dat die *vergelyking van die eie groep met ander rassegroepe* 'n uiters sterk bydraende faktor in mense se persoonlike evaluering van die gehalte van hul eie lewens is. Deeglike statistiese ontledings toon dat die eer en aansien, of gebrek daarvan, wat aan groeplidmaatskap gekoppel word 'n belemmerende of opheffende uitwerking op die subjektiewe belewenis van die alledaagse bestaan het.

Die bevindinge van 'n ander projek wat vir die *Ondersoek* onderneem is, het eweneens bevestig dat swartmense ekonomies, polities en sosiaal beduidend meer gedepriveerd voel relatief tot ander etniese groepe as relatief tot hulle eie lidmaatskapsgroepe. Ook ervaar hulle beduidend meer relatiewe deprivasie wanneer die vergelykingsgroep blankes is as wanneer dit bruinmense of Indiërs is. 'n Belangrike uitvloeisel in hierdie verband is dat daar 'n beduidende verband is tussen 'n gevoel van relatiewe deprivasie ten opsigte van die eie ekonomiese situasie van die swartmense in vergelyking met Afrikaanssprekendes en 'n toename in die houding van militantheid. Aangesien toenemende kontak met blankes en 'n groeiende opvoedkundige gesofistikeerde leierskap meebring dat al hoe meer swartmense hul aspirasies grootliks in terme van 'n blanke verwysingsraamwerk definieer, is dit onvermydelik dat hierdie swartmense enige beperking van gelykberegting met blankes as 'n gevoel van deprivasie sal ervaar. Swartes voel dus gedepriveer relatief tot hul blanke mede-Suid-Afrikaners en nie bevoorreg relatief tot die burgery van Pakistan of Ghana nie. Samevattend dui navorsing daarop dat verskeie faktore, waaronder vinnige verstedeliking, massa-onderwys en blootstelling aan welvaartstereotipes op televisie afsonderlik en

in wisselwerking met mekaar tot twee wedersyds afhanklike gevolge onder veral die swartmense gelei het. Aan die een kant is die gevoel van uitgesluit en die slagoffers van blanke dominansie te wees — 'n persepsie wat duidelik geïntensiveer het sedert die Indiërs en bruinmense toegang tot die nuwe staatkundige bedeling verkry het. Aan die ander kant is verwagtings gestimuleer om snel te styg. Sodoende het 'n kombinasie van faktore ontstaan wat nie sonder meer en vanself sal verdwyn nie.

*HOUDINGS*

Nadat hierbo vasgestel is hoe Suid-Afrikaners mekaar en hul onderlinge verhoudinge waarneem, word daar vervolgens aan hul houdings aandag geskenk. Dit wil uiteraard nie sê dat waarneming en houdings onafhanklik van mekaar is nie. Inteendeel, hier word aanvaar dat daar 'n wederkerige verband tussen die twee fasette van die mens se gees bestaan.

Op die gevaar van oorvereenvoudiging af kan houdings beskou word as 'n oriëntasie of ingesteldheid of 'n gesindheid teenoor sosiaal relevante aangeleenthede. Houdings teenoor mense, groepe en verhoudingsaangeleenthede kan daarom baie nuttige aanduidings van die heersende tussengroepse klimaat wees. In die ontleding van tussengroepverhoudinge dien houdings ook as 'n maatstaf van vooroordeel teenoor ander mense en groepe. In die lig van hierdie konseptuele oorwegings het die werkkomitee vir sosiale psigologie 'n baie deeglike oorsig opgestel van die hele spektrum van houdingstudies wat tot dusver in Suid-Afrika uitgevoer is. In daardie komitee se verslag is die oorsig uitvoerig bespreek; enkele gevolgtrekkings word hieronder weergegee.

Vir hierdie ondersoek is sistematiese vergelykings getref tussen al die sosiaalwetenskaplike ondersoeke oor blankes se houdings wat oor die afgelope byna 50 jaar onderneem is. Uit hierdie ondersoeke blyk dat die houdings van die blanke groepe nog altyd sterk uiteenlopend was met die Engelssprekende beduidend meer positief as die Afrikaanssprekende teenoor ander groepe. Beide groepe was egter altyd die negatiefste ingestel teenoor swartmense.

In die lig van die Afrikaners se manifeste sterk identifisering met die binnegroep, soos byvoorbeeld weerspieël in die groep se mobilisering as groep gedurende die afgelope 50 jaar, verbaas dit nie dat die Afrikaners in terme van houdingsmaatstawe minder tolerant as hul Engelssprekende landgenote voorkom nie. Immers, daar is genoeg wetenskaplike rede om te aanvaar dat hoe meer 'n mens jou eie groep afgrens van ander groepe en met die eie groep identifiseer en mobiliseer, hoe meer is 'n mens geneig om 'n onderskeid tussen ander groepe te tref en tewens negatiewe houdings teenoor sodanige groepe te openbaar. Uiter-

aard is dit moeilik om in hierdie geval oorsaak en gevolg van mekaar te onderskei, maar dit is ook nie vir hierdie argument van belang nie. Wat wel van belang is, is dat die Afrikaner se strewe na die vorming en afgrensing van, en die identifisering met die eie groep psigologies byna noodwendig aanleiding moes gee tot die verwerping van die ander groepe, ten spyte van persone se waarskynlik opreg bedoelde uitsprake dat dit nie die geval is nie. Psigologies wil dit voorkom of die mens se gees gewoon nie só werk nie.

Die houdings van swartmense, en in 'n mindere mate dié van Indiërs en bruinmense teenoor blankes en spesifiek Afrikaanstalige blankes, is eweneens baie negatief. Trouens, die wedersydse houdings is as't ware spieëlbeelde van mekaar. 'n Enkele aanduiding kan uit die volgende uiteraard oorvereenvoudigde bevinding gekry word. Op 'n indeks van 'vooroordeel' wat in die meerdoelige opname ingesluit was, kon die tellings tussen 'n maksimum positiewe telling van 3 tot 'n maksimum negatiewe telling van 15 varieer. Die gemiddelde telling van swartmense was 9,2 en dié van blankes 9,6. Sosiaal psigologies beskou kan daar verskillende verklarings vir die onderskeie houdings wees — wat meteen die hele spektrum van teorieë sou betrek — maar die empiriese gegewe is dié feit dat beide groepe sterk negatiewe houdings teenoor mekaar openbaar.

Binne die raamwerk van tussengroepverhoudinge is houdings ten opsigte van geweld en militantheid besonder belangrik. Drie projekte wat in die *Ondersoek* onderneem is, het hieraan aandag geskenk. In al drie die projekte is van verteenwoordigende steekproewe onder al die bevolkingskategorieë gebruik gemaak. 'n Baie groot ooreenkoms is tussen die resultate van hierdie projekte gevind. Resultate uit die meerdoelige opname kan as verteenwoordigend beskou word: Op die vraag of geweld 'n aanvaarbare middel is vir die bereiking van politieke doelstellings het 63 % van die swartmense positief gereageer, 40 % van die Indiërs, 37 % van die bruinmense en 30 % van die blankes. Een van die ander projekte het baie oortuigend aangetoon dat die militantheid onder swartmense grootliks deur hul gevoel van ekonomiese deprivasie verklaar kan word.

Alhoewel houdings per definisie betreklik stabiel is, is hulle nie onveranderbaar nie. Daar is 'n verskeidenheid van faktore wat teen die verandering van houdings weerstand bied. In soverre van die houdings en stereotipes 'n normatiewe karakter aangeneem het (soos byvoorbeeld die skeiding van groepe op rassegrondslag wat ook in wetgewing vasgelê is) verander sulke houdings moeilik vanweë 'n bepaalde emosionele belegging in sulke genormeerde houdings. Verder word sulke geassosieerde houdings in stand gehou deur groepdruk tot konformiteit. 'n Laaste faktor wat verandering teëwerk is gevestigde belange waar bepaalde groepe oor 'n lang periode in 'n meer voordelige posisie as ander

verkeer het en die verandering moontlik die posisie kan bedreig. Ten spyte van die faktore wat weerstand teen verandering bied, blyk uit die Werkkomitee: Sosiale Psigologie se verslag dat daar oor die afgelope aantal jare by alle groepe 'n geringe verandering in houdinge teenoor ander groepe plaasgevind het en wel in die rigting van meer toleransie. Hierdie verandering onder die Afrikaanssprende blankes is in die vorm van 'n groter aanvaarding van die gelyke menswaardigheid van ander groepe gemanifesteer. Soos reeds elders aangetoon is, word hierdie verandering egter getemper in soverre baie Afrikaanssprekende blankes nog nie veel bereidheid toon om ook ander groepe in kontaksituasies as gelykes te aanvaar nie, altans nie volgens wat hulle *mondeling* beweer nie; hierdie aspek word later verder bespreek.

Dit is nodig om die bevinding dat die houdings enigsins meer positief, of minder negatief geword het, te kwalifiseer. Navorsing het naamlik getoon dat gebeure soos die Soweto-onluste van 1976 die houdings van blankes teenoor swartmense negatief beïnvloed het; in die geval van Afrikaanssprekendes onmiddellik en in die geval van Engelssprekendes enigsins later. Onluste wat betreklik gereeld in die land voorgekom het sedert 1976, het vermoedelik toleransie onder blankes verminder, terwyl blanke ondersteuning vir die nuwe grondwetlike bedeling 'n aanduiding is van groter toleransie.

*OOR VERANDERING*

'n Baie belangrike oorweging wat ten opsigte van die ontwikkeling van houdings in aanmerking geneem moet word, is dat empiriese aanduidings uit die meerdoelige opname toon dat die meerderheid van die bevolking verwag dat Suid-Afrika oor 20 jaar heelwat anders sal lyk as wat tans die geval is. Van die kant van blankes byvoorbeeld loop die verwagting in die rigting van groter mate van deelname aan die regering deur alle groepe. Soortgelyke verwagtinge kom ook van die kant van ander groepe. Onder die meerderheid Suid-Afrikaners (van 47 % van die swartmense tot 68 % van die bruinmense) bestaan daar verder die verwagting dat verhoudinge binne die volgende jaar of vyf sal verbeter. Daar kan dus gesê word dat daar nou al reeds 'n antisipasie van die verbreding van die basis van die demokrasie aanwesig is.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat al is die houdings verreweg nog nie so gunstig as wat 'n mens sou wou hê nie, beteken dit nie dat veranderde gedrag nie sal volg wanneer eksterne toestande *eers* verander het nie. Met ander woorde — die feit dat mense byvoorbeeld volgens houding daarteen gekant mag wees om iemand van 'n ander groep tot hul sportklub toe te laat, beteken nie dat hulle so 'n persoon aktief sal weier of vermy wanneer so 'n persoon om lid-

maatskap aansoek doen of eers lid is nie. Wanneer iemand werklik in 'n veranderde situasie geplaas word, reageer hy dikwels baie minder skerp as wat hy gesê het dat hy sou. Hierdie aspek word later breedvoeriger bespreek.

In verband met verandering is dit verder belangrik om in ag te neem dat die grootste probleem in die veranderingsproses is om die eerste verandering, al is dit hoe klein, te bewerkstellig. Lewin praat van die ontvriesingsfase. Die volgende fases is aansienlik makliker en onder gunstige omstandighede kan die tempo van verandering selfs toenemend versnel. In dié verband kan ook na Adam se standpunt verwys word naamlik dat "tegnokratiese" hervorming deur die akkumulasie van 'n aantal kleinskaalse hervorminge, op die ou end bevryding in die tradisionele sin van die woord toenemend oorbodig kan maak volgens die begrip van diegene wat oorspronklik behoefte aan bevryding gehad het. Verandering moet op die jeug gerig word. Daar is genoegsame bewyse uit die literatuur wat daarop dui dat hoe ouer 'n persoon word hoe sterker word norme en houdings vasgelê, teenoor kinders (veral onder die ouderdom van 10 jaar) wie se houdings nog 'n labiliteit openbaar en dus vatbaarder is vir verandering.

*WERKLIKE KONTAK TUSSEN DIE GEMEENSKAPPE*

In 'n land soos Suid-Afrika is dit belangrik om te bepaal wat die omvang van werklike kontak tussen die verskillende bevolkingskategorieë is. Te meer daar die regeringsbeleid oorspronklik eksplisiet daarop gerig was om kontak tussen mense van die verskillende bevolkingskategorieë tot die noodsaaklikste te beperk. Hiervan is talle wette, waaronder die Wet op Aanwysing van Aparte Geriewe 'n voorbeeld.

Navorsing wat in die verslag van die Werkkomitee: Kommunikasie, naamlik *Kommunikasie in 'n verdeelde samelewing* gerapporteer is, het getoon dat daar weinig kontak tussen die verskillende groepe bestaan. Die meeste kontak vind in gestruktureerde vertikale situasies plaas. Die beste voorbeelde van sodanige situasies is in die werkplek (toesighouer — werker) en in besigheidsverband (byvoorbeeld winkelassistent — kliënt). Hierdie situasie word daardeur gekenmerk dat die kontak beperk is tot formele onderwerpe, dat die persone duidelik omskrewe rolle vervul en dat die verhouding tot mekaar vooraf gespesifiseer is. Weinig tot prakties geen kontak kom in spontane sosiale situasies op die basis van gelyke status voor nie.

Navorsing het ook getoon dat die mate van kontak die resultaat is van drie faktore, nl. die persoon se eie groeplidmaatskap en agtergrond, die bevolkingsgroep van die ander persoon met wie gepraat word en sy beskouing oor en siening van die ander groep. Daar kan dus nie veralgemeen word deur te stel dat

sekere groepe nie kontak het nie; wel kan gesê word dat sekere groepe onder spesifieke omstandighede minder kontak met bepaalde ander groepe het.

'n Kritieke faktor in die gebrek aan kontak en kommunikasie tussen verskillende bevolkingskategorieë, veral tussen blankes en swartmense, is die relatief groot gebrek aan interkulturele kommunikasievaardighede. 'n Basiese voorbeeld daarvan is in hoofstuk 2 aangebied, naamlik die relatief beperkte taalvermoë van Suid-Afrikaners. Baie Suid-Afrikaners beskik gewoonlik nie oor die taalvermoë om gemaklik met lede van ander groepe te verkeer nie. Daar is verder ook ander vaardighede wat ontbreek, soos kennis van die ander se kultuur, kommunikasiegebruike, ensovoorts. Die werkkomitee vir kommunikasie het tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n uiters dringende behoefte aan opleiding in kommunikasievaardighede bestaan, veral vir diegene wat uit hoofde van hul posisies gereeld met mense van ander groepe moet skakel, maar ook vir die algemene publiek. Die probleem behoort reeds op skoolvlak aangepak te word.

As die situasie op die meer persoonlik vlak van kontak en kommunikasie daarom konstruktief uitsien, geld dit in net so 'n groot mate op die vlak van konflikhantering. In die navorsing is aanduidings gevind dat juis oneffektiewe kommunikasie — dikwels selfs die totale gebrek aan kommunikasie — in die verlede een van die primêre faktore was wat konflik tot geweld laat eskaleer het. Teen hierdie agtergrond is dit belangrik om te bepaal of daar instansies is wat in konfliksituasies kan bemiddel. 'n Deeglike oorsig het getoon dat daar feitlik geen instansies in Suid-Afrika bestaan wat op 'n professionele wyse bemiddelend tussen partye in 'n konflik kan optree nie. Wanneer die posisie in die buiteland ontleed word, blyk dit dat daar baie groot waarde aan sulke gespesialiseerde deskundiges geheg word. Gegee die hoë konflikpotensiaal in Suid-Afrika kan aandag aan dié aangeleentheid tot 'n verbetering van die situasie bydra.

'n Verdere belangrike bevinding in die navorsing was dat verskillende groepe hulle kontak met mekaar nie op dieselfde manier geëvalueer het nie. Daar is naamlik gevind dat blankes oor die algemeen hul kontak met die ander groepe beduidend positiewer evalueer as wat die ander groepe hulle kontak met blankes evalueer. Hierdie aangeleentheid is veral van kritieke belang wanneer dit gaan om kontak tussen amptenare en swartmense soos blyk uit verskillende projekte. Daar is sterk aanduidings gevind dat veral hierdie kontak en interaksie dikwels deur swartmense as onaangenaam ervaar word. Die belang van hierdie bevinding is daarin geleë dat dié ontmoetingsterrein een van die weiniges buite die werkplek is. As gevolg van die asimmetriese aard van die magsdistribusie inherent aan die wisselwerking tussen amptenaar en burger, beleef veral swartmense, maar moontlik ook ander groepe, amptenare se optrede as aanduidend

van die owerheid en veral blankes se ontoeganklikheid, gebrek aan simpatie, ens. Hierdie asimmetriese perspesie van die bevrediging wat uit kontak geput word, kan nie veel goeds vir die toekoms inhou nie. Omdat blankes dermate tevrede met hul kontak is en moontlik onbewus daarvan is of wil wees dat die ander groepe nie die kontak aangenaam vind nie, bestaan daar by hulle ook geen motivering vir verandering in die patrone van die kontak nie.

Nuwe terreine soos byvoorbeeld op die gebied van ontspanning, sport en vermaak gaan egter nou oop en dit kan daarom verwag word dat spontane en informele kontak op 'n gelyke-status basis verder kan toeneem. Projeksies van die werkkomitee vir ekonomie en arbeid dui trouens daarop dat swartmense in die toekoms toenemend tot hierdie terrein sal toetree. In die lig van die belang van hierdie terrein word daar enigsins dieper op sport as kontaksituasie ingegaan.

Uit die navorsing wat vir hierdie ondersoek onderneem is en in die verslag van die Werkkomitee: Sosiale psigologie gerapporteer is en ook uit die bevindinge van die *RGN-sportondersoek* (verslag no. 5, 1982) blyk dat daar 'n groot mate van bereidheid by die verskillende bevolkingskategorieë bestaan om op die sportveld met mekaar kontak te maak. Die belewing van sosiale afstand in die sportsituasie verskil in die geval van blankes van sportsoort tot sportsoort en het ook 'n uitwerking op houdingsvoorkeure jeens nie-rassige sport. Blankes het nie alleen differensiële voorkeurpatrone ten opsigte van die vlak van deelname (nasionaal, provinsiaal, klubvlak en skolesport) geopenbaar nie, maar het ook ten opsigte van verskillende sportsoorte uiteenlopende voorkeure gerapporteer. Relatief ruim voorkeur is verleen aan nie-rassige sport op nasionale vlak. Die houdings het egter aanmerklik verhard namate nie-rassigheid op klubvlak en skolesport aan die orde gekom het. Hierbenewens het die intimiteit wat sekere sportsoorte teweeg gebring het ook 'n uitwerking op houdingsvoorkeure gehad. 'n Groot mate van bereidwilligheid tot gemengde deelname is byvoorbeeld in die geval van rugby/sokker gerapporteer. In die geval van 'n sportsoort soos swem, is 'n veel groter mate van teenstand gerapporteer.

Hierdie tendense is egter nie by Indiërs, bruinmense en swartmense gevind nie. Al drie hierdie bevolkingskategorieë was in bykans ewe groot mate ten gunste van nie-rassige sportdeelname — ongeag die vlak van deelname of die sportsoort wat ter sprake is.

Ook wat deelgebruik van ontspanningsfasiliteite betref, het duidelike verskille in die houdingspatrone van blankes aan die een kant en Indiërs, bruinmense en swartmense aan die ander kant voorgekom. Laasgenoemde drie groepe was weer eens in veel groter mate as blankes ten gunste van deelgebruik van ontspanningsfasiliteite en dit wil voorkom of hulle persepsie en belewing van sosiale

afstand anders is as dié van die blanke. Dit is moontlik dat sosiale afstandsbelewing hier glad nie relevant is nie, maar dat dit eerder gaan om die opeis van regte in 'n gemeenskap wat dit nie aan al sy lede op alle terreine gun nie.

Die impak van sosiale afstandsbelewing kom veral sterk na vore by die blanke wanneer nie-rassige ontspanning aan die orde kom. Hoe intiemer die ontspanningsaktiwiteite hoe minder geneë was blankes tot deelgebruik met lede van ander bevolkingskategorieë. Deelgebruik van openbare strande, vakansie-oorde en swembaddens het 'n veel groter mate van afkeur uitgelok as openbare sportgeriewe en vervoer.

Alhoewel daar onder blankes bepaalde reserwes oor gemengde sport en ontspanning bestaan — dit kom nie by die ander groepe voor nie — gee hierdie projek rede om te verwag dat sport 'n belangrike kataliserende situasie kan wees waar vrywillige kontak op 'n horisontale vlak tot konstruktiewe verhoudinge kan lei.

Samevattend kan gestel word dat daar alle rede is om aan te neem dat kontak in gelyke statussituasies vir beide partye meer en in 'n gelyker mate bevrediging sal bring. 'n Noukeurige en omvattende ontleding van die literatuur het dan ook aangetoon dat kontak as sodanig nie sonder meer houdingsveranderinge teweegbring nie. Dus, die feit dat meer kontak tussen verskillende groepe moontlik mag plaasvind, beteken nie noodwendig dat die groepe mekaar positiewer gaan evalueer nie. *Trouens, bewyse word ook in die literatuur gevind waar kontak negatiewe evaluerings en vooroordele versterk.* Die primêre voorwaarde vir kontak om 'n aanleiding tot die positivering van houdings te gee, is dat sodanige kontak spontaan, informeel, tussen mense van gelyke status en op 'n vriendskaplike basis moet geskied. In dié verband kan weer na die feit verwys word dat daar so min van hierdie tipe kontak plaasvind.

## *WOORD EN DAAD — HOUDING EN HANDELING*

Voorgaande oorsig van die stand van groepe se houdings teenoor mekaar bring die baie belangrike vraag na die verwagte gevolge van hierdie houdings vir gedrag teenoor mekaar na vore. Anders gestel: Kan daar verwag word dat sommige Suid-Afrikaners noodwendig negatief teenoor mekaar moet *optree,* omdat hulle sê dat hulle nie van mekaar hou nie of byvoorbeeld nie dieselfde werk as ander groepe wil verrig nie, of geweld as 'n oplossing sien?

Volg dade noodwendig uit woorde of houdings?

Die verslag van die Werkkomitee: Sosiale Psigologie het duidelik aangetoon dat daar nie 'n een-tot-een-verhouding tussen houdings en gedrag bestaan nie. Inligting slegs oor mense se houdings is hopeloos onvoldoende as basis vir die voor

spelling van hoe hulle gaan optree. Houdings dui hoogstens 'n psigiese en sosiale klimaat aan. Gedrag is 'n funksie van onder andere die volgende faktore: ervaring, geleenthede, vermoëns, motivering, modelle, verwysingsgroepe en geantisipeerde of reële resultate van gedrag. Hierdie kwessie is veral aktueel in die lig van die blankes, veral Afrikaanssprekendes, en swartmense se skynbaar gepolariseerde negatiewe houdings teenoor mekaar. In verskillende ondersoeke en teoretiese ontledings kan inligting gevind word wat afleidings uit verbale aanduidings van strakke en ekstreme houdings nuanseer. Dikwels is daar ook 'n aansienlike gaping tussen mense se breë ideologiese oriëntasies en hul houdings jeens spesifieke aangeleenthede. Persone wat byvoorbeeld normaalweg 'n konserwatiewe lewensbeskouing het, kan dikwels 'n redelik "liberale" standpunt ten opsigte van bepaalde sosiale stydvrae inneem.

'n Projek wat vir die *Ondersoek* onderneem is, het aangetoon dat byna 25 % van Afrikaanssprekende respondente in drie oorwegend baie konserwatiewe dorpe van mening was dat die huidige regering te stadig met sy hervormingsplanne beweeg, terwyl 54 % van oordeel was dat daar reeds jare gelede 'n begin gemaak moes gewees het met pogings om die ander groepe se lot te verbeter. In hierdie selfde studie het meer as die helfte van die Afrikaanssprekende blankes saamgestem met die stelling dat toenemende kontak die moontlikheid van konflik tussen die groepe verminder. Dikwels is daar ook 'n aansienlike gaping tussen mense se breë ideologiese oriëntasies en hul houdings jeens spesifieke aangeleenthede. Persone wat byvoorbeeld normaalweg 'n konserwatiewe lewensbekouing het, kan dikwels 'n redelik "liberale" standpunt ten opsigte van bepaalde sosiale strydvrae inneem.

Met die nodige versigtigheid sou uit voorgaande tipe bevindings afgelei kon word dat die basies baie konserwatiewe houding van Afrikaanssprekende blankes nie noodwendig beteken dat veranderinge in die rigting van konstruktiewe en akkommodatiewe verhoudinge teengestaan sal word nie. Die toleransiedrempel vir verandering is na aangeneem kan word, hoër as wat resultate van houdingstudies alleen aantoon.

In dié verband is dit voorts belangrik om daarop te let dat wanneer mense eers een keer teenoor mekaar gehandel het, ongeag wat hulle houding vooraf was, hul houdings gewoonlik dan in lyn met hul gedrag gebring word. Dus: houdings volg op en vloei voort uit gedrag. Hierdie vasstelling het baie belangrike implikasies vir die interpretasie van die Suid-Afrikaanse bestel. Vandaar die vroeëre afleiding dat vrywillige intergroepkontak op gelyke vlak bevorderlik vir gesindhede behoort te wees. Terselfdertyd hou hierdie stelling ook groot waarskuwings in. Suid-Afrika word die afgelope tyd — veral sedert 1976 — geken-

merk deur 'n kringloop van konfrontasie en geweld tussen veral, maar nie uitsluitlik nie, swart jeugdiges en die polisie. Weliswaar is die polisiemag uit lede van al die bevolkingskategorieë saamgestel, maar daar kan aanvaar word dat die polisiemag as die verteenwoordigers van die blanke establishment gesien word. Dit gaan om aksies en reaksies en dit hang van die betrokkene se eie oriëntasie af wat oorsaak en wat gevolg is. Dieperliggende oorsake — omverwerping van die bestaande orde of bevestiging daarvan — hoef nie betrek te word nie om tot die gevolgtrekking te kom dat hierdie kringloop van konfrontasie en geweld vir diegene wat daarby betrokke is, polarisering van houdings en diep kompromittering tot die noodwendigheid van destruktiewe konflik lei en verder sal lei. Vanuit 'n sosiaal-psigologiese perspektief beskou, is hierdie een van die grootste konflikgenererende faktore — 'n bose kringloop van destruktiewe konflik.

## DIE ROL VAN MASSAKOMMUNIKASIE

In die lig van die beperkte omvang van kontak en die negatiewe wedersydse houdings en stereotipes, moet aandag aan die rol van die massamedia geskenk word. Die vraag word nog aktueler na aanleiding van die toename van geweld in tussengroepverhoudinge en die media se dekking daarvan.

Die massamedia word in baie lande van die wêreld op een of ander wyse met konflik tussen groepe geassosieer. Kommissies wat byvoorbeeld ondersoek na onluste in die Verenigde State van Amerika, Engeland en Suid-Afrika ingestel het, het byna sonder uitsondering ook aandag aan die rol of vermeende rol van die media geskenk. Trouens, die sogenaamde Steyn-kommissie* se opdrag het spesifiek verwys na die invloed van die massamedia in verhoudinge. Dit is ook nie verbasend dat die vraag oor die media gevra word nie, aangesien die media die enkel belangrikste verspreider van inligting beskikbaar is — die alomteenwoordige waghond.

Die rol van die media is in die Werkkomitee: Kommunikasie se verslag: *Kommunikasie in 'n verdeelde samelewing* deeglik in oënskou geneem. Vir doeleindes van hierdie bespreking is die volgende fasette uitgelig: omvang, dekking, toegang tot die media, beheer, en effekte.

### *OMVANG*

Vanuit 'n tegnologiese oogpunt beskou, is die media in Suid-Afrika die verste in Afrika ontwikkel. Deur die infrastruktuur en ander hulpbronne vorm Suid-

---

*Kommissie van Ondersoek na die Massamedia

Afrika deel van 'n wêreldketting van informasieverspreiding. Een van die gevolge hiervan is dat die situasie tussen groepe, die konflik, uitsprake van leiers en soms dié van die gewone man op straat potensieel en dikwels in werklikheid onmiddellik wêreldkundig gemaak word, 'n kringloop van reaksies en teenreaksies ontlok, dikwels nog voordat dit op die hoofnuusuitsending van Suid-Afrikaanse televisie aangebied is. Hierdie verskynsel doen hom voor as gevolg van verskillende faktore waaronder die feit dat openbare en ander beheermeganismes die vrye binnelandse vloei van inligting enigsings filtreer. Die publiek ontvang dus nie altyd 'n geheelbeeld van gebeure en ontwikkelinge nie. Die verskynsel is ook ten dele 'n funksie van die aard, verteenwoordiging en dekking deur die Suid-Afrikaanse media. Nogtans, die relatiewe groot mate van vryheid wat die pers in Suid-Afrika geniet, maak daarvan 'n belangrike faktor in die verspreiding van inligting oor die opsies, implikasies en gevolge van sekere optredes van owerheidsinstansies en aksies en reaksies van ander belangegroepe; dit verskaf 'n diskussieforum en vervul 'n waghondfunksie oor magsoorskryding, manipulasie, ens.

*DEKKING*

Vanuit die oogpunt van tussengroepverhoudinge het die verslag van die Werkkomitee: Kommunikasie oortuigend aangetoon dat die koerante seksionele belange bevorder deurdat elke koerant 'n bepaalde ideologiese standpunt oor die ordening van verhoudinge propageer.

Op die een pool van die ideologiese spektrum is die sogenaamde alternatiewe pers wat sterk uitgesproke teen die huidige blank georiënteerde bewind is en wesenlik pleit vir 'n totale nuwe orde in Suid-Afrika. Daarnaas kan die Engelstalige swart pers gelokaliseer word wat ook intens krities teen die huidige bedeling en die blanke hantering van sake gekant is, maar meer tegemoetkomend of akkommoderend is. Ongeveer in die middel is die Engelstalige blanke pers geleë met 'n kritiese ingesteldheid teenoor die huidige reëling van verhoudinge dog positief waarderend vir enige progressiewe ontwikkeling, maar soms ietwat ontwykend oor die ideale vorm van institusionalisering van verhoudinge. Nader aan die ander pool word die Afrikaanstalige pers aangetref wat in variërende mate die bestaande bedeling steun, maar eksplisiet pleit vir groter akkommodering van ander groepe. Op die verste pool kan die sogenaamde konserwatiewe Afrikaanse pers gevind word wat in wese 'n terugkeer na en volledige deurvoer bepleit van wat beskryf sou kon word as 'n Verwoerd-model van verhoudinge.

Wat radio en televisie aanbetref, is die dekking van tussengroepverhoudinge ook in wese seksioneel. Die SAUK se selfverklaarde voorneme is wel om

verhoudinge tussen die verskillende bevolkingskategorieë te bevorder, maar dit beteken in werklikheid verhoudinge soos essensieel gedefinieer deur die huidige regering. Hier kan dus ook nie sprake van 'n volledige billike weergawe van die hele spektrum van die Suid-Afrikaanse werklikheid wees nie.

Uit die ontledings en interpretasies van die betrokke werkkomitee blyk dit dus dat Suid-Afrikaanse leser, luisteraar en kyker wat hoofsaaklik op een kommunikasiemedium aangewese is, 'n eensydige blik op groepe, hul onderlinge verhoudinge, beleid en alternatiewe perspektiewe op beleid kry. Dit bring die vraag na vore na die mate waarin die publiek wel verskillende media gebruik.

*TOEGANG TOT DIE MEDIA*

'n Baie groot persentasie van die totale bevolking het toegang tot die gedrukte media, radio en televisie. As sodanig het 'n groter persentasie van die hele Suid-Afrikaanse bevolking toegang tot die verskillende media as wat vir elke ander land in Afrika en selfs ook vir al die Afrika-lande gesamentlik geld.

Hierdie blootstelling is egter nie eweredig oor die verskillende bevolkingskategorieë en besondere media heen versprei nie. So blyk dit byvoorbeeld dat bruinmense die wydste spektrum van blootstelling het, naamlik die Afrikaanse en Engelse boek, radio en televisie sowel as Afrikaanstalige en Engelstalige pers en enkele swart media. Kort op hul hakke volg die Afrikaansprekende blanke, wat egter kwalik enige toegang tot swart media het. Daarenteen het die ander groepe 'n ietwat meer eensydige blootstelling naamlik hoofsaaklik Engelstalige media. Weliswaar is hul blootstelling aan radio en televisie ook groot. Terselfdertyd moet opgemerk word dat swartmense na verhouding veel meer aan 'blanke media' blootgestel word as wat blankes blootgestel word aan media wat primêr vir swartmense bedoel is.

Uit voorgaande kan dus afgelei word dat 'n baie wye spektrum van die Suid-Afrikaanse werklikheid in Suid-Afrikaanse media gedek word. In die mate waarin verskillende bevolkingskategorieë egter slegs bepaalde media gebruik, kry hulle dus 'n eensydige blik op daardie geskakeerde werklikheid.

Die asimmetrieë in toegang tot die media wat so geïdentifiseer is, is 'n ingewikkelde resultaat van verskeie faktore waaronder die taligheidskarakter van die land, die vlak van geletterdheid, beskikbaarheid en ideologies-seksionele aard van die mediawese in Suid-Afrika, maar hieroor later meer.

*BEHEER*

Vanuit die perspektief van tussengroepverhoudinge beskou, moet die kwessie van toegang tot die media ook binne die konteks van kontrole oor en eienaarskap van die media oorweeg word. Daarom moet daarop gewys word dat alle gedrukte media deur blankes besit word, alhoewel daar 'n variërende mate van redaksionele vryheid bestaan. In die geval van die uitsaaimedia is die topbestuur van die SAUK blank, nieteenstaande 'n beduidende redaksionele inset deur lede van ander bevolkingsgroepe en die werklike kontrole setel dus in die hande van blankes. Uiteraard het die nuwe konstitusionele bedeling per definisie hierdie situasie verander, maar dit is nog te vroeg om die presiese gevolge hiervan te bepaal.

Hoe dit ook al sy, moet hierdie stand van sake as potensieel konflik-genererend beskou word, altans oor die lang termyn geoordeel. Trouens, die kritiese skool van kommunikasie beskou juis hierdie aspek, veral soos in Suid-Afrika gemanifesteer, as die grondliggende oorsaak van konflik — as konflik self. Hierdie beoordeling oor die langtermyngevolge van die kontrole oor die media beteken natuurlik nie dat groter inspraak van ander groepe nie oor die kort termyn spanning sou kon genereer nie.

*EFFEKTE VAN DIE MASSAMEDIA*

Die kwessie van die effekte van inligting veral soos versprei deur massakommunikasie moet in hierdie verslag met groot versigtigheid benader word. Hierdie versigtigheid is uiteraard genoodsaak deur die navorsingsprobleem dat dit in werklikheid byna onmoontlik is om reglynige gevolgtrekkings oor die effekte van enige samelewingsinstelling te maak.

Wanneer oor die effekte van massakommunikasie op die verhoudingsbestel besin word, moet noodwendig met die omvang en vryheid daarvan begin word. Die relatief groot mate van vryheid wat die pers in Suid-Afrika geniet, maak dit 'n belangrike faktor in die verspreiding van inligting oor die opsies, implikasies en gevolge van sekere optredes van die regering en ander belangegroepe. Dit verskaf 'n diskussieforum en vervul 'n waghondfunksie oor magsoorskryding, manipulasie, ensovoorts. In die onlangse referendum oor die nuwe grondwet het die media waarskynlik meer as die politici die publiek oor die voor- en nadele van die beoogde stelsel ingelig. Daar is empiriese aanduidings dat die geykte stereotipe uitbeelding van groepe en hul verhouding tot mekaar deur die media besig is om te verminder, wat 'n beduidende invloed op die afbreek van vooroordele kan uitoefen. Solank as wat die oorskakeling van "wit" politiek, vermaak en sport na die "swart" eweknie slegs deur die draai van 'n knop kan

plaasvind, moet verwag word dat wedersydse beïnvloeding steeds sal toeneem. Die Wes-Duitse media het 'n soortgelyke effek op Oos-Duitsland gehad en het grootliks meegehelp om verhoudinge te ontvries. "In the end, the logic of the evidence or the appeal of the entertainment triumphs over ideological intent or artificially decreed divides" (aldus Adam). Maar dan moet die media vry bly.

In hierdie verband moet die opvoedkundige funksie van veral radio en televisie natuurlik ook as bevorderend van verhoudinge gereken word. Mits die nuwe opvoedkundige inisiatiewe van die SAUK op 'n professionele wyse deurgevoer kan word *en* met die nouste samewerking van die teikengroepe kan plaasvind, is daar rede om te aanvaar dat hierdie media 'n bydrae kan maak om die onderwysagterstand onder sommige groepe te verlig.

Navorsing wat in die betrokke werkkomitee se verslag gerapporteer is, bevat redelik sterk aanduidings dat die media suksesvol is om sy eie agenda van prioriteite op die gebied van verhoudinge na sy gebruikers oor te dra. Op sy minste wil dit aan die hand van plaaslike sowel as oorsese literatuur voorkom of die media, veral dan televisie, maar selfs ook media soos ontspanningslektuur, daarin slaag om *bestaande* houdings en persepsies by die publiek te herbevestig.

Die kwessie van herbevestiging van bestaande houdings en persepsies van verhoudinge (die inhoud en vorm waarvan reeds behandel is), moet saamgelees word met die vroeëre verwysing na die feit dat geen Suid-Afrikaanse medium op sy eie billik in sy dekking van die hele Suid-Afrikaanse werklikheid is nie. Met ander woorde, 'n gegewe medium stel nie sy kykers, luisteraars of lesers bloot aan "die ander kant van die saak" nie. Word hierdie twee navorsingsbevindings saamgelees, beteken dit dat motivering vir dialoog tussen die verskillende bevolkingskategorieë eintlik gering is. Die mediagebruiker word selde in vertwyfeling gebring oor die geldigheid van sy eie standpunte. Dit wil voorkom of hier sprake van 'n bose kringloop is. Die enigste uitsonderings wat hoegenaamd hierdie bose kringloop minstens van die een kant af belemmer, is die volgende: Die Afrikaanse letterkunde vir die Afrikaanse leser; radio en televisie vir diegene wat teen die bestaande orde is. In laasgenoemde verband moet enersyds die relatief lae geloofwaardigheid van die SAUK in die oë van hierdie betrokkenes verreken word, asook die relatief hoë blootstelling van hierdie groepe aan die SAUK se uitsendings.

Ondersoeke na onluste in Suid-Afrika en elders in die wêreld kon nie bewyse vind dat mediadekking van verhoudingsaangeleenthede die oorsaak van die uitbreek van geweld was nie. Daar is wel suggesties en selfs aanduidings dat mediadekking die verspreiding en moontlike intensivering daarvan kan bevorder. In die mate wat hierdie gevolgtrekking korrek is, word die bepaling van die rol

van die media in konflikgenerering besonder kompleks. Die konflik is immers reeds aanwesig. Maar soos lord Scarman wat in die werkkomiteeverslag aangehaal is, gewaarsku het: *But I do urge editors and the producers to accept that there is also a responsibility to assess the likely impact on events of their own reporting of them, to ensure balance in the coverage of disorder, and at all times to bear in mind that rioters, and others, in their exhibition of violence respond alarmingly to what they see (wrongly, but understandably) as the encouraging presence of the TV camera and the reporter.*

Oorsese navorsing dui daarop dat die massamedia se invloed ten tyde van snelle sosio-politieke veranderinge sterk toeneem. Vergelykings dui daarop dat die huidige toestand in Suid-Afrika as een van snelle sosio-politieke verandering beskryf kan word en daarom is die hipotese dat die media se invloed ook sal vergroot, waarskynlik korrek.

## *GEVOLGTREKKING*

Een van die belangrikste gevolgtrekkings wat uit die ontleding van die massamedia se rol in tussengroepverhoudinge voortvloei, is die potensiële belang daarvan vir verhoudinge, maar dat daar só weinig werklike uitruil van inligting oor verhoudinge plaasvind. Wesentlik word mediagebruikers nie aan die volle spektrum van die werklikheid oor groepe en hul verhoudinge blootgestel nie. Bestaande stereotipes word steeds versterk alhoewel minder as vantevore, en mense word nie gemotiveer om meer inligting oor ander te bekom nie. Polarisering eerder as dialoog moet volg. Dit is onwaarskynlik dat mense onder hierdie omstandighede andere se persepsies sal begryp, hulle behoeftes sal waardeer, of 'n waarheidsgetroue voorstelling sal kan vorm oor verwagtings en aspriasies, ideale en vrese, toleransiedrempels en -plafonne, uniekhede en universaliteite, breedte en diepte van belewing asook skyn en realiteit van optrede.

Op hierdie wyse realiseer die media nie sy potensiaal deur daadwerklik tot die vermindering van konflik in Suid-Afrika by te dra nie, ten spyte van die feit van die beskikbaarheid van die media wat die potensiaal het om 'n wesentlike rol te speel.

## SAMEVATTING

Suid-Afrikaners het uiteenlopende belewinge van hulself, van ander en van hul onderlinge verhoudinge. Terwyl etnisiteit 'n realiteit is, het die statutêre institusionalisering daarvan by baie mense 'n reaksie teen identifisering met etniese groepe laat ontstaan. Bevindings oor houdingspatrone, stereotipes, kontak en die ambivalente rol van godsdiens, geskiedskrywing in die massamedia daarin dui sterk op 'n verdeelde en gepolariseerde samelewing.

# HOOFSTUK 4

# DIE STRUKTURERING VAN VERHOUDINGE

In die voorafgaande hoofstuk is hoofsaaklik gekonsentreer op mense se belewenis en ervaring van Suid-Afrika se plurale maatskaplike orde. By implikasie is verhoudinge in daardie hoofstuk as 'n proses oftewel dinamies ontwikkelende wisselwerking tussen mense beskou. Enige proses neig om vaste patrone aan te neem en sodoende dus gestruktureer te raak. Die tema van hierdie hoofstuk is dan juis die menslike diversiteit en groepgedifferensieerde patroon van die Suid-Afrikaanse samelewing soos wat dit histories in bepaalde primêre sosiaal-ekonomiese, administratiewe, juridiese, politieke en konstitusionele strukture neerslag gevind het. Aandag sal ook gegee word aan die vraag in welke mate hierdie strukturele komponente van die Suid-Afrikaanse maatskaplike orde funksioneel of disfunksioneel vir demokratiese tussengroepverhoudinge gereken kan word.

Soos uit die sisteembenadering afgelei kan word en in die vorige hoofstuk ook gestel is, kan strukturering nie los van belewing geïnterpreteer word nie, net so min as wat belewing sonder struktuur sin maak. In hoofstuk 5 word die gesamentlike resultaat van belewing en struktuur egter aan die orde gestel.

Uiteraard is al die strukture wat hier behandel word, nie almal ewe vas gekristalliseer nie. So bestaan daar klaarblyklik relatief meer 'buigsaamheid' ten opsigte van die vormgewing van verhoudinge op die ekonomiese en arbeidsterreine as in die geval van die staatkundige terrein. Anders gestel die grense is in eersgenoemde geval enigsins vaer as in laasgenoemde geval. Die strukture wat hier behandel word, hou verband met arbeid en ekonomie, owerheidsadministrasie, die juridiese sisteem en laastens staatkundige en grondwetlike instellings.

## EKONOMIESE OORWEGINGS

In alle gemeenskappe het die onderskeie groepe en klasse botsende ekonomiese belange in sommige en gemeenskaplike belange in ander opsigte. In die ekonomiese sfeer is dit dus nie moontlik om 'n botsing van belange uit te skakel

nie. Dit is egter van die grootste belang dat die botsende belange nie van so 'n omvang moet wees dat dit destabiliserend op die ekonomie inwerk nie.

Sedert die aanvaarding van die Wiehahn-verslag is heelwat gedoen om botsinge in die arbeidsveld beter te akkommodeer. Op hierdie stadium het al die hervormings egter nog nie deurgesuur nie, en is dit dus moeilik om te oordeel welke probleme van 'n bloot verbygaande aard is.

In hierdie afdeling word eers die ekonomie en daarna arbeidsaangeleenthede behandel. Statistiese besonderhede wat reeds in hoofstuk 2 behandel is, word nie weer hier herhaal nie, alhoewel kruisverwysings daarna nodig kan wees.

## *DIE EKONOMIE*

Die volgende oorsig van ekonomiese faktore wat verhoudinge in Suid-Afrika beïnvloed, is hoofsaaklik ontleen aan die verslag van die werkkomitee vir ekonomie en arbeid. Die volgende aspekte word agtereenvolgens behandel: Ekonomiese groei, indiensneming waaronder die informele sektore ook in aanmerking geneem word, verdienste asook rykdom en laastens sosiale voorsieninge.

### *Ekonomiese groei*

Volgens die werkkomitee vir ekonomie en arbeid is "ekonomiese groei . . . een van die belangrikste determinante van toekomstige tussengroepverhoudinge." Hierdie uitgangspunt berus op die onlosmaaklike verband tussen groei en verdienste, werkskepping en indiensneming asook bekostigbare sosiale voorsieninge. Hieruit volg dit byna vanselfsprekend dat hoe laer die verwagte en gerealiseerde groeikoers in die volgende aantal jare, hoe groter die verskille tussen groepe en hoe groter die kanse op 'n intensifisering van konflik.

Uit 'n ontleding van verskillende projeksies vir die volgende 15 jaar blyk dat dit onrealisties sou wees om 'n groeikoers van meer as vyf persent per jaar te verwag. In hierdie lig word verwag dat die gemiddelde groeikoers êrens tussen drie en vyf persent sal wees, alhoewel selfs dit moontlik 'n optimistiese verwagting kan wees. Om die invloed van die vlak van die groeikoers te demonstreer, kan byvoorbeeld daarop gewys word dat 'n groeikoers van drie persent per jaar slegs 'n styging van 15 % in reële inkomste per capita vir alle groepe sal beteken teenoor 69 % indien die gemiddelde groeikoers vyf persent sou wees.

Dit is egter nie alleen die absolute vlak van groei wat belangrik is nie, maar óók die aard en aanwending daarvan. So is die snelle groei van die sestigerjare veral ter verbetering van die blanke se posisie aangewend, met die gevolg dat

die inkomstegaping verder vergroot het en armoede onder die ander groepe nie noemenswaardig verminder het nie. Die veel beskeier groei van die sewentigerjare het egter as gevolg van die stel van ander prioriteite in die aanwending daarvan wel die inkomstegaping reëel vernou en armoede verminder. Hieruit kan afgelei word dat die aard en aanwending van groei net so belangrik is as die omvang daarvan.

*Indiensneming*

Uit die verslag van die Werkkomitee: Ekonomie en arbeid blyk dat werkloosheid onder swartmense beduidend hoër as onder die ander groepe is, terwyl dit onder blankes die laagste is. Hierdie patroon is die resultaat van 'n komplekse wisselwerking tussen onder andere die volgende faktore: algemene toestand van die ekonomie, vlak en kwaliteit van opleiding, kapitaal intensiewe industrialisering en vertegnologisering, diskriminerende wetgewing, differensiële verstedeliking, ensovoorts.

'n Gemiddelde jaarlikse groeikoers van vyf persent is nodig om, ander sake gelykgestel, te voorkom dat hierdie vlakke van werkloosheid verder styg. Sou die bevolkingsaanwas egter teen die huidige ongeveer 2,6 % jaarliks bly groei, sal werkloosheid noodwendig toeneem. Indien die huidige reëlings ten opsigte van instromingsbeheer van krag bly, volg dit dat die grootste gedeelte van hierdie werkloses in die nasionale state gekonsentreer sal wees. Onder toestande van lae ekonomiese groei sal tussen 50 en 54 % van die arbeidsmag, naamlik tussen 9,3 miljoen en 9,7 miljoen mense teen die jaar 2000 werkloos wees.

Voorgaande gegewens en projeksies beklemtoon die onvermydelike rol wat die nie-formele sektor as veiligheidsnet sal speel. Indien die landbousektor, soos dit tans daaruit sien (met toenemende meganisering, konsolidering in groter eenhede, ensovoorts), nie herstruktueer word nie, sal dit nie meer mense kan absorbeer nie. Gevolglik sal die nie-formele sektor radikaal groei om werkloses wat geen ander heenkome het nie, te akkommodeer — veral wanneer die toenemende verstedeliking in aanmerking geneem word. Aangesien hierdie sektor nie kapitaalintensief is nie — die skepping van een werkgeleentheid kos minder as een tiende van wat dit in die formele sektor kos — en dit 'n noodsaaklike leerskool in ondernemerskap bied, dra almal grootliks daartoe by dat hierdie sektor met die mins moontlike owerheidsinmenging toegelaat moet word om uit te brei en sodoende in staat gestel word om 'n beduidende persentasie van die toenemende getal werkloses op te vang.

Die konflikgenererende gevolge van werkloosheid vir tussengroepverhoudinge is talryk en besonder ernstig. Enkele van die belangrikste negatiewe uitwerkings op die verhoudinge tussen groepe is die volgende:

- Verhoogde mobiliteit as gevolg van die soek na werk en die gepaardgaande toenemende gesinsontwrigting. Hierdie disfunksie word vererger deur die hele kwessie van instromingsbeheer.
- Verhoging van die subjektiewe gevoel van reddeloosheid en 'n siening dat niks verbeter kan word nie, wat ook al gebeur. Sou die gevolg onder ouer geslagte 'n apatiese houding wees, soos sommige navorsers in die *Ondersoek* tot die gevolgtrekking gekom het, beteken dit terselfdertyd dat hierdie ouers in ieder geval nie aan die jeug dinamiese en konstruktiewe leiding sal gee nie. Daar is aanduidings dat juis hierdie verskynsel hom tans in die Oos-kaap manifesteer waar die werkloosheidsyfer op so hoog as 25 % gestel word. Daar is rede om te aanvaar dat daar 'n direkte korrelasie tussen die toename in werkloosheid en die waarskynlikheid van onrus is. In Suid-Afrika het onrus per definisie 'n tussengroepkonnotasie.
- Groter eise aan sosiale voorsiening wat reeds nie pariteit tussen groepe bereik het nie. Soos later in hierdie bespreking aangedui word, sal die druk op finansiële bronne om sosiale voorsiening te verbeter, steeds toeneem. Toenemende werkloosheid sal die situasie vererger.
- Toename in anomiese gedrag soos misdaad met gevolglike botsings met die gereg. Op hierdie wyse word swart persepsies van 'n wrede blanke sisteem en negatiewe blanke persepsies van swartmense in 'n bose kringloop versterk. In dié verband kan gegewens in die vorige hoofstuk ook in gedagte gehou word.
- Groter mate van aanvaarding van geweld as enigste oplossing vir verhoudingsprobleme en 'n verhoging van die moontlikheid dat jong mans militêre opleiding in die buiteland sal ondergaan.
- 'n Verdere aksentuering van die konvergensie van klas en ras wat konflik akkommodering soveel moeiliker maak (vgl. Rhoodie, 1983). Hierdie moontlikheid is baie reëel in die lig van die verskil in die werkloosheidsyfer onder swartmense relatief tot die ander groepe.

Voorgaande negatiewe effekte van werkloosheid in aanmerking genome, volg dit dat werkskepping — beide in formele en nie-formele sektore — vanuit die oogpunt van die voorkoming van 'n verdere eskalering van konflik 'n besonder dringende prioriteit is.

### *Verdienste en armoede*

In hoofstuk 2 is 'n uiteensetting van die verhoudings van per capita inkomste van die ander bevolkingskategorieë tot dié van die blanke gegee. Daaruit het

dit geblyk dat swartmense se gemiddelde inkomste opvallend laer as die van die ander groepe, veral die blankes is. Volgens gegewens vir 1983 varieer die mediaan verdienste van swartwerkers tussen 59 en 65 % van dié van blankes oor die vlakke van ongeskoold tot geskoold. Klaarblyklik is hierdie verskille 'n komplekse funksie van 'n groot aantal faktore. Nogtans is dit 'n realiteit, wat soos reeds in hoofstuk 3 aangetoon is, 'n belangrike element in die verskynsel van relatiewe deprivasie is.

Soos reeds aangedui, het die loongaping gedurende die 1970's vernou ten spyte van 'n betreklik beskeie reële groei. Alhoewel daar alle rede is om aan te neem dat die loonverskille wat aan diskriminasie te wyte is, besig is om te verdwyn, sal loongapings wat te wyte is aan differensiële tegniese vaardighede, bestuursbekwaamhede en ander faktore nie heeltemal oorkom kan word nie. Faktore wat die produktiwiteit van werkers beïnvloed, soos opleiding, sal in dié opsig van kardinale belang wees. Verskille in per capita inkomste sal nie so vinnig as loonverskille uitgewis kan word nie. Van kardinale belang in die verband is die ekonomiese groeikoers en die daarmee gepaardgaande groei in werksgeleenthede, en die bevolkingsaanwaskoerse.

Voorgaande wil natuurlik nie sê dat die getal swartmense in die hoër inkomstegroepe nie beduidend sal toeneem nie. So sal byvoorbeeld ongeveer 'n drie kwart miljoen mense uit hierdie bevolkingskategorie teen die einde van die eeu in die hoë inkomstegroepe verkeer. Omgekeerd egter, alhoewel die getal armes as 'n proporsie van die hele bevolking sal afneem, sal daar nogtans 'n toename in absolute getalle wees, tensy 'n groeikoers vn 5 % of hoër per jaar gehandhaaf kan word.

Die invloed van die inkomstegaping op tussengroepverhoudinge is veral belangrik omdat dit sterk neig tot 'n volkome konvergensie van klas en ras wat in hierdie kombinasie reeds as 'n sterk stimulus tot konflik geïdentifiseer is. Die verskynsel van relatiewe deprivasie wat reeds in hoofstuk 3 behandel is, word uiteraard ook geaktiveer deur 'n groot of opvallende inkomstegaping. In hoofstuk 3 is daar gerapporteer dat relatiewe deprivasie die enkele belangrikste fator was wat swartmense se negatiewe houding teenoor blankes sowel as hul empiries aangetoonde hoë vlak van militantheid verklaar het. Dus: hoe groter swartmense se belewing dat blankes ekonomies beter daaraan toe is as hulself, des te militanter word hulle houding. Alhoewel die verband tussen objektiewe deprivasie en subjektiewe deprivasie nie perfek hoef te wees nie, kan aanvaar word dat hulle in die huidige geval grootliks ooreenkom. Hierdie perspektief op die inkomstegaping dui daarop dat konflik geïntensiveer kan word. Hierdie vasstelling is veral belangrik omdat dit sterk neig tot 'n volkome konvergensie van klas en ras

eienskappe wat in hierdie kombinasie reeds as 'n sterk stimulus tot konflik geïdentifiseer is.

Nog meer basies as voorgaande oorwegings is natuurlik dat 'n land aan al sy mense — ook die agtergeblewe individue en groepe — geleentheid tot selfontwikkeling moet bied. Indien hierdie proses slegs aan die kragte van vrye mededinging oorgelaat sou moes word, is dit duidelik dat die armes onder 'n sekere vlak net verder sal verarm. Binne die perke van die land se vermoëns sal 'n doelbewuste poging aangewend moet word om die buitengewone komplekse uitdaging te aanvaar om almal te help om suksesvol in die moderne ekonomie geïntegreer te word. Dit bring die onderwerp van welvaartbesteding na vore.

*Sosiale investering*

Seker een van die grootste bronne van spanning in Suid Afrika spruit uit die ongelyke voorsiening van opvoedkundige, behuisings- en gesondheidsfasiliteite uit staatsbronne. Hier hoef slegs gewys te word na spanninge in swart onderwys en die problematiek rondom die agterstand in die voorsiening van behuising, die sensitiwiteit oor huishuur, die verskynsel van plakkery, ensovoorts. In die lig van die ekonomiese situasie wat hierbo geskets is, is dit duidelik dat sosiale sekuriteit in die toekoms 'n steeds belangriker faktor in die verhoudinge tussen groepe sal wees. In die lig hiervan het die werkkomitee vir ekonomie en arbeid vooruitskattings oor maatskaplike uitgawes gedoen wat onder andere gesondheid, maatskaplike pensioene en onderwys insluit. Hierdie besonderhede word in tabel 4.1 weergegee.

**TABEL 4.1**
**VOORUITSKATTINGS VAN MAATSKAPLIKE UITGAWES**

| Bevolkingskategorie | 1975 | 2000 | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | Veronderstelde groeikoers | | | |
| | | 1 % p.j. | 3 % p.j. | 4 % p.j. | 5 % p.j. |
| Blankes | R683 | R683 | R683 | R683 | R683 |
| Bruinmense | R270 | R329 | R579 | R683 | R683 |
| Indiërs | R299 | R365 | R642 | R683 | R683 |
| Swartmense | R 80 | R 98 | R172 | R237 | R329 |
| Gemiddeld (Alle groepe) | R204 | R188 | R278 | R337 | R408 |

Dit blyk duidelik dat swartmense onder die gunstigste omstandighede by die ander drie bevolkingsgroepe agterbly, hoewel die gapingvernouing selfs as dramaties beskryf sou kon word indien 'n hoë groeikoers gehandhaaf kan word. Pariteit sal wel moontlik wees as die per capita-besteding op blankes met 40 % sal afneem.

Daar is te midde van 'n hele aantal oorwegings veral twee wat kortliks aangestip moet word, naamlik kwaliteit van dienste en mobiliteit. Een van die opvallendste reaksies van blanke kant op die hoofverslag van die RGN-ondersoek na die Onderwys was dat daar begrip vir die strewe na gelyke onderwys was, solank die kwaliteit van blanke onderwys nie verlaag word nie. Daar kan met sekerheid aanvaar word dat hierdie standpunt ook na ander aspekte van sosiale voorsieninge uitgebrei kan word. Dit hou onder andere ook in dat die toleransievlak van blankes nie onbeperk is ten opsigte van hoever hulle bereid sal wees om self 'n groter bydrae tot hul eie dienste te lewer sodat die staatsbydrae tot voordeel van die ander groepe kan vergroot nie. Die balans hier is baie fyn en verantwoorde beplanning sal in die toekoms — trouens onmiddellik — vereis word.

'n Heeltemal ander faset moet saamgelees word met 'n vroeëre bevinding oor die verhoging van die lewenstandaard. Gegee dat sosiale voorsiening verbeter soos hierbo aangetoon en dat die algemene welvaart verbeter, is dit moeilik denkbaar dat aan daardie swartmense, bruinmense en Indiërs se behoeftes binne die huidige beleid van ruimtelike ordening voldoen sal kan word. Die huidige beleid ten opsigte van groepsgebiede plaas sonder twyfel beperkinge op die mate waarin welvarender lede van hierdie groepe hulle welvaart kan realiseer. Sou hierdie situasie nie verander nie, kan verwag word dat die frustrasie onder hierdie groepe wat die vrugte van die positiewe gevolge van watter beleid ook moes pluk, sal toeneem. Dit is voor die hand liggend dat om mense aan 'n ekonomiese bedeling te laat deelneem, hulle volledig in staat gestel moet word om aan al die voordele van so 'n bedeling deel te hê.

*Ekonomiese voorwaardes vir gesonde tussengroepverhoudinge*

Die verhoudinge tussen die bevolkingskategorieë in Suid-Afrika word sowel positief as negatief sterk deur die ekonomie beïnvloed. Aan die een kant is daar die feitlike situasie wat uit die oorsig in hoofstuk 2 geblyk het, naamlik dat Suid-Afrika ekonomies baie gunstig vergelyk met ander lande met 'n plurale samestelling soos dié van hierdie land. Terselfdertyd is dit egter so dat juis die betreklik gesofistikeerde ekonomie baie groot spanninge genereer wanneer dit in die konteks van 'n Derdewêreld situasie geplaas word. Die spanning waarna hier verwys word, kom in 'n belangrike mate op die vlak van tussengroepverhoudinge na

vore. Om 'n balansstaat oor die positiewe en negatiewe impak van die ekonomie ten opsigte van tussengroepverhoudinge op te stel, is gevolglik besonder moeilik en daarom moet die volgende gevolgtrekkings met die nodige versigtheid oorweeg word.

Basies is die Suid-Afrikaanse ekonomie sowel sterk genoeg as veelsydig genoeg om oor die langer termyn grootliks die redelike behoeftes van die hele bevolking te bevredig en aan elkeen 'n redelike lewenskwaliteit te verseker. In dié opsig is Suid-Afrika in 'n bevoorregte posisie en kan hoop op 'n vreedsame akkommodasie op ekonomiese potensiaal gebou word. Die voorwaarde is egter dat die ekonomiese potensiaal gerealiseer moet word.

- Ekonomiese groei is dus 'n noodsaaklike voorwaarde vir 'n toekomsperspektief waarin almal se redelike behoeftes bevredig moet word om sodoende die lot van alle Suid-Afrikaners te verbeter. Ekonomiese groei is egter nie 'n voldoende voorwaarde nie, aangesien die aanwending van groei net so belangrik as die omvang daarvan is.
- Die kwellendste huidige behoefte vir 'n beduidende deel van die bruinmense, Indiërs, maar veral swartmense, is middele om in die noodsaaklikste lewensbehoeftes te voorsien. Navorsing, onder andere deur Schlemmer en Moller het getoon dat hierdie groepe as't ware op die oomblik by hulle lot berus, maar die houding kan hoegenaamd nie as lojaliteit of tevredenheid geïnterpreteer word nie. Sou daar nie beduidende verbeterings kom nie, sou hulle gemobiliseer kon word om in toestande van onrus teen die bestaande bedeling in die voorste linie gestoot te word.
- Daar is 'n opvallende toename in markgeoriënteerde ondernemers en meer professionele mense in die geledere van swartmense, bruinmense en Indiërs, maar dan moet daar geen latente of manifeste blokkeringe voorkom nie, aangesien 'n gefrustreerde bouregoisie so geskep sal word. As gevolg van die dinamiek van onder andere die proses van relatiewe deprivasie kan hierdie groepe in die toekoms eerder sterk onder druk van lede van hul eie groepe kom; blokkering sou 'n onmoontlike toestand skep.
- Dit is duidelik dat opgeleide lede van die ander groepe toenemend in posisies opgeneem sal moet word wat vantevore oorwegend, indien nie uitsluitlik nie, deur blankes beset was. Daar is redes om te verwag dat hierdie groep bereid sou wees tot die bou van konstruktiewe verhoudings — soos in die huidige bedeling voorsien.
- Dit blyk uit hierdie ontledings en vooruitskattings dat die welvaart van die blanke nie sonder meer sal kan bly verbeter nie. Om toenemende konflik te voorkom, sal owerheidsuitgawes in 'n groter mate ten behoewe van ander groepe as die blankes aangewend moet word. Dit sal egter op so 'n wyse gedoen moet word dat die blanke nie tot die gevolgtrekking kom dat die kwaliteit van dienste en voorsieninge aan hom verswak nie, want dit kan die konflik van die ander kant af verder op die spits dryf.

*Die ekonomiese stelsel*

Uit die voorgaande bespreking is dit duidelik dat konflik tussen die verskillende groepe ten beste beperk kan word deur 'n markgerigte ekonomiese stelsel waarin dit moontlik is vir alle groepe om in die ekonomiese vooruitgang te deel. Enersyds word die sosialistiese model dus verwerp. Soos uit die ervaring van Angola en Mosambiek blyk, kan die welvaartskeppende kragte in 'n ekonomie 'n onherstelbare knou toegedien word as gepoog word om op dié wyse konflik te elimineer. Aan die ander kant bestaan die gevaar dat indien alles aan die vrye mark oorgelaat word, die armer groepe nie voldoende in die vooruitgang sal deel nie met die gevolg dat arbeids- en politieke onrus die ekonomiese stelsel uiteindelik sal lamlê. Die Werkkomitee: Ekonomie en arbeid se standpunt dat daar na 'n partisiperende markekonomie (dit wil sê 'n markekonomie waarin al die groepe in vooruitgang deel) gestreef moet word, is klaarblyklik goed gefundeer.

Slegs indien alle groepe die voordele van dié markekonomie deel, kan verwag word dat dieselfde normatiewe standpunt ten opsigte van hierdie belangrike aspek van 'n samelewing gehandhaaf sal word. Hiermee word nie geïmpliseer dat die ekonomiese sfeer die normatiewe sfeer determineer nie. Daar is 'n wisselwerking tussen die politieke, die ekonomiese, die interpretatiewe en die normatiewe sfere. Gegewe die dramatiese verskil in die toename in beskikbare per capita inkomste wanneer die ekonomiese groeikoers toeneem van 1 % (wat 'n daling in per capita inkomste impliseer), na 5 % (wat 'n styging van byna 70 % in per capita inkomste teen die einde van die eeu haalbaar maak), is dit duidelik dat sukses in die ekonomiese sfeer 'n voorwaarde vir betekenisvolle veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing is.

*ARBEID*

Die vorm en kwaliteit van arbeid en arbeidsverhoudinge is grotendeels 'n komplekse funksie van die ekonomie, wetgewing en politiek, tussengroepverhoudinge, ensovoorts. Nogtans is die arbeidsfunksie in eie reg belangrik en wel in soverre as wat dit byvoorbeeld die terrein is waar die meeste kontak tussen die verskillende bevolkingskategorieë plaasvind (vergelyk die verslag: *Kommunikasie in 'n verdeelde samelewing*). Met die toenemende vervaging van die grense tussen eerste- en derde-wêreldoriëntasies, versnelde verstedeliking en, baie belangrik, die verdere verpolitisering van die arbeidsterrein — van swart sowel as blanke kant af — sal arbeidsverhoudinge 'n al hoe belangriker rol speel in die strukturering van tussengroepverhoudinge.

In hoofstuk 2 is die huidige situasie in die arbeidsterrein kortliks geskets. In die huidige hoofstuk sal hierdie besonderhede nie weer herhaal word nie, maar wel vanuit die hoek van tussengroepverhoudinge geïnterpreteer word en in die vorm van vooruitskattings verreken word. Daar word eers aandag geskenk aan verhoudinge in die werkplek, daarna aan die rol van die vakbondwese in tussengroepverhoudinge, en laastens meganismes in konflikhantering. Daar is reeds op gewys dat die arbeidstoneel sedert 1979 na die verskyning van die Wiehahnverslag ingrypend verander het in 'n rigting wat ongetwyfeld as konstruktief beskryf kan word. Weliswaar het die nuwe bedeling nog nie finale beslag gekry nie en dit is derhalwe moontlik dat disfunksies wat geïdentifiseer word 'n gevolg van 'n oorgangsfase eerder as van 'n intrinsieke probleem is.

*Verhoudinge in die werkplek*

Die Suid-Afrikaanse arbeidsituasie is so gestratifiseer dat die blankes oorwegend die boonste kaders beset, Indiërs en bruinmense die volgende vlakke met swartmense in die laagste geledere. Uitsonderings kom wel in enkele gevalle voor. Effektief beteken hierdie stratifisering dat blankes en in 'n mindere mate bruinmense en Indiërs in opdraggee-posisie verkeer en dat swartmense hoofsaaklik in die opdraguitvoerkant voorkom. Navorsing waarna reeds verwys is, het getoon dat die vertikale kommunikasieverhouding vir die onderste groepe, veral wat swartmense betref, nie bevredigend is nie. Hierdie bevinding word in nog duideliker perspektief geplaas wanneer Schlemmer se bevinding in gedagte gehou word, naamlik dat swartmense van mening is dat bruinmense en Indiërwerknemers deur werkgewers bevoordeel word. Van 'n ander kant beskou het 'n RGN-ondersoek deur Ehlers, in 1984 getoon dat gemiddeld 62 persent van die ondervraagde ambagsmanne volgens hul eie bewerings nie bereid is om saam met of onder iemand van 'n ander groep te werk nie.

Daar is egter redes om te aanvaar dat die algemene publiek 'n positiewe siening van samewerking in die werkplek het. Uit die bevindinge van die meerdoelige opname wat vir die huidige *Ondersoek* onderneem is (tabel 4.2) is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid respondente, blankes in 'n mindere mate as die ander, hulleself ten gunste van gemengde werksituasies uitgespreek het. Blanke respondente het egter meer voorbehoude in die verband geopenbaar as lede van die ander drie bevolkingskategorieë.

Hoewel die oorgrote meerderheid respondente van mening was dat die bekwaamste persoon 'n pos moet beklee (item 1), was beduidende persentasies van al vier bevolkingskategorieë, veral blankes en swartmense, van mening dat daar poste is waarin lede van sekere bevolkingskategorieë nie aangestel behoort

## TABEL 4.2

**Persepsies oor gemengde werksituasies (Nota: Gerieflikheidshalwe is die 'neutrale' kategorie weggelaat)**

| Items | Indiërs | | Blankes | | Gekleurdes | | Swartmense | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stem saam | Stem nie saam | Stem saam | Stem nie saam | Stem saam | Stem nie saam | Stem saam | Stem nie saam |
| 1. Die bekwaamste persoon behoort 'n pos te beklee ongeag of die persoon 'n Swarte, Blanke, Indiër of Kleurling is. | 90,5 | 2,4 | 70,4 | 20,3 | 95,8 | 1,6 | 93,2 | 2,5 |
| 2. Ek is nie bereid om saam met lede van ander bevolkingsgroepe op gelyke vlak dieselfde werk te doen nie. | 23,1 | 66,3 | 28,5 | 59,3 | 23,7 | 70,2 | 25,6 | 60,6 |
| 3. Ek sal weier om onder iemand van 'n ander bevolkingsgroep te werk, al is hy hoe bekwaam. | 12,1 | 75,7 | 27,7 | 58,3 | 13,2 | 80,1 | 22,2 | 70,0 |
| 4. Daar is poste waarin lede van sekere bevolkingsgroepe nie aangestel behoort te word nie. | 35,4 | 50,7 | 59,6 | 32,2 | 36,6 | 53,2 | 53,4 | 36,4 |
| 5. So lank 'n mens se direkte werkshoof bekwaam is, mag hy lid van enige bevolkingsgroep wees. | 83,6 | 5,8 | 59,1 | 29,1 | 90,9 | 4,3 | 86,7 | 4,8 |
| 6. As ek geen ander werk kan kry nie sal ek 'n pos onder iemand van 'n ander bevolkingsgroep aanvaar. | 76,8 | 7,3 | 65,1 | 21,1 | 84,3 | 8,0 | 84,4 | 8,0 |
| 7. Dit is vir my aanvaarbaar om saam met lede van ander bevolkingsgroepe as gelykes saam te werk. | 92,1 | 0,6 | 61,9 | 26,0 | 93,8 | 2,2 | 94,8 | 2,3 |

te word nie (item 4). Die meerderheid van elke bevolkingskategorie het aangetoon dat hulle bereid is om met lede van ander bevolkingskategorieë op gelyke vlak dieselfde werk te doen (item 2).

Uit die gegewens ten opsigte van items 3 en 6 blyk dat die meerderheid respondente bereid is om onder iemand van 'n ander bevolkingskategorie te werk, maar dat opvallend meer respondente bereid sou wees om 'n pos onder iemand van 'n ander bevolkingskategorie te aanvaar, indien hulle geen ander werk kan kry nie. Die tendens kom veral duidelik na vore by swart respondente. In teenstelling met die bevindinge van Ehlers waarna hierbo verwys is, blyk uit tabel 4.2 dat dit vir 61,9 % van die blanke respondente aanvaarbaar sou wees om saam met lede van ander bevolkingskategorieë as gelykes te werk. Dit moet egter in gedagte gehou word dat Ehlers 'n besondere seleksie (naamlik ambagsmanne) vir die doel van sy studie gebruik het. Dit wil uit die gegewens voorkom of die groep blanke persone die werksituasie anders beleef as die breë bevolking, moontlik omdat dit juis in hierdie veld is waar lede van ander bevolkingskategorieë toenemend tot die arbeidsmag toetree.

Bevindinge soos die voorgaande toon dat die werkplek 'n besonder sensitiewe terrein vir tussengroepverhoudinge is. Dit word toenemend so in tye van ekonomiese afkoeling en politieke verhitting, soos wat daar tans in die land heers. Die belang hiervan kan kwalik oorskat word; verskeie navorsers het dan ook daarop gewys dat juis die feit dat bruinmense en Indiërs in toesighoudende posisie oor swartmense aangestel word, deur laasgenoemde geïnterpreteer word as 'n bewys dat 'n swart werknemer nooit opdragte gee nie en nooit bokant ander uitstyg nie. Op dié wyse kry swartmense ook nie geleentheid om die werk van die toesighouer se kant of te beskou nie.

Die feit dat almal — ongeag bevolkingskategorie — in die werksituasie aan 'n gemeenskaplike taak moet saamwerk, skep die verwagting dat die werkplek een van die belangrikste, indien nie dié belangrikste ontmoetingsterrein nie tussen groepe verteenwoordig. In dié verband bied die resultate van empiriese ondersoeke ook rede tot versigtige optimisme. In die mate wat gemeenskaplike belange geartikuleer word en die rigiede stratifisering ontwikkel na 'n meriete gebaseerde sisteem kan hierdie optimisme 'n stewiger basis kry. Die werkgewer het egter 'n belangrike taak om interpersoonlike vaardighede van al sy werknemers te bevorder deur indienskursusse en ander aansporingsmaatreëls. Om konflik op die fabrieksvloer te verminder, sal meriete die deurslaggewende faktor moet word en sal deeglik verantwoorde opleiding in die hantering van verhoudinge 'n integrale deel van elke werkgewer se toerusting moet word. 'n Staat kan die oorhoofse strukture daarstel, maar die werkgewer moet in dié situa-

sie 'n klimaat van wedersydse vertroue en respek tussen verskillende geledinge van die werkerskorps skep en in stand hou.

*Die vakbondwese*

Die verslag van die Wiehahn-kommissie verteenwoordig belangrike koerswysigings in die denke oor arbeidsaangeleenthede. Die aanvaarding van die oorgrote meerderheid van die aanbevelings oor arbeidsaangeleenthede het beteken dat kleur as sodanig nie meer 'n rol in arbeidsverhoudinge speel nie. Minstens teoreties het hierdie stappe meegebring dat slegs sake inherent aan die werkgewer-werknemerverhouding voortaan in onderhandelinge 'n rol behoort te speel. Die feit dat vakunies toenemend bereid is om binne die sisteem op geïnstitusionaliseerde wyses konflik te besleg moet sonder meer as 'n voorwaartse stap op weg na konstruktiewe verhoudinge beskou word.

Soos in hoofstuk 2 aangetoon, het die wetlike erkenning van swart vakbonde aan die einde van die sewentigerjare 'n beduidende toename in die groei en aktiwiteite van vakbonde teweeggebring. Afgesien van die sluiting van geledere onder sommige blankes — wat wesentlik 'n polarisasie beteken — het die stryd om lede te werf, versterk. Hierdie kompetisie om lede het sy neerslag soms in skynbaar onverwagte provosering, wilde stakings, rigiditeit in onderhandelings, ensovoorts gevind — almal patrone wat polarisering tussen groepe bevorder. In sekere opsigte kan verwag word dat die toestand nog vir 'n tyd sal voortduur want volgens die vooruitskattings van die Werkkomitee: Ekonomie en arbeid sal die groei van veral swart vakbonde in die volgende 15 jaar skerp toeneem en wel in die vorm van 'n verdrievoudiging van ledetal. Hierby moet in gedagte gehou word dat swart lidmaatskap van vakbonde sedert 1979 reeds met sowat 86 % toegeneem het. Uit die vooruitskattings blyk dat daar rede bestaan om te verwag dat die kompetisie tussen vakbonde nie sal verdwyn nie. Waar dit om steeds groterwordende getalle gaan, verhoog die potensiaal vir konflik — ook buite die geïnstitusionaliseerde sisteem. Dit geld juis ook in die mate wat die vakbondwese nie in alle opsigte ewe goed georganiseer en professioneel bestuur word nie. Die werkkomitee som die situasie soos volg op: (. . .) *Conflict is inherent in any industrial society. South Africa cannot escape centuries of racial polarization* (. . .) *without periods of disruptive conflict* (p. 4).

Nog 'n faktor wat in aanmerking geneem moet word, is die feit dat ambagsunies tradisioneel blank georiënteerd is, terwyl industriële vakbonde toenemend swart georiënteerd is. Hierdie verdeling hou uiteraard wesentlike gevare vir groepspolarisasie in.

Suid Afrika het gedurende die afgelope dekade 'n verhoging van die aantal sta kings wat jaarliks voorkom, beleef. Ontledings toon egter dat die verlies aan mandae as gevolg van stakings in Suid Afrika steeds aansienlik minder as in geïn dustraliseerde lande is.

In werklikheid dui hierdie resultate daarop dat ten spyte van al die onsekerhede wat met die erkenning van vakbonde gepaard gegaan het, die eerste jaar of vyf gekenmerk is deur betreklik harmoniese akkommodering. Daar is heelwat aan duidings dat die swart vakbonde die nuwe meganismes tot konflikbeslegting waartoe hulle sedert 1979 toegang gekry het, benut, al is dit met voorbehoude. Daar moet egter aanvaar word dat hierdie vakbonde nie die bona fides van 'n sisteem waaraan hulle nie help vorm het nie, sonder meer sal aanvaar nie. Daar is dan ook aanduidings dat die vakbonde 'n vormende invloed op die arbeid-strukture uitoefen.

'n Bedeling waarin swartmense vir só lank nie 'n wetlike bedingingsfaktor was nie, kan egter nie oornag volledig verander nie. Dit geld ook vir werkgewerin-gesteldheid. Daar is tans nog heelwat onwilligheid om die volle konsekwensies van die nuwe bedeling te aanvaar. In die verband wil die ontledings ván dié werkkomitee sowel as dié van individuele navorsers daarop dui dat die regering in 'n te groot mate nóg as party in die konflik betrokke is. Solank arbeidskon flik nie geheel en al geprivatiseer is nie, gee die regering te veel die indruk van bemoeiing ten gunste van die werkgewer. Op so 'n wyse word die legitimiteit van nywerheidsrade en nywerheidshowe in gedrang gebring. Veral die waarne ming dat die nywerheidshowe nog nie duidelike leiding en beslissings oor die kwessie van onregverdige arbeidspraktyke gegee het nie, werk ongetwyfeld nade lig in op die vertroue in arbeidshervorming.

Konflik op die arbeidsterrein word normaalweg gekenmerk deur fases van on sekerheid, onderbreking van kontinuïteit en is as sodanig nie noodwendig 'n voorbeeld van 'n presiese en voorspelbare geslote sisteem nie. Wanneer dit eg ter die karakter van wanorde sou aanneem, kan daar nie meer sprake van kon struktiewe verhoudinge wees nie en neem die konflik so 'n wending aan wat nie een van die partye kan baat nie. Gesonde konflik kan maklik in destruk-tiewe konflik oorgaan, maar dit wil voorkom of die grens nog nie oorskry is nie. Terselfdertyd dui baie ontledings daarop dat pogings aangewend word om die vakbondwese te politiseer. Tans is die vakbonde die enigste erkende kanaal waardeur swartmense binne die RSA betekenisvolle druk op die openbare sowel as die privaatsektor kan uitoefen. Solank as wat swartmense effektief van be duidende besluitneming uitgesluit word, sal die vakbondwese potensieel ook polities gebruik word.

Die werkkomitee vir ekonomie en arbeid som die situasie ten opsigte van meganismes vir konflikhantering op dié terrein as volg op: *If these challenges regarding institutionalisation of industrial conflict can not be satisfactorily attended to, then managerial power will not be legitimised into authority and workers' power will not be consolidated or channelled through the functioning of the union. Disorder will then become the characteristic of the work place by the year 2000.*

*Samevatting*

In sekere opsigte kan die terrein van arbeidsverhoudinge as 'n toetsterrein vir 'n nuwe bedeling van tussengroepverhoudinge in die algemeen in Suid-Afrika beskou word. As sodanig is dit uiteraard dan ook onderhewig aan al die probleme en onsekerhede eie aan hierdie terrein. Soos ook in 'n volgende hoofstuk aangetoon sal word, hou arbeidsverhoudinge juis baie potensiaal as 'n groeipunt vir die vorming van konstruktiewe verhoudinge in, alhoewel dit 'n terrein met baie onsekerhede bly. Vanuit die perspektief van tussengroepverhoudinge beskou, is die volgende faktore tans die aktueelste:

- Verhoudinge van onderlinge samewerking op die mikrovlak van die fabrieksvloer moet bevorder word deur sensitisering, opleiding en billikheid.
- Die gevolge van die relatiewe gebrek aan ervaring op die gebied van organisasie- en onderhandelingsmetodes by vakbonde (asook by werkgewers wat onderhandelingsvaardighede betref) moet deur opleiding bekamp word.
- Daar bestaan onwilligheid by werkgewers om die konsekwensies van die nuwe arbeidsbedeling volledig te aanvaar en verdien verdere aandag.
- Die betrokkenheid van die staat in arbeidsgeskille is te groot en dit wil voorkom of sodanige konflik geprivatiseer moet word. Dit sal meebring dat dergelike geskille in 'n ander konteks plaasvind en die bedingingsmasjinerie se legitimiteit nie onder verdenking kom nie.

## *EKONOMIESE EN ARBEIDSKRAGTE: 'N GEVOLGTREKKING*

Hierdie oorsig dui daarop dat die sterkste konflik-akkommoderende kragte in die Suid-Afrikaanse ekonomie moontlik te vinde is in die doelbewuste poging van die regering om alle groepe in die voordele van 'n Westers-georiënteerde ekonomie te laat deel. Die "verburgerliking" van groot dele van die werkersklas kan deel vorm van 'n politieke en ekonomiese hervormingsproses wat van bo af geïnisieer word met die wete dat die voordele hieruit algaande vir swart-

mense toeganklik sal word. Dit sal die nodigheid van destruktiewe optrede laat vervaag.

Wat die arbeidsterrein betref, kan die rol wat vakbonde en werkgewersorganisasies in die toekoms gaan speel, tot 'n werklike groeipunt vir konstruktiewe verhoudinge ontwikkel, indien vakbonde in 'n groter mate toegelaat word om in die werklike bedingingsproses deel te neem. Indien die sakesektor egter te nou met die regering geassosieer word, kan dit verhoudings vertroebel.

Ongeag ander oorwegings is die fundamentele voorwaarde vir die konstruktiewe rol van ekonomie en arbeid steeds dat die ekonomie bly groei. Daarnaas is 'n konstruktiewe verstedelikingsbeleid nodig, terwyl die arbeidsmobiliteit van swart werkers nie langer kunsmagtig geïnhibeer word nie. Die eenheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie moet ook aanvaar word in enige reëling ten opsigte van tussengroepverhoudinge.

## ONDERWYS

Onderwys staan tans besonder sentraal in die verhoudingsproblematiek van Suid-Afrika. Verskillende onlangse uitsprake van ministers dui daarop dat wat die huidige regering betref, die skole vir die verskillende bevolkingskategorieë 'n ononderhandelbare aangeleentheid is. Soos later aangetoon sal word, is die onderwys ook die enigste instelling ten opsigte waarvan statutêr tussen Afrikaanssprekende en Engelssprekende blankes gedifferensieer word. In die swart gemeenskappe is skole reeds sedert 1976 in die brandpunt van politieke protes en onrus. Teen hierdie agtergrond is daar in die volgende paragrawe agtereenvolgens aan die volgende aspekte aandag geskenk: struktureringbeginsels, rol van onderwys in tussengroepverhoudinge en groeipunte.

### *STRUKTURELE ASPEKTE VAN DIE ONDERWYSVOORSIENING*

Uit die oorsig in hoofstuk 2 het geblyk dat onderwysvoorsiening in die RSA gekenmerk word deur die geslotenheid van die stelsel, die hoë premie wat op akademiese gerigte onderwys geplaas word en die gepaardgaande onderbeklemtoning van tegniese en loopbaangerigte onderwys. Alhoewel aan die een kant onderwys van hoë kwaliteit aan blankes en Indiërs voorsien word, en ernstige pogings met toenemende sukses aangewend word om die kwaliteit van swart, en kleurlingonderwys op dieselfde peil te bring, dra die geslotenheid van die onderwysstelsel daartoe by dat die onderwys in al die substelsels aan inherente gebreke mank gaan. Een van die belangrikste hiervan is die beperkinge op die beweging van leerders tussen die verskillende onderwysinstellings op 'n bepaalde vlak en ten opsigte van studierigtings binne bepaalde onderwysinstellings.

Mobiliteit van leerders tussen die formele stelsel van onderwysvoorsiening en die nie-formele onderwys geskied oorwegend op 'n lukraak basis, het tot dusver min aandag geniet en is in die besonder deur die RGN-onderwysverslag geïdentifiseer as 'n knelpunt wat dringend aandag moet geniet.

Die oormatige klem wat op akademies gerigte onderwys ten koste van tegniese en loopbaangerigte onderwys geplaas word, het sy geskiedkundige aanloop in die koloniale tydperk toe onderwysvoorsieningstelsels wat irrelevant vir ontwikkelende lande is, as die ideaal aan sodanige lande voorgehou en op hulle oorgeplant is. Daarmee is 'n gesindheid en houding teenoor onderwys aangekweek wat enersyds onrealistiese verwagtinge van die onderwys gekoester het en andersyds akademies gerigte onderwys as die nastrewenswaardige tipe onderwys geproklameer het. Hierteenoor het die vraag na tegniese en tegnologies opgeleide mense in die RSA toegeneem, terwyl in die behoefte daaraan nie voorsien kan word nie. Alhoewel dieselfde onverantwoorde gesindheid by blankes teenoor tegniese en loopbaangerigte onderwys aangetref word, word beroepe in hierdie veld hoofsaaklik deur blankes beoefen, soos blyk uit die feit dat 78 % van die natuurwetenskaplikes, 99 % van die ingenieurs, 91 % van die tegnici en 12 % van die ambagsmanne en vakleerlinge in 1979 blankes was. Ten spyte van 'n positiewe groei in hierdie verband, is die belangstelling by swartmense vir tegniese en loopbaangerigte onderwys nog geheel en al ontoereikend in die lig van die land se mannekragbehoeftes en loopbaangeleenthede.

## *BEGINSELS VIR ONDERWYSVOORSIENING*

Die onderwystoneel in die RSA is tot voor die RGN onderwysverslag gekenmerk deur parallelle, ongelyke onderwysvoorsieningsbane vir blankes, Asiërs, bruinmense en swartmense. Daar was weinig indien enige raakpunte waarop vergelykbare stelsels vir onderwysvoorsiening gebou kon word. In die genoemde verslag is 'n aantal beginsels geformuleer en deur die Regering in die *Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die RSA* aanvaar om as grondslag vir alle onderwys in die RSA te dien. Hierdie beginsels is reeds in wetgewing vasgelê en stel die basiese vertrekpunt as een waarin gelyke onderwysgeleenthede en standaarde, ongeag ras, kleur, geloof of geslag, positief deur die Regering nagestreef sal word. Die volledige stel beginsels soos opgeneem in die Wet op Algemene Onderwyssake is soos volg:

1) Gelyke onderwysgeleenthede met insluiting van gelyke onderwysstandaarde sal vir elke inwoner ongeag ras, kleur, geloof of geslag deur die Staat doelgerig nagestreef word.

2) Die onderwys verleen positiewe erkenning aan sowel die gemeenskaplikheid as die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyse en die tale van die inwoners.

3) Die onderwys verleen positiewe erkenning aan die keusevryhede van die individu, ouers en organisasies in die samelewing.

4) Onderwysvoorsiening sal op opvoedkundig verantwoorde wyse gerig wees op die behoeftes van die individu, asook op dié van die samelewing en ekonomiese ontwikkeling en sal onder meer rekening hou met die mannekragbehoeftes van die land.

5) 'n Positiewe verband tussen formele, nie-formele en informele aspekte van die onderwys in die skool, samelewing en gesin word nagestreef.

6) Onderwysvoorsiening op die formele vlak is 'n verantwoordelikheid van die Staat met dien verstande dat die individu, die ouers en die georganiseerde samelewing 'n medeverantwoordelikheid en inspraak in hierdie verband het.

7) Die private sektor en die Staat sal medeverantwoordelikheid hê in die voorsiening van nie-formele onderwys.

8) Die stelsel van onderwysvoorsiening sal vir die stigting en staatsubsidiëring van private onderwys voorsiening maak.

9) In die voorsiening van onderwys moet die prosesse van sentralisasie en desentralisasie organisatories en funksioneel versoen word.

10) Die professionele status van die onderwyser en dosent sal erken word.

11) Effektiewe onderwysvoorsiening sal op voortgesette navorsing berus.

Met hierdie beginsels vir onderwysvoorsiening en ander aanbevelings van die RGN-onderwysverslag wat deur die Regering aanvaar en in die witskrif oor onderwysvoorsiening geïnkorporeer is, is sedert 1981 op daadwerklike wyse begin om meganismes te skep om 'n verbeterde stelsel van onderwysvoorsiening daar te stel. Nie alleen is die onderwysbegroting as 'n persentasie van die totale begroting verder verhoog nie (1984/85: 16,8 %), maar verteenwoordig die R4 200 miljoen wat in 1984/85 aan onderwys bestee is, vir die eerste keer 'n onderwysbegroting wat dié van verdediging (15 %) oorskry. Daarbenewens het die begroting van die Departement van Onderwys en Opleiding gedurende die finansiële jaar verdubbel ten opsigte van dié van 1981/82. Voorts is 'n aanvang geneem met die skep van meganismes om standaarde te bepaal (Statutêre Sertifiseringsraad) en om skakelingsmeganismes tussen die verskillende substelsels op 'n vaster grondslag te plaas.

Soos bekend en ook weer uit die voorgaande blyk, is die Suid-Afrikaanse stelsel van onderwysvoorsiening nog altyd gekenmerk deur gesegregeerde substelsels wat elkeen in die onderwysbehoeftes van 'n bepaalde bevolkingskategorie voorsien. Hierdie segregasie strek vertikaal deur al die onderwysvlakke van afsonderlike bestuurstelsels op eerste vlak tot afsonderlike skole vir blankes, Asiërs, bruinmense en swartmense op die plaaslike of skoolvlak. In die witskrif oor onderwysvoorsiening is die Regering se beleid in hierdie verband herbevestig, terwyl dit ook in die nuwe konstitusionele bedeling beslag kry in die definiëring van onderwys as 'n eie saak. Wat die organisasie- en administrasie- (bestuur-) struktuur betref, word voorsiening gemaak vir raakpunte deur middel van verskeie statutêre liggame, waaronder die Komitee van Onderwysdepartementshoofde, die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys, die Sentrale Statutêre Sertifiseringsraad, die Adviesraad vir Universiteite en Technikons, die Komitee van Universiteitshoofde, ensovoorts. Op die voorsieningsvlak is raakpunte geskep deurdat bepaalde tersiêre onderwysinrigtings onder bepaalde omstandighede en onderhewig aan bepaalde voorwaardes studente uit verskillende bevolkingskategorieë kan akkommodeer, terwyl ook sekere private skole onder omskrewe omstandighede en voorwaardes leerlinge uit verskillende bevolkingskategorieë mag opneem.

Die gesegregeerde formele onderwysbedeling, ingebed in 'n gesegregeerde samelewingsverband, dra saam met ander samelewingsinstellings daartoe by dat die Suid-Afrikaanse samelewing diep gesegmenteer is ook ten opsigte van die onderwys self. Ook vir sover hierdie sosiale uitingsvorme in die onderwys geakkommodeer word, word hulle deur die verskillende bevolkingskategorieë in isolasie van mekaar bedryf. Die onderwys dra dus nie by tot intersosiale, interkulturele, intergodsdienstige en intersportaktiwiteite nie.

Wat die *nie-formele* onderwys betref, is die situasie anders in dié sin dat die verskillende verskyningswyses (opleiding, kompensatoriese onderwys, geletterdheidsprogramme, ensomeer) daarvan binne die nuwe konstitusionele bedeling en vir sover 'n staats- of openbare beheerfunksie daarby betrokke is as algemene sake geklassifiseer is. In dié mate wat nie-formele onderwys uitsluitlik 'n inisiatief van die private sektor en op leerbehoeftes van volwassenes gerig is, is dit vrygestel van die ideologiese voorskrifte van die Staat. Binne hierdie konteks is nie-formele onderwys 'n potensieel waardevolle laboratorium vir die beoefening van positiewe verhoudinge in tussengroepverband. Die situasie is egter veel komplekser as wat dit op die oog af voorkom. So byvoorbeeld ressorteer die opleiding van vakleerlinge — merendeels jeugdiges en jong volwassenes — onder die Departement van Mannekrag en gaan dit dus as 'n algemene saak, terwyl die opleidingsentra

vir volwassenes onder die verskillende administrasies vir onderwys en kultuur se beheer staan en as sodanig weer eie sake vir elke bevolkingskategorie (Indiërs, bruinmense, blankes) is. Die pas vrygestelde verslag oor die opleiding van ambagsmanne beveel juis aan dat volwassene-opleidingsentra ook onder die Departement van Mannekrag moet ressorteer ten einde verdeelde beheer oor die opleiding van ambagsmanne te beëindig.

Die sosiale dilemma wat egter binne formele onderwysverband opgesluit lê, word vererger deur die ongelykhede in onderwysvoorsiening waarna reeds in hoofstuk 2 verwys is. Terwyl die swartman aan die een kant 'n hoë premie plaas op die onderwys as 'n middel tot sosiale mobiliteit, beleef hy die onderwys wat aan hom gebied word as minderwaardig, bevraagteken hy die standaard daarvan en speel hy dit af teen die impak en kwaliteit van blanke onderwys. Om verskillende begryplike redes het swart onderwys nog nie daarin geslaag om dieselfde individuele, sosiale en ekonomiese voordeel vir die swartman te lewer wat blanke onderwys vir die blanke leerder verskaf nie. Hierdie verskynsel dra by tot verwydering, sowel skolasties as sosiaal-ekonomies, tussen die swart en die blanke leerder binne 'n stelsel waarin ongelyke, afsonderlike onderwysvoorsiening gehandhaaf word.

In ag genome die verklaarde en statutêre bepaalde organisasie van die formele onderwys as 'n eie saak wat binne afsonderlike substelsels in die verskillende bevolkingskategorieë beslag moet vind, is dit dus voor-die-hand-liggend dat gelyke onderwysgeleenthede en standaarde 'n voorvereiste sal wees om die onderwys enigsins as 'n medium te laat dien deur middel waarvan die verskillende bevolkingskategorieë groter begrip vir mekaar sal ontwikkel.

Die rol wat onderwys in tussengroepverhoudinge kan en sal speel, sal dus medebepaal word deur die tempo waarteen en die sigbaarheid waarmee opvallende ongelykhede in die onderwysvoorsiening aan die bevolkingskategorieë geëlimineer kan word. Terselfdertyd toon studies elders in die wêreld dat die uitbreiding van onderwys en die uitwissing van ongelykhede in dié verband gepaard moet gaan met dienooreenstemmende toegang tot ekonomiese en politieke geleenthede. Indien dit nie die geval sou wees nie, sal die strukturele stremminge in die samelewing noodwendig vergroot.

Opsommerderwys kan dus gestel word dat onderwys, soos tans statutêr gereël, spesifiek nie daarop gerig is om positiewe tussengroepverhoudinge deurgaans te bewerkstellig nie en dat die kontak wat wel plaasvind sporadies en geïsoleerd is. Die tersaaklike nasionale beleid is gerig op die daarstelling van algemeengeldende norme en standaarde (skolasties en finansieel) deur die Departement van Nasionale Opvoeding, maar met die praktiese onderwysvoorsiening is die

verantwoordelikheid van die onderwysvoorsiening die verantwoordelikheid van die onderwysdepartemente vir eie sake vir die hoofbevolkingskategorieë. Kontak tussen die ontvangers en aanbieders van die onderwys is sporadies en geïsoleerd. Die inhoud van die kurrikula is ook sodanig dat geen spesifiek aandag aan positiewe tussengroepverhoudinge gegee word nie.

*GROEIPUNTE*

Met die bevordering van positiewe tussengroepverhoudinge voor oë, verteenwoordig die onderwystoneel in die RSA dus 'n ingewikkelde kaleidoskoop van strukture, organisasies en gebeurtenisse wat stremmend of positief op die skep van sodanige verhoudinge inwerk. Aan die een kant is daar die formele strukture wat geskep is juis om tussengroepskakeling op 'n gesonder grondslag te plaas en aan die ander kant is daar die ongelykhede in onderwysvoorsiening en die sigbaarheid van die ongelyke en geskeide onderwysbedeling wat veral vir die leerders die waarneembaarste en beleefbaarder aspek van hulle eie onderwyservaring uitmaak. Dit wil dus voorkom of daadwerklike pogings aangewend moet word om die meganismes wat vir tussengroepskakeling in die sisteem ingebou word, af te wentel tot op 'n vlak waar dit vir die leerder (gebruiker) duideliker waarneembaar en ervaarbaar is. Konstruktiewe en positiewe verhoudinge tussen bevolkingskategorieë kan slegs bewerkstellig word as óór die grense van die afsonderlike strukture heen op *alle* onderwysvlakke 'n ontmoeting bewerkstellig word.

Die volgende kan moontlike meganismes wees deur middel waarvan konstruktiewe ontmoetingspunte geskep kan word:

- Dit is 'n erkende feit dat onderwys 'n aangeleentheid is wat die ouergemeenskap van alle bevolkingskategorieë na aan die hart lê. Reaksie op die RGN-onderwysverslag in die vorm van geskrewe kommentaar daarop en by wyse van standpunte wat tydens seminare, konferensies en kongresse ná die vrystelling van die verslag ingeneem is, het hierdie belangrike saak weer eens beklemtoon. Die RGN-onderwysverslag en talryke skrywers in die jongste verlede het juis om hierdie rede ook weer die belang van gemeenskapsbetrokkenheid by die onderwys op die voorgrond gestel. Die stigting van die Afrikanerouervereniging in Transvaal is 'n weerspieëling van hierdie behoefte van 'n ouergemeenskap om op betekenisvoller wyse by die ondrwys betrokke te wees. Binne die swart gemeenskappe bestaan daar kommer oor die verwydering wat tussen ouers en hulle kinders ingetree het en wat dikwels 'n bydraende faktor daartoe is dat skole-onrus in hierdie gemeenskappe wyd uitkring en onbeheerbaar voorkom. Vir die uitbouing van positiewe tussengroepverhoudinge is dit egter noodsaaklik dat sodanige ouerverenigings oor die grense van bevolkingsgroep, kultuur en taal heen mekaar die hand sal reik en 'n gespreks-

forum sal stig waar oor gemeenskaplike sake beraadslaag kan word. Ten spyte van verskille en met behoud van onderwysaangeleenthede wat as ononderhandelbaar beskou word, is daar genoeg gemeenskaplike fasette in die onderwys om 'n gesprek sinvol te maak.

- 'n Vlak waarop 'n sodanige gesprek reeds begin is en klaarblyklik met groot wedersydse voordeel aangewend word, is dié van die onderwysersverenigings. Dit is 'n bekende feit dat verteenwoordigers van die sambreelonderwysersverenigings van die verskillende bevolkingskategorieë mekaar reeds geruime tyd periodiek ontmoet om sake van algemene belang te bespreek. Die basis waarop hierdie gesprekke gereël word, kan moontlik ook as model vir die ouerverenigings of ouergroepe dien. Ten opsigte van sowel ouer- as onderwysersverenigings is dit egter noodsaaklik dat die gesprek wat op nasionale basis begin word, uiteindelik afgewentel moet word tot op plaaslike vlak waar sodanige ontmoetings maksimale impak op tussengroepverhoudinge kan hê deurdat dit in die besonder kan bydra tot groter begrip vir mekaar se probleme en standpunte.

- In die RGN-onderwysverslag is koöperatiewe onderwysdienssentra op nasionale en regionale vlak aanbeveel met die oog daarop om die dienste van skaars en hoog opgeleide hulppersoneel optimaal tot die onderwysgemeenskap beskikbaar te stel, terwyl die koste van sodanige dienste ook aanmerklik besnoei kan word. Bekende leemtes wat in die onderwys bestaan het en tans nog bestaan en wat tot hierdie aanbeveling aanleiding gegee het, is die groot tekort aan professionele personeel; die feit dat sommige onderwysinstansies oor tientalle skoolklinieke beskik en ander oor geen; die gebrek aan koördinasie tussen bestaande dienste, ensovoorts. Indien sodanige onderwysdienssentra toegang verleen tot leerders uit alle bevolkingskategorieë sal opvallende knelpunte in byvoorbeeld swart en kleurlingonderwys verlig en 'n knooppunt vir tussengroepskakeling geskep kan word.

- Die stelling is al gemaak dat kontemporêre formele onderwys so duur geword het dat die owerheid dit nie meer kan bekostig nie. Hierdie stelling geld nie net ten opsigte van ontwikkelende lande nie, maar ook in die geval van ontwikkelde lande soos die VSA met sy gesonde en lewenskragtige ekonomie. Gangbare norme vir geboue, terreine en fasiliteite vir onderwysgeriewe in Suid-Afrika is sodanig dat dit 'n groeiende probleem word om die verskaffing van onderwysfasiliteite daarop te baseer. Indien hierdie norme as die vaste maatstaf vir die uitleg van nuwe dorpsgebiede in die toekoms aanvaar moet word, sal stads- en dorpsbeplanning en -ontwikkeling in die volgende dekade en meer voor ernstige ruimteprobleme gestel word.

Uiteraard is dié probleem soveel te meer aktueel en ingewikkeld in die beplanning en ontwikkeling van swart woongebiede. Die huidige verstedelikingsverskynsel met die gepaardgaande ontvolking van die platteland en in die besonder die verskuiwing van die bevolking na bepaalde groeipunte in die land lei ook daartoe dat onderwysfasiliteite in sommige areas onbenut of onderbenut is, terwyl ander gebiede 'n toestroming en oorbenutting van fasiliteite beleef. 'n Ver-

wante saak is die ongelyke verdeling van fasiliteite as gevolg waarvan die oor- en onderbenutting van skaars en duur onderwysfasiliteite nie 'n vreemde verskynsel is nie.

In terme van die bevordering van tussengroepverhoudinge is die vraag of 'n basis geskep kan word op grond waarvan die deling van duur fasiliteite moontlik sou word. Alhoewel sodanige deling in die eerste plek binne groepsverband ondersoek moet word, is die relevante vraag vir die tema wat hier ter sprake is, of sodanige deling tussen groepe wat het en dié wat nie het nie, realiseerbaar is. Wat duidelik is, is dat hierdie vraag slegs dán op die agenda sal kom wanneer die ouer- en onderwysersverenigings van die verskillende bevolkingskategorieë, maar veral die ouerverenigings, bereid is om mekaar te ontmoet en 'n gesprek aan te knoop. Intussen sal by die uitleg van nuwe woongebiede radikaal herbesin moet word oor die norme wat van toepassing is op die berekening van onderwysfasiliteite.

Die onderrig in en die aanleer en gebruik van bepaalde tale was nog altyd binne die Suid-Afrikaanse onderwysopset 'n sensitiewe probleem wat in die onlangse verlede weer eens op die spits gedryf is met die polemiek wat ontwikkel het rondom die keuse van en die vlak van invoering van 'n medium van onderrig anders as die moedertaal in die geval van swart skole. Ten spyte van verantwoorde opvoedkundige argumente vir moedertaalonderwys — ten minste tot aan die einde van die basiese onderwysfase — het swart ouers, onderwysers en onderwyskundiges nog altyd en om begryplike redes die vroeë oorskakeling na een van die amptelike tale as medium van onderrig voorgestaan. Dit is duidelik dat die problematiek wat hierin opgesluit lê — uit 'n verhoudingsoogpunt gesien — belade is met moontlikhede vir spanning, weerstand en misverstand. Wat ook belangrik is, is dat swart onderwys kwalitatief nie kan en sal verbeter voordat hierdie probleem nie na behore onder oë geneem is met die oog op die daarstelling van werkwyses deur middel waarvan 'n oplossing bewerkstellig kan word nie. Een belangrike implikasie is dat die deskundigheid wat in blanke onderwys in hierdie verband bestaan, aangewend kan en behoort te word om die vaardigheidsvlak van swart onderwys in die betrokke tale te verhoog.

In aansluiting by voorgaande bestaan die vraag in watter mate deskundigheid wat in blanke onderwys bestaan in swart onderwys aangewend kan word om daarmee ook terselfdertyd geleentheid te skep vir tussengroepskakeling en die uitbou van positiewe verhoudinge. Die probleem rondom die beskikbaarheid van gekwalifiseerde onderwysers vir die onderrig in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde in blanke onderwys is nog steeds aktueel; die situasie is egter kritiek in swart onderwys waar 'n geringe persentasie swart onderwysers oor die nodige kwalifikasies beskik. Sporadies word daar in verskillende van die groter sentra

pogings aangewend om die beskikbare kundigheid in blanke onderwys (sekondêre en tersiêr) te monster ten einde geselekteerde swart onderwysers behulpsaam te wees in die vorm van indiensopleidingskursusse. Die vraag is of hierdie werkwyse nie meer algemeen benut kan word nie en weer eens wil dit voorkom of die ontmoeting op plaaslike onderwysvlak tussen onderwysers uit die verskillende bevolkingskategorieë 'n voorwaarde vir dié beweging sal wees.

Die RSA beleef tans weer eens op uitgebreide skaal skole-onluste in die swart gemeenskappe. Die Van der Walt-kommissie van ondersoek na hierdie onluste en boikotte se werksaamhede is afgehandel, maar die bevindinge daarvan is nog nie gepubliseer nie. Daar kan egter aangeneem word dat 'n verskeidenheid van verwante en interafhanklike faktore hierin 'n rol speel, waaronder die aangewese ongelykhede in die onderwysvoorsiening vir die verskillende bevolkingskategorieë. In 1984 het die RGN se Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing (ISODEM), by wyse van 'n steekproefopname onder stedelike swartmense in die PWV-gebied gevind dat opvoedkundige probleme, onder andere die skoleboikotte, die derde belangrikste probleem was waarmee swartmense in die betrokke gebied gekonfronteer was (met 'n heelwat laer persentasie-aanduiding van 5,7 % van die respondente teenoor die belangrikste probleem, naamlik ekonomiese druk wat deur 64,0 % van die respondente aangedui is). Wat die persepsies van die betrokke groep swartmense van skoleboikotte betref, is dit insiggewend dat 56,3 % van mening was dat dit verkeerd is van swart leerlinge om hulle skole te boikot en hiermee word 'n moontlike generasie-gaping tussen die ouer en die jonger geslag aangedui, aangesien 'n groter persentasie (76,6 %) van die ouer swartmense (40 jaar en ouer) hierdie mening toegedaan was. Dit is verder betekenisvol dat 27,5 % (die hoogste persentasie) van die respondente van mening was dat diverse (blanke) regeringsinstansies en leiers verantwoordelik was vir die boikotte.

Wat uit hierdie gegewens duidelik blyk, is dat ook binne die betrokke swart gemeenskap daar verskille bestaan oor die meriete van die boikotte en die persone of instansies wat die blaam daarvoor moet dra. Verder is dit ook duidelik dat veral die ouer geslag swartmense 'n gematigder houding inneem en inderdaad in 'n dilemma verkeer met betrekking tot hulle verhouding met die jeug. Weer eens word die behoefte aan skakeling tussen groepe op 'n formele en informele vlak bevestig — 'n skakeling deur middel waarvan bronne van frustrasie op die tafel gelê en gesamentlike oplossings daarvoor gesoek kan word.

In die RGN-onderwysverslag is 'n program ter bereiking van gelyke gehalte onderwys vir alle inwoners van die RSA geformuleer. 'n *Eerste* beleidsriglyn wat in hierdie verband geïdentifiseer is, is die progressiewe verskaffing van toerei-

kende middele wat dit vir elke inwoner moontlik sal maak om die noodsaaklike minimum van kennis, vaardighede en waardes te verwerf. Daarmee is onder andere die instelling van algemene leer- en skoolplig gekoppel aan "gratis" onderwys vir 'n sekere aantal jare aan die orde gestel. Die *tweede* beleidsriglyn is dat geen persoon op grond van onderwyskundig irrelevante gronde weerhou word van beskikbare onderwysgeleenthede waarby hy of sy baat kan vind nie. Die vernaamste implikasie hier is dat helderheid verkry sal moet word oor die metodes en tempo wat gevolg sal word om beperkings op toegang tot en voorsiening van onderwysfasiliteite wat suiwer op ras- of kleurdiskriminasie berus, uit die weg te ruim.

Die *derde* beleidsriglyn is dat die voorsiening van gelyke voordele aan alle onderwyskliënte van 'n bepaalde onderwyskundig relevante kategorisering, as 'n prioriteit erken en gehandhaaf word. Hier is die implikasie dat helderheid verkry sal moet word oor die *model* wat gebruik sal word vir die bepaling van gehaltevoordele wat aan bepaalde onderwyskundig relevante kategorisering van onderwyskliënte verskaf sal word en uiteraard sal so 'n model bepaal moet word aan die hand van kriteria wat haalbaar is in terme van beskikbare mannekrag en fondse. Die *vierde en laaste* bereidsriglyn stel dit dat irrelevante ongelykhede in onderwysvoorsiening geëlimineer moet word. Dit beteken dat sodanige ongelykhede geïdentifiseer en sover moontlik binne die beperkinge wat deur mannekrag en fondse gestel word, uitgeskakel moet word.

Die mening word gehuldig dat hierdie aanbevelings nie alleen 'n verantwoorder onderwysbedeling voor oë het nie, maar die implementering daarvan behoort ook beter tussengroepverhoudings te kan bewerkstellig.

## ONTWIKKELING AS RAAKPUNT TUSSEN GROEPE

Die terrein wat deur die Werkkomitee: Ontwikkelingsaspekte ondersoek is, is van die sensitiefste gebiede sover dit sowel konflikpotensiaal as die skepping van koöperatiewe verhoudings tussen Suid-Afrika se diverse gemeenskappe betref. Dit is hier waar die werklike kontak tussen administrasie en bevolking, tussen amptenaar en burger, plaasvind. In die volgende bespreking is eerstens aandag geskenk aan benaderings tot ontwikkeling, daarna aan administratiewe aspekte en laastens aan stedelike plaaslike bestuur.

### *ONTWIKKELINGSTRATEGIEË*

Dit is nodig om op die gevaar van totale oorvereenvoudiging af heel kortliks by die belangrikste element van die twee hoofbeskouings oor ontwikkeling stil te staan. Daar is al vroeër in hierdie verslag verskillende ongelykhede in die Suid-

Afrikaanse samelewingsbestel geïdentifiseer. Enkele van die belangrikstes is die ongelykheid in welvaart, opvoeding, maatskaplike voorsieninge, geografies oneweredige ontwikkeling van die land, armoede in die nasionale state, die eie aard van 'n oorgangsekonomie, ensomeer. In hierdie opsig verteenwoordig Suid-Afrika dus in een land beide die rolle van 'n ontwikkelde kern en onderontwikkelde periferie. Beskouings oor ontwikkeling moet dus as agtergrond aan die orde gestel word. Alleen teen so 'n agtergrond kan die potensiële rol van ontwikkeling in perspektief geplaas word.

Die *modernisasiebenadering* lui dat bestaansarmoede deur die stimulering van ekonomiese groei en veral industrialisasie beredder kan word. In der waarheid beteken dit dat kapitaal, tegnologie, ensovoorts, van die ontwikkelde kern na die onderontwikkelde periferie moet vloei om sodoende laasgenoemde op die pad van ontwikkeling te plaas. Binne die onderontwikkelde gebied vind 'n analoë proses plaas deurdat die kern daarvan eers baat, waarna die effek na die randgebiede deursyfer.

Die *afhanklikheidsbenadering* verklaar die proses andersom, naamlik dat die kern op 'n parasitiese wyse arbeid en reserwes van die periferie vir eersgenoemde se selfsugtige voordeel as't ware opsuig. Sodoende word die periferie afhanklik van die kern, word outonome ontwikkeling versteur en uiteindelik vernietig. Binne hierdie perspektief word byvoorbeeld desentralisasie gewoon gesien as 'n poging om die periferie se hulpbronne nog doeltreffender te bekom. Hiervolgens kan ontwikkeling alleen gemeet word in terme van die verkryging van ekonomiese en politieke soewereiniteit. Sosialisme bied volgens hierdie teoretici die enigste sisteem waarbinne sodanige ontwikkeling kan geskied.

Die afhanklikheidskool redeneer dus (in grootliks vereenvoudigde terme) dat die nie-kapitalistiese modus van produksie in Suid-Afrika doelbewus bewaar is om die belange van kapitalisme te dien. 'n Alliansie van mynbou- en landboukapitaal het oorspronklik die swart reservate geskep met hierdie doel voor oë. Hierdie gebiede was te klein om selfonderhoudend te wees en hulle is dus op trekarbeid aangewese. Hulle het sodoende die arbeidsmag vir die kapitalistiese ekonomie voorsien en terselfdertyd die staat se onkoste aan welsynsdienste, behuising, pensioene, en ander sosiale dienste laag gehou deurdat terugkerende arbeiders en ander inwoners in hierdie verband grootliks selfvoorsienend moes wees. Die beleid van afsonderlike ontwikkeling het hierdie "strategie" verder gevoer, en die afhanklikheidskool skryf die ekonomiese groei in Suid-Afrika ná 1948 dan ook hieraan toe. Die groei van kapitaalintensiewe industrieë het die verplasing van swartmense na die reservate nodig gemaak, en dit is deur toestromingsbeheer verkry. Met die daling in produktiwiteit in die reservate wat

hiermee gepaard gegaan het, is die segregasionistiese beleid versterk en het die desentralisasie van nywerhede na die reservate gevolg.

Die akademiese status van bogenoemde standpunt is nie ter sake vir diegene wat hulleself as deel van die onderontwikkelde periferie sien nie. Die terminologie van die afhanklikheidskool het naamlik wye aanvaarding gekry en dit het 'n oppervlakkig aanvaarbare verklaring gebied vir die Suid-Afrikaanse beleid van afsonderlike ontwikkeling.

Aan die ander kant het die voorstanders van die moderniseringsbenadering aanvaar dat die ontwikkeling van die swart gebiede en hulle inwoners min of meer dieselfde pad sou volg as die Westerse kapitalistiese lande. Ten einde te voorkom dat swartmense deur blanke ondernemers en kapitaalkragtigheid uitgebuit sou word, is beperkings op beleggings deur blankes in swart gebiede geplaas. Die staat sou as voog vir die ontwikkeling van swartmense optree, maar hierdie ontwikkeling sou slegs in die nasionale state plaasvind. Die moderniseringskool het egter ook 'n sogenaamde liberale vleuel wat geglo het dat swart ontwikkeling op dieselfde weg as dié van die blankes sou volg, maar dat dit alleenlik suksesvol sou wees indien die beperkende maatreëls op swartmense se deelname opgehef sou word.

Die amptelike benadering tot ontwikkeling vind dus aansluiting by die modernisasiebenadering, terwyl die radikale opposisie op sy beurt weer teen die Suid-Afrikaanse Regeringsbenadering sterk deur die afhanklikheidsbenadering geïnspireer word. Gematigde swartmense en bruinmense in Suid-Afrika is modernisasiegeoriënteerd, alhoewel daar 'n sweem van afhanklikheidsbeskouing aanwesig is. Die regering en radikale teenstanders verteenwoordig dus twee verskillende diagnoses en verskillende terapieë vir dieselfde situasie. Die polariserende effek van hierdie basies opposisies met die gepaardgaande selfs destruktiewe konflikgenerering is voor-die-hand-liggend. Trouens hierdie verskille lê aan die basis van die Suid-Afrikaanse dilemma.

Ontwikkelingstrategieë as sodanig veronderstel die bestaan van 'n agtergeblewe of onderontwikkelde deel of dele in die samelewing wat in staat gestel moet word om op dieselfde vlak as ander dele te kom. In Suid-Afrika is die kombinasie van Eerstewêreld- en Derdewêreld-elemente 'n werklikheid met al die vorme van ongelykheid wat daarmee gepaard gaan. Struktureel gesproke is dit die dominante groep in so 'n situasie wat die inisiatief ten opsigte van ontwikkeling neem met die veronderstelling dat die waardes en standaarde van die eie groep die norm is waaraan ontwikkeling gemeet moet word en waarna ander groepe behoort te strewe. Dit beteken dat paternalisme feitlik ingebou is in die sisteem. Uit navorsing blyk dat hierdie benadering in die hele administratiewe

stelsel in Suid-Afrika aangetref word en ook ná onafhanklikwording van die nasionale state die algemene patroon gebly het. Hierdie tendens is vererger deur die gebrek aan deelname — om watter redes ook al — deur die ontwikkelende groep aan die bepaling van ontwikkelingsprioriteite daarvan en die afwesigheid van effektiewe medeseggenskap in besluitneming.

Gebrek aan kulturele sensitiwiteit *(cultural awareness)* by blanke amptenare en ontwikkelingsagente het tot gevolg dat ontwikkelingsplanne opgestel word wat nie die swartman se kultuur in aanmerking neem nie. Dit dra by tot sosiale ontwrigting, antagonisme en konflik.

Die regering se ontwikkelingsbeleid en veral die tempo waarteen dit uitgevoer is, het verskillende reaksies van swartmense, bruinmense en Indiërs en hul leiers uitgelok. Die broksgewyse stategie is veral in Transkei toegepas: *"Take what you can get and use it in order to get what you want."* Verskillende vorme van pragmatisme het voorgekom wat almal daarop gemik was om die voordele van die regeringsbeleid te benut sonder enige werklike aanvaarding van die onderliggende ideologie. Ander het konflik doelbewus as strategie benut (vgl. Buthelezi), terwyl die ekstreemste posisie ingeneem word deur organisasies soos AZAPO en die UDF wat radikale en soms rewolusionêre optrede voorstaan.

Die ontwikkelingstrategie wat gevolg word en die aard van die Suid-Afrikaanse beleid verteenwoordig in verskillende opsigte 'n dilemma. Na raming beloop ontwikkelingshulp aan die onafhankilke en nasionale state bykans R2 500 000 000 per jaar. Hieroor is die Suid-Afrikaanse opposisiepartye meestal baie krities. Terselfdertyd gebeur dit soms dat leiers van die bevoordeelde gebied die ontwikkelingstrategieë en -hulp baie krities gesind is, alhoewel hulle die voordele daarvan wel benut. Die onenigheid wat sodoende ontstaan, is in eie reg konflikgenererend. Die dilemma is egter eie aan die ontwikkelingshulpproblematiek en voorbeelde daarvan is talryk oor die wêreld heen.

## *AFSONDERLIKE ONTWIKKELING EN ONTWIKKELING*

Die vertrouenskrisis wat deur administratiewe maatreëls veroorsaak word en waardeur alle optrede van die owerheid by voorbaat met agterdog en wantroue bejeen word, is van net soveel belang as ontwikkelingsbeleid sover dit konflikpotensiaal betref.

Daar kan baie geskryf word oor die effektiwiteit van die beleid van afsonderlike ontwikkeling as ontwikkelingsbeleid. In hoeverre was hierdie beleid suksesvol om die ontwikkelingsdoelwitte te bereik? Hoewel moeilik, sou die beantwoor-

ding van hierdie vraag moet onderskei tussen die resultate van die politieke beleid en die ontwikkelingsbeleid.

Uit die ontledings van die verslag van die Werkkomitee: Ontwikkelingsaspek — *Balanced development in South Africa* — blyk dit dat, wat die antwoord ook al mag wees (vergelyk die ontwikkelingsfisolofieë waarna vroeër verwys is) dit in ieder geval sterk gekwalifiseer moet word. Om 'n tweetal voorbeelde te noem: Terwyl die gaping tussen swart en blanke inkomstes oor die afgelope 12 jaar opvallend vernou het, het die aantal mense onder die broodlyn in die nasionale state eweneens vergroot.

Alhoewel die betrokke regerings daadwerklik in die nuwe strukture geleentheid gekry het om politieke en administratiewe strukture te ontplooi, het hulle terselfdertyd van die stedelike swartmense vervreemd geraak (vergelyk in dié verband ook die verslag van die Werkkomitee: Grondwet en Politiek — *Politieke samewerking binne 'n fundamentele regsorde)*. In die evaluasie is dit voorts ook moeilik om die reële ontwikkeling met ander lande uit die sogenaamde Derde Wêreld te vergelyk — iets wat in 'n gegewe stadium wel nodig is.

In die lig van voorgaande word volstaan met die kort verwysing na die uitwerking van twee maatreëls, naamlik die Groepsgebiedwet en instromingsbeheer.

Volgens navorsing wat in die Wes-Kaap onderneem is, is die twee maatreëls wat die grootste skade aan gesonde tussengroepverhoudinge gedoen het, ongetwyfeld die toepassing van die Groepsgebiedewet en die Swartes (Stadgebiede) Konsolidasiewet 25 van 1945 (Instromingsbeheer). Reeds die Theron-verslag het aangedui watter onberekenbare en onherstelbare skade deur die verskuiwings in terme van die Groepsgebiedewet aangerig is. Nie alleen die gemeenskapsontwrigtende, maar ook die emosionele effek van hierdie maatreëls maak van elke verdere verskuiwing 'n potensiële ontploffingspunt. Terselfdertyd het dit op 'n wye gebied verhoudinge beïnvloed. Om 'n konkrete voorbeeld te noem: Uit data wat ingewin is, blyk dat die Groepsgebiedewet die grootste bydrae gelewer het tot die radikalisering van teologiese standpunte in die NG-Sendingkerk. Dit was die belangrikste enkele faktor wat aanleiding gegee het tot die afkondiging van die *status confessionis* en die Belhar-belydenis van 1982.

Instromingsbeheer vorm die ander plofbare maatreël wat so gou in konflik van die ergste graad kan omsit. Voorbeelde uit die onlangse verlede illustreer hierdie punt op 'n tragiese wyse. Oor die verskillende fasette van hierdie wet sou heelwat uitgebrei kon word in die lig van die gegewens wat uit die werkkomiteeverslag en ander navorsing aan die lig gekom het. Afgesien van die implikasies vir stedelike gebiede, het dit ook die weg geword waardeur groot getalle swartmense op die platteland na onder andere die swart nasionale state gekan-

nalliseer is. Veranderinge het intussen in die toepassing van die wet ingetree en bevat meer positiewe aspekte. Afgesien van die implikasies vir verstedeliking, het instromingsbeheer, tesame met ander faktore soos ekonomiese druk en meganisasie, veroorsaak dat groot getalle swartmense op die platteland na die nasionale state verhuis het.

## *ADMINISTRATIEWE ASPEKTE*

Ten opsigte van die administrasie van ontwikkeling is daar veral drie onderling afhanklike aspekte wat nadelig op tussengroepverhoudinge inwerk, naamlik onvolledige lokalisering, administratiewe houdings en kommunikasiestyl asook gebrek aan deelname. In nasionale state en later in onafhanklike state is die meeste poste verinheems, behalwe in die geval van heel professionele en tegniese poste en dit as gevolg van 'n gebrek aan opgeleide mannekrag. Die differensiasie en diensvoorwaardes van verskillende kategorieë amptenare is ook 'n bron van spanning. Handhaaf hulle nog 'n vorm van sosiale apartheid, vererger dit die saak uiteraard.

In die ontwikkeling van swart gebiede word basies van die funksionele model gebruik gemaak. Volgens dié model is elke departement verantwoordelik vir sy eie ontwikkelingsprogram en -aksies. Koördinasie geskied sentraal en is hoofsaaklik polities van aard, terwyl daar weinig of geen horisontale skakeling op plaaslike vlak is nie. Die gevaar dat so 'n vorm van ontwikkeling nie sensitief genoeg vir plaaslike behoeftes is nie — met al die verhoudingsprobleme wat daarmee gepaard gaan — is voor-die-hand-liggend. Kommunikasie in hierdie model is ook vertikaal en meer spesifiek van bo na onder. Daar is dus weinig geleentheid vir publieke deelname in behoeftebepaling, beplanning, besluitneming en evaluasie. Betrokkenheid van die mense om wie ontwikkeling werklik gaan, is dus laag.

Ontwikkeling wat volgens voorgaande patroon geskied, kan op die lange duur nie veel bydra tot die verbetering van verhoudinge nie. Trouens, dit bevat heelwat potensiaal vir konflikgenerering soos wat in enkele substansiële navorsingsprojekte op die gebied reeds aangetoon is. Die opvallendste disfunksionele eienskap is die feit dat dit 'n van bo na onder-karakter het wat meebring dat kommunikasie basies 'n burokratiese karakter het, paternalisties is en sonder plaaslike koördinasie.

## *PLAASLIKE BESTURE*

Deelname in plaaslike regering laat veel te wense oor. In die nasionale state is daar in die landelike gebiede die stamowerhede wat uit kapteins, hoofmanne

en tradisionele raadsmanne bestaan. Hulle help om wet en orde in die stamgebied te handhaaf, vorder sekere gelde in en is ook belas met die voorsiening van plaaslike dienste. Openbare belangstelling in hulle werksaamhede is swak en die meer moderne deel van die swart gemeenskappe beskou hulle nie as ten volle verteenwoordigend van alle belange in die betrokke gemeenskappe nie. Hulle aktiwiteite is grootliks op aspekte van wet en orde gerig terwyl die plaaslike dienste op 'n betreklik lae peil is.

Stedelike plaaslike regering in die nasionale state en daarbuite verskil hemelsbreed. In die nasionale state is dit in 'n elementêre staat van ontwikkeling en meestal word slegs adviserende rade aangetref. Buite die nasionale state het daar in die afgelope aantal jare vinnige vordering in hierdie verband plaasgevind, en 'n aantal volwaardige swart munisipale rade is reeds gestig. Bruinmense en Indiërs is nog steeds op bestuurskomitees aangewese wat onder die vleuels van blanke plaaslike owerhede funksioneer. In een bruin- en in vier Indiërwoongebiede is volwaardige munisipaliteite gestig.

In sowel die geval van swart as bruin- en Indiërgemeenskappe is daar 'n lang en ongelukkige geskiedenis van uitsluiting van deelname aan plaaslike regering en, voortvloeiende daaruit, 'n groeiende gees van konfrontasie met blanke plaaslike owerhede en administrasierade (nou ontwikkelingsrade), asook verset teen pogings wat van owerheidsweë aangewend word om nuwe verbeterde maar steeds aparte strukture daar te stel. Die uitsluiting in die verlede van swartmense, bruinmense en Indiërs van deelname aan plaaslike regering het daartoe gelei dat daar tans 'n tekort aan opgeleide personeel onder hierdie bevolkingskategorieë is, terwyl finansiële bronne gevind moet word vir die voorsiening van gelykwaardige munisipale dienste aan hulle. Die tekort aan fondse en personeel skep eiesoortige intergroepverhoudingsprobleme.

Vanuit die geledere van bruinmense en Indiërs is teenkanting uitgespreek teen die voorgestelde plaaslike regeringstelsel, soos onder meer in die Wetsontwerp op Streeksdiensterade, 1984, vervat. Hierdie teenkanting berus daarop dat die voorgestelde stelsel steeds op groepsdifferensiasie berus. Vanuit die geledere van blanke plaaslike owerhede is daar ook teenkanting omdat hulle 'n verlies aan "outonomie" sien in die oordra van die sogenaamde "harde dienste" aan streeksdiensterade. Hulle vrees ook dat die finansiering van die nuwe swart munisipale rade inbreuk kan maak op hulle eie potensiële inkomstebronne, en dat die finansiering van die streeksdiensterade 'n herverspreiding van inkomste na die woongebiede van die ander bevolkingskategorieë kan meebring. Alhoewel die voorgestelde stelsel op groepsdifferensiasie berus, kan dit as aantrekliker alternatief beskou word as groepdominasie binne 'n ongedifferensieerde stelsel of, as heeltemal afsonderlike plaaslike owerhede.

In die geledere van die vierde groep, dit wil sê die swart groep, is daar ook bedenkinge oor die verwikkelinge op plaaslike regeringsgebied. Die vernaamste probleem hier is die voogdyskap van die administrasie- (ontwikkelings-) rade en die uiters swak verhoudinge tussen hierdie instelling en die swart plaaslike owerhede. Ook belangrik is die politieke legitimiteitsprobleme van die swart plaaslike owerhede. Laasgenoemde probleem is effens verlig met die insluiting vroeg in 1985 van verteenwoordigers van swart plaaslike owerhede in die Raad vir die Koördinering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, en die aankondiging van die voorneme om skakeling tussen swart plaaslike owerhede en streeksdiensterade te bewerkstellig. Die standpunt van die swart teenstanders van die stelsel van plaaslike bestuur is dat dit as sodanig 'n welkome ontwikkeling is, maar die feit dat dit voorgehou word as oplossing vir die politieke probleem van swartmense buite die nasionale state, maak dit 'n teiken in die onderhawige oproer.

Terwyl daar dus bedenkinge in elkeen van die vier groepe bestaan oor hulle deelname aan die voorgestelde plaaslike owerheidstelsel, is daar enersyds heelwat potensiaal vir intergroepkonflik, maar andersyds hoop vir vreedsame oplossing van die probleme juis omdat elke groep se bedenkinge en probleme betreklik eiesoortig is.

Dit is veral om twee redes buitengewoon moeilik om die invloed van ontwikkelingsadministrasie op tussengroepverhoudinge te bepaal. Eerstens is die uitgangspunte van die twee basiese filosofieë onversoenbaar, met die gevolg dat wat uit een oogpunt as 'n voordeel beskou sou word, uit die ander se oogpunt presies die teenoorgestelde is. Tweedens is die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsbeleid 'n direkte voortvloeisel van die interne bevolkingsbeleid van skeiding met die gevolg dat dit kwalik moontlik is om die een sonder die ander te beoordeel. In die lig van voorgaande verweefdhede moet die volgende gevolgtrekkings as 'n poging gesien word om nogtans die rol van ontwikkeling in verhoudinge te peil.

- Die aard van Suid Afrika lei daartoe dat ongeag watter binnelandse bleid gevolg sou word, intensiewe ontwikkelingsinsette gelewer sou moes word. Dit blyk indirek ook uit die vroeëre oorsig oor ekonomiese aangeleenthede.
- Tot dusver kon die ontwikkelingsbeleid moontlik as 'n mengvorm beskryf word, alhoewel die koppeling daarvan aan die bevolkingsbeleid dit verdag maak. Juis die verskillende verwysingspunte, naamlik ontwikkeling en skeiding, dra by tot stremminge in verhoudinge.
- Suiwer geoordeel aan die omvang van fondse wat na ontwikkeling gekanaliseer is, kan die pogings nie sonder meer afgemaak word as ontduiking van verantwoordelikhede

of kwade wil nie. Verder het die gevolgde strategie tot die ontwikkeling van administratiewe en ander infrastrukture gelei wat die potensiaal het om in die toekoms suiwer vanuit 'n ontwikkelingsoogpunt beskou, ontwikkeling op 'n positiewe wyse te ondersteun.

- Die bevinding dat die ontwikkelingsbeleid 'n direkte uitvloeisel van apartheid is, plaas seker die grootste beperking op die potensiële waarde daarvan. In dié verband kan met sekerheid aanvaar word dat reëlings soos verskuiwings en instromingsbeheer enige positiewe gevolge van 'n ontwikkelingsbenadering elimineer, altans vanuit 'n verhoudingsoogpunt beskou.

## JURIDIESE ASPEKTE

Beheermaatreëls in 'n samelewing kan wissel van heeltemal informeel tot volledig geformaliseer. Die reg verteenwoordig die geformaliseerste vorm van beheermaatreëls waardeur regsprivilegies, regte en juridiese verpligtinge bepaal word. Dit bepaal, met ander woorde, grense en voorwaardes vir die operasionalisering van verhoudinge sonder om die aard, inhoud en rigting van sulke verhoudinge te spesifiseer — as't ware die spelreëls waarvolgens verhoudinge realiseer. Een van die fokuspunte van die reg is die regulering, ontlonting, ensomeer van konflik-situasies waarin partye van mekaar verskil as gevolg van byvoorbeeld wedersyds uitsluitende belange, uiteenlopende benaderings tot selfverwesenliking, ensovoorts. Hierdie tipe konflikte kom in alle samelewings voor. Die reg kan nie die oorsake van konflik elimineer nie, maar wel reguleer. Watter lewensfasette spesifiek deur die reg gedek word, is wesenlik 'n politieke vraag en daarom is dit 'n algemene verskynsel dat wat in die een land deur die reg gereguleer word, in 'n ander land administratief of selfs informeel beheer word.

In die lig van hierdie algemene opmerkings oor die plek van die reg in die samelewing, is dit duidelik dat die reg een van die sentraalste fasette is insoverre as wat dit per slot van rekening die individu se finale waarborg verskaf en daarom staan dit ook sentraal in die verhoudingsproblematiek.

Suid-Afrika het reeds 'n tradisie van die wetlike reëling van verhoudinge opgebou; voorbeelde van sentrale wette in dié verband is reeds in hoofstuk 2 geïdentifiseer en kortliks toegelig. Uit daardie oorsig het dit geblyk dat die reg besonder ingrypend is en neig om sommige groepe, veral swartmense, meer as ander te beperk. In hierdie hoofstuk word nie verder op dié spesifieke wette ingegaan nie. Uit die ontleding van die Werkkomitee: Juridiese Aspek het dit geblyk dat sommige van die wette in een of meer opsigte, byvoorbeeld inhoud, uitvoering en gevolge, nie in alle opsigte gelykberegtiging ten opsigte van al die bevolkingskategorieë verseker het nie. Hier word met een voorbeeld volstaan: Die Wet op Groepsgebiede 36 van 1966 het onder andere ten doel die

reëling van die eienaarskap van vaste eiendom en die besetting daarvan, en bepaal ook hoe grond, geboue en eiendom beheer word. Oppervlakkig beskou, skyn dit of die wet nie tussen bevolkingskategorieë diskrimineer nie. 'n Ontleding van die implementering daarvan toon egter dat dit wel diskriminerend was in soverre daar tot aan die einde van 1982 die volgende aantal gesinne ingevolge dié wetgewing verskuif is: bruinmense — 81 948; Indiërs — 39 485 en blankes — 2 285. In die geval van handelaars wat verskuif is, is die syfers soos volg: blankes 54, bruinmense 180 en Indiërs 2 507. As in aanmerking geneem word dat elke verskuiwing met ontbering gepaard gaan, is die omvang van die gevolge van die implementering van dié wet duidelik. In dié verband kan na die verslag van die Theron-kommissie verwys word.

Dat die reg besondere dilemmas skep, het uit die ontleding van hoofstuk 3 geblyk, waar aangetoon is dat die identifisering van groepe besonder problematies is aangesien etnisiteit en ras in werklikheid juridies onhanteerbare begrippe is. Trouens, die gevolgtrekking kan gemaak word dat juis die juridiese hantering van identiteit aan die basis van die verhoudingsproblematiek lê.

Hoewel veiligheidswetgewing nie die reëling van tussengroepverhoudinge ten doel het nie, het die Werkkomitee: Juridiese Aspek daaraan aandag gegee omdat die toepassing van die Wet op Binnelandse Veiligheid van 1982 en verbandhoudende wetgewing, wel implikasies vir verhoudinge in Suid-Afrika inhou.

Die noodsaaklikheid om orde te handhaaf in 'n gemeenskap waar die potensiaal vir gewelddadige konflik hoog is en die verpligting wat op die regering berus om sekuriteit aan sy burgers te bied, regverdig die verlening van die buitengewone magte wat in veiligheidswetgewing aangetref word. Hoewel die wet geen verwysing na bevolkingsgroepe bevat nie, word dit in die praktyk grootliks gebruik in optrede teen persone en organisasies wat buite parlementêre verband die regering se beleid opponeer. Dit is nie sonder meer duidelik dat die toepassing van hierdie wetgewing op nie-gewelddadige teenstand die vlak van konflik oor die medium tot langer termyn verlaag nie.

Gegewe aan die een kant 'n wye spektrum van wette waarvolgens verhoudinge in die land gereël word en aan die ander kant die juridiese probleem van die hantering van identiteit, word in hierdie hoofstuk aan die volgende aspekte aandag geskenk: die fundamentele waardes waaraan 'n regverdige regsorde behoort te voldoen, strafreg, wetstoepassing, toegang tot die reg, regspleging en internasionale reg.

In die Werkkomiteee: Juridiese Aspekte se verslag *Law and justice in intergroup relations* het die betrokke werkkomitee hom eerstens bepaal by die identifisering van die noodsaaklike en voldoende voorwaardes waaraan 'n regverdige regsorde moet voldoen om konflik in die samelewing optimaal te reguleer. Vir dié doel is 'n ontleding van die waardes grondliggend aan die Romeins Hollandse en Engelse regstradisies gemaak. Die belang van hierdie beginsels is dat dit terselfdertyd 'n stel kriteria verteenwoordig waaraan die hele regstelsel met al sy konstituerende dele getoets kan word. Die fundamentele vertrekpunte in dié verband is die regstaat-gedagte aan die hand waarvan die volgende vereistes vir 'n regverdige regsorde geformuleer is.

'n Regverdige regsorde erken en eerbiedig die uniekheid of eiesoortigheid van al die verskillende fasette van menswees. Dit is byvoorbeeld nie vir die reg om voor te skryf wat "goeie" kuns, die "regte" godsdiens, die "beste" sakebeginsels of die "paslike" morele norme is of behoort te wees nie.

Die reg moet gesaghebbend vir die akkommodasie van 'n verskeidenheid struktureel eiesoortige samelewingsinstellings voorsiening maak, deur die gesag en vryheid van elk van hierdie (nie-staatlike) instellings om self sy eie unieke sake in die realisering van sy eie unieke funksie te behartig, te erken, te eerbiedig en te beskerm. Dit beteken dat die *de facto* magtige staat, wie se funksie dit is om 'n regsorde in stand te hou, nie die "eie sake" van nie-staatlike instansies behoort te monopoliseer, bestuur of voorskryf hoe dit bestuur behoort te word nie. Die staat se taak is om die juridiese kompetensiesfere sowel as die regte en verpligtinge van samelewingsinstellings teenoor mekaar en teenoor individuele regonderdane amptelik af te grens, en om geskilpunte wat daar in die bestek van sodanige afgrensing ontstaan gesaghebbend te besleg en/of te bereg.

'n Regsorde en sy instellings moet billik wees, dit wil sê ruimte vir die individualiserende toepassing van regsnorme (wat in algemene terme geformuleer is en wat, gegewe hulle eie-aard algemeen geld) in konkrete situasies — veral dié wat nie algemeen voorkom nie — laat. Die diskresie van wetstoepassers moet dan ook primêr daarop afgestem wees om dit wat die reg (nie net na die letter nie maar ook na gees en strekking) vereis aan die een kant, met die eise van die konkrete situasie aan die ander kant te korreleer. 'n Behoorlike diskresie is nòg in detail deur die reg gepredetermineer, nòg 'n verskyningsvorm van louter willekeur.

'n Regverdige regsorde vermy blote formalismes. Regsnorme en die regsorde is geen doeleindes op hulleself nie, maar middele tot 'n doel. Hulle gesag — en regverdigheid — kan dus nie bloot in hulle (uiterlike) vorm geleë wees nie,

maar moet veeleer in hulle basies regulerende taak en doel gesoek word. Hierdie waarheid word onder andere misken wanneer wette bloot letterlik — dit wil sê na hulle taalkundige vorm — geïnterpreteer word.

'n Regverdige regsorde diskrimineer nie. Uit wat in hoofstuk 2 gesê is, dui hierdie riglyn daarop dat 'n realistiese differensiasie op *etniese gronde* haas nie moontlik is nie omdat etniese groepslyne nie in regsterme omskryf kan word nie, en dat — vanweë die wesenlik veralgemenende aard van regsnorme — *rassedifferensiasies* altyd diskriminerend werk.

Regsnorme moet met sekerheid geld en moet in beginsel deur almal op wie hulle van toepassing is, geken kan word. Regsreëls en die wet moet duidelik geformuleer en maklik toeganklik wees. Die reg op regsverteenwoordiging is 'n verskyningsvorm van die toepassing van hierdie maatstaf. Jan Alleman kan net eenvoudig nie meer "al die reg" ken nie, en sy toegang tot 'n kennis van die reg is dus meesal via òf 'n onafhanklike professionele kundige òf (en dit moet nie uit gedagte verloor word nie) amptenare en beamptes in diens van die uitvoerende en regterlike gesag in die staat.

'n Regsorde moet eerbied vir die verskillende prosedures en regsmiddele waarvoor dit voorsiening maak — dit wil sê samevattend, vir die "weg van die reg" — by onderdane sowel as owerhede (en owerheidspersone) kweek en bevorder. Hierdie vereiste is die *legaliteitsvereiste* wat, indien dit behoorlik eerbiedig word, daartoe bydra dat die kanale vir ordelike intermenslike verkeer in die samelewing "oop" bly en reg en behoorlik gebruik word. Die reg voorsien hierdie kanale onder andere ook in sy "hoedanigheid" as geleier en reguleerder van konflik in die samelewing.

'n Regsorde moet voorsiening maak vir die onpartydige skikking van geskille. Volgens die sesde riglyn hierbo word spesifieke reëls vereis in die regulering van 'n persoon se regte. Daar moet egter ook voorsiening gemaak word dat die regte bereg kan word en hiervoor is onpartydige en onafhanklike howe nodig.

Voorgaande riglyne wat direk voortvloei uit die Suid-Afrikaanse regstradisie bied 'n basis op grond waarvan 'n gelykberegtigende regstelsel gebaseer kan word. Verder is dit so dat in die mate wat die reg hierop gebaseer word, dit vir al die mense van die land 'n waarborg is van gelykheid voor die wet, beskerming deur die wet en toegang tot die wet, ongeag die regering van die dag. In hierdie opsig bied dit 'n magtige waarborg vir die ontplooiing van konstruktiewe verhoudinge. Die herroeping van die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike asook Artikel 16 van die Ontugwet 23 van 1957 strook volledig met die implikasies van hierdie riglyne.

*REGSPLEGING*

In hoofstuk 2 sowel as hierbo is alreeds aangetoon dat die regsdefinisies van groepsidentiteit besonder lastig is, maar dit blyk verder ook dat definisie oor wette heen nie in alle gevalle uniform is nie. Hierdie toestand lei uiteraard tot die moontlikheid van verwarring, vermindering van die reg se toeganklikheid en ander belemmerende gevolge. Veral waar die kwessie van bevolkingskategorisering reeds so sensitief is, moet dié situasie as potensieel konflikgenererend beskou word.

Verbandhoudend met voorgaande, blyk dit ook dat daar heelwat rasgeoriënteerde misdade op die wetboek is. Trouens, dit kom voor of baie reëlings wat administratief hanteer kon word, tans gekriminaliseer is. 'n Dié verband het die werkkomitee tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie groep wette buitengewoon kompleks en in wese diskriminerend is in soverre as wat die oortreding op die status van die oortreder (dus ras of bevolkingskategorie) en nie op grond van die skade gedoen nie, berus. Dit behoort voor-die-hand-liggend te wees dat die saak van harmonieuse verhoudings sowel as die legitimiteit van die reg nie op dié wyse bevorder word nie. Een van die waarneembaarste gevolge van dié vasstelling is natuurlik die hoë Suid-Afrikaanse misdaad en gevangenisstatistiek.

*WETSTOEPASSINGSAGENTSKAPPE*

Die bepaling van die intrinsieke rol van wetstoepassers in die bevordering of belemmering van tussengroepverhoudinge is besonder problematies omdat dit gewoon metodologies uiters moeilik is om te bepaal of respondente op die wet self of op die toepassing daarvan reageer. Werklik gesofistikeerde meting- en ontledingstegnieke is nodig om die onderskeie effekte van die twee faktore te onderskei.

Waaroor daar wel geen twyfel kan bestaan nie, is die feit dat die toepassing van die wet 'n besonder sensitiewe aangeleentheid is. Immers, vir baie mense is dit hulle eerste kontak met 'n abstrakte sisteem wat veronderstel is om regverdig, onpartydig, ensovoorts te wees. Absolute professionaliteit in menseverhoudinge behoort die kriterium te wees. Elders in hierdie verslag is reeds gewag gemaak van die feit dat hierdie kontakpersone 'n sleutelrol in die beoefening van verhoudinge speel — 'n rol wat na twee kante toe relevant is. Enersyds is die wetstoepasser 'n verteenwoordiger van 'n groep en dit is byna onvermydelik dat sy optrede as prototipies van daardie groep beskou sal word. Daarby verteenwoordig hy ook 'n sisteem of instelling en deur optrede wat as onverdraagsaam

waargeneem mag word, kom die legitimiteit van die sisteem of instelling ook in gedrang.

Voorgaande oorwegings moet mede in die lig van die buitengewone hoë aantal vervolgings en groot gevangenisbevolking beskou word. Die potensiële veralgemeningseffek na die bevolking kan baie groot wees.

*TOEGANG TOT DIE REG*

Vanuit die publiek se oogpunt beskou, verteenwoordig toegang tot die reg die *moontlikheid* om die reg te benut. Toegang tot die reg kan drie vorme aanneem, naamlik kennis, middele en vertroue. Veral in 'n land soos Suid-Afrika met bevolkings met byvoorbeeld variërende kulturele agtergronde en skerp verskillende opvoedkundige peile, ensovoorts is gelyke toegang tot die reg in ieder geval moeilik om te realiseer. Navorsing wat vir die *Ondersoek* onderneem is, het getoon dat blankes om verskeie redes in terme van al drie definisies 'n groter toegang tot die reg as swartmense het. Hierdie bevinding hou verband met die volgende tema en sal in 'n ruimer verband verder geneem word.

*REGSPLEGING*

Die werkkomitee het drie fasette van regspleging ondersoek, naamlik die persepsie van regspleging, kommunikasie in die hof en verhoudinge. Hierdie drie fasette en sommige ander wat reeds aan die orde gestel is, is uiteraard afhanklik van mekaar en die volgende bespreking moet daarom ook teen dié agtergrond geïnterpreteer word.

Soos wat reeds na aanleiding van navorsing oor persepsie in die vorige hoofstuk verwag kon word, verskil blankes en swartmense byna diametraal in hul evaluering van regspleging en verbandhoudende aangeleenthede. Daar is in empiriese navorsing bevind dat faktore soos geslag en ouderdom ook 'n invloed op die persepsie van dié aangeleenthede het, maar dat bevolkingsgroep van die respondent die enkel belangrikste invloed was. So het blankes die positiefste indruk van die Suid-Afrikaanse reg gehad en swartmense die heel negatiefste, met bruinmense en Indiërs ongeveer tussen dié twee pole. Dieselfde patrone is met betrekking tot gehoorsaamheid aan die wet en persepsie van die polisie en regspleging gevind.

Besonder innoverende navorsing is ook oor kommunikasie in die hof uitgevoer. Strukturele analises van bruinmense se dialoog in die hofsaal het aan die lig gebring dat hulle getuienis dikwels swak gestruktureer en moeilik verstaanbaar was en (daarom) potensieel as onbetroubaar beoordeel sou kon word. Daar is

op grond van die resultate tot die gevolgtrekking gekom dat bruinmense in die ondersoek minder in staat was om hul getuienis ooreenkomstig samehangende verhalende skemas te struktureer as waartoe die blankes in staat is.

In wese gaan dit hierbo om kenmerkende probleme in interkulturele kommunikasie en die sogenaamde attribusieproses. Dit plaas 'n buitengewone verantwoordelikheid op die skouers van die betrokke amptenare om sensitief te wees en die kultureel-spesifieke as't ware te verreken in die evaluering van getuienis. Hiervoor is spesifieke opleiding nodig.

Een moontlikheid om die probleem enigsins te verlig, is natuurlik deur van tolke gebruik te maak. Ongelukkig dui navorsing daarop dat ook dit nie volledig suksesvol is nie. In 'n studie wat gefokus het op die onverteenwoordigde beskuldigde, het geblyk dat die interpretasie en vertaling dikwels in kritieke fases gestaak is. Dit kom veral voor wanneer prosedures en reëlings ter sprake kom. So is byvoorbeeld gevind dat in slegs 39 % van die gevalle waar uitstel toegestaan is, die redes aan die beskuldigde vertaal is. In 12 % van die gevalle waar om borgtog aansoek gedoen is, is die redes vir die hof se beslissing aan die beskuldigde vertaal.

Voorgaande tekortkominge kan nie aan swak opgeleide tolke toegeskryf word nie, aangesien buitengewone sorg aan die tegniese opleiding van tolke geskenk word. Nogtans is dit duidelik dat hierdie gevalle nie bevorderlik is vir die kweek van vertroue in die regstelsel nie en is daarom ook nie bevorderlik vir verhoudinge nie.

Voorgaande empiriese studies toon weer eens hoe besonder kompleks baie fasette van die multikulturele samelewing van Suid-Afrika in werklikheid is. Probleme soos die voorgaande kom in haas elke sfeer van die samelewing voor. Wat die juridiese gevalle egter so buitengewoon belangrik maak, is die moontlike ingrypende gevolge wat dit vir die beskuldigde kan hê. Maar verder: die reg behoort in 'n stabiele land vir elkeen die grootste waarborg vir regverdigheid te wees. Dit is voor-die-hand-liggend hoe die persepsie van iemand beïnvloed word wanneer hy die gevoel kry dat hy 'nie deurkom nie' of daar nie begrip vir sy saak is nie.

### *DIE INTERNASIONALE REG*

Daar is reeds in hoofstuk 3 geargumenteer dat persepsie tipies binne 'n raamwerk of teen 'n agtergrond plaasvind. In die afgelope tyd is daar toenemende aanduidings dat die Suid-Afrikaanse reg teen die agtergrond van die internasionale reg beoordeel word. Trouens nuusberigte wat implisiet of eksplisiet

hierdie saak behandel, kom vry algemeen voor. Dit is daarom te verwagte dat veral daardie dele van die bevolking wat voel dat hulle deur die sisteem benadeel word, die Suid-Afrikaanse reg met die internasionale reg sal vergelyk en laasgenoemde as ideaal en model sal gebruik.

Navorsing wat in die verslag van die werkkomitee vir die juridiese aspekte gerapporteer is, beklemtoon veral die belang van die kwessie van menseregte in die internasionale reg. Menseregte word vervat in onder andere die Europese Konvensie van Menseregte van 1950 en die Amerikaanse Konvensie van Menseregte van 1970. Hierdie en ander konvensies sluit die basiese gedagtes van die bekende Universele Verklaring van Menseregte van 1948 in. Oor die algemeen word kernaspekte van hierdie verklaring vandag as reëls van die internasionale gewoontereg aanvaar. Een van hierdie reëls is die verbod op rassediskriminasie.

Daar bestaan klaarblyklik verskillende argumente en beskouings oor sommige inhoude en motiewe in die internasionale reg. Waaroor daar wel sekerheid bestaan, is dat dit wel as 'n maatstaf gebruik word waaraan Suid-Afrika en sy reg gemeet word — binne- sowel as buitelands. Dit wil voorkom of Suid-Afrika nie kan aanhou wegskram van 'n verbintenis in dié verband nie.

## *SAMEVATTING*

Tussengroepverhoudinge en die reg is in sekere opsigte in mekaar vervleg omdat die amptelike reëling van verhoudinge in die land berus op die statutêre bevolkingskategorisering van almal. Daar is reeds in die vorige hoofstuk vasgestel dat hierdie kategorisering in belangrike opsigte enersyds nie die gekompliseerdheid en andersyds die dinamika van identiteit kan vasvat nie. Hierdie moet as een van die basiese dilemmas van tussengroepverhoudinge beskou word.

Aan die hand van die aantal riglyne wat uit die Suid-Afrikaanse regstradisie afgelei is, kan verskillende aspekte van die reg geëvalueer word. So 'n evaluering toon dat die reg tans in verskillende opsigte nie volledig voldoen aan al daardie kriteria nie. Dit geld vir sommige wette, dele van die strafreg, wetstoepassing soos deur sommige mense waargeneem, toegang tot die reg en elemente van regspleging.

Daar kan nie geargumenteer word oor die konflikregulerende funksie van die reg nie; ook nie ten opsigte van die terrein van tussengroepverhoudinge nie. Trouens, dit ly geen twyfel nie dat die reg juis een van die groeipunte van konstruktiewe verhoudinge sou kon word, mits die riglyne soos in hierdie hoofstuk weergegee, as toetssteen gebruik word. Op dié wyse sou die konflikgenererende

aspekte wat tans aanwesig is, uitgeskakel kan word. Sonder die aanvaarding van die regsisteem deur al die mense, sal verhoudinge toenemend onder druk kom.

## GRONDWET EN POLITIEK

Die grondwet van 'n land skep die staatkundige raamwerk waarbinne die inwoners van 'n land hulleself moet verwesenlik en terselfdertyd is dit 'n weerspieëling van die siening van die maghebbers van so 'n land oor die wyse waarop verhoudinge in 'n land georden behoort te word. Suid-Afrika is hierop geen uitsondering nie. Trouens, die feit dat die land die afgelope paar jaar juis grondwetlike veranderinge beleef het wat essensieel rondom die verhoudingsproblematiek gewentel het, veroorsaak dat staatkundige en politieke invloede op tussengroepverhoudinge deeglik verreken moet word. In dié lig is die balansstaat van die invloede soos in die verslag van die Werkkomitee: Grondwet en Politiek *Politieke samewerking binne 'n fundamentele regsorde,* opgestel, hier in taamlike detail behandel. Weliswaar is die aard van grondwetlike reëlings nie weer hier weergegee nie, aangesien dit reeds in hoofstuk 2 beskryf is.

In hierdie afdeling word eers 'n evaluasie van regeringsinisiatiewe vanuit die oogpunt van tussengroepverhoudinge gegee, waarna aandag aan 'n aantal anomalieë geskenk en die bespreking met 'n samevattende perspektief afgesluit word.

### *'N EVALUASIE VAN REGERINGSINISIATIEWE*

Daar is alle aanduidings dat daar by die owerheid in die jongste tyd 'n groter openheid as vantevore ten opsigte van konstruktiewe dialoog bestaan. Soos in die verslag van die Werkkomitee: Grondwet en Politiek uitgewys is, het daar reeds met die totstandkoming van etnies selfregerende gebiede 'n reële devolusie van mag plaasgevind, wat ten spyte van al die negatiewe kante daaraan verbonde, tans tot 'n belangrike hervormingskatalisator ontwikkel het.

Dit sou eensydig en selfs oneerlik wees om te beweer dat daar oor die jare heen geen pogings in Suid-Afrika aangewend is om tussengroepverhoudinge op 'n gesonder grondslag te plaas en sodoende konflik te verminder nie. Waarskynlik die ingrypendste ontwikkeling in 'n groots opgesette reëling van tussengroepverhoudinge was die skepping van etniese selfregerende gebiede en die vestiging van eie regerings vir dié gebiede sowel as die uiteindelike onafhanklikwording van Bophuthatswana, Transkei, Ciskei en Venda. Nieteenstaande die opvallende gebreke en struikelblokke wat inherent aan dié grootskaalse magsdevolusie en staatkundige desentralisasie verbonde is, is dit die nasionale state en onafhanklike TBVC-state onherroepbare elemente in die breër Suider-Afri-

kaanse staatsbestel geword het en inderdaad reeds belangrike bydraes gelewer het om tussengroepverhoudinge te verbeter. (Van die opvallendste probleme is verbrokkelde grense, ongekonsolideerde gebiede, onvoldoende mannekrag en infrastrukture, swak ekonomieë en gebrek aan inkomstes, groot armoede, onvoldoende owerheidsdienste, swak bestuurservaring en 'n geweldige ostrasering deur die internasionale gemeenskap van state en internasionale organisasies.)

Die feit dat hierdie state met hul swart regerings in mindere of meerdere mate daarin geslaag het om veelrassige gemeenskappe te vestig waarbinne lede van die verskillende Suid-Afrikaanse bevolkingskategorieë saamleef, werk, en onderwys ontvang en om, soos in die geval van Bophuthatswana, 'n aanvaarde en werksame verskanste menseregverklaring as deel van sy konstitusie in te voer en ook lede van die blanke bevolkingskategorie in sy regering in te sluit, moet as selfstandige en uiters waardevolle bydraes tot die verbetering van tussengroepverhoudinge erken word. Voorts kan ook verwys word na die stigting van ontwikkelde regeringstrukture, bepaalde demokratiese tradisies, gereelde verkiesings en die uitbou van moderne administrasies. Die instelling van oorkoepelende beraadslagingsinstellings en prosedures met die Republiek van Suid-Afrika, met 'n ruim voorsiening van veral hoër onderwysinrigtings, moet ook almal as positiewe resultate van 'n ingrypende magsdewolusie en uiteindelike verbetering van Suid-Afrikaanse tussengroepverhoudinge gesien word.

Die bepaalde inhoude sowel as wyse van toepassing van die gedagte van desentralisasie en dewolusie van regeringsmag aan selfregerende gebiede en onafhanklike state is egter sodanig dat dit in hoë mate die gevaar loop om heeltemal gediskrediteer te word as 'n staatkundige metode ter reëling van tussengroepverhoudinge. Van die belangrikste probleme in dié verband is die Suid-Afrikaanse aandrang op onafhanklikheid van al die gebiede, die eensydige en wydopgesette toedeling van burgerskap van dié gebiede aan alle swart bevolkingsgroepe (met die inherente gevaar van totale verlies van Suid-Afrikaanse burgerskap soos in die geval van TBVC-burgers gebeur het) en die verdere moontlikheid dat die gebiede en state as aflaaiplek vir swartmense uit die Republiek gebruik word. Deur so 'n ideologiese en politieke oorbelasting van die stelsel ontstaan die gevaar dat die hele beleid van nasionale en onafhanklike state as 'n struikelblok eerder as een van die belangrikste middele vir die reëling van konstruktiewe tussengroepverhoudinge kan ontwikkel.

Die groter openheid van owerheidsweë waarvan vroeër melding gemaak is, geld ook vir disfunksies wat hierbo genoem is. Die Staatspresident het naamlik tydens die bespreking van sy begrotingspos in April 1985 aangedui dat die verlies van RSA-burgerskap nie 'n noodwendige resultaat van die onafhanklikwording van selfregerende state hoef te wees nie. Dit dui op 'n insiggewende beleidsaan-

passing, dog met behoud van die beginsels van dewolusie gekoppel met streeksoutonomie. Aangesien laasgenoemde twee sake as wenslik vir Suid-Afrikaanse werklikhede beskou word, hou dit die moontlikheid in dat Suid-Afrika se politieke sisteem duideliker federale kenmerke kan begin ontwikkel wat vir 'n groter gedeelte van die swart bevolking aanvaarbaar kan wees, veral as die huidige burgerskapreëlings wat deur talle swartmense as 'n beletsel op gesonder tussengroepverhoudinge beleef word, op hierdie wyse aangepas word.

'n Tweede en algemeen gunstige ontwikkeling in die reëling van tussengroepverhoudinge in die onlangse verlede, is juis die aanname en inwerkingstelling van die nuwe 1983-grondwet, ongeag die tekortkominge en gebreke wat daaraan verbonde is en wat nog behandel sal word. Die positiewe sy van die nuwe Grondwet is eenvoudig dat ander bevolkingskategorieë, naamlik bruinmense en Indiërs, nou vir die eerste keer die geleentheid gebied is om direk aan die sentrale regering deel te neem. Hoeseer hierdie deelname ookal gekwalifiseerd is, is die nuwe konstitusionele bedeling 'n groot staatkundige en politieke deurbraak vir sover dit die kleurgrens in die sentrale Suid-Afrikaanse regeringstelsel ten dele opgehef het.

In die Suid-Afrikaanse politiek is hierdie deurbraak van die uiterste belang, en vir tussengroepverhoudinge wesentlik, want daardeur is ten minste 'n ontwikkeling in regeringsvorm en politieke prosesse moontlik gemaak wat meer akkommoderend is. Deur die mede-seggenskap wat aan bruinmense en Indiërs gegee word, is daar sekerlik 'n nuwe era van regering ingelui wat in 'n vreedsame demokratiserende verwagtingsperspektief waarskynlik meer as enige ander hervorming die weg gebaan het om toekomstige konstitusionele en politieke hervormings met betrekking tot tussengroepverhoudinge positiewer en meer optimisties te benader. Die feit dat hierdie groot inisiatief om 'n regering wat gebaseer is op magsdeling in te voer, so sterk deur die blanke kiesers in 'n referendum ondersteun is, is 'n baie positiewe en daadwerklike gunstige barometer van blanke gesindheidsverandering. Word verder in ag geneem dat die Grondwet algemeen aanvaar word as 'n vertrekpunt en nie die einde van konstitusionele hervorming nie, is dit sekerlik die onvanpas nie om voortgesette hervormingspogings te verwag.

Voorgaande evaluasie moet ook gesien word teen die agtergrond van die vasstelling in hoofstuk 3 dat dit een van die grootste probleme in die dinamika van verandering is om die beweging aan die gang te sit. In daardie hoofstuk is gepraat van 'n ontvriesingsfase. Daar is rede om te aanvaar dat voorgaande analise daarop dui dat die nuwe grondwet en steun daarvoor in die referendum toon dat die wissels op die Suid-Afrikanse spoor verander is.

Die openheid tot gesprek aan die kant van die owerheid is onlangs bevestig deur die daarstelling van 'n ope forum waarna almal uitgenooi is wat geweld as middel tot verandering afsweer en bereid is tot 'n konstruktiewe deelname. Om hierdie rede betwis Adam (1985: 121) die stelling van mense soos Davidson dat "nothing has been officially proposed, or even discussed, that could in any way improve the social and political situation of the Africans." Die teendeel is volgens Adam waar. Die kritieke vraag is hoe ver die regering bereid is om te gaan in hierdie gesprek.

'n Verdere ontwikkeling wat nie oor die hoof gesien moet word nie, is dat daar ten opsigte van die verhoudinge tussen Suid-Afrika en sy buurstate 'n sekere ontspanning ingetree het. Adam (1985: 116) wys daarop dat die fontlinie-state toenemend geneutraliseer is as 'n bedreigende faktor in die militêre sin van die woord. Hierdie verandering van houding word deur die Nkomati-verdrag onderstreep. Dit beteken dat die verwagting onder teenstanders van die regering van 'n bevryding deur eksterne magte aansienlik afgeneem het. Die skynbare onvermoë van groepe soos die eksterne vleuel van die ANC om militêr betekenisvolle vordering te maak, kan tot gevolg hê dat nou met 'n realistieser oog na binnelandse moontlikhede vir politieke hervorming gekyk sal word. Terselfdertyd beteken die diplomatieke suksesse ten opsigte van die frontlinie-state dat 'n belangrike been in die "totale aanslag"-argument nou wankelrig geword het. Daar is aanduidings dat Suid-Afrika om 'n verskeidenheid van redes tans laag op die lys van Moskou se globale prioriteitslys staan. Die argument van eksterne bedreiging het 'n rol gespeel in die deurvoer van binnelandse hervormings, maar nou dat hierdie motiveringsfaktor verander het, kan dit gebeur dat die aandrang op interne veranderings verswak. Veel eerder behoort die gunstiger klimaat aangegryp te word om met noodsaaklike konstitusionele hervormings voort te gaan.

Dit kan verwag word dat dit in die belang sal wees van alle partye wat betrokke is by die toekoms van Suid-Afrika dat die eerste beweging in die rigting van 'n gesprek nie in die openbaar sal plaasvind nie. Verder is daar weinig hoop op vordering indien daar geen bereidheid tot reële verandering by die gespreksgenote bestaan nie en die geleentheid slegs as 'n strategiese skuif benut word.

*ANOMALIEË*

Vanuit 'n grondwetlike gesigshoek bekyk, bevat die huidige staatkundige bedeling steeds 'n aantal belangrike anomalieë. Hoewel die 1983-grondwet bepaalde positiewe veranderings in hierdie situasie meegebring het wat later uit-

voeriger bespreek sal word, bly belangrike aspekte van hierdie anomalieë voortbestaan.

Seker een van die opvallendste anomalieë is dat die wetgewer probeer het om wetlik al die verskillende bevolkingskategorieë, behalwe die blankes, in verskillende statutêre kategorieë te plaas volgens etniese herkoms, verwantskap, kulturele vereenselwiging of ander fisiese faktore (kyk in dié verband hoofstukke 2 en 3). Vir die blanke is daar op generlei wyse tot so 'n klassifikasie oorgegaan nie, ten spyte van die feit dat die eiesoortigheid van blanke bevolkingskategorieë, veral die hoofbevolkingskategorieë van Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes, in alle opsigte kenbaar is, soos in hoofstukke 2 en 3 aangedui is. (Die enigste opsig waar die onderskeid tussen Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes 'n statutêre beslag verkry het, is die mate waarin sommige provinsiale onderwysordonnansies voorskryf dat blanke leerlinge tot en met standerd VIII in hul moedertaal onderrig moet word; op dié wyse word daar wel tussen die onverwysinrigting van die twee belangrikste blanke bevolkingskategorieë gedifferensieer. Hierdie onderskeid word egter op geen ander gebied van die staatsinrigting oorgedra nie.) Hierin lê waarskynlik een van die opvallendste teenstrydighede in die Suid-Afrikaanse problematiek van groepverhoudinge. Soos in hoofstuk 3 aangetoon is, het die feit dat hierdie statutêre proses van groepsklassifikasie vir bruinmense, Indiërs en swartmense uitsluitlik in die hande van die blanke wetgewer berus het en deur die blanke regering ontwerp en deurgevoer is, vir dié bevolkingskategorieë, 'n deursigtelike vertoon van blanke magsmanipulasie aangeneem.

In hierdie verband is dit noodsaaklik om te onthou dat die staatkundige en grondwetlike instellings van 'n samelewing in groot mate die verspreiding van mag binne daardie samelewing weerspieël. Hierdie instellings vorm gesamentlik die gesagsraamwerk en gesagstruktuur van die samelewing as nasionale kollektiwiteit. Aangesien mag een van die sleutelhulpbronne in enige maatskappy is, is dit vanselfsprekend dat mense in diverse organisatoriese verbande sal meeding om toegang tot dié hulpbron te verkry. In talle diep gesegmenteerde samelewings lei hierdie mededinging dikwels tot 'n asimmetriese verspreiding van mag en gevolglik tot strukture van politieke dominansie. Ingrypende veranderinge in hierdie strukture kan gewoonlik net plaasvind as daar 'n ingrypende herorganisering van die samelewing se magsinstellinge plaasvind — veral vir sover dit mense se toegang en rekrutering tot die sentrale gesagsorgane betref. Kortom, gestruktureerde sosiale ongelykheid kom nooit in 'n politieke vakuum voor nie. In die finale instansie dus kan ingrypende veranderinge in hierdie asimmetriese geleentheidsisteme slegs deur politieke kanale vermag word.

'n Ander en uiters kompliserende gevolg wat uit die indeling van statutêre swart etniese groepe en die gepaardgaande verdeling en afskeiding in afsonderlike swart state (hetsy onafhanklike swart state hetsy selfregerende nasionale state) gevloei het, is die onderskeid tussen swart Suid-Afrikaanse burgers en swart eertydse Suid-Afrikaanse burgers en dié se afstammelinge. Soos vroeër aangedui, is daar sterk aanduidings, byvoorbeeld in die vorm van uitsprake van die Staatspresident, dat hierdie saak tans in heroorweging is en daarom word met die identifisering van die dilemma volstaan.

'n Verdere dilemma is die volgende: Statutêre indeling van bevolkingskategorieë het ook sy neerslag in die partypolitiek gevind, veral in die vorm van die Wet op die Verbod op Politieke Inmenging 31 van 1968. Dié wet het finale beslag aan die regeringsbeleid verleen dat lede van die onderskeie groepe nie lede van dieselfde politieke party mag wees nie en ook nie mekaar oor en weer aktief mag ondersteun of beïnvloed nie. Alhoewel die wet in 'n mate onaktief gelaat is — en die Kabinet tans weer daaraan aandag skenk — het dit die gevolg gehad dat die blanke opposisiepartye dit hul verklaarde doelstelling gemaak het om dié politieke skeiding te beveg. Aan die kant van die bruin, Indiër en swart politieke partye het die verpligte geskeidenheid weer 'n aansporing tot samesnoering van politieke doelstellings en beleid gegee. Die totstandkoming van die Swart Alliansie is 'n bewys van hierdie samesnoeringspogings. Die beleid van selfregerende swart gebiede het ook die gevolg gehad dat meer bepaalde "tuislandgeoriënteerde" politieke partye tot stand gekom het wat die regeringsmag in hierdie state verwerf het en kiesersteun onder burgers probeer verkry het. Veral opmerklik is die groei gedurende dié tyd toe politieke geskeidenheid hoogty gevier het, van buite-parlementêre swart politieke partye sowel as weerstandsgroepe, soos die swart bewussynsbeweging. Andersins is dit opmerklik dat in 'n stadium toe regeringsbeleid groter erkenning aan groepsamewerking in regeringsaanstellings verleen het, daar sterk blanke opposisie na vore gekom het wat tot die vorming van nuwe blanke politieke opposiesiepartye aanleiding gegee het.

## *SAMEVATTING*

In die voorafgaande oorsig van staatkundige en politieke aspekte rakende tussengroepverhoudinge is 'n evaluasie van die ontwikkelinge op hierdie terrein gegee. Hierdie oorsig moet saamgelees word met die beskrywing van die konstitusionele bestel in hoofstuk 2 sowel as die uiteensetting van die Suid-Afrikaanse juridiese sisteem. Alles in aanmerking genome kan gestel word dat die oorspronklike ontwerp van afsonderlike ontwikkeling nie volledig deurgevoer kon word nie en in die proses daartoe gelei het dat baie van die veronderstelde voordele

vir die betrokke groepe in ieder geval nie gerealiseer het nie. In die proses is baie frustrasie en polarisasie geskep wat baie lank nog die werklike ontplooiing van konstruktiewe verhoudinge sal belemmer.

Die werkkomitee vir grondwet en politiek het tot die gevolgtrekking gekom dat die nuwe grondwet sonder twyfel 'n verandering van wissels beteken. Hierdie verandering beteken oor die kort termyn nie noodwendig 'n dramatiese omkeer nie, maar feit is dat 'n ander spoor gevolg word wat nuwe landskappe en vergesigte in die gesigsveld kan bring.

## SAMEVATTENDE PERSPEKTIEF

Dit kan geensins ontken word nie dat daar in Suid-Afrika 'n verskeidenheid bevolkingskategorieë bestaan. Oor die uitwerking van die hoofsaaklik eensydige bestel wat daarop gebou is, kan verskillend geoordeel word: Enersyds kan aangevoer word dat dié statutêre indeling vir sover dit op die staatswerklikheid en die regeringsiening van die dag berus, die enigste grondslag vorm waarop vreedsame en konstruktiewe groepverhoudinge en staatsinrigting gebou kon word. Met ander woorde, volgens dié siening was dit absoluut noodsaaklik vir die wetgewer om statutêre beslag aan die plurale aard van die Suid-Afrikaanse samelewing te verskaf en dit só te struktureer alvorens daar tot die oprigting van duursame en standhoudende samewerkingstrukture oorgegaan kon word.

Andersyds kan daar beweer word dat die groots opgesette institusionalisering en sosio-ekonomiese afdwinging van groepsafsonderlikheid gebaseer op statutêre indeling van mense in bevolkingskategorieë in werklikheid die historiese en spontane grondslae van etnisiteit gediskrediteer het. Politieke polarisasie is hierdeur veroorsaak, burokratiese beheer en amptelike verstardheid geskep en soveel agterdog en onsekerheid gesaai, dat groepsverhoudinge in Suid-Afrika tot 'n permanente bron van konflik verhef is. Hierdie saak is so op die spits gedryf dat enige toekomstige beleid wat groepe en veral minderhede wil identifiseer en veral wil beskerm, van meet af deur 'n baie groot deel van die bevolking met argwaan en selfs aktiewe weerstand begroet sal word.

Die huidige patroon van belangegroepdifferensiasie in Suid-Afrika is 'n onmiskenbare en waarskynlik die grootste bron van konflik in Suid-Afrika. Statutêre groepsindeling deur die blanke parlement en die grootskaalse institusionalisering van groepsdifferensiasie het tot dusver in vele opsigte die konflikpotensiaal verhoog. Hierdie konflikpotensiaal is verhoog deur die empiries bevestigde feit dat die groepsdifferensiasie tot maatriële en nie-materiële benadeling van sommige groepe gelei het — ongeag of dit so bedoel was of nie bedoel was en of dit voorsien kon word of nie. Dit wil egter nie sê dat daar veral gedurende

die afgelope jare nie aktiewe pogings aangewend is om daardie konflikpotensiaal te beheer en in 'n mate selfs te ontlont nie.

Demokratiese tussengroepakkommodasie in diep gesegmenteerde sameleweings is egter moeilik te versoen met 'n asimmetriese magsdistribusie wat een segment 'n onregverdige mededingende voorsprong bo ander belangegroepe gee. Kritici van regeringsbeleid redeneer dat dié beleid uit 'n stelsel van politieke monopolisme gegroei het. Hierdie monopolisme het tradisioneel die blanke, en by name die Afrikaner, bevoordeel en "buite-groepe" nog steeds beweeg om die stryd om maatskaplike en ekonomiese gelykberegtiging hoofsaaklik in die politieke arena te voer. Enige poging om van Suid-Afrika se strukture van sosiale ongelykheid en politieke dominansie af weg te beweeg, sal dus op een of ander manier die herverdeling van politieke besluitnemingsmag moet behels.

Dit is duidelik uit hierdie navorsing dat politieke en ekonomiese stabiliteit en sosiale orde 'n voorvereiste vir lewensvatbare hervorming is. In hierdie sin is maatskaplike orde wat nie die handhawing van die status quo beteken nie, sowel 'n resultaat as 'n voorvereiste vir hervorming. Verskeie aanwysers van politieke, sosiale en ekonomiese kragte is gevind wat dui op 'n matig gunstige klimaat vir die ontplooiing van konstruktiewe verhoudinge. Die soeke na 'n demokratiese en stabiele maatskaplike orde waarin alle Suid-Afrikaners hulle basiese aspirasies kan realiseer, is egter nog lank nie voltooi nie. Die agterstand wat Indiërs, bruinmense en swartmense op vele terreine opgebou het, is in dié opsig 'n historiese krag met aansienlike negatiewe gevolge.

Alhoewel daar 'n groter ontvanklikheid vir verandering by blankes te bespeur is, is dit in die konteks van die verband tussen demokratiesgerigte hervorming, stygende verwagtinge en protesgedrag verstaanbaar waarom groepe soos die swartmense nie die herroeping van die Wet op Gemengde Huwelike en die herroeping van Artikel 16 van die Ontugwet as 'n toegewing sal vertolk nie, maar eerder as die regstel van 'n fundamentele onreg. Die herroeping van hierdie en ander diskrimenerende maatreëls sal waarskynlik nie die tempo en vlak van sosiale, ekonomiese en veral politieke aspirasies laat verlaag en verlangsaam nie. Inteendeel, die teenoorgestelde kan verwag word.

In Suid-Afrika sal hervormings onvermydelik vir blankes minstens ongerieflik wees. Die huidige ondersoek het egter tendense en tekens geïdentifiseer van 'n toenemende realisme onder blankes om die uitdagings te aanvaar. Andersyds is daar ook aanduidings dat sommige leiers onder die ander groepe begrip het vir die blankes se dilemma in die afskeidneem van apartheid. Wat die voorwaardes vir die uitbou van konstruktiewe verhoudinge moet behels, word in die laaste hoofstuk aangedui.

# HOOFSTUK 5

# EVALUASIE

Wesenlik behels hierdie ondersoek 'n poging om op 'n wetenskaplik omvattende wyse die allerknellendste vraagstuk in Suid-Afrika te ontleed en te bepaal in watter rigting tussengroepverhoudinge tans besig is om te ontwikkel. Vir dié doel is in die voorafgaande hoofstukke 'n oorsig en ontleding van die belangrikste fasette van die probleemarea gebied — as't ware die kontoere van verhoudinge. Vir 'n kernagtige interpretasie van die huidige situasie en 'n aanduiding van moontlike ontwikkelings is dit noodsaaklik om die verskillende fasette van die vorige hoofstukke met mekaar in verband te bring. Op dié wyse word gemik na 'n wetenskaplike diagnose eerder as slegs 'n identifisering van simptome.

Hierdie hoofstuk behels dus 'n integrasie en interpretasie van fasette van tussengroepverhoudinge wat in die vorige hoofstukke aan die orde gestel is en bied tewens 'n tentatiewe verklaring van die onderliggende oorsake en determinante van tussengroepkonflik in Suid-Afrika. In die hieropvolgende hoofstuk word perspektiewe met die oog op die ontwikkeling van konstruktiewe verhoudinge op grond van hierdie verklaring aangebied. Aandag word aan die volgende gegee: fundamentele realiteite, vier spesifieke verhoudingsprobleme, 'n potensieel destruktiewe konfigurasie, die wederkerige verband tussen konflik en verandering en ten slotte 'n gevolgtrekking.

## FUNDAMENTELE REALITEITE

In die voorafgaande drie hoofstukke is 'n aantal realiteite van die Suid-Afrikaanse situasie geskets wat verreken moet word in enige poging om tot 'n begrip van die verhoudingsvraagstuk te kom. Aan die hand van die bevindinge in hoofstukke 2, 3 en 4 kan die Suid-Afrikaanse samelewing op verskillende wyses voorgestel word. Uiteraard is die huidige konfigurasie van verhoudinge tussen groepe die resultaat van die wisselwerking tussen 'n groot aantal faktore oor 'n lang tyd en daarom is dit soms byna onmoontlik om aksies en reaksie van mekaar te onderskei. Vir doeleindes van hierdie globale samevatting van die fundamen-

tele problematiek sou die Suid-Afrikaanse samelewingsbestel soos volg geken-skets kon word.

Die koloniale vestigingsgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse samelewingsbestel het gelei tot die totstandkoming van 'n politiesgeordende staat met jurisdiksie oor 'n geografiese gebied bewoon deur 'n heterogene bevolking. Blanke koloniste uit Wes Europa het hul alhier gevestig en mettertyd (veral in die geval van die voorsate van blanke Afrikaners) 'n aanvoeling van 'n gemeenskaplike lotsbestemming, dus etnisiteit, ontwikkel waaraan mettertyd ook na aanleiding van ekonomiese en ander faktore, politieke uitdrukking gegee is in die vorm van 'n oorheersende blanke politieke oriëntasie in die algemeen en 'n eksklusiewe Afrikaner nasionalistiese beweging in die besonder. Veral laasgenoemde politieke mobilisasie het tot 'n strukturering van die staatsbestel gelei wat poog om die voortgesette handhawing van die identiteit en belange onder blankes polities te verskans deur die daarstelling van 'n gesegmenteerde institusionele struktuur gebaseer op ras/kleur as formele merker van identiteit. Sodoende is die verskillende kategorieë van die bevolking op 'n differensiële wyse (primêr) op grond van hierdie askriptiewe fisiese merkers van etnisiteit by die sentrale instellings van die samelewingsbestel betrek.

Hiermee saam varieer die kulturele erfenisse, ingedra in die samelewingsbestel deur die heterogene bevolkingsamestelling, van dié gewoonlik assosieerbaar met tradisionalistiese kulture tot dié geassosieer met die hedendaagse Westerse beskawingsbestel.

Onder die omstandighede hierbo geskets, het die hiërargiese ordening in die samelewingsbestel wat uitdrukking gee aan die relatiewe betrokkenheid van verskillende elemente in die bevolking by die sentrale instellings, 'n skerp laagsgewyse karakter aangeneem wat saamval met die differensiële betrokkenheid in terme van die formele merker van etnisiteit. Hierdie laagsgewyse karakter is verder verskerp deur die ontwikkeling van 'n groeiende nywerheidsekonomie wat geïnisieer is en steeds beheer word deur die dominante Westers georiënteerde blankes.

Tradisioneel is 'n maatskaplike orde derhalwe in die Suid-Afrikaanse samelewingsbestel daargestel in terme van 'n formele institusionele struktuur wat gerig is op die verskansing van die etniese groepsidentiteit en belange van die blanke gedeelte van die bevolking en meer bepaald dié van die Afrikaner-element daarvan. Blanke etnisiteit is in terme van 'n beklemtoning van groepsbelange polities gemobiliseer. Basies was die vertrekpunt van hierdie mobilisasie dat daar binne dieselfde territoriale gebied wat die hulpbronne voorsien noodwendig botsing van belange tussen verskillende etniese groepe sou wees. In wese

het hierdie beskouing vanuit 'n konflikperspektief gegroei. In terme van hierdie perspektief op die werklikheid is ras/kleur as merker van etnisiteit die basis vir die strukturering van die Suid-Afrikaanse samelewingsbestel. Die handhawing van sodanige orde vereis dus voortgesette politieke mobilisering van etnisiteit, en gevolglike blanke dominansie.

In die ontwikkeling van hierdie struktuur het daar 'n teenstrydigheid op die vlak van die heersende waardestelsel ontstaan. Enersyds beklemtoon sowel breë onderliggende religieuse waardes as die gemeenregtelike tradisies en die demokratiese politieke leerstellinge die wenslikheid van gelykberegtiging vir alle individuele lede van die samelewing. Andersyds egter verg die handhawing van die etniese identiteit van blanke Afrikaners die beklemtoning van differensiasie tussen lede en nie-lede van hierdie etniese groep vir sover dit hul betrekking by die samelewingsbestel betref. Hierdie teenstrydigheid in die waarde-oriëntasies wat ten grondslag van die institusionele normatiewe struktuur lê het tot gevolg 'n legitimiteitskrisis vir die hele stelsel.

Pogings tot oorbrugging van hierdie krisis bestaan onder andere op religieuse vlak in die verburgerliking van Afrikaner-Calvinistiese protestantisme, op regsvlak deur die vervanging van die beginsel van die soewereiniteit van die reg deur die beginsel van legalisme, en op politieke vlak deur die herstrukturering van die formele institusionele struktuur op grondslag van etnisiteit. Die resultate van die *Ondersoek* toon dat hierdie pogings en ander pogings nie daarin slaag om die stremminge te verlig nie, hoewel dit klaarblyklik grootliks die Blankes en veral die blanke Afrikaner insuleer van 'n ervaring van die stremming. Sodoende word die omvang van die stremming egter verder verskerp. Die slotsom is dus geregverdig dat 'n ernstige geloofwaardigheidskrisis ontwikkel het wat in toenemende mate lei tot die aanwending van dwang (uiteindelik geweld) as enigste basis vir die handhawing van maatskaplike ordelikheid.

In die oorweging van die gekompliseerde aard van die verhoudingsituasie, soos hierbo makro-analities aangedui, is die gevolgtrekking byna onafwendbaar dat alle tekens daarop dui dat verhoudinge tans die vorm van besonder intense konflik aanneem wat nie binne bestaande kanale beredder kan word nie. Hierdie konflik word hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, gestalte gegee in die vorm van die mededinging tussen die primêre polities en ekonomies relevante belangegroepe wat rondom die land se plurale bevolkingsamestelling ontwikkel het. Voorts kom relatief drastiese en potensieel verreikende veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing voor, wat verdere wydverspreide stremminge, spanninge en selfs konflik genereer soos die blankes deur die realiteite van veral 'n toenemende swart bedingingsmag aanpassings in die rigting van koöperatiewe

en akkommodatiewe groepverhoudinge en gevolglik van 'n demokratieser maatskaplike orde maak.

## SPESIFIEKE VERHOUDINGSPROBLEME

Om die verhoudingsproblematiek soos hierbo makro-analities geskets is verder te verbesonder, is dit nodig om in meer spesifieke terme die bevindinge in hierdie verslag te interpreteer. Wanneer die bevindinge van die voorafgaande drie hoofstukke saamgelees word, kom vier spesifieke verhoudingsprobleme na vore wat as fundamenteel onderliggend aan die verhoudingsituasie beskou kan word, naamlik die hantering van diversiteit, die individu en sy groepverbondenheid, geïnstitusionaliseerde ongelykheid en laastens isolasie en insulasie.

### *HANTERING VAN DIVERSITEIT*

In hoofstuk 2 is redes aangevoer waarom etnisiteit soos mense dit subjektief beleef, in belangrike opsigte afwyk van die ideëeltipiese etnisiteit soos dit in die wetenskap beskryf word. Die ideëel-tipes word eintlik slegs by die kerngroep aangetref, maar nie in die suiwer vorm by die wyer versameling van daardie groep nie. Met ander woorde, 'n bepaalde etniese groep bestaan uit lede wat in variërende mate voldoen aan sommige van die eienskappe wat sogenaamd tipies van daardie groep is. Nogtans is etnisiteit 'n sosiale realiteit wat nie ontken of weggedink kan word nie.

Daar is in hoofstuk 3 aangetoon dat etnisiteit juridies beskou 'n bykans onhanteerbare begrip/kategorie vir die bepaling van groepgrense is. Terselfdertyd is ook gevind dat ras vanuit 'n juridiese oogpunt 'n irrelevante konsep is om as grondslag vir differensiasie te dien. In die reëling van verhoudinge in Suid-Afrika is 'n dinamiese verskynsel waarvan die grense selfs vir wetenskaplikes soms moeilik bepaalbaar is, tot juridiese verdeler verhef. Die huidige ontledings toon egter dat dit ook nie suiwer net om 'n etniese basis gaan nie, aangesien ras ook 'n rol speel. In terme van die reëling van groepverhoudinge is mense dus askriptief in bepaalde sosiale posisies gekategoriseer; die deurslaggewende differensiasie kriteria is eienskappe soos afkoms, somatiese voorkoms, etniese fasette soos taal, ens.

Histories het die maghebbende blanke etnisiteit en verbandhoudende kenmerke as politieke en staatkundige verdeler eensydig geïnstitusionaliseer. Dit het op so 'n wyse geskied dat minstens in die implementering daarvan die blanke oor die kort en onmiddellik voorsienbare termyn daardeur bevoordeel is en die ander groepe minstens oor die kort termyn daardeur benadeel is en volgens hul verwagtings en eksterne aanduidings toenemend benadeel sou word. Omrede die

groeplidmaatskap van die persoon wat byvoorbeeld as bruinmens gedefinieer word deur geboorte bepaal word, is hy vanuit die staanspoor opgesaal, altans in die Suid-Afrikaanse konteks met sekere kentekens — selfs 'n fisieke stempel — wat deur die dominante blanke groep as die beslissende indikatore van "Kleurlingskap" — met al sy negatiewe statusimplikasies en sosiale diskwalifikasies — vertolk word. Op dié wyse erf die individuele bruinmens 'n ondergeskikte posisie in hierdie samelewing en gevolglik ook minder geleenthede.

Swartmense, bruinmense en Indiërs ontken nie die realiteit van groepsdifferensiasie in 'n plurale samelewing nie. Wat hulle wel ontken, is die wyse waarop individue se groeplidmaatskap askriptief en statutêr afgedwing word deur 'n polities dominante groep wat groepdifferensiasie as 'n basis vir ongelyke verdeling van geleenthede, mag, ens. sien. Vir hierdie lede van die Suid-Afrikaanse samelewing is die assosiasie al te duidelik dat wit etnisiteit in terme van regte en voorregte iets anders beteken as bv. swart etnisiteit. Veral in die swart gemeenskappe het die gevoel ook ontstaan dat, terwyl wit en veral Afrikaner-etnisiteit 'n hoeksteen van wit politieke hegemonie is, swart etnisiteit 'n verdeler is wat verhinder dat swartmense hul doeltreffendste wapen — naamlik hul kollektiewe numeriese oorwig — kan benut om hul bedingingsmag in die ekonomiese en politieke mark te vergroot. Die potensiële spanninge tussen tradisionele en stedelike leierskap dien as verdere kompliserende faktor.

Die beleid om etniese en verbandhoudende verskille eensydig te verhef tot motief vir geïnstitusionaliseerde skeiding en afsonderlikheid het die potensieel positiewe en skeppende krag verlam wat ondermeer in etnisiteit opgesluit lê.

## *DIE INDIVIDU EN SY GROEPVERBONDENHEID*

'n Basiese probleem in 'n plurale samelewing is die vraag na die relatiewe belange van die individu en die groep. Pluraliteit verwys per definiese na die veelheid van groepe, terwyl dit die individu is wat in finale instansie die voordele en/of nadele van 'n bedeling pluk. Dit is juis ook een van die onderliggende redes waarom in hoofstuk 3 by die belewing van verhoudinge stilgestaan is. In Suid-Afrika het die fokus statutêr steeds sterker op die groep geval in dié sin dat individue verplig word om hul belange in die konteks van bepaalde groepe te voorsien.

Daar is reeds in hoofstuk 3 aangetoon dat hierdie spanning tussen individu en groep 'n uitvloeisel is van 'n neiging om mense te kategoriseer. Die eindresultaat is dat nie slegs blankes byvoorbeeld 'n Indiër as kategorie eerder as individu sien nie, maar dat laasgenoemdes ook die blankes sien as groep wat as groep teen ander groepe diskrimineer.

Die gevolg van die oorheersende klem wat op die kategorie eerder as die individu geplaas is, is dat nòg die motivering nòg die gevolge van die reëling van verhoudinge op die persoonlike vlak waargeneem en waardeer word. Bruinmense en Indiërs, maar veral swartmense, argumenteer dat hulle onvermydelik die slagoffers van diskriminasie word omdat hulle op askriptiewe wyse geklassifiseer word in groepe wat *qua* groep tot 'n ondergeskikte posisie in die samelewing gerelegeer is. Gevolglik redeneer hulle dat hulle in hul hoedanigheid as *individuele Suid-Afrikaanse burgers* op *individuele menseregte* aanspraak maak. Hierdie beklemtoning van die individu as die doelwit van menseregte word sterk deur leiers van hierdie groepe onderskryf. Volgens hierdie benadering kan enige maatskaplike probleem in die finale instansie herlei word tot sy individueel menslike elemente. Al word daar dus op grond van askriptiewe kriteria kategories teen 'n groep gediskrimineer, bly dit in die finale instansie individuele persone wat die praktiese gevolge en sosiale ongelykheid moet verduur.

## *GEÏNSTITUSIONALISEERDE ONGELYKHEID*

Vroeër is verwys na die bevinding dat apartheid volgens alle aanduidings meer tot voordeel van die blanke as van die ander groepe aangewend was en is. Terselfdertyd kan daar ook min twyfel daaroor bestaan dat 'n reëling van verhoudinge wat nie gelyke geleenthede aan almal bied nie, nie geredelik deur die benadeelde groepe aanvaar sal word nie. Die inligting wat in hoofstuk 2 aan die orde gestel is asook die ontleding in hoofstuk 4 toon dat afsonderlikheid in die daaglikse lewe nie gelykheid beteken nie of, histories beskou, nie daarin geslaag het om gelykheid te bewerkstellig nie. Die navorsing toon dat swartmense, bruinmense en Indiërs die huidige statutêre groepdifferensiasie as 'n ernstige beperking op hulle sosiale en ekonomiese mobiliteit ervaar. Gestruktureerde sosiale ongelykheid behels feitlik deurgaans 'n mindere of meerdere mate van beperkings op persone laer in die rangorde se geleenthede vir opwaartse mobiliteite òòr klas en etniese grense. In dié sin sal beperkings op mobiliteit tussen segmente 'n konflikpotensiaal opwek waarvan die intensiteit sal neig om te varieer na die mate wat die dominante segment mense se geleenthede om hul lewensgeleenthede deur opwaartse sosio-ekonomiese mobiliteit te verbeter, arbitrêr blokkeer word. Volgens die literatuur kom by verre die grootste konflikpotensiaal voor waar laer sosiale posisies arbitrêr en kategories aan bepaalde persone toegesê word bloot omdat hulle oor bepaalde eienskappe beskik wat sosiaal as indekse of kriteria van sosiale status gedefinieer word.

Die gevolge van ongelykheid vir tussengroepverhoudinge is veral daarin geleë dat wanneer mense sien hoe relatief goed ander leef terwyl hulle ervaar hoe relatief swak hulle leef, hulle die verklaring vir die waargenome (en objektiewe) ver-

skille direk sal toeskryf aan die wyse waarop hulle meermale van die geleentheidsisteem in Suid-Afrika uitgesluit is. In hoofstukke 3 en 4 is na navorsing verwys wat die verskynsel van relatiewe deprivasie bevestig het. Kortom, die historiese ontwikkeling van verhoudinge tussen groepe bied eintlik 'n klassieke voorbeeld van relatiewe deprivasie. Verder gaan hierdie verskynsel met toenemende militantheid gepaard.

Die derde kernprobleem is dus daarin geleë dat skeiding en afsonderlikheid manifes gepaard gaan met ongelykhede, alhoewel al hierdie ongelykhede nie noodwendig 'n funksie van skeiding hoef te wees nie. Trouens, dit sou aangetoon kon word dat sommige historiese ongelykhede gedurende die afgelope paar dekades selfs minder opvallend geword het (soos in die geval van lone en salarisse), sonder dat dit 'n wesenlike invloed op die waargenome assosiasie tussen afsonderlikheid en ongelykheid toon. Die subjektiewe aanvaarding van hierdie assosiasie lei byna onafwendbaar daartoe dat verhoudinge stremminge ontwikkel en soos aangetoon selfs potensieel ernstige konflik vooruitloop.

*ISOLASIE EN INSULASIE*

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling wat gedurende die afgelope agt-endertig jaar gevolg is, het groepe van mekaar vervreem deurdat steeds minder spontane en gemeensame kontak plaasgevind het of kon plaasvind — in wese dus kontak tussen individuele lede van groepe. Die gevolg was dat afsonderlikheid ook vir lede van verskillende groepe in die land persoonlike geïsoleerdheid geword het. Daar is aanduidings dat 'n gebrek aan kontak tot wantroue en agterdog kan lei en uiteraard gepaard kan gaan met wat beskryf sou kon word as tweedehandse of indirekte werklikheidsvoorstellings van mekaar. Nie een van hierdie gevolge van min kontak kan bevorderlik vir menseverhoudinge wees nie en kan inderwaarheid tot insulasie lei wat die gevolg het dat een groep nie werklik bewus is wat 'n ander ervaar nie.

Daar sou geredeneer kon word dat vry veel kontak en kommunikasie wel in die werkplek en handelsituasies plaasvind. In hierdie verslag is egter geargumenteer dat kontak in formele situasies nie daartoe bydra dat mense mekaar as mense beter leer ken nie. 'n Voorwaarde vir konstruktiewe menseverhoudinge is dat mense mekaar as individue leer ken. Die mediëringsrol wat massakommunikasie speel, los ook nie die probleem op nie, omdat die media veralgemenend te werk gaan en dus neig om te kategoriseer en te stereotipeer.

Die vierde kernprobleem is dus daarin geleë dat die Suid-Afrikaanse samelewing gekenmerk word deur die feit dat mense van mekaar geïsoleer geraak het. Op dié wyse het Suid-Afrikaners die geleentheid ontbeer om mekaar nie net

as lede van konvensionele kategorië te sien nie, maar ook as individue met persoonlike behoeftes en aspirasies, vrese en hoop, uiteenlopende en gemeenskaplike eienskappe en belange.

## 'N DESTRUKTIEWE KONFIGURASIE

Die voorgaande makro-analitiese perspektief en die spesifieke verhoudingsprobleme wat bespreek is, dui op 'n konfigurasie van faktore wat potensieel destruktief vir verhoudinge in die land sou kon wees. Min samelewingsisteme beskik oor 'n groter konflikpotensiaal as 'n groepgedifferensieerde konfigurasie waarin die politieke dominansie van 'n bepaalde etniese of kulturele segment oor 'n ondergeskikte segment 'n verdelingslyn vorm wat parallel loop met 'n sosiaal-ekonomiese onderskeid wat die twee segmente in 'n hoër of laer klasposisie onderskeidelik stratifiseer. En dit is presies hoe die matriks van verhoudinge in Suid-Afrika daar uitsien: die blankes het gewoon 'n hoër status en daarmee saam meer regte en voorregte as die ander groepe, veral die swartmense wat in die laagste posisie van die hiërargie verkeer. Die verdelings tussen etniese groepe en klasse konvergeer ten dele. Mense wat tot 'n bepaalde etniese of kleurgroep behoort, kan terselfdertyd as 'n bepaalde klas beskryf word en het òf minder òf meer invloed in die sentrale politieke bestel as ander groepe. Verskille is deur 'n strategie van skeiding geakkommodeer, maar terselfdertyd is ongelykheid daarmee saam bevestig, die individu kon as individu nie aan en uit sy groepgebondenheid ontkom nie en het so dus ook 'n slagoffer van sy groeplidmaatskap geword, terwyl daar ook doelbewus gepoog is om enige assosiasie tussen die groepe tot die noodsaaklike te beperk.

Deskundiges is dit eens dat selfs groot ekonomiese en ander ongelykhede betreklik min politieke effek het wanneer sulke strata deur ander groepsgrense sny. Wanneer ekonomiese, sosiale en kulturele verdelings egter saamval, word die potensiaal vir ernstige konflik baie groot, hoofsaaklik omdat daar geen gedeelde belange en lojaliteite tussen die groepe (strata of kategorieë of selfs individue) bestaan nie. Die vier kernprobleme wat uit die *Ondersoek* na vore gekom het, bevestig baie duidelik dat die ontwikkelingsgang in Suid-Afrika direk op hierdie konvergensie van verdelingslyne moes uitloop, tensy die land volledig in totaal los van mekaar staande en ekonomies lewensvatbare en lewenskragtige geopolitieke eenhede kon ontwikkel — iets wat klaarblyklik nie plaasgevind het nie en kennelik nie haalbaar is nie.

Empiriese getuienis toon dat vreedsame tussengroepakkommodasie in diep gesegmenteerde samelewings bevorder word tot die mate dat sosiaal-ekonomiese strata dwarsoor basiese groepdifferensiale soos kultuur, etnisiteit, geloof, taal en ras

sny. Deurdat hierdie tipe dwarssnyende assosiasie die ontwikkeling van gemeenskaplike lojaliteite, veelvuldige groepverbintenisse en gemeenskaplike belange bevorder, verminder dit die moontlikheid dat sekere verdelingslyne dermate gepolitiseer en gemobiliseer kan word dat 'n konfrontasie tussen die betrokke groepe landwyd oor 'n breë front ontstaan. Eweneens vergemaklik dit die ontwikkeling van algemene en populêre lewenstyle wat, omrede hul assimilatiewe funksie, neig om akkommodatiewe en koöperatiewe gedrag te bevorder, waarsonder demokratiese tussengroepakkommodasie nie haalbaar is nie.

Konflikhantering word bevorder na die mate waarin daar by die mededingende belangegroepe 'n gelykgerigtheid is betreffende die fundamentele norme en waardes waarop die samelewing georden moet word. In die besonder word konsensus vereis oor die institusionele raamwerk waarbinne beslissings oor mense se toegang tot die samelewing se lewensgeleenthede geneem word. Sodanige konsensus kan slegs deur middel van 'n onderlinge verenigbaarheid van basiese waardes bereik word. Dissensus in die sin dat die legitimiteit van die staat se institusionele strukture uitgedaag of verwerp word, is geneig om konflikhantering te inhibeer. Indien die gedifferensieerde belangegroepe glo dat hul kritieke oorlewingsbelange onverenigbaar en onversoenbaar is, sal konsensuele akkommodasie moeilik realiseer. Normatiewe en waardekonsensus impliseer ook sekere gemeenskaplike doelstellings wat die partikularistiese doelstellings van die onderskeie belangegroepe sal transendeer. Afgesien van fundamentele norme en waardes is dit ook verbasend hoedat konsensus oor brood- en botter-sake kan help om konflikhantering te vergemaklik. In hul alledaagse lewenswandel word mense baie min deur ideologiese oorwegings gemotiveer om spesifieke keuses te maak. In dié sin moet groepgeoriënteerde belange nie met ideologiese oriëntasies verwar word nie.

Deurgaans kan uit hoofstukke 3 en 4 afgelei word dat die verdeling van politieke mag nie net 'n kritieke determinant van tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika is nie, maar dat die verbreding van die basis van demokrasie van die huidige magstruktuur as 'n voorvereiste vir die ontwikkeling van 'n stabiele maatskaplike orde gereken kan word. Tans is dit 'n voldonge feit dat die meeste swartmense en groot persentasies bruinmense en Indiërs die legitimiteit van die huidige magsverdeling verwerp. Hierdie persone beskou hulself as buite die sisteem, 'n sentiment wat weerklank vind in die politieke credo's van verskeie swart, bruin- en Indiërorganisasies en belangegroepe wat buite die bestaande gesagstrukture opereer en sodoende verhoed dat hul dispuut met die sisteem deur die konvensionele instellings vir konflikakkommodasie hanteer kan word. In 'n sekere sin sou 'n mens selfs kon sê dat dit 'n boemerang-effek van die oorspronklike skeidingsgedagte is, en wel soos volg: oorspronklik was die filosofie dat elke groep

eie instellings moes kry en nou dat dit nie realiseer nie, aanvaar hierdie groeperinge ook nie die bestaande 'blanke' instellings en legitiem nie.

Uit hoofstukke 2 en 4 blyk dit baie duidelik dat botsings in die ekonomiese sfeer dikwels ten grondslag lê van konflik tussen die verskillende groepe. Terselfdertyd is dit egter ook klaarblyklik in alle groepe se belang dat ekonomiese groei en bestendigheid gehandhaaf moet word. Gedurende die afgelope dekade het daar betekenisvolle hervorming in die arbeidsfeer plaasgevind en het die gekleurde groepe toenemend in die vrugte van die Suid-Afrikaanse ekonomie begin deel. Ongelykhede in die sfeer van sosiale besteding het ook verminder. 'n Voorwaarde vir stabiliteit en vooruitgang in die ekonomiese sfeer, en dus ook vir akkommodasie in die politieke en normatiewe sfere, is dat alle groepe in die toekoms ook toenemend sal moet deel in die ekonomiese welvaart.

## DIE WEDERKERIGE VERBAND TUSSEN KONFLIK EN VERANDERING

Die ontledings in hoofstukke 2, 3 en 4 toon in verskillende opsigte die noodsaak aan hervorming in die Suid-Afrikaanse verhoudingsbestel. Enersyds is daar die verwagting dat veranderinge in die volgende klompie jare gaan plaasvind en wel in die vorm van 'n groter mate van akkommodasie, terwyl daar andersyds byvoorbeeld die omvangryke hervorminge op arbeidsterrein is wat reeds plaasgevind het. Nog belangriker is die nuwe grondwetlike bedeling waarvan regeringswoordvoerders self gesê het dat dit nie die einde van hervorming is nie, maar eerder die begin. Daar is egter alle rede om te verwag dat hervorming in Suid-Afrika nie pynloos en sonder konflik gaan wees nie. In dié konteks sal die snel stygende verwagtings in swart, bruin- en Indiërgeledere 'n kritieke veranderlike in die hervormingsproses word.

Daar bestaan aansienlike empiriese getuienis dat die hervormings ten tye van snel stygende aspirasievlakke konflik eerder stimuleer as inhibeer. Duidelike tekens kan in die skerp verdeling tussen faksies binne bevolkingskategorieë gesien word, die totstandkoming van nuwe aksiegroepe, die toename in onrus, ensovoorts. Dit het byvoorbeeld ook in die VSA voorgekom waar 'n radikale demokratisering van die swartmense se posisie gepaard met 'n betekenisvolle liberalisering van wit houdings teenoor swartmense nie die onluste verhoed het wat meer as honderd Amerikaanse stede in die Sestigerjare geteister het nie. Ook verderaan in Suid-Afrika kan verwag word dat veranderinge — ongeag of dit as normalisering of hervorming beskryf word — onstabiliteit gaan meebring en buitengewone eise aan die evoluerende konflikakkommoderende instellings gaan stel.

Dit sal geld tensy alle groepe dit in die vooruitsig kan stel dat aspirasies wat nog nie bevredig is nie, of belange wat bedreig word nie in die verdere hervormingsproses geminag sal word nie. Daar moet derhalwe 'n *optimale* vertroue in die hervormingsproses aangemoedig word. Dit stel hoë eise aan die simboliek in die kommunikasieproses wat hervorming begelei.

Die feit dat die onrustigheid en konflik wat hervorming begelei dikwels aan 'n gebrek aan vertroue in die proses verbind kan word, beteken dan ook dat daar nie 'n eenvoudige of direkte verband tussen die huidige probleme in swart woonbuurte en onlangse beleidsaanpassings bestaan nie.

Geen heroriëntering van verhoudinge in Suid-Afrika kan in 'n vakuum plaasvind nie — alle lewensfasette is daarby betrokke. Trouens, veral die ontledings in hoofstuk 4 het getoon dat nie alleen politieke hervorming aan die gang is nie, maar ook onderwysverskuiwing, ekonomiese verbetering, verandering op die terrein van arbeidsverhoudinge, alles binne die konteks van snel toenemende verstedeliking. Die feit dat hervorming in 'n snel moderniserende samelewing plaasvind, gaan 'n duidelike impak hê op die aard, intensiteit en omvang van die hervorming — en veral mense se reaksies daarop — hê. In moderne tye het vinnige sosiale en ekonomiese groei as sodanig al dikwels tot politieke onstabiliteit en daarom ook verhoogde spanning tussen groepe in kompleks gepluraliseerde samelewings gelei. Modernisering, veral in die konteks van snelle stedelik-industriële ontwikkeling, skep nuwe politiseerbare dispute — 'n tendens wat tans duidelik in Suid-Afrika merkbaar is. Industrialisering, modernisering en sosio-politieke ontwikkeling sal in pas met mekaar moet plaasvind anders kan konflik ernstig eskaleer.

## GEVOLGTREKKING

Hierdie navorsingsprogram waarin 'n hele aantal perspektiewe uit 'n groot aantal geesteswetenskappe aan die orde gestel is, spel die realiteite van die verhoudingsvraagstuk in Suid-Afrika uit. Nie net is daar indringend gekyk na die realiteite wat histories in die maatskaplike bestel gekristalliseer het nie, maar ook na die kragte van verandering wat besig is om die realiteite van môre in te lui. Die groot massa inligting wat ingewin is, stuur sekere duidelike seine uit, sommige waarvan meer en andere waarvan minder hoopvolle verwagtings oor die toekoms van menseverhoudinge in Suid-Afrika opwek. Of hoop of wanhoop gewek word, sal egter ook afhang van hoe elke individuele Suid-Afrikaner verwag om deur veranderinge geraak te word: die een se hoop kan 'n ander se wanhoop wees; wat sommige as 'n beweging in die rigting van 'n demokratieser samelewing sien, kan vir 'n ander 'n onfeilbare resep vir anargie wees;

hervormings wat deur sekere mense as te veel en te vinnig beskou word, mag deur andere as te min en te laat gereken word; wat deur sommiges as fundamentele hervormings beskou word, kan deur ander as regressie en deur nog ander as oppervlakkige kosmetiese verandering beskou word.

Die sleutelvraag is of daar genoeg kragte in die Suid-Afrikaanse samelewing werksaam is wat afsonderlik en gesamentlik kan verseker dat die land met 'n onvermydelike maar hanteerbare minimum van sosiale ontwrigting en konflik kan ontwikkel in 'n stabiele maatskaplike orde. 'n Maatskaplike orde wat sodanig is dat eerstens, individuele menseregte en die regmatige belange van spontaan ontwikkelde groepe op 'n demokratiese wyse versoen kan word; tweedens, gelyke burgerregte aan alle Suid-Afrikaners gewaarborg word ongeag hul diversiteit ten opsigte van ras, klas, geloof, etnisiteit, taal en kutuur; en derdens, elke individu gelyke geleenthede kan geniet om sy lewenskwaliteit optimaal te verbeter.

Met inagneming van die massa inligting wat tydens die duur van die huidige ondersoek uit 'n groot reservoir van bronne opgediep is, is daar min troos te put deur diegene wat hulself probeer bluf om te glo dat die oorgang van 'n apartheidsamelewing na 'n breër demokraties georiënteerde maatskaplike orde gladweg, oornag en pynloos gaan wees of diegene wat hulself probeer bluf deur aan te neem dat die blankes dermate beheer oor as't ware hul eie geskiedenis het dat hulle na eie behoefte die tempo, rigting en aard van verandering kan dikteer of diegene wat gewoon aanneem dat onbeteulde geweld sonder meer tot die ideale samelewing sal lei.

Te oordeel na die balans van die historiese kragte wat tans die tempo en rigting van verandering in Suid-Afrika bepaal, wil dit nietemin voorkom of daar wel verskeie faktore aanwesig is wat as bevorderlik vir die totstandkoming van 'n demokratiese maatskaplike orde gereken kan word. Positiewe kragte wat tydens die huidige ondersoek geïdentifiseer is, hou veral verband met huidige hervormingsinisiatiewe gerig op die herroeping (of aanvanklik minstens die versagting) van kwetsende ras-diskriminerende maatreëls; die erkenning van die verblyfreg van swartmense wat vir alle praktiese doeleindes permanent in die RSA gevestig is; die Regering se toenemende bereidwilligheid om 'n gesprek met swart leiers te voer oor die akkommodasie van swartmense se politieke aspirasies; erkenning dat swartmense op die hoogste vlak van regering betrek sal moet word in besluitneming wat oor hulle belange relevant is; die onomkeerbare akkommodering van swartmense, bruinmense en Indiërs in die Suid-Afrikaanse ekonomie; 'n toenemende opwaartse mobiliteit in die breë van swartmense, bruinmense en Indiërs; 'n groeiende bereidwilligheid in blanke geledere om

swartmense as permanente Suid-Afrikaanse burgers te aanvaar; die nuwe grondwetlike bedeling wat 'n kortsluiting in die tradisionele Suid-Afrikaanse "kleurlyn" veroorsaak het; en 'n duidelike vermeerdering van dwarssnydende belange en assosiasies oor die "kleurlyn" wat 'n toename in gemeenskaplike belange en waardes bevorder.

In hierdie ondersoek is gepoog om deurgaans 'n wetenskaplik billike benadering te volg waarin alle benaderings en almal se belange erken word en in hierdie lig moet tot die gevolgtrekking gekom word dat oorspronklike sienings van bepaalde blanke regerings oor die reëling van verhoudinge nie volledig (kon) gerealiseer het nie, en dat die status quo gevolglik ook nie gehandhaaf kan word nie. Dit sou egter ook 'n denkfout wees om daaruit af te lei dat alternatiewe wat in die verlede voorgestel was daarom noodwendig sou geslaag het. Wat egter van groter belang is, is die vasstelling dat die wissels verander is, dat daar tekens van 'n bereidheid is om kragte saam te span om die nuwe trajek aan te durf en dat die toekoms aan hulle behoort wat opreg gesamentlik tot almal se beswil hul bydrae lewer. Enkele bakens op die nuwe trajek word in die laaste hoofstuk aangedui.

# HOOFSTUK 6

# NOODSAAKLIKE VOORVEREISTES VIR KONSTRUKTIEWE VERHOUDINGE

Uit die diagnose van die Suid-Afrikaanse verhoudingsituasie is herbevestiging verkry dat daar baie ernstige stremminge in hierdie samelewing voorkom. Hierdie stremminge is in sowel die vorm van die belewing as in die vorm van inherente konflikgenererende strukture gevind. Makro-analities is bevind dat bepaalde historiese kragte en die menslike realiteite van Suid-Afrika veroorsaak het dat 'n legitimiteitskrisis rondom die reëling van tussengroepverhoudinge ontstaan het. Vroeëre pogings om hierdie krisis op te los het hoofsaaklik daartoe gelei dat die blankes van die spanning en stremming geïnsuleer geraak het — sodoende is die konflik verskerp. Verder is vier spesifieke verhoudingsprobleme geïdentifiseer wat aan die wortel van die konflik lê. Samevattend behels hierdie verhoudingsprobleme die verheffing en *institusionalisering van etnisiteit* en verbandhoudende eienskappe tot kriteria waardeur die individu verplig word om sy beduidende belange binne *voorgeskrewe groepsverbande* te behartig, terwyl daar klaarblyklike *ongelykhede* met die groepstoesegging gepaard gaan en mense uiteindelik van mekaar *geïsoleer en geïnsuleer word.*

Die ontledings in hierdie verslag dui sterk daarop dat as hierdie probleemsituasie toegelaat word om verder te ontwikkel, dit toenemend moeiliker gaan word om konflik konstruktief te omvorm. In die vorige hoofstuk is daar weliswaar ook aanduidings van groeipunte gevind waarop konstruktiewe verhoudinge uitgebou kan word. Dit verseker egter nie dat oplossings vir die land se verhoudingsprobleme voor die hand liggend en maklik realiseerbaar is nie. Uit hierdie ondersoek blyk immers duidelik dat Suid-Afrika 'n kompleks gesegmenteerde land is waarin tussengroepverhoudinge oor 'n lang tyd as gevolg van 'n groot verskeidenheid interne sowel as eksterne faktore ontwikkel het tot die vorm wat dit vandag aangeneem het. Hiermee word egter nie 'n historiese determinisme aanvaar waarvolgens ontwikkelinge onafwendbaar 'n bepaalde rigting volg nie. Trouens, die onderhawige verslag in die algemeen en dié hoofstuk in die besonder weerspieël die oortuiging dat die geskiedenis 'n oop agenda laat vir die-

gene wat op 'n rasionele en demokratiese basis groepverhoudinge in Suid-Afrika wil laat ontwikkel.

In hierdie hoofstuk word eerstens enkele algemene vertrekpunte op weg na konstruktiewe verhoudinge aan die orde gestel waarna fundamentele voorvereistes vir die samelewingsbestel in sy geheel en operasionaliserings vir subsisteme daarvan bespreek word.

## OP WEG NA KONSTRUKTIEWE GROEPVERHOUDINGE

In enige samelewing, maar te meer in 'n plurale een, is die sentrale problematiek van die menslike bestaan die vraag hoe om te verseker dat die nastrewing van 'n verskeidenheid van individuele en groepsdoelstellings nie sal geskied in die vorm van 'n voortdurende stryd van elkeen en almal teen mekaar nie. Eweneens is dit belangrik om te verseker dat die verwesenliking van so 'n verskeidenheid van doelstellings onder mense, behalwe die onmiddellike belange van die handelende persoon of groep, ook rekening sal hou met die eise wat voortvloei uit die noodsaaklikheid van die handhawing en bevordering van konstruktiewe en koöperatiewe verhoudinge met andere. In dié verband is veral die funksie van owerheid en samelewing in die handhawing van norme belangrik in terme waarvan konstruktiewe verhoudinge ontwikkel kan word. Op een uiterste pool kan 'n owerheid aangetref word wat, ongeag die lede of groepe van die samelewing se oortuigings, 'n maatskaplike ordening op hulle afdwing en in verskillende opsigte nie as ligitiem waargeneem sal word nie. Op die teenoorgestelde pool is die owerheid wat gemeenskaplike waardes, aanwesig in die samelewing, as ordeningsbasis benut. Hierdie gemeenskaplike waardes kan bestaan ondanks meer spesifieke kultuurwaardes en ander belange van groepe en of dele van die bevolking.

Die meeste sosiaal-wetenskaplikes is dit eens dat die vreedsame saamleef van mense in 'n gesegmenteerde samelewing soos Suid-Afrika bevorder kan word ooreenkomstig die mate wat hulle sekere norme ten opsigte van koöperatiewe verhoudinge deel. So 'n bindende normatiewe kultuur berus op 'n meer algemene vlak op gedeelde waarde-oriëntasies. Op hierdie algemene normatiewe vlak sou die doelstellings van wedersydse versoening en akkommodasie veral belangrik wees, aangesien sodanige waardes ook die aanspraak van groepe op hul eie lewensbeskouings beskerm.

'n Oorkoepelende gevolgtrekking van hierdie verslag is dat 'n algemeen genormeerde waardesisteem bevorder moet word met die oog op konstruktiewe menseverhoudinge. Die sentrale vraag is dus of daar onder die Suid-Afrikaanse bevolking genoegsame eenstemmigheid bestaan t.o.v. hul konsepsie van die wens-

like maatskaplike orde dat hierdie gedeelde waarde-oriëntasies kan dien as basis vir die herstrukturering van die bindende normatiewe kultuur. Die resultate van hierdie ondersoek dui daarop dat dit wel die geval is, insoverre as wat algemene religieuse waardes onderskryf word, met erkenning en beskerming van vryheid van geloof en aanbidding (kyk Werkkomitee: Religie); burgerskapregte gemeenregtelik gevestig is (kyk Werkkomitee: Juridiese aspek); die reg tot ekonomiese vryheid vir die individu onderskryf word (kyk Werkkomitee: Ekonomie en arbeid); die reg tot demokratiese inspraak in magsbesluite erken word (kyk Werkkomitee: Grondwet en politiek, asook Kommunikasie); en die realiteit van etniese groepidentiteit erken word (kyk Werkkomitee: Ras, etnisiteit en kultuur). Die effek van hierdie algemeen bindende faktore sal verhoog word indien dit saamhang met ander bindende faktore soos gemeenskaplike belange, interafhanklikheid en 'n identifisering met 'n Suid-Afrikaanse opset, wat 'n gemeenskaplike lojaliteit en simbole veronderstel:

In die lig van voorgaande samelewingsperspektief is in die *Ondersoek* die volgende gemeenskaplikhede geïdentifiseer wat as groeipunt kan dien:

- Gemeenskaplike ervaring van en weerstand teen enige vorm van kolonialisering
- Insluiting en deelname in dieselfde ekonomiese sisteme
- Wydverspreide besef van wedersydse ekonomiese afhanklikheid
- Redelik gemeenskaplikheid in taalgebruik
- Voldoende geografiese ruimte en hulpbronne om vir elkeen 'n billike bestaan moontlik te maak
- Betreklik gesofistikeerde ontwikkelingsinfrastrukture in die openbare en private sektore; byvoorbeeld die staatsdiens, onderwys, gesondheidsdienste, media van massakommunikasie, vervoer, ens.
- 'n Betreklike algemene verwerping van geweld, as 'n metode om geskille te besleg

In die lig van die groeipunte hierbo genoem en met die oog op die uitbouing en bevordering van konstruktiewe menseverhoudinge is dit belangrik om te besef dat die toekoms vir Suid-Afrika reeds begin het. In enige bespreking oor ontwikkeling en verandering is dit uiters belangrik om vooraf te bepaal of enige sodanige proses reeds begin het en of daar nog geen beweging hoegenaamd 'n aanvang geneem het nie. Na aanleiding van die gevolgtrekking van verskillende werkkomitees soos vervat in hoofstukke 3 en 4 blyk dat 'n veranderingsproses inderdaad reeds aan die gang is. So verteenwoordig die vakbondbeweging reeds 'n gans ander arbeidsbedeling as vantevore en is dié kragte reeds waarneembaar, terwyl toenemende verstedeliking van swartmense aan die gang is en nie 'n saak is wat een of ander tyd in die toekoms gaan begin nie. Bowenal is daar

'n merkbare aanpassing in mense se opvattings oor groepsverhoudinge, bv. 'n groter bereidwilligheid om die herroeping van ras-diskriminerende wette te aanvaar. In enige besinning oor die beweeg na konstruktiewe verhoudinge moet dus in gedagte gehou word dat daar in dié verband reeds 'n verskeidenheid uiteenlopende kragte werksaam is. In dié sin is die toekoms ook minder onbekend as wat algemeen aanvaar word.

## VOORVEREISTES VIR KONSTRUKTIEWE GROEPVERHOUDINGE

In die besinning oor die bevordering van konstruktiewe verhoudinge is dit nodig om eerstens te spesifiseer aan watter voorwaardes die samelewingsbestel as geheel moet voldoen om konstruktiewe verhoudinge te verseker. Daar is reeds hierbo in die inleiding tot die gevolgtrekking gekom dat konstruktiewe verhoudinge moet berus op 'n gemeenskaplike stelsel van waardes. 'n Noodsaaklike voorvereiste hiervoor is die bestaan of ontwikkeling van 'n versoeningsgerigte voorstelling van maatskaplike orde wat sover moontlik gedeel word deur lede van die bevolking.

'n Besonder belangrike implikasie wat uit die strewe na 'n gemeenskaplike waardesisteem voortvloei, is die problematiek van *individualisme* teenoor *groepsgebondenheid.* As sosiale wese funksioneer die individu in die konteks van groepe om sy behoeftes te bevredig, maar dit beteken nie dat die individu se behoeftes en die groepsdoelstellings in 'n een-tot-een-verhouding staan nie. Die strewe bly egter steeds dat die individu sy behoeftes optimaal moet kan bevredig. As gevolg van ontwikkeling van onder andere die individu se behoeftes en aspirasies is dit daarom noodsaaklik dat hy die vryheid moet hê om tussen groepe te kan beweeg en sy lidmaatskap en affiliasies te kan wysig. Wanneer die individu se groeplidmaatskap egter op grond van eienskappe soos etnisiteit of ras bepaal word, bestaan daar nie meer gelyke geleenthede vir optimale behoeftebevrediging nie, soos die ongelykhede in hoofstuk 2 duidelik aangetoon het. Die basiese probleem in 'n plurale samelewing waarvoor die vertrekpunte hierbo gespesifiseer is, is dus om elkeen se regte, voorregte en sekuriteit op sowel die individuele as die groepsvlak, te versoen. In die proses moet die verband tussen belewing en strukturering ook verreken word en wel insoverre as wat daar in enige samelewing gestruktureer moet word, maar op so 'n wyse dat dit nog as positief en konstruktief beleef kan word.

In 'n betreklik homogene land hoef daar nie verder gegaan te word as om die individu se belang te beskerm nie. Hierdie navorsing het getoon dat daar in Suid-Afrika op so 'n wyse vir groepsbelange voorsiening gemaak is dat dit ten koste van die individu geskied het. In die mate wat groepsbelange nie volledig

ooreenkom met die individu s'n nie, en wat alle individue nie ewe sterk met 'n groep identifiseer nie, soos inderdaad in hoofstuk 3 bevind is, volg dit noodwendig dat die individu relatief benadeel (kan) word indien sy belange nie eksplisiet beskerm word nie. Die erkenning van individuele belange kan selfs as 'n voorwaarde beskou word vir dinamiese en vrywillige groepsidentifisering. Terselfdertyd volg uit die erkenning van individuele belange nie die ontkenning van groepsbelange nie. Die navorsingsbevindings beklemtoon die noodsaak daarvan dat aan beide individu en groep, erkenning verleen moet word.

Voorgaande beredenering hou ten nouste verband met die uitgangspunte dat groepe, al het hulle vrywillig tot stand gekom, alleen deur hulle bestaan as sodanig reeds 'n invloed op ander mense en groepe uitoefen. Dit beteken verder dat wanneer daar 'n verandering in een groep plaasvind, soos byvoorbeeld 'n drastiese verandering in welvaartspeil, dit 'n sistematiese effek op die ander groepe sal hê. Van 'n ander kant af benader, beteken dit ook dat die verskillende vlakke of geledinge van die samelewingsisteem op mekaar aangewese is: regering veronderstel opposisie; burgery het slegs betekenis in verhouding tot owerheid; ensovoorts.

Groepserkenning het egter tans nog vir baie mense in Suid-Afrika 'n negatiewe konnotasie, aangesien die statutêre diskriminasie wat in Suid-Afrika aanwesig was en grootliks nog steeds aanwesig is, onder andere, aan groepserkenning en geleenthede gekoppel is. Derhalwe het 'n wetlike maatreël soos die Wet op Groepsgebiede wat in teorie nie noodwendig diskriminerend is nie, tog in die praktyk van die toekenning van 'n skaars hulpbron 'n diskriminerende uitwerking binne die breëre sosio-politieke opset. 'n Belangrike voorvereiste vir groepserkenning in Suid-Afrika behoort dus die daarstelling van gelyke geleenthede en die verwydering van groepsgebaseerde diskriminasie te wees. 'n Verdere vereiste is ongetwyfeld ook dat groepserkenning nie tot groepsoorheersing van watter aard ook al in die politieke sisteem moet lei nie.

Moontlike verskille tussen mense en groepe word nie deur voorgaande ontleding ontken nie, maar soos in verskillende werkkomitees bevestig is, word die sosiaal-etiese voorskrif oor die reg van elke individu op gelyke behandeling by die toedeling van kollektiewe voordele en ook beskerming deur die wet hiermee erken. Uit die navorsing het duidelik geblyk dat ten spyte van bona fide-intensies die pretensie van 'geskei maar gelyk' nie waargemaak is nie. In die mate wat nie aan hierdie basiese vereiste voldoen word nie, is dit prakties nie moontlik om die regte, voorregte en sekuriteit van elkeen op beide die individuele en groepsvlak te realiseer nie en is die kanse om polarisasie in verhoudinge te verminder uiters gering.

Die navorsing het verder aangetoon dat sosiale identifikasie op meerdere vlakke kan opereer en dat identifikasie op die etniese vlak hoegenaamd nie die moontlikheid van identifikasie met 'n breër Suid-Afrikaanse orde uitsluit nie. Word daar egter gestreef na 'n wyer betrokkenheid en insluiting op 'n hoër vlak van identifikasie, word dit nodig om ook aan lojaliteit op hierdie vlak aandag te skenk en dié prioriteit bring die kwessie van gemeenskaplike simbole onmiddellik na vore. Dit is onontkombaar dat daar gemeenskaplik op 'n stel simbole besluit sal moet word om sodoende reeds op hierdie primêre vlak betrokkenheid te bewerkstellig. Hierdie aangeleentheid word des te belangriker wanneer in gedagte gehou word dat groepe wat tans van deelname uitgesluit is, sommige bestaande simbole juis as simbole van uitsluiting beskou.

Om die balans tussen individuele en groepbelange te bewerkstellig vereis in algemene terme 'n samelewingsbestel wat ruimte laat vir alle lede van die bevolking om binne 'n demokratiese orde hul redelike aspirasies te verwesenlik met die erkenning van hul volle menswaardigheid.

In 'n plurale samelewing sal die bereiking van bostaande ideale samelewingsbestel afhanklik wees van die volgende *basiese voorvereistes* wat in samehang met mekaar gelees moet word:

- Vryheid van assosiasie met ander individue en groepe wat insluit die vryheid tot nie-assosiasie. Met ander woorde, hierdie basiese voorvereistes maak daarvoor voorsiening dat groepsvorming die resultaat van vrywillige assosiasie moet wees, maar erken terselfdertyd dat 'n groep wat só gevorm is, die vryheid het om self te besluit wie tot die groep toegang het.
- Die reg tot deelname aan openbare besluitnemingsprosesse.
- Gelyke geleenthede tot verwesenliking van eie potensiaal.
- Die vereiste van legitimering, d.w.s. die daarstelling van openbare instellings wat vertroue en aanvaarding waardig is.
- Die erkenning van die menswaardigheid van alle lede van die samelewing.
- Gegee die plurale karakter van Suid-Afrika, is 'n verdere vereiste die onderlinge erkenning en eerbiediging van groepsidentiteit.

Hierdie ses vereistes moet verder aan twee oorkoepelende kriteria getoets word, naamlik

- dat alle noodsaaklike verandering op 'n koöperatiewe en konstruktiewe, dit wil sê nie-geweldadige wyse, moet geskied; en
- dat ontwikkeling slegs binne die parameters van dit wat ekonomies haalbaar is, deurgevoer kan word.

Hierdie vereistes is nie bloot willekeurig gekies nie. Uit navorsingsresultate van die verskillende werkkomitees waarna in hoofstuk 3 en 4 verwys is, blyk dit dat sodanige voorwaardes kan reken op wye steun en in werklikheid deur belangrike sektore van die bevolking onderskryf word.

Indien hierdie vereistes op die verskillende terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing van toepassing gemaak word, impliseer dit onder andere die volgende:

- Die politieke stelsel moet een wees wat dit moontlik maak vir almal wat binne die gebied van jurisdiksie van 'n gegewe politieke stelsel gedomisilieerd is om op een of ander wyse aan die besluitnemingsproses deel te neem op sowel plaaslike, regionale as nasionale vlak.
- Die ekonomiese stelsel moet so wees dat dit voorsiening maak vir groei en ontwikkeling ten einde in 'n groeiende en moderniserende bevolking se redelike behoeftes te kan voorsien en moet gelyke geleenthede vir almal bied.
- Die maatskaplike stelsel moet ruimte voorsien vir mense om persoonlike, gesins- en gemeenskapsverhoudings te kan handhaaf.
- Die juridiese stelsel moet voorsiening maak vir die herstel en beskerming van die gemeenregtelike regswaardes.
- Die religieuse stelsel moet voorsiening maak vir die bevestiging en toepassing van algemeen-geldende religieuse waardes.
- Die onderwysstelsel moet voorsiening maak vir die vestiging en oordrag van gemeenskaplike waardes.
- Die kommunikasiestelsel moet voorsiening maak vir die vryheid van inligtingsverspreiding tussen alle komponente van die samelewingsbestel.

In die lig van hierdie algemene doelstellings kan vervolgens kortliks aangedui word hoe hierdie basiese voorvereistes op die verskillende samelewingsterreine gerealiseer kan word. Die verslae van die werkkomitees bevat volledige besprekings van hierdie voorvereistes. Die terrein word in dieselfde volgorde as hierbo bespreek.

## POLITIEKE TERREIN

- Polities en konstitusioneel behoort tussengroepverhoudinge in 'n deelnemende demokrasie vir Suid-Afrika verwesenlik en binne 'n fundamentele regsorde verseël te word. Hierdie vereiste veronderstel 'n grondliggende geloof en vertroue in die demokrasie en die moontlikhede van so 'n deelnemende bestel om die belange van groepe te akkommodeer en te beskerm, want dit is slegs die volgehoue geloof en uitsig op 'n deelnemende

demokrasie wat die prosesse van onderhandeling en konsensus 'n volgehoue momentum kan verleen en moontlike rewolusionêre aanslae kan afweer.

- Die eise van 'n deelnemende demokrasie binne 'n fundamentele regsorde veronderstel enersyds die totstandkoming van 'n bestel wat met deelname, verteenwoordiging en mede-seggenskap aan alle burgers die reg tot die vervulling van politieke aansprake en aspirasies bied. Andersyds word 'n regsbestel veronderstel wat op 'n dieper vlak as die normale kompetisie tussen verskillende politieke groepe en akteurs, gerusstelling oor beskerming en veiligheid verskaf. So 'n deelnemende demokrasie wat in 'n fundamentele regsorde veranker is, kan tans nog nie in Suid-Afrika bewerkstellig word nie, omdat die grootste deel van die bevolking nog nie die geleentheid gebied is om hul politieke aansprake te realiseer nie en die regsorde tans nog onverskans is.

Volledige deelname aan politieke beraadslagingsprosesse word tans ook nog op verskillende wyse geïnhibeer of selfs verbied en deur 'n stelsel van bevolkingsregistrasie aan bande gelê wat vrye politieke assosiasie en vrywillige belangebehartiging nie moontlik is nie. Hierdie faktore belemmer die vooruitsigte op 'n deelnemende demokrasie en behoort in heroorweging geneem te word.

- Die kern van die huidige staatsbestel berus op 'n wydvertakte belange afsonderlikheid wat op die grondslag van "eie" en "algemene" sake geïnstitusionaliseer is. Hierdie afsonderlikheid in die staatsbestel spruit uit 'n aanname dat die verskillende rasse of kleurgroepe in sigself en voorafbepaald die draers van besondere belange en aansprake is. In die lig van die ontledings in hierdie hoofstuk sal die beklemtoning van beraadslaging en konsensus die beskerming van eie sake en belange toenemend op 'n grondslag van vrywillige assosiasie (en die geïmpliseerde moontlikheid van politieke alliansievorming) geskied. Om staatkundige betekenis en inhoud aan die beginsel van groepsakkommodasie op die grondslae van konsensus en identiteitsbeskerming te gee, sal die groots moontlike mate van dewolusie van owerheidsbevoegdhede in streeks- en plaaslike vlakke bewerkstellig moet word ten einde vir gemeenskapsoutonomie voorsiening te maak.

- Dit is onmoontlik om in hierdie verslag op 'n voorskriftelike manier aan te dui watter vorm van regering of staatsbestel die geskikste vir die Suid-Afrikaanse plurale samelewing sal wees omdat so 'n regering en staatsbestel juis die produk van beraadslaging en onderhandeling behoort te wees. Hier kan slegs op enkele gevaartekens gewys word wat die totstandkoming van 'n deelnemende demokrasie in die wiele kan ry, te wete die uiteindelike verskansing en sentralisasie van politieke mag, die uitsluiting van erkende politieke leiers in die onderhandelingsprosesse, die propagering van 'n stelsel waar die wenner met die hele buit wegloop en die behoud van instellings wat as gevolg van ras en kleuronderskeid gesien en ervaar word as minderwaardig en ondergeskik. Kortom, die proses van demokrasie in Suid-Afrika vra na 'n bereidheid tot samewerking en kompromie op alle terreine van die samelewing.

## EKONOMIE EN ARBEID

In die ekonomiese sfeer is daar vier wisselwerkende doelstellinge wat verwesenlik moet word om konflik te verminder en 'n gemeensaamheid van belange te bewerkstellig, te wete die effektiewe bevegtiging van uiterste armoede, 'n hoogs moontlike groeikoers, gelyke toetredingsmoontlikhede tot ekonomiese geleenthede vir alle groepe en klasse en die akkommodasie van arbeidersaansprake. Hierdie doelstellings kan alleen in 'n klimaat van groter politieke gelykberegting plaasvind. Teen hierdie agtergrond word die volgende riglyne aangebied:

- Aangesien Suid-Afrika nie 'n baie ryk land is nie, is voortgesette ekonomiese groei noodsaaklik. Om konstruktiewe verhoudinge te bevorder, moet dié groei lei tot groter gelykheid op beide die individuele en groepsvlak.

- Om voorgaande te bewerkstellig, moet toegang tot sleutel ekonomiese hulpbronne nie deur toegeskrewe groepslidmaatskap bepaal word nie.

- Die afskaffing van toegang tot arbeid: Die laaste reste van statutêre werkreservering moet as 'n saak van dringendheid beskou word. Die effektiewe gelykstelling van onderwysgeleenthede sal gelyke toegang tot geskoolde arbeid moontlik maak. In dié verband moet die privaatsektor (beide werkgewers en vakbonde) meer geredelike toegang tot geskoolde,toesighoudende, tegniese en bestuursposisies verseker. Hiervoor word wel 'n verandering in organisasiekultuur vereis.

- Toegang tot kapitaal: Terwyl die oopstelling van sommige sentrale besigheidsdistrikte, vir alle rasse verwelkom word, moet alle toegeskrewe groepsbeperkings afgeskaf word. Die Wet op Groepsgebiede behoort nie die besetting van industriële en handelsgrond te reguleer nie.

- Toegang tot grond: Naas die deregulering van die ekonomiese gebruik van stedelike grond, behoort ekonomiese aktiwiteite van lede van ander groepe in blanke plattelandse gebiede (en omgekeerd) ook gedereguleer te word.

- Aangesien die grootskaalse formele sektor van die ekonomie nie snel genoeg sal groei om alle werksoekers te absorbeer nie, behoort elke moontlike geleentheid aan die nie kleinskaalse nie-formele sektor gebied te word en daarvan behoort die sektor volledig gedereguleer te word.

Weens die omvang van armoede in Suid-Afrika behoort daar verder besondere strategieë ontwikkel te word in die vorm van maatskaplike en voorkomende gesondheidsdienste en die instelling van groot openbare werkskemas, soos byvoorbeeld behuisingskemas.

Aangesien in hierdie verslag aanvaar is dat Suid-Afrika deur die wedersydse afhanklikheid van al sy samestellende dele gekenmerk word, volg dit ook dat die ontwikkeling van al die komponente van die totale bevolking 'n belangrike voor-

waarde vir konstruktiewe verhoudinge is. In die lig van hierdie uitgangspunt is dit noodsaaklik dat konsensus tussen alle belanghebbendes oor ontwikkelingsdoelwitte verkry word. Terselfdertyd die afhanklikheidsverhoudinge vermy te word sodat die grootste moontlike mate van selfverwesenliking van menslike potensiaal bereik kan word.

Die volgende riglyne word ten opsigte van arbeidsverhoudinge aangebied:

- Wanneer 'n deelnemende politieke bestel bewerkstellig word, kan arbeidsverhoudinge 'n terrein van outonome tussengroepinteraksie word.

- Bona fide aktiwiteite wat op arbeidsverhoudinge betrekking het, moet vry van politieke en staatsveiligheidsinmenging wees.

- Die bestaande instellings vir konflikbeslegting, soos nywerheidsrade moet hul nuwe deelgenote op so 'n wyse akkommodeer dat hul behoeftes bevredig word.

- 'n Dringende behoefte bestaan aan wedersyds aanvaarbare konvensies oor die gebruik van beide stakings en uitsluiting as bedingingsinstrumente; sulke konvensies moet deur die georganiseerde arbeid en werkgewers ontwikkel word.

- Beide werkgewers- en werknemersorganisasies moet in die volgende opsigte versterk word: Mate van verteenwoordiging, interne eenheid sowel as koördinasie en hulpbronne beskikbaar vir hulle.

- Konstruktiewe verhoudinge tussen groepe sal versterk word in die mate wat werknemers- en werkgewersorganisasies daarin slaag om werknemers en werkgewers van alle groepe in die Suid-Afrikaanse samelewing te verteenwoordig.

## RUIMTELIKE ORDENING

Ruimtelike ordening — dit wil sê die prosedure waarvolgens die toewysing van die plek geskied waar 'n gegewe inwoner van 'n land homself kan verwesenlik — moet rekening hou met die feit dat ruimte in die mens se lewe intiem en wederkerig gekoppel is met:

- Sy identiteit; sy gevoel van veiligheid en geborgenheid; sy lewenswyse; en sy lojaliteite.

- Ruimtelike ordening moet die grootste moontlike mate van vryheid van keuse van individue, groepe en instansies toelaat, maar moet versoenbaar wees met die vryheid en keuse van ander individue, groepe en instansies.

- Ruimtelike ordening moet erkenning gee aan die vereiste bewegingsvryheid van al die inwoners.

- Ruimtelike ordening moet erkenning gee aan 'n verskeidenheid van demografiese, historiese, maatskaplike en ander relevante faktore wat die vestigingspatrone van individue en groepe kenmerk.

- Ruimtelike ordening moet so ver moontlik berus op besluitneming en bestuur op streek- en plaaslike owerheidsvlakke.

In die uitvoering van operasionalisering van voorgaande, behoort die volgende riglyne gevolg te word:

- Die owerhede moet vernuwings in ruimtelike ordening op alle regeringsvlakke deur middel van effektiewe kommunikasie aanmoedig.

- Die administrasie van ruimtelike ordening moet toeganklik en kontroleerbaar wees.

- Versoening tussen botsende keuses en voorkeure van verskillende individue/groepe/instansies moet deur positiewe oorreding en onderhandeling eerder as deur wetlike beperkinge geskied.

## JURIDIES

As algemene riglyn behoort daar deur 'n aktiewe program van regshervorming gestrewe te word om die fundamentele eise van geregtigheid en gelykberegtiging in die Suid-Afrikaanse regstelsel na te kom. Ter bevordering van goeie tussengroepverhoudinge behoort die regstelsel hervorm te word om aan die nasionale doelwitte vervat in die Voorrede van die Grondwet 110 van 1983 uitvoering te gee. Veral die volgende doelwitte behoort hier nagestreef te word:

- Om Christelike waardes en beskaafde norme te handhaaf, met erkenning en beskerming van vryheid van geloof en aanbidding

- om die onafhanklikheid van die regbank en gelykheid voor die gereg te handhaaf

- om die geluk en die geestelike en stoflike welvaart van almal te bevorder

- om die menswaardigheid, lewe, vryheid en eiendom van almal te eerbiedig en te beskerm

- om private inisiatief en effektiewe mededinging te bevorder.

Die Suid-Afrikaanse regspleging en -administrasie is by groot dele van die bevolking onder verdenking enersyds omdat die wette wat toegepas word slegs deur die blankes gemaak is en andersyds omdat die regsprosesse en administrasie as gevolg van verskillende ekonomiese, linguistiese en ander faktore en praktyke by straftoemeting en gedingvoering ontoeganklik en onverstaanbaar vir baie geword het. Hierdie grootskaalse legitimiteitskrisis in die regspleging sal stelselmatig deur opleiding, regshulp, voorligting en hervorming herstel moet word aangesien die wantroue in 'n regstelsel en regsorde een van die sterkste uitnodigings en aansporings tot rewolusie is.

Staatsveiligheid moet in die nasionale belang deur die reg verseker word. Indien die wetgewing wat die staat se veiligheid moet verseker en die toepassing daarvan egter ongekontroleerd en versluierd plaasvind en die moontlikhede van onderdrukking van 'n vrye politieke lewe skep, word die bestaan en toepassing van veiligheidswetgewing self 'n gevaar vir die veiligheid van die staat. Derhalwe behoort veiligheidswetgewing met die hoogste mate van sekerheid, kontrole en verantwoordelikheid toegepas te word.

## RELIGIE

Uit die basiese voorwaardes vir konstruktiewe verhoudinge wat vroeër in hierdie hoofstuk uiteengesit is, het geblyk dat 'n gemeenskaplike waardesisteem van deurslaggewende betekenis in die Suid-Afrikaanse samelewing is. In soverre dit 'n fundamentele funksie van religie is om "betekenis" aan die menslike bestaan te gee, kan by uitstek van religieuse bewegings verwag word om 'n positiewe bydrae in hierdie verband te lewer. Met name geld dit die vestiging van "oorkoepelende" waardes wat oor die grense van ander verdelings in die samelewing strek en die daarstelling van 'n raamwerk waarbinne verskille kreatief aangewend kan word om uiteindelik versoening tussen individue en groepe onderling te bewerkstellig. Hierdie ideaal kan egter alleen bereik word as aan die eis van geregtigheid voldoen word, wat die basis en toetssteen van sodanige waardesisteem vorm.

In die lig van die voorafgaande sal meer spesifiek aan die volgende sake aandag gegee moet word:

- Die legitimering van besondere groepsbelange moet telkens aan normatiewe religieuse eise getoets word, omdat wanneer 'n diskrepansie op hierdie vlak ontstaan, religie kan bydra tot die verhoging van spanning en selfs 'n motiverende faktor agter ope en gewelddadige konflik kan word.
- Die beperking van religie tot die persoonlike sfeer en die onvermoë om religieuse waardes met ander samelewingsterreine in verband te bring, moet deurbreek word ten einde 'n konstruktiewe bydrae tot sosio-ekonomiese geregtigheid te lewer.
- Religieuse bewegings het die besondere taak om brûe te bou in 'n gepolariseerde samelewing en om spanning in eie geledere sowel as in breër verband die hoof te bied. Dit is van die uiterste belang dat denominasionele verskille en die onversoenlike wyse waarop teenstellings dikwels geartikuleer word, nie sal verhoed dat deurgedring word tot gemeenskaplike waardes op 'n dieperliggende vlak nie. Hierdie waardes, waarvoor daar blykens die ondersoek 'n merkwaardige konsensus bestaan, sal as vertrekpunt moet dien vir 'n nuwe besinning oor die basiese norme waarop enige toekomstige bestel in die land gebou moet word.

- Die voorafgaande maak die herstel van ware ekumeniese verhoudinge 'n dringende noodsaaklikheid. Kontak en gesprek tussen kerke en religieuse bewegings moet op alle vlakke en op sowel formele as informele wyse doelgerig nagestreef word.
- Die verhouding tussen Kerk en Staat vra ernstige aandag met die oog op die nakoming van die kerk se profetiese taak.
- Religieuse bewegings staan dus voor die uitdaging om 'n gemeenskaplike visie vir 'n nuwe Suid-Afrika op te bou en om bemiddelend op te tree tussen toekomstige ideaal en huidige werklikheid. Dit kan alleen gebeur wanneer op positiewe groeipunte eerder as uitsiglose teenstellings gekonsentreer word.

Verder sal orde en stabiliteit nooit op die basis van ongeregtigheid gehandhaaf kan word nie. Alle maatreëls sal aan hierdie kriterium getoets moet word, ten einde 'n bydrae te lewer tot die daarstelling van 'n meer regverdige gemeenskap.

## ONDERWYS

Ongelykhede in onderwysvoorsiening vind maklik sy neerslag in negatiewe tussengroepverhoudinge omdat dit beleef word as 'n weerspieëling van ongelyke lewens-, vorderings- en selfverwesenlikingskanse. Wanneer die subsisteme van die onderwysvoorsiening vir die verskillende bevolkingskategorieë boonop grootliks geïsoleerd funksioneer sodat wedersydse begrip, meelewing en hulp wat goeie tussengroepverhoudinge kweek, agterweë bly, dan skep dit eerder vooroordeel, wantroue, kompetisie en isolasie. Die verwesenliking van gelyke onderwysvoorsiening in 'n land soos die RSA met sy diepgesegmenteerde en heterogene bevolkingsopset, met sy differensiële bevolkingsgroei en beperkte hoëvlakmannekrag en hulpbronne is 'n uiters moeilik-bereikbare ideaal wat nog nie eens in lande soos die VSA en Brittanje ten opsigte van hul minderheidsgroepe bereik kon word nie. Die blote besef van die universaliteit en kompleksiteit van hierdie probleem deur alle Suid-Afrikaners sodat almal positief daaraan kan werk eerder as om dit vir politieke gewin uit te buit, kan bydra om tussengroepverhoudinge te verbeter.

In die RGN-onderwysondersoek was tussengroepverhoudinge nie primêr aan die orde nie, maar die onderwyshervormings sal toenemend 'n direkte invloed daarop hê. Vanuit 'n perspektief van tussengroepverhoudinge kom die onderwys in die proses voor drie gedugte take te staan: Die verwerwing van legitimiteit en aanvaarding, die bevordering van goeie tussengroepverhoudinge deur die onderwys en die skep van wisselwerking en samewerking tussen verteenwoordigers van die afsonderlike onderwyssubsisteme.

## *VERWERWING VAN LEGITIMITEIT EN AANVAARDING VAN ONDERWYSVOORSIENING*

Veral onderwys vir swartmense beleef 'n krisis. Om die gewenste legitimiteit te verwerf, word die beleidsriglyne herbevestig wat in die RGN-onderwysverslag voorgestel is ten einde gelyke gehalte onderwys vir alle inwoners van die RSA te bewerkstellig en in hoofstuk 4 weergegee is. Dit impliseer natuurlik die Suid-Afrikaanse samelewing in die breë. Die nuwe statutêre raamwerk wat vir die onderwyshervormings daargestel word — veral die samevatting van die stel beginsels van onderwysvoorsiening, die daarstel van oorkoepelende besluit- en adviesliggame en die instel van meganismes om gelyke norme en standaarde (ook van finansiering) te bewerkstellig — sal bydra om ongelykhede uit te skakel en groter geloofwaardigheid aan besluitneming en onderwysvoorsiening te gee. Die volgende vraag verg ook aandag, nl. of 'n enkele onderwysdepartement met die onderwysbestuur op nasionale, streeks- en plaaslike vlak eerder tegnokraties as polities beheer nie 'n moontlike langtermynoplossing bied en die onderwys in 'n groter mate uit die politieke arena sal neem nie.

Op twee strategiese terreine (naas vele ander) val die verbetering van onderwysvoorsiening en van tussengroepverhoudinge baie nou saam: Eerstens, onderwysvoorsiening sal vir die stigting en staatsubsidiëring van *private inisiatiewe* voorsiening moet maak wat 'n vinniger uitbreiding van dienste, die depolitisering van tussengroepsamewerking en die onderwys vir minderbevoorregte groepe fasiliteer. Tweedens, is die vlak van invoering van 'n *medium van onderrig* anders as die moedertaal in die geval van skole vir swartmense 'n sensitiewe saak as sodanig tussengroepverhoudinge kan benadeel deur spanning, weerstand en misverstand. Wat egter ook belangrik is, is dat die onderwys vir swartmense kwalitatief nie sal kan verbeter as die kwaliteit van die gebruik van een van die twee amptelike tale nie verbeter nie. Die deskundigheid wat in die onderwys vir blankes bestaan om dit te bewerkstellig is hier onontbeerlik.

## *DIE BEVORDERING VAN GOEIE TUSSENGROEPVERHOUDINGE DEUR DIE ONDERWYS*

Die onderwys is naas die gesin die hoofsosialiseerder van kinders in die kweek en vaslegging van tussengroepverhoudinge. Daarom moet alles in die werk gestel word om enigiets wat in die onderwys vooroordeel en stereotipering institusionaliseer en dus kontinueer te verwyder. Leerplanne moet skoongemaak word van leerstof en leersituasies wat dit teweegbring en optredes van onderwysers wat vooroordeel en swak tussengroepverhoudinge kan teweegbring moet as onprofessioneel bestempel en dienooreenkomstig daarteen opgetree word. Deur

die onderwys moet juis beter wedersydse begrip en positiewe tussengroepverhoudinge doelbewus gekweek word. So bestaan daar 'n dringende behoefte aan 'n omvattende algemene geskiedenis van Suid-Afrika waarin die rol van àlle groepe (hetsy etniese groepe of klasse) en die interaksie tussen groepe wetenskaplik, gebalanseerd en billik weergegee word. Die onderwys moet oók aangewend word om vaardighede wat noodsaaklik is vir die konstruktiewe tussengroepverhoudinge in 'n multikulturele land te bevorder. Naas vaardighede en empatie word hier veral ook gedink aan praktiese taalvaardighede ten einde kommunikasie moontlik te maak. Onderwys moet voorsiening maak vir die blootstelling aan die geskiedenis, kulturele agtergrond asook minstens een derde taal van 'n ander kultuurgroep op streeksgrondslag. Die algemene riglyn behoort dus te wees dat in die breë sosialiseringsproses van opgroeiende generasies Suid-Afrikaners aandag gegee sal word aan die universeel menslike — dus aan dít wat groepe in Suid-Afrika op mekaar aangewese maak.

## *WISSELWERKING EN SAMEWERKING*

Die skep van wisselwerking en samewerking tussen verteenwoordigers van die afsonderlike subsisteme van die onderwys vanaf die nasionalevlak tot op plaaslike en leerlingvlak is voorwaarde om bostaande ideale te verwesenlik. Die onderwys op alle vlakke moet bydra tot intersosiale, interkulturele en intersportaktiwiteite ten einde konstruktiewe en positiewe verhoudings tussen bevolkingsgroepe te kan bewerkstellig. Die volgende kan moontlike meganismes wees om konstruktiewe ontmoetingspunte te skep:

- Omdat die sukses van hul kinders vir alle ouers na aan die hart lê, kan gesprekke tussen ouerverenigings veel bydra tot wedersydse begrip en hulp veral op die gebied van informele onderwysondersteuning.

- Gesprek en samewerking tussen verteenwoordigers van sambreelonderwysersverenigings het reed geblyk suksesvol te wees en moet uitgebou word.

- In die RGN-onderwysverslag is Koöperatiewe Onderwysdienssentra op nasionale en regionale vlak aanbeveel ten einde dienste en skaars hoog opgeleide hulppersonneel optimaal aan die onderwysgemeenskap beskikbaar te stel. Hierdie voorstel word vir heroorweging aanbeveel want sodanige onderwysdienssentra kan opvallende knelpunte in die onderwys verlig en 'n knooppunt vir tussengroepskakeling en hulpverlening skep — o.a. met betrekking tot hulpverlening met die onderrig van skaars vakke soos Wis-, Natuur- en Skeikunde.

- Die verskuiwing van die bevolking bring mee dat skole en koshuise van bepaalde bevolkingsgroepe on- of onderbenut is terwyl ander groepe in dieselfde gebiede oorbenutting van fasiliteite ervaar. Die beskikbaarstelling of deel van sodanige fasiliteite (bv. sport-

fasiliteite) is 'n terrein wat net kan slaag indien plaaslike ouer- en onderwysersverenigings mekaar kan vind en dit bemoontlik word deur beleid.

## KOMMUNIKASIESISTEEM

'In hierdie ondersoek is aangetoon dat daar min kommunikasie tussen lede van die verskillende groepe plaasvind. Hierdie bevinding wat saamgelees word met die feit dat kommunikasie en tussengroepverhoudinge in sekere opsigte keersye van dieselfde saak is en daarom kan kommunikasie-elemente in verskeie van die voorafgaande elemente geïdentifiseer word. Die volgende spesifieke voorvereistes kan verder bydra tot die bevordering van konstruktiewe verhoudinge tussen die onderskeie groepe:

- Toeganklike kommunikasiekanale tussen lede van al die bevolkingskategorieë moet geskep word en in die gevalle waar sodanige kanale reeds bestaan, moet hulle doeltreffend benut word. Hierdie voorvereistes hou onder andere in dat belanghebbendes geleenthede om gesprek te voer kreatief moet benut en waar sodanige geleenthede ontbreek moet hulle in oorleg met die belanghebbende geskep word. Hierdie voorvereiste impliseer nie dat kommunikasie 'n waarborg vir konstruktiewe verhoudinge is nie — sukses kan alleen verseker word deur die opregtheid van benadering en inhoud van dit wat gekommunikeer word. Wat wel vasstaan is dat die afwesigheid of verbreking van kommunikasie tot die verslegting van verhoudinge lei.

Hierdie voorvereiste is van toepassing op alle vlakke en sektore van die samelewing. Daar kan min twyfel bestaan dat die behoefte aan oop kommunikasiekanale 'n topprioriteit op regerings- en leiersvlak behoort te wees. Vir die optimale doeltreffendheid is dit egter noodsaaklik dat alle betrokkenes 'n inset moet kan lewer tot die wyse waarop sodanige kommunikasiekanale sal funksioneer. Die behoefte aan oop kommunikasiekanale is egter hoegenaamd nie beperk tot die regeringsvlak nie. Daar is aanduidings dat die kanale op arbeidsvlak doeltreffend begin funksioneer, alhoewel daar nog baie ontwikkelingswerk, byvoorbeeld op die gebied van kommunikasievaardighede, gedoen moet word. Die behoefte aan kommunikasiegeleenthede strek egter tot op die vlak van die skoolgaande jeug wat geïsoleerd en geïnsuleerd grootword — kontak op hierdie vlak is noodsaaklik.

- Die doeltreffende benutting van kommunikasiekanale vereis egter dat deelnemers moet toon dat daar 'n bereidheid bestaan om gestelde doelwitte te bereik. Kommunikasie behels veel meer as die blote oordra van standpunte — dit is 'n opregte soeke na ontmoetingspunte.

- Die ontwikkeling van kommunikasievaardighede moet as 'n prioriteit beskou word. Gegee die multikulturele aard van die bevolkingsamestelling, moet aanvaar word dat sodanige kommunikasie aansienlike groter eise aan die deelnemers stel as wat normaal-

weg die geval is. Daarom is dit dringend noodsaaklik dat almal wat vanweë hul posisies gereeld in kontakonderhandelingsituasies verkeer, optimaal voorbereid is ten opsigte van die vaardighede wat vereis word.

Hierdie voorvereiste strek egter veel verder. Aan die een kant dien middele soos die onderwys en massamedia aangewend te word om hierdie kommunikasievaardighede onder alle groepe op alle vlakke te bevorder. Aan die ander kant maak die groot spektrum van tale wat hierdie land karakteriseer dit noodsaaklik dat daar ernstig aandag geskenk word aan die erkenning van 'n derde amptelike taal op streeksgrondslag.

- Binne die konteks van hierdie en die voorafgaande voorvereiste kan die aandag ook nog gevestig word op die opvallende afwesigheid van kommunikasiespesialiste wat opgelei is om 'n bemiddelingsfunksie in konflikte te vervul. Hierdie aangeleentheid vereis dringende aandag.

In die lig van die alomteenwoordigheid en spesifieke aard van die massakommunikasiemedia kan gestel word dat die media in 'n groter mate behoort te streef na die billike weerspieëling van die wyds moontlike spektrum van inligting oor groepe en hul onderlinge verhoudinge. In dié opsig kan die media inderdaad 'n bemiddelingsfunksie tussen groepe vervul, maar dan sal daar doelbewus gestreef moet word na die vermyding van gestereotipeerde en bevooroordeelde uitbeeldings van mense, groepe en verhoudinge. Die voorvereiste impliseer ook dat 'n gelyker mate van verteenwoordiging in die bestuur van media bewerkstellig moet word.

## SLOTEVALUERING

Die realiteite van die Suid-Afrikaanse verhoudingsproblematiek is besonder kompleks. In die loop van hierdie ondersoek is bevind dat dié realiteite dan ook nie met die hulp van eenduidige modelle verklaar kan word nie, trouens, geen enkele omvattende model kon gevind word wat al die belangrikste dimensies van die verhoudingsvraagstuk bevredigend omvat nie. Nog minder bestaan daar 'n omvattende teorie of model wat as enigste bron van riglyne vir die hantering van hierdie vraagstuk aangewend kan word.

Met die deurlees van die verslag mag die vraag ontstaan of die polities dominante blanke gemeenskap dermate beheer oor Suid-Afrika se wordende geskiedenis sal kan behou dat hy ontwikkelinge wat enigsins op swart oorheersing kan uitloop, sal kan veto. Die vraag mag ook ontstaan of wit en swart nie slegs deur middel van rewolusionêre konfrontasie tot akkommodasie gedwing gaan word nie.

Die potensiële krisissituasies wat in die bogenoemde vrae gesuggereer word, is wel implisiet in die bevindings van hierdie ondersoek, en veral in die relevante werkkomiteeverslae behandel. Dit sou dwaas, maar ook onverantwoordelik wees om te probeer voorgee dat kommer oor die moontlikheid van sodanige krisissituasies as blote paranoia afgemaak kan word — vandaar die bewustelike poging om sover moontlik die eksistensiële versperrings op die pad na akkommodatiewe en koöperatiewe groepverhoudinge in 'n demokratiese maatskaplike bestel onbevange uit te spel. Daar is egter nog soveel positiewe historiese kragte in Suid-Afrika aanwesig dat dit benut kan word as groeipunte waaruit 'n demokratiese maatskaplike bedeling kan groei wat konflik minstens tot hanteerbare proporsies sal reduseer en die betrokke belangegroepe sal oortuig dat dit koste-effektief meer voordelig sal wees om koöperatiewe eerder as konfronterende beleidsrigtings in te slaan.

Die slotsom waartoe dus in hierdie verslag gekom word, is dat die politieke reëling van verhoudinge volgens die oorspronklike apartheidsbeskouing vasgeloop het en dat konstruktiewe verhoudinge in die toekoms nie verder op dié basis uitgebou kan word nie. Op grond van die analise in hoofstukke twee tot vier, die interpretasies in hoofstuk vyf en die insigte vervat in hierdie hoofstuk kan gestel word dat verhoudinge verder aan slegs konstruktief kan ontplooi indien middelpuntsoekende kragte gemobiliseer kan word om langs versoenende en wedersyds akkommoderende weë verhoudinge positief te laat ontwikkel.

Daar is reeds by herhaling gewag gemaak van die feit dat tyd een van die belangrikste faktore in die ontplooiing van konstruktiewe verhoudings is. Enige plan om verhoudings te orden, moet 'n tydsperspektief inhou wat aandui watter stappe oor naastenby watter termyn uitgevoer sal word. En een oorheersende feit staan vas: Die verhoudingsvraagstuk is 'n saak van die allergrootste dringendheid. Daar mag nie getalm word nie.

## LYS VAN WERKKOMITEE VERSLAE

Werkkomitee: Historiese aspek: *Tussengroepverhouding soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*

Werkkomitee: Juridiese aspek: *Reg en geregtigheid in tussengroepverhoudinge*

Werkkomitee: Sosiale dimensies: *Die struktuur van die Suid-Afrikaanse samelewingsbestel*

Werkkomitee: Religie: *Religie, tussengroepverhoudinge en sosiale verandering in Suid-Afrika*

Werkkomitee: Ontwikkelingsaspek: *Gebalanseerde ontwikkeling in Suid-Afrika*

Werkkomitee: Kommunikasie: *Kommunikasie in 'n verdeelde samelewing*

Werkkomitee: Sosiaal-psigologiese aspek: *Die sosiale psigologie van tussengroepverhoudinge*

Werkkomitee: Ekonomie en arbeid: *Groei, billikheid en deelname*

Werkkomitee: Grondwet en politiek: *Politieke samewerking binne 'n fundamentele regsorde*

Werkkomitee: Ras, etnisiteit en kultuur: *Die politiek van etnisiteit/ras*

## LYS VAN PROJEKVERSLAE

Adam, H. *Technocratic liberation: Intergroup relations in South Africa.*

Appelgryn, A. & Nieuwoudt, J.M. *Relatiewe deprivasie, militantheid en etniese houdings in Suid-Afrika.*

Basson, A.F. *Reklame en tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika.*

Baxter, L.G. *A permanent administrative law commission for South Africa.*

Bekker, J.C., Dlamini, C.R.M., Dhlodhlo, A.E.B., Paramanand, S.K., Van den Berg, N.J.C. & Kemp, K.J. *Regspleging t.o.v. Swartes (met spesiale verwysing na Natal en KwaZulu.)*

Bekker, S. *Principles for spatial arrangement.*

Benjamin, P.S. *The participation of Black trade unions in the Industrial Council System.*

Beukes, T.J.N. *Die grondwetlike hantering van tussengroepverhoudinge langs die weg van polities-ruimtelike ordening.*

Beyers, E. *Sosiaal-sielkundige teorieë oor tussengroepverhoudinge.*

Boulle, L.J. *Participatory democracy and the administration — South African prospects.*

Boule, L.J. *Spatial arrangement: Juridical perspectives.*

Coetzee, J.H. *Volkekundige perspektief op ruimtelike ordening.*

Coetzee, J.K. *Religie as inisieerder, begeleier en inhibeerder van sosiale verandering.*

Coetzee, J.K. *Tussengroepverhoudinge binne die sosiale struktuur.*

Coetzee, T.F. *Die betekenis en effek van 'n regsubjek se ras in die Suid-Afrikaanse strafreg.*

Collins, P.H.D. *The ethnic factor in South African politics.*

Cornwell, R.J. *The dependency theorists' view of South African development.*

Crafford, D. *Pluralisme as religieuse verskynsel: die onafhanklike Swart kerke en bewegings en groepsverhoudings in Suid-Afrika.*

Cumpsty, J.S., Hofmeyer, J.H. & Kruss, G. *The role of religion in motivating or inhibiting socio-political action in the lower socio-economic group and ensuing counter influences upon the religious group.*

De Beer, A.S. *Massamediakommunikatore en mediatoeganklikheid.*

De Beer, F.C. *Die uitwerking van die Administrasieraad Noord-Transvaal (ARNT) se metode van hervestiging op tussengroepverhoudinge. 'n Gevallestudie.*

De Beer, F.C. *Hervestiging en tussengroepverhoudinge: 'n Literatuurondersoek.*

Duckitt, J.H. *Psychological theories of prejudice: An empirical assessment among White South Africans.*

Dugard, C.J.R. *Intergroup conflict as a result of the discrepancy between international law and South African law.*

Du Plessis, L.M. *The law as a regulator and/or manager of conflict, particularly in ethnically plural societies.*

Du Toit, D.A. *Menseregte: 'n empiriese en teoretiese ondersoek vanuit teologies-etniese perspektief.*

Edwards, D.J.A. *Black identity in Grahamstown and Ciskei: a psychological investigation.*

Ehlers, J.H. *Attitude of a group of White artisans and technicians towards vertical job mobility of other population groups.*

Esterhuyse, W.P. *'n Monitor van politieke geweld en gehoorsaamheid — oorsake en bydraende faktore.*

Esterhuysen, R. *Persepsies van en houdings jeens misdaad, wette en komponente van die strafregstelsel: 'n tussengroepvergelyking.*

Fair, T.J.D. *The South African national spatial system — process, structure, trends and strategy.*

Finchilescu, G. *Inter-racial contact in the nursing context.*

Fourie, F.C. & Beukes, E.P. *'n Teoretiese ondersoek van aspekte van die verhouding tussen sosio-ekonomiese faktore en politieke hervorming.*

Gerryts, E.D. *Tussengroepverhoudinge in Suid Afrika soos in 1983 in Suid-Afrikaanse koerante uitgebeeld.*

Giliomee, H. & Du Toit, A. *The history of intergroup relations and the diversity of Afrikaner political thinking until 1910.*

Gouws, A. *Ondersoek na die houding van politieke leiers (LV's) teenoor die geloofwaardigheid van die Suid-Afrikaanse pers.*

Grobbelaar, J.I., Marais, S. & Uys, T. *'n Sosio-demografiese ondersoek van die Kleurling/Griekwa-gemeenskap in Kokstad en die omliggende platteland met spesifieke klem op die moontlike bestaan van 'Griekwaskap' as 'n outonome identiteit en die bydrae van die Griekwa Nasionale Independente Kerk in dié verband.*

Grobler, J.E.H. *Etniese konflik in die politiek; die geskiedenis van die Swart politieke versetbeweging in Suid-Afrika.*

Groenewald, H.J. *Die identifisering van faktore wat konflik veroorsaak of voorkom in die interpersoonlike kommunikasie van groepe in Suid-Afrika.*

Groenewald, J.P. *Reaksies op minderheidsgroepstatus; 'n sosiologiese studie van die Kleurlinge van Kaapstad.*

Hare, A.P. *Conflict and conflict resolution in South Africa: a dramaturgical perspective.*

Herholdt, A.N.J. *'n Politieke evaluasie van die wisselwerking tussen die Republiek van Suid-Afrika en selfregerende en nasionale state, en die onafhanklike lande.*

Holden, M. *The determinants and nature of decentralized industry in South Africa.*

Holland, M. *An examination of the effects of the European community's code of conduct on intergroup relations.*

Humphries, R.G. *Aspects of administration boards.*

Humphries, R.G. *Co-operation between municipalities serving different racial groups.*

Jammine, E. *The impact of group area policy on the Coloured and Indian communities of Johannesburg.*

Janse van Rensburg, N.S. *Die belewing van etniese grense in Promosa — Potchefstroom.*

Kalis, A.C. *'n Vergelykende ondersoek na maatskaplike voorsiening aan sekere blootgestelde groepe.*

Kok, P.C. *Bevolkingsherverspreiding in die RSA: moontlike langtermynimplikasies van huidige tendense.*

Kotzé, D.A. *Administratiewe verhoudinge en tussengroepverhouding in 'n ontwikkelingskonteks, met besondere verwysing na Ciskei.*

Kotzé, D.A. & Swanepoel, H.J. *Opvattings oor ontwikkeling en tussengroepverhoudinge.*

Kritzinger, J.J. *'n Statistiese beskrywing van die godsdienstige verspreiding van die bevolking van Suid-Afrika.*

Levin, M. *Inflasie en die herverdeling van rykdom in Suid-Afrika.*

Lighton, F.K. *Conflict in the labour sphere with particular reference to the Western Cape.*

Lohann, C. & Potgieter, R. *Die moontlike beïnvloeding van tussengroepverhoudinge by kinders deur kinderlektuur met spesiale verwysing na die beeld van kinders van verskillende volksgroepe soos vergestalt in die lektuur en die oordrag van beskouinge en gesindhede deur die outeur.*

Maasdorp, G.G. *Spatial arrangement: Economic perspectives.*

Malan, C.W. *Suid-Afrikaanse literatuur en die tipering van rasseverhoudinge.*

Marcus, G. *An examination of the restrictions imposed on the press and other publications which appear in practice to affect members of the Black group more severely than other groups.*

Mathews, A.S. *Internal security policy for a changing society.*

Mentz, J.C.N. *Die invloed van lokalisering op tussengroepverhoudinge in Afrikalande.*

McGrath, M.D. *Trends in die distribution of personal incomes in South Africa.*

Möller, P.H. & Strauss, J. *Aspekte van tussengroepverhouding binne die werksituasie in die Bloemfontein-Boshabelo-gebied.*

Mostert, W.P. & Van Zyl, J.A. *Demografiese tendense en tussengroepverhoudinge.*

Muller, A.D. *Sosiaal-psigologiese perspektiewe op konflik.*

Müller, B.A. *Die openbare verkondiging van die kerk as medium van verandering van tussengroepverhoudinge.*

Muntingh, L.M. *Selfhandhawing deur Jode en Moslems as minderheidsgodsdienstige groepe in 'n oorwegend Christelike Suid-Afrikaanse gemeenskap.*

Nel, E.M. *The views of the different cultural groups on the future of South Africa.*

Nel, E.M. & Rademan, W.B. *Die effek van gelyke status-kontak op Kleurlinge se houdings teenoor Blankes.*

Nel, E.M. & Spangenberg, J. *The relationship between equal-status contact at work and interracial frienships.*

Nel, E.M., Rademan, W.B., Schnetler, F. & Venier G. *Die invloed van gelyke status-kontak in die werksituasie op etniese vooroordeel.*

Nürnberger, K. *Power, beliefs and equity: economic potency structures in South Africa and their interaction with patterns of conviction in the light of a Christian ethic.*

Olivier, J.L., Scholtz, G.J.L., Heath, M.R. & Liebenberg, E.J. *Sport en tussengroepverhouding in Suid-Afrika.*

Olivier, N.J.J. *Instromingsbeheer as konflikreguleerder en/of -genereerder in die Suid-Afrikaanse samelewing met besondere verwysing na die invloed daarvan op tussengroepverhoudinge.*

Oosthuizen, A.J.G. *Beginsels (riglyne) vir ruimtelike ordening op plaaslike vlak in Suid-Afrika.*

Oosthuizen, G.C., Mantzaris, E.A., Pitchers, A.L.M., Saaklul, A., Nadvi, S.S. & Van Loon, L. *Religion and inter- and intragroup relations in a pluralistic religious context of a South African city.*

Pretorius, H.N. *Swartes se ervaring van die strafregpleging en die invloed daarvan op tussengroepverhoudinge.*

Pretorius, J. *Kontraksluiting en tussengroepverhoudinge.*

Pretorius, K. *Die skepping van organisatoriese strukture waardeur owerheidsdienste aan die onderskeie bevolkingsgroepe gelewer kan word.*

Prinsloo, K.P. *Die rol van taal in tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika, met besondere verwysing na taalbeplanning.*

Ranchod, B.G. & Noor-Mahomed, J. *The right of freedom of movement — with particular reference to the status of South African Indians.*

Reynolds, A.M. *Ruimtelike ordening: administratiewe perspektiewe.*

Rhoodie, N.J. *Intergroup conflict in deeply segmented societies. An introductory conceptual framework.*

Rhoodie, N.J. & Couper, M.P. *'n Vergelykende ontleding van drie Afrikaner-dominante gemeenskappe se perspepsies van Wit-Swart-verhoudinge in Suid-Afrika.*

Schlemmer, L. *The spatial dispensation in South Africa: an assessment and tentative principles for planning in South Africa.*

Schrire, R. *The structure and functioning of the Department of Co-operation and Development.*

Schuring, G.K. *Kosmopolitiese Swart gemeenskappe.*

Schutte, C.D. *Politieke deelname onder Indiërs en Kleurlinge in sekere stedelike gebiede in Suid-Afrika met spesiale verwysing na die eerste verkiesings onder die nuwe grondwetlike bedeling.*

Smit, P., Booysen, J.J. & Cornelius, I. *Bevolkingsverspreiding in die RSA, Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei. Verklarende aantekeninge by die 1980-bevolkingsverpredingskaart.*

Smit, P. & Kok, P.C. *Bevolkingsherverspreiding in die RSA, 1970 — 1980: ontledings van die voorlopige 1980-sensusgegewens.*

Song, A. *The effects of South African Chinese religious trends in a pluralistic society.*

Steenekamp, J.J.A. *Die omvang en aard van kulturele konflik in die bestuurstrukture van die vervaardigingsektor in die Grensstreek (1984).*

Steytler, N.C. *Black undefended accused and the extension of legal aid as a means of improving group relations and diminishing conflict.*

Strauss, D.F.M. *'n Teoretiese analise van staatkundige teorieë en modelle soos van toepassing op die huidige konstitusionele bestel en sy moontlikhede om in 'n breër deelnemende regering te ontwikkel.*

Strijdom, H.G. *Leefwêreld met spesiale verwysing na behuising, buurmanskap, gemeenskapsheid en buurt: 'n vergelykende ondersoek in stedelike areas.*

Swanepoel, H.J. *Die ontwikkeling van streeks- en plaaslike owerhede met die oog op verbeterde tussengroepverhoudinge.*

Tomaselli, K.G., Williams, A., Steenveld, L. & Tomaselli, R. *An investigation into the ethnographic myths encoded into South African film and television.*

Tomaselli, K.G. *Intergroup relations and the South African progressive press.*

Tyson, G.A. *Children's racial attitudes.*

Uys, R. & Schutte, P.C. *Die arbeidsgesteldheid in die Vaaldriehoek met besondere klem op die invloed daarvan op tussengroepverhoudinge.*

Van Aswegen, H.J., Kapp, P.H., Stals, E.L.P. & Verhoef, G. *Die belang van historiografiese ontwikkelinge vir die historiese perspektief op tussengroepverhoudinge.*

Van Niekerk, P.J. *Kulturele identiteit en politieke verandering.*

Van Tonder, J.L. & Mostert, W.P. *Bevolkingsprojeksies vir Suidelike Afrika vir die tydperk 1970 — 2020.*

Van Vuuren, D.P. & De Waal, M. *Vraagstukke in verband met die referendum 1983.*

Van Wyk, D.H. *'n Ondersoek na die bronne, agtergrond en toepassing van bestaande regsreëls wat bevolkingsregistrasie, immigrasie, burgerskap, ontug en gemengde huwelike in Suid-Afrika beheers.*

Van Wyk, J. & Van Vuuren, A.J. *'n Onderwerpsontleding van die literatuur oor tussengroepverhoudinge aan die hand van die RGN-TGV/INTR-Databasis.*

Van Zyl Smit, D. *Structural ambiguity of evidence as a determinant evidence credibility: a comparative study of the evaluation of different groups in the administration of justice.*

Venter, F. *Die publiekregtelike verhouding.*

Venter, F., Du Plessis, L., Olivier, N., Coetzee, T., Pretorius, J. *Die aard en inhoud van die regsverhoudings tussen die staatsowerheid en ander regsubjekte en tussen regsubjekte onderling, regsteoreties en -filosofies beskou en met besondere verwysing na konflikregulering en -generering in die Suid-Afrikaanse reg — gesamentlike* oorsigverslag.

Venter, J.F. *Ruimtelike ordening: volkeregtelike oorwegings.*

Vergnani, T. *Social distance attitudes among White, Coloured, Indian and Blank population groups in South Africa.*

Vorster, J. *Houdings van Indiërs en Kleurlinge teenoor Afrikaans- en Engelssprekendes.*

Wellings, P.A. *Core-periphery relations in the Southern Africa space-economy with specific reference to their influence on intergroup relations.*

Wiechers, M. *Ruimtelike ordening: voorgestelde juridiese beginsels.*

Woodward, C.A. *Reform and revolution in South Africa.*

Zulu, P.M. *An enquiry into attitudes to and perceptions of amenities and resources in Black townships — Durban and the Witwatersrand.*